

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK



SAKELYS **vir die** **DERTIENDE SINODE** **gehou te Pretoria**

29 Augustus tot 2 September 2010

VERTROULIK!

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat
die Sinode oor sake daarin besluit het nie*

**SAAMGESTEL DEUR DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

Tipografiese uitleg: Alta Britz

Gedruk & gebind deur: AL Copy and Print cc
Pretoria-Noord
Kontakno. 082 932 8400
Faks: 086 694 5784
E-pos: riaan@alcopyandprint.co.za

INHOUDSOPGAWE

1.	VOORWOORD	vii
2.	ORDEREËLINGS	viii
3.	DAGPROGRAM	ix
	<u>VERSLAE VAN</u>	
4.	SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)	1
5.1	Bylae SKK 1 Kerklike Huweliksbevestiging	7
5.2	Bylae SKK 2 Reiskoste van reisende leraars	11
5.3	Bylae SKK 2.1 Reiskoste vir hospitaalbesoeke	11
5.4	Bylae SKK 3 Bedieningswerk – hulp aan gemeentes	12
5.5	Bylae SKK 4 Emeritushulpfonds	13
5.6	Bylae SKK 5 Groeteboodske	14
5.7	Bylae SKK 6 Ontmoet die AP Kerk	14
5.8	Bylae SKK 7 Verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) ..	18
6.	KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)	21
7.	AD HOC-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING	45
8.	KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE	45
	Geen verslag	
9.	GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)	46
9.1	Bylae GKK 1 Name van gemeentes m.b.v. 15%	5
9.2	Bylae GKK 2 Ooreenkoms tussen Sinode van AP Kerk en die Raad van die AP Akademie	60
9.3	Bylae GKK 3 Geouditeerde finansiële jaarstate	65
9.4	Bylae GKK 3.1 Finansiële Jaarstate 2007	65
9.5	Bylae GKK 3.1 Finansiële Jaarstate 2008	71
9.6	Bylae GKK 3.3 Finansiële Jaarstate 2009	98
9.7	Bylae GKK 3.4 Meting van werklike bedrae teen begroting van 2007-2009	137
9.8	Bylae GKK 3.5 Finansiële verslag :Kommissiewerk	139
9.9	Bylae GKK 4 Begroting vir 2011	140
10.	KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKKE (KKS)	147
10.1	Bylae KKS 1 Appèlliggaam	168
10.2	Bylae KKS 2 Prosedure vir die beroeping en bevestiging van emeriti	171
10.3	Bylae KKS 2B Akte van demissie met verstryking van beperkte dienstermyn	172
10.4	Bylae KKS 3 Riglyne en take van skribas van kerkrade, ringe en sinodes	173
10.5	Bylae KKS 4 Riglyne vir kerkrade vir die hantering van lidmate wat versuim om die eredienste getrou by te woon	183
10.6	Bylae KKS 4.1 Die wyksouderling se vermaning oor versuim om eredienste by te woon	185
10.7	Bylae KKS 4.2 Die kommissie van die ouderlingeraad se vermaning oor versuim om eredienste by te woon	187
10.8	Bylae KKS 4.3 Voorbeeld van 'n klagskrif	187
10.9	Bylae KKS 4.4 Brief aan lidmaat – sensuur	188
10.10	Bylae KKS 4.5 Afkondiging oor sensuur	188
10.11	Bylae KKS 4.6 Brief aan lidmaat – afsnyding	189
10.12	Bylae KKS 4.7 Afkondiging oor afsnyding	189
11.	KURATORIUM (KUR)	190
11.1	Bylae KUR 1 Predikantekonferensie – September 2008	193
11.2	Bylae KUR 2 Stand van Fondse 2007-2009	194
12.	AFDELING B: AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE (APA)	195
12.1	Bylae APA 1 Stand van Fondse 2007-2009	201
13.	PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)	202
13.1	Bylae Pk. 1 Verslag oor DIE BOODSKAPPER en die Jeugblaai	207
14.	KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING (KOO)	209
15.	KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKa)	211
15.1	Bylae KKa 1 In meroriam	216
16.	KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)	219
17.	AD HOC-KOMMISSIE VIR VERBONDSONDERRIGBOEKE	223

VOORWOORD

Die Dertiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk vind, soos so dikwels in die verlede, plaas te midde van onsekere landstoestande. Die erger wordende vlag van misdaad en moord, waaronder die Afrikaner in die besonder, gebuk gaan, is besig om 'n nuwe sluier oor ons voortbestaan te trek. Met nuwe erns word na tuisbeveiliging en paraatheid gekyk, terwyl daar 'n algemene strewe na meer samewerking tussen mense bestaan. Uit verskeie oorde word oproepe om kragte saam te snoer, gehoor, terwyl die haatkrete teen die Afrikaner ook in felheid toeneem. Te midde hiervan leef in baie harte 'n drang tot verootmoediging voor die Here.

Die Sinode vind sonder twyfel in uitsonderlike tye plaas en sal in sy optrede 'n positiewe getuienis moet uitstuur dat daar in geloof besluite geneem word, in volle afhanklikheid van God Drie-enig. In 'n land waar 'n ongekende sporthisterie die nuus oorheers het, is die kalmte van geloofsoptrede broodnodig. Dit is so maklik om in tye van onrus kop te verloor en emosionele besluite te neem of om omstandighede toe te laat om besluite te dikteer. Tog moet die agtergrond waarteen die Sinode plaasvind, ons eerder tot hernude geloof, hoop en liefde lei. 'n Persoonlike buig voor die Woord en 'n lewe daarvolgens, is dringend noodsaaklik vir elkeen van ons. In ons debattering en besluitneming moet die eer van God gesoek word sodat ons besluite na Hom sal heenwys. In afhanklikheid van God Drie-enig moet ons besin oor ons roeping as kerk van Jesus Christus, moet ons hoopvol na die toekoms kyk en 'n boodskap van bemoediging na elke lidmaat uitdra. Die Hoof van ons kerkverband, Jesus Christus, het immers die magte van die duivel oorwin en Hy gaan voor ons uit die onseker toekoms in. In Johannes 16:33 staan daar ... *In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.*

Praktiese reëlings

Afgevaardigdes word op die volgende belangrike sake gewys:

1. Om 'n **kopie van Omsendbrief 3 van 24 Februarie 2010** by hulle skribas te bekom en hulle **vertroud te maak met die belangrike inligting daarin**.
2. Om die inhoud van hierdie **SAKELYS as vertroulik te beskou** totdat die Sinode dit afgehandel het en om dit **vooraf aandagtig te bestudeer** aangesien die inhoud tydens die Sinode as gelese beskou word.
3. Om 'n **Bybel, PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK** en 'n eksemplaar van die **KERKORDE 2008** saam te bring na die Sinode.
4. Om die **Ordereëls vir kerklike vergaderings op bl. 65-72 in die KERKORDE 2008** aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal as gelese beskou word by die aanvang van die Sinode).
5. Om onderling te reël dat ná afloop van die Sinode, en ná ontvangs van die **HANDELINGE, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig**.
6. Om **gereeld voorbidding** vir die komende Sinode **te doen**.

Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die Sinode toegebid.



IZAK BRINK
(VOORSITTER SKK)

ORDEREËLINGS

1. Opening met Skriflesing, sang en gebed deur afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is (Bep. 41E): prof. FAH van Staden.
2. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig bepaling 41E – voorsitter van vorige Sinode: prof. IA Brink.
3. Waarnemende skriba en hulpskriba totdat skribas verkies is: di. A Hough en HSW Strauss.
4. Verwelkoming deur
 - 4.1 waarnemende voorsitter;
 - 4.2 voorsitter, kerkraad AP Kerk Wonderboom.
5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe.
6. Konstituering.
7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers.
8. Kennisname van ordereëls vir kerklike vergaderings (bl. 66-72 in Kerkordeboek 2008) – word as gelese beskou.
9. Verkiesing (Art. 40 en Bepaling 41B en 41F).
10. Benoeming van tydelike kommissies (indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede van afgevaardigdes vooraf op Vorm SIN.3 aangedui). Volgens besluit van die vorige Sinode bestaan tydelike kommissies uit hoogstens 20 lede en alle afgevaardigdes kan dus nie ingedeel word nie.
11. Vaststelling van Sakelys.
12. Goedkeuring van dagprogramme.
13. Openingsrede deur ds. MJ Hartzenberg.
14. Broederlike gesprek – inleier: prof. JAE Adendorff.
15. Verslae van permanente kommissies.
16. Verslae van tydelike kommissies:

TKKS	Kerkregtelike Sake
TGKK	Finansies (GKK)
TKJV	Jeug en Verbondsonderrig
TKOO	Onderwys en Opvoeding
TKA	Kerkargief
TKFL	Formuliere en Liturgie
TKKCE	Kerkleer en Christelike Etiek
TKB	Besluiteregister van sinodale besluite vir aandag van kerkrade en ringe
TKM	Mediaskakeling
TKR	Ringsindeling van gemeentes
TKV	Verlofaansoeke
TKN	Notule (Verwerking en nasien)
TKG	Geloofsbriewe
TKP	Publikasies en literatuurbekendstelling
TKS	Stemtellers
TKK	Samestelling van permanente kommissies
17. Konstituering van permanente kommissies.
18. Verkiesing van Gemeenskaplike Kerkkantoor-kommissie (GKK):
 - Vier ouderlinge plus sekundi deur die Sinode verkies.
 - Een lid met sekundus uit elk van die volgende sinodale kommissies uit eie geledere benoem: die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS).
 - Die Rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie of sy verteenwoordiger.
 - (Die Direkteur, administrateur en rekenmeester van die Sentrale Kerkkantoor-personeel dien in adviserende hoedanigheid.)
19. Bedankings
20. Mosies
21. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed
22. Spreekbeurt: Verteenwoordiger van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Argivaris: ds. AS van Staden

DAGPROGRAM

LET WEL

1. Die verrigtinge van die Sinode is geslote vir die openbare media totdat die vergadering anders daaroor besluit.
2. Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.
3. Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang uit die PSALM- EN GESANGBOEK VIR DIE AP KERK.
4. Afgevaardigdes word versoek om selfone die Sinodesitting af te skakel tydens.
5. Afgevaardigdes wat na 09:00 op Maandag 30 Augustus registreer, sal nie stemreg hê alvorens 'n tweede verslag later deur die Sinode behandel is nie.
6. Die volgende aanbeveling raak die konstituering van die Sinode:
 - 6.1 Die Sinode keur goed dat afgevaardigdes van oorseese gemeentes in hoogs uitsonderlike gevalle via die internet kan registreer vir deelname aan die Sinode met keurstem. Die koste van sodanige skakeling is vir koste van die plaaslike gemeente. Die SKK moet voor die aanvang van die Sinode oor elke sodanige geval, die omstandighede ondersoek en 'n aanbeveling aan die Sinode voorlê.
 - 6.2 Die Sinode besluit om ds. JL Schütte met keurstem tot die vergadering toe te laat.
 - 6.3 Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg vir die Sinode van 29/08/2010 tot 02/09/2010 sal hê nie. (Kyk Aanbeveling 4.5.2 GKK-verslag en Bylae GKK 1.)

SONDAG 29 AUGUSTUS 2010

Opening

Groeteboodskappe

Lig in Duisternis-prys

Sangfees

MAANDAG 30 AUGUSTUS 2010

07:00 – 09:00	Registrasie: 1. vir Sinode 2. vir verblyf	
09:00 – 10:00	Kommissie vir Geloofsbriewe stel na die eerste registrasie verslag op Samesang o.l.v. ds. JH Bisschoff	
10:00 – 13:00	Opening: prof. FAH van Staden	10:00 – 10:10
	Verwelkoming: waarnemende voorsitter	10:10 – 10:20
	Verwelkoming: plaaslike kerkraad	
	Verslag oor Geloofsbriewe	10:20 – 11:00
	Konstituering	11:00 – 11:05
	Aanwysing van stemopnemers en -tellers	11:05 – 11:15
	Kennisname van Ordereëls	
	Verkiesing van voorsitter	
	Benoeming van Tydelike Kommissie	
	(tydelike kommissies konstitueer wanneer opdragte na hulle verwys is)	

11:30 — 13:00	Verslag SKK (1 uur 30 min.) Tafelgebed
13:00 — 14:00	Middagete Samesang o.l.v. ds. A Boshoff jr.
14:00 — 14:05	Aankondigings
14:05 — 15:30	Verslag SKK (1 uur 25 min. – totaal 2 uur 55 min.)
15:30 — 16:00	Koffietyd Samesang o.l.v. ds. PR Buitendag
16:00 — 17:30	Verslag KKCE (lewer en voltooi – 1 uur 30 min.) Tafelgebed
17:30 — 18:30	Aandete Samesang o.l.v. ds. MR Burger
18:30 — 19:00	Verslag <i>Ad hoc</i> -kommissie vir advies en leiding (lewer en voltooi 30 min.)
19:00 — 20:15	Broederlike gesprek – prof. JAE Adendorff
20:15 — 21:00	Verslag KFL (lewer en voltooi 45 min)
21:00	Verdaging. Tee

DINSDAG 31 AUGUSTUS 2010

07:00 — 08:00	Ontbyt Samesang o.l.v. ds. WA Burger jr.
08:00 — 08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Warmbad
08:20 — 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 — 10:30	Verslag GKK (2 ure)
10:30 — 11:00	Teetyd Samesang o.l.v. ds. MA Buys
11:00 — 12:50	Verslag GKK (1 uur 50 min. – totaal 3 uur 50 min.)
12:50 — 13:00	Boekebekendstelling, uitdeel van notule, aankondigings Tafelgebed
13:00 — 14:00	Middagete Samesang o.l.v. ds. JC Gericke
14:00 — 15:50	Verslag KKS (1 uur 50 min.)
15:50 — 16:00	Aankondigings
16:00 — 16:30	Koffietyd Samesang o.l.v. ds. LD Greyling
16:30 — 17:30	Verslag KKS (1 uur)
17:30 — 17:40	Media verslag
17:40 — 17:50	Behandeling van notule
17:50 — 18:00	Verlofaansoeke en aankondigings Tafelgebed
18:00 — 19:00	Aandete Samesang o.l.v. ds. JA Jacobs
19:00 — 20:30	Verslag Kuratorium (1 uur 30 min. – lewer en voltooi)
20:30 — 21:00	Teetyd
21:00	Verdaging Tydelike kommissies vergader

WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2010

07:00 – 08:00	Ontbyt Samesang o.l.v. ds. P Janse van Rensburg
08:00 – 08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Waterberg
08:20 – 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 – 10:30	Verslag Pk. (2 uur - lewer en voltooi)
10:30 – 11:00	Teetyd Samesang o.l.v. ds. JCG Janse van Vuuren
11:00 – 12:00	Verslag KKS (1 uur – totaal 3 uur 50 min.)
12:00 – 12:50	Behandeling van Appêlsake (50 min.)
12:50 – 13:00	Boekbekendstelling, uitdeel van notule, aankondigings Tafelgebed
13:00 – 14:00	Middagete Samesang o.l.v. ds. AC Jordaan
14:00 – 15:00	Verslag KOO (1 uur – lewer en voltooi)
15:00 – 15:50	Verslag KKa (50 min. – lewer en voltooi)
15:50 – 16:00	Aankondigings
16:00 – 16:30	Koffietyd Samesang o.l.v. ds. MJL Jordaan
16:30 – 17:15	Verslag APA (45 min. – lewer en voltooi)
17:15 – 17:45	Verslag KJV (30 min.)
17:45 – 18:00	Media verslag, behandeling van notule, verlofaansoeke, aankondigings Tafelgebed
18:00 – 19:00	Aandete Samesang o.l.v. ds. PS Krige
19:00 – 19:45	Verslag KJV (45 min. – Totaal 1 uur 15 min.)
19:45 – 20:30	Verslag <i>Ad hoc</i> -Kommissie VBO (45 min.)
20:30 – 21:00	Teetyd
21:00	Verdaging Tydelike kommissies vergader

DONDERDAG 2 SEPTEMBER 2010

07:00 – 08:00	Ontbyt Samesang o.l.v. ds. AJ Kruger
08:00 – 08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Witbank
08:20 – 08:30	Aankondigings
08:30 – 09:30	Verkieping van GKK-lede en APA-raadslede
09:30 – 10:30	Verslae van Tydelike Kommissies
10:30 – 11:00	Teetyd Samesang o.l.v. ds. AS Kruger
11:00 – 11:30	Verslag van Tydelike Kommissie vir samestelling van Permanente Kommissies
11:30 – 12:30	Verslag Bybelgenootskap van Suid-Afrika (1 uur)
12:30 – 13:00	Behandeling van notule, media verslag, aankondigings Tafelgebed

13:00 — 14:00	Middagete Samesang o.l.v. ds. GJ Kruger
14:00 — 14:30	Verslae Tydelike Kommissies
14:30 — 15:00	Konstituering van Permanente Kommissies
15:00 — 16:00	Laaste media verslag, <i>Censura Morum</i> Dankbetuigings deur ondervoorsitter Mosies Afsluiting, Skriflesing, sang, gebed. Daarmee eindig die Sinode van 2010. Koffietyd

TYDTOEDELING

SKK	2 ure 55 min.
<i>Ad hoc</i> -kommissie Advies en leiding	30 min.
KUR	1 uur 30 min.
KKa	50 min.
GKK	3 ure 50 min.
KKS	3 ure 50 min.
KOO	1 uur
Pk.	2 ure
KKCE	1 uur 30 min.
KJV	1 uur 15 min.
Bybelgenootskap	1 uur
KFL	45 min.
Tydelike kommissies	3 ure 30 min.
Appèlsake	50 min.
<i>Ad hoc</i> -kommissie VBO	45 min.
Die Afrikaanse Protestantse Akademie	45 min.
Totaal	25 ure 55 min.

VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)

Tydperk: 6 September 2007 tot 12 April 2010

1. PERSONEEL

Primarii: Proff. IA Brink (voorsitter), ds. RMJ Britz (onder-voorsitter), ds. A Hough (skriba), prof. JAE Adendorff, ds. CA Swanepoel, dr. SD Nel.

Sekundi: Prof. HCG Robbertze, di. A Swart, IP du Preez.

Ná die afsterwe van ds. RMJ Britz op 18/11/08 word ds. CA Swanepoel tot ondervoorsitter verkies en ds. A Swart opgeroep as lid. Met ds. Swart se vertrek na London word ds. IP du Preez as lid opgeroep. Prof. HCG Robbertze het op 04/11/07 te sterwe gekom.

Ds. RMJ Britz was aangewys om die SKK op die GKK te verteenwoordig en ná sy afsterwe is ds. A Hough aangewys.

2. VERGADERINGS

Veertien vergaderings is in die tydperk gehou en wel op: 06/09/07, 16/10/07, 01/11/07, 15/02/08, 25/04/08, 26/06/08, 17/10/08, 02/03/09, 20/04/09, 19/06/09, 03/08/09, 12/10/09, 01/02/10 en 12/04/10.

3. SINODALE OPDRAGTE 2007

Die SKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld:

3.1 BEDIENING AAN LIDMATE IN DIE BUITELAND (HANDELINGE 2007, bl. 304)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.1.6 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds die bediening aan lidmate in die buiteland te ondersoek en te help waar versoeke inkom, en effektiewe bedieningswyse te beding.*

Die SKK gee deurlopend aandag aan sulke versoeke. Versoeke is ontvang uit Australië, Kanada en Botswana. Ná ondersoek wil dit voorkom of daar in Botswana met bediening gehelp sal word.

AANBEVELING

3.1.1 **Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds weë te ondersoek om lidmate wat in die buiteland woon, te bedien.**

3.2 GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE (kerke in die buiteland) (HANDELINGE, bl. 304)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.3.1 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprek met behoudende gereformeerde kerke in die buiteland voort te sit waar die geleentheid hom voordoen.*

Gesprek is op 08/01/08 met Rev. J Rodgers van die *Reformed Church* in Nieu Seeland gevoer.

3.3 WEBBLAD VAN DIE AP KERK (HANDELINGE 2007, bl. 304)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.2 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om die webblad verder te ontwikkel en in besonder aandag te gee aan bediening van lidmate in die buiteland en die*

vergemakliking van korrespondensie tussen die kerkkantoor en gemeentes en gemeentes onderling.

Die SKK is deurlopend met die ontwikkeling van die webblad besig. Heelwat administratiewe koste word hierdeur bespaar. Die verdere ontwikkeling word nou deur personeel van die Sentrale Kerkkantoor gedoen. Tans word die webblad nog nie gebruik vir die bediening van lidmate in die buiteland nie.

AANBEVELING

3.3.1 **Die Sinode dra dit aan die SKK op om ondersoek te doen hoe lidmate wat in die buiteland of in Suid-Afrika op afgesonderde plekke woon, deur middel van die webblad bedien kan word.**

3.4 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE (HANDELINGE 2007, bl. 304)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.6.1 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om voortgaande deelname aan die Konvent versigtig te monitor en met waarnemerstatus aan te bly.*

Die SKK het, waar dit moontlik was, die Konvent as waarnemers bygewoon. Ds. IP du Preez het die vergadering in Maart 2009 bygewoon. Kontak is behou met die Parlementêre Lessenaar en waardevolle inligting is also bekom.

AANBEVELING

3.4.1 **Die Sinode dra dit aan die SKK op om met waarnemerstatus by die Konvent aan te bly.**

3.5 PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK – Ingebruikneming (HANDELINGE 2007, bl. 304)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.15.1 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om periodiek 'n sangfees te reël.*

Die SKK het in die verslagtydperk 'n Hervormingsondag-sangfees met die titel *Calvyn in die wakis* in die Voortrekkermonument gehou. Daar word verder beplan om die opening van die Sinode met 'n sangfees te laat saamval.

AANBEVELINGS

3.5.1 **Die Sinode keur die optrede van die kommissie goed.**

3.5.2 **Die Sinode dra dit aan die SKK op om te oorweeg of 'n sangfees in 2012 rondom die 25ste bestaansjaar van die AP kerkverband gehou kan word.**

3.6 GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2007 (HANDELINGE 2007, bl. 305)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.1 *Die Sinode dra dit aan die SKK en kerkrade op om die studiestuk *JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK*, die publikasies oor gemeentebou en evangelisasie, te implementeer*

Die besluit geniet deurlopend aandag en kerkrade wat om begeleiding vra, word deur die SKK bygestaan.

Dit word waardeur dat kerkrade evangelisasie-kursusse aangebied. Kerkrade word egter versoek om die kursus JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK aan te bied — dit is vir die AP Kerk geskryf en stem ooreen met die leer van die AP Kerk.

AANBEVELINGS

3.6.1 Die Sinode versoek kerkrade om die publikasie JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK as projek vir gemeentebou deur te werk. So word aandag gegee aan die praktiese doen van evangelisasie, sending en barmhartigheid.

3.7 STRANDDIENSKAMPE (HANDELINGE 2007, bl. 306)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

21.2 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om aansoeke van kampgroepe, wat deur hulle kerkrade aansoek om finansiële hulp doen, te oorweeg.*

Die SKK het versoeke soos dit ontvang is, hanteer en hoofsaaklik reklame namens kerkrade en kampgroepe gedoen.

3.8 DIE OPENINGSREDE BY 'N SINODE (HANDELINGE 2007, bl. 306)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

22.7.1 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om in die beplanning van die volgende Sinode die moontlikheid te oorweeg om die opening van die Sinode op die Sondagand te hou.*

Die SKK het uitvoering aan die opdrag gegee.

3.9 VOLKSHULP 2000 (HANDELINGE 2007, bl. 308)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

2.3 *Die Sinode dra dit aan die SKK op om samesprekings met Volkshulp 2000 te voer oor verdere skakeling.*

Die SKK het in Mei 2008 met Volkshulp 2000 gesprek gevoer, maar mnr. Venter van Volkshulp 2000 is enkele dae daarna oorlede. Skakeling moes van voor af begin aangesien 'n nuwe bestuur verkies is. 'n Ontmoeting het op 29 Oktober 2008 plaasgevind. Die behoefte aan maatskaplike werkers wat deur ons kerkverband gebruik kan word, het sterk na vore gekom.

Die SKK het 'n konferensie oor diakonale sorg op 13-14 Oktober 2009 gereël en Volkshulp 2000 is uitgenooi om insette te lewer. Tydens hierdie konferensie is 'n Diakonale Diensraad gestig om die SKK te adviseer oor die eise en hantering van diens van barmhartigheid op die pad vorentoe (vergelyk HANDELINGE 2001, bl. 435, pt. 16.8.1).

Die SKK het verder 'n konferensie oor Afrikaner-armoede wat deur Vryheidsfront Plus gereël is, asook die konferensie oor armoede wat deur Solidariteit Helpende Hand gereël is, bygewoon.

AANBEVELINGS

3.9.1 Die Sinode versoek kerkrade om samewerking met Volkshulp 2000 te oorweeg. Diakonieë kan as skakel tussen skenkers en Volkshulp 2000 optree en self in eie gebiede — met die ondersteuning van Volkshulp 2000 — by armesorg betrokke raak.

3.9.2 Die Sinode versoek die Raad van die AP Akademie om ondersoek te doen na die lewensvatbaarheid van die opleiding van maatskaplike werkers.

3.9.3 Die Sinode versoek ringe om Diakonale Rade in ringsgebiede tot stand te bring ten einde gesamentlik oor die opdrag om barmhartighedswerk te doen, te besin.

3.10 PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK OP LASERSKYF (HANDELINGE 2007, bl. 338)

2007-VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode dra dit aan die SKK op om die gesange in die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK op 'n laserskyf te sit en deur die boekwinkel aan gemeentes beskikbaar te stel.

3.11 WOORDE VAN PSALMS EN GESANGE OP LASERSKYF (HANDELINGE 2007, bl. 338)

2007-VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode gee opdrag aan die SKK om 'n laserskyf met die woorde van PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK daar te stel, sodat gemeentes die liedere deur middel van 'n dataprojektor of 'n digitale bord kan gebruik.

Die SKK het by NG Kerk Uitgewers (die kopiereghouer) aansoek gedoen om die nodige regte te bekom vir die samestelling van 'n konkordansie van die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK en om die woorde op laserskyf te plaas vir gebruik met digitale borde. Geen reaksie op die aansoek is tot dusver ontvang nie. Die SKK het sy aansoek ook aan Christian Copyright Licensing gerig. Hulle het die saak ook aan NG Kerk Uitgewers voorgelê. Die SKK is gereed om met die uitgee van 'n konkordansie en laserskyf voort te gaan sodra die nodige goedkeuring ontvang is.

'n Begeleiding-CD met die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK het wel verskyn en is deur Bybel-Media uitgegee.

AANBEVELINGS

3.11.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om voort te gaan met die verkryging van die nodige regte om die woorde van die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK op laserskyf te plaas vir gebruik met digitale borde asook vir die samestelling van 'n konkordansie.

3.12 OORTREDING VAN DIE GEBOOE (HANDELINGE 2007, bl. 341) Verslag KKCE (HANDELINGE 2007, bl. 345)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.1.1.2 *Die Sinode versoek die SKK om, sodra die B-simbool aan films toegeken word, 'n amptelike skrywe aan al die plaaslike uitsaaiers te rig waarin hulle versoek word om hierdie simbool ook by hulle uitsendings aan te bring.*

Die SKK het 'n skrywe gerig aan al die uitsaaiers. Slegs e.tv het daarop geantwoord en hulle beleid verdedig, naamlik dat hulle vir alle mense uitsaai en dat hulle uitsendings getrou is aan die algemene spreekwyse van die kykers. In sy terugvoer meld e.tv egter ook dat hulle tog poog om sensitief teenoor mense met godsdienstige oortuigings op te tree, maar nie die aanbring van die simbool nodig ag nie.

AANBEVELING

3.12.1 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om by die media beswaar te maak oor enige misbruik van die Naam van die Here of enige ander sake wat die Woord verbied en die eer van God aantas.

3.13 KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING (Kyk Bylae SKK1)
(SAKELYS 2007, Verslae KKS en KKCE, bl. 44, pt.4 en bl. 291-298, pt. 6; HANDELINGE 2007, bl. 349)

2007-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

2.2.1 Die Sinode besluit dat die hele saak van "kerklike verbintenisse" na die PKKS en SKK verwys word om die saak te ondersoek en 'n regsmening in te win.

2.2.2 Die Sinode besluit die SKK moet in sy gesprekke met ander kerke die saak bespreek, sodat daar gepoog word om as kerke 'n gesamentlike getuigenis teenoor die betrokke mediese- en pensioenfondse te lewer.

Die SKK het die saak met ander kerke opgeneem, maar hulle het nie 'n mening hieroor gehuldig nie. In onlangse kerklike debatte blyk dit of die saak weer op die voorgrond kom, maar volgens inligting is geen besluite nog deur kerke geneem nie. Die saak is saam met die KKS hanteer en 'n verslag opgestel (kyk Bylae SKK 1).

AANBEVELING

3.13.1 Die Sinode keur die verslag goed en besluit om die kerklike verbintenis van mense, sonder 'n huwelik soos deur wetgewing vereis, nie goed te keur nie.

4. STATISTIEK – 2007 tot 2009

	RINGE			GEMEENTES			BELYDENDE LIDMATE				DOOPLIDMATE			
	2007	2008	2009	2007	2008	2009	2007	2008	2009	Verskil '07-'09	2007	2008	2009	Verskil '07-'09
Tvl.	18	18	18	106	106	105	21636	21232	20664	-972	5866	5614	5406	-460
Natal	2	2	2	10	10	10	795	777	769	-26	187	178	161	-26
OVS	8	8	8	50	48	48	5828	5341	5121	-707	1497	1357	1244	-253
Kaap	9	9	10	64	63	62	5916	5763	5807	-109	1433	1394	1407	-26
SWA	1	1	1	7	7	7	492	510	499	+7	155	162	156	+1
Totaal	38	38	39	237	234	232	34667	33623	32860	-1807	9138	8705	8374	-764
Verskil '07-'08		0			-3			-1044				-433		
Verskil '08-'09			+1			-2			-763				-331	
Verskil '07-'09			+1			-5				-1807				-764

Vanaf 2007 tot 2009 het die gemeentes dus met 5 verminder, terwyl die belydende lidmate met 1807 en die dooplidmate met 764 verminder het.

Die Ring van Beaufort-Wes is soos volg verdeel:

- Ring van Beaufort-Wes (Beaufort-Wes, Fraserburg, Aberdeen en Murraysburg).
- Ring van De Aar (De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Hanover, Vanwyksvlei en Prieska).

5. GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2007

Gestig: Engeland en Wallis (06/05/2007)
Heidelberg Kaap (14/03/2010)

Ontbind: Edenburg (12/06/08)
Graaff-Reinet (30/06/08)
Venterstad (16/04/09)
Zastron (12/10/08)
Zambië (30/03/09)

Totale aantal gemeentes tans: 232.

AANBEVELINGS

- 5.1 Die Sinode dra dit aan ringe op om by ontbinding van gemeentes alle tersaaklike dokumente aan die Sentrale Kerkkantoor en Argief deur te stuur.**
- 5.2 Die Sinode versoek ringe om sorg te dra dat lidmate van gemeentes wat ontbind het, geestelik versorg sal word.**

6. LERAARS GEËMERITEER

- Di. AS van Staden sr. (31/03/08)
JA de Beer (31/05/08)
DN van Zyl (31/08/08)

- dr. HJ Smith (31/03/09)
ds. GJ Hugo (08/09/09)
dr. RW Louw (30/09/09).

7. LERAARS UIT DIE BEDIENING

- Di. SM Visser (30/09/07)
C le Roux (01/01/08)
KK Lamprecht (04/01/08)
JF du Toit (20/05/08)
CD Koen (16/08/08)
HC Venter (25/08/08)
JA Kruger (01/12/08)
JP Botes (2008)
PB Müller (16/11/09)
dr. RW Louw (27/11/09) en
ds. MP van Wyk (31/03/2010).
Anno Drent

8. LERAARS OORLEDE

- Prof. HCG Robbertze (04/11/07)
di. PK Roodt (11/05/08)
RMJ Britz (18/11/08)
SJ van der Westhuizen (30/05/09)
L du Toit (03/06/09)
JC Adlam (14/06/09)
JA Botes (08/07/09)
JD Maloney (28/11/09).

9. LERAARS TANS IN DIENS

9.1 Leraars toegelaat:

- Dr. JH Breytenbach (07/06/09)
di. WJ Warnich, emeritus (27/11/09)
GF Aggenbag, emeritus (16/05/2010).

9.2 Voltydse leraars: 97
9.3 Emeriti: 66

10. LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Kyk Bylae SKK 2 en 2.1)

Lede van die SKK en ander leraars het verskeie gemeentes, kombinasies en ringe op uitnodiging besoek om te help met bediening of bedienings-beplanning. Vergaderings is gehou in die Sentraal-Vrystaat, die Oos- en Wes-Kaap. Dit was egter nie moontlik om aan al die versoeke te voldoen nie. Die behoefte is daar, maar daar is nie voldoende leraars om in die behoefte te voorsien nie.

Daar is in baie gemeentes leraars uit ander kerkverbande wat met bediening help.

Hospitaalbesoeke van lidmate wat van ander AP gemeentes kom, is in Pretoria deur die Sentrale Kerkkantoor gereël.

AANBEVELINGS

- 10.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 2 en 2.1.**
- 10.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor leraars wat reisende diens gelewer het en in besonder kerkrade wat dit vir hulle leraars moontlik gemaak het.**
- 10.3 Die Sinode dra dit aan ringe op om toe te sien dat ouderlingrade van vakante gemeentes, die besluite soos vervat in Bylae 1 van die KERKORDE 2008, nakom.**

11. PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES

Die SKK het in 2009 begin om van studente gebruik te maak om die tekort aan leraars in kleiner gemeentes aan te spreek. Studente wat verplig is om praktiese werk te doen, is met finansiële ondersteuning uit die Bedieningsfonds, in gemeentes geplaas. Sommige gemeentes sonder leraars in die Vrystaat is vir die projek geïdentifiseer en in Januarie 2009 gekontak. Vele van hulle het egter nie hul weg oopgesien om in die hulp te deel nie en daarna is ander gemeentes landswyd genader soos wat daar versoeke vir hulp was.

Die doel van die projek was dus om die bedieningsnood in klein gemeentes aan te spreek, maar ook om studente geleentheid te gee om die gemeentes te leer ken en om die Akademie aan die kerk bekend te stel. Verslag van die werk is van al die kerkgrade ontvang.

Die projek word weer vir 2010 beplan en die fokus val op die gemeentes in die Kaap.

AANBEVELINGS

- 11.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die AP Akademie wat sy program so reël sodat hierdie diens aan die kerkverband gelewer word.**
- 11.2 Die Sinode versoek kerkgrade om samewerking wanneer hulle gevra word om 'n student te gebruik as deel van die bedieningsprojek.**

12. HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUS-HULPFONDS (Kyk Bylae SKK 3 en 4)

Die name van gemeentes en die hulp wat hulle ontvang het, word in Bylae SKK 3 verstrek. Die stand van die emeritus-hulpfonds word in Bylae SKK 4 verstrek.

AANBEVELINGS

- 12.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 3.**
- 12.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 4.**

13. GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE**13.1 DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

'n Gesprek met die Deputate Ekumeniese Sake Binnelands het op 17 Oktober 2008 plaasgevind. Die gesprek het oor kerklike huweliksverbintenisse; kommunikasie en skakeling met die owerheid; eenvormige Totius-tekste vir die Psalms en Konvent van Reformatoriese Kerke gehandel.

Prof. SD Nel het in Januarie 2009 'n groeteboodskap namens die SKK aan die Sinode van die GKSA oorgedra en ook die SKK by die 150 jarige feesviering van die GKSA verteenwoordig.

13.2 REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, Auckland, New Zealand (RCNS)

Rev. John Rogers van bogemelde kerk het in Januarie 2009 'n nie-amptelike besoek by die SKK afgelê ter verdere uitbouing van goeie verhoudings ná sy vorige ontmoeting met die SKK op 7 Januarie 2007. Goeie kontak is behou en baie lidmate uit ons kerkverband word geestelik deur hierdie kerk in Nieu-Seeland versorg.

13.3 TUSSEN-KERKLIKE RAAD (TKR)

Die TKR ('n raad wat bestaan tussen die GKSA, NGK en die NHK) het die SKK in 2008 na een van hulle vergaderings uitgenooi. Prof. J Bosman het die SKK by die vergadering verteenwoordig. Sake van gemeenskaplike belang asook onderlinge verhoudinge is bespreek.

13.4 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA)

Die KGKSA is 'n samevoeging van gemeentes wat gereformeerde oortuigings huldig en ook dieselfde belydenis het as wat ons kerkverband het. Hulle bestaan uit onafhanklike gemeentes wat as gevolg van leerverskille uit ander kerkverbande getree het. Die Sinode het reeds ooreenkomste met twee van die kerke te wete die Afrikaanse Reformatoriese Kerk en De Deur ('n Vrye Gereformeerde Kerk) gesluit.

SKK het op 2 Februarie 2010 gesprek met verteenwoordigers van die Konferensie gevoer.

13.5 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Geen amptelike samesprekings is sedert die vorige sinodesitting gehou nie. Groeteboodskepe is aan die Sinode van die OVS gestuur en die opening is deur dr. JP Bezuidenhout bygewoon.

13.6 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Geen amptelike samesprekings is gevoer nie, maar hulle nou afgevaardigdes van die AP Kerk na hulle Algemene Vergaderings.

AANBEVELINGS

- 13.7 Kerkgrade word daarop gewys dat lidmate wat na Australië of Nieu-Seeland verhuis, met veiligheid kan inskakel by die *Reformed Church of the North Shore* in Nieu-Seeland of die *Christian Reformed Church of Australia* in Australië.**
- 13.8 Die Sinode dra dit aan die SKK op om tussenkerklike gesprekke voort te sit en indien nodig, kundige persone te koöpteer.**
- 13.9 Die Sinode keur goed dat die SKK wanneer daartoe uitgenooi, die vergaderinge van die TKR kan bywoon om gemeenskaplike sake te bespreek.**

13.10 KGKSA

- 13.10.1** Die Sinode erken die kerke van die Konferensie van Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika as volwaardige Kerke van Christus met gereformeerde belydenis-grondslag.
- 13.10.2** Die Sinode erken die doop, sertifikate, attestate en ander tersaaklike dokumente van die KGKSA.
- 13.10.3** Die Sinode keur dit goed dat waar kerkrade dit verlang, kanselruiling tussen leraars van die AP Kerk en die KGKSA kan plaasvind. Dit behels 'n uitbreiding van Sinodebesluit punt 1.3 en 1.4 soos opgeneem in Bylae 1, bl. 75 van die KERKORDE 2008.

13.11 GROETEBODSKAPPE (Kyk Bylae SKK 5)

'n Groetebodskap is van die NG Kerk OVS ontvang.

14. SKAKELING MET DIE REGERING

Korrespondensie is onder andere gevoer met die

- Minister van Landbou (plaasaanvalle en ongunstige landboustoestande).
- Mediaraad (voorkoms van pornografie in televisie-uitsendings).
- Minister van Polisie en die kantoor van die Staatspresident (toenemende vlag van misdaad).
- Minister van Onderwys (voorgenome eedswering deur leerlinge).

15. GESPREK MET TLU SA

Die SKK en verteenwoordigers van TLU SA het op 14 Julie 2009 ontmoet. Probleme in die landbou is bespreek en daar is kennisgeneem van die verslegtende toestande waar- onder die boere gebuk gaan. Prof. SD Nel het die kongres van TLU SA op 9 Oktober 2009 bygewoon.

Die SKK is in voortdurende korrespondensie met TLU SA oor 'n verskeidenheid van sake. Dit is veral onrusbarend dat daar 'n merkbare toename in geweldsmisdade is en dat dit in sommige gevalle voorkom of dit met grondeise in verband gebring kan word. Op versoek van TLU SA en in samewerking met hulle is 'n dag van verootmoediging op 9 Mei 2010 gereël.

AANBEVELINGS

- 15.1** Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.
- 15.2** Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land.
- 15.3** Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.

16. MEDIASKAKELING

Kerknuus vir uitsending elke Sondag word gereeld aan die volgende radiostasies gestuur: Radio Pretoria, Radio Lae- veld, Radio Lichtenburg en Radio Rosestad. Aangesien CNW nie meer kerknuus uitsaai nie, is berigte aan hulle gestaak. CNW het ook die gebruik van AP Kerk leraars vir dienste op Radio Sonder Grense gestaak. Die pers het gewoonlik die AP Kerk geïgnoreer, behalwe waar 'n nega- tiewe berig geplaas kon word. Verklarings oor aktuele sake wat uitgereik is, is nie gepubliseer nie.

AANBEVELING

- 16.1** Die Sinode versoek kerkrade om kerknuus vir moontlike uitsending oor die radio na die Sentrale Kerkkantoor te stuur.

17. RADIO PRETORIA

Radio Pretoria het ook nog altyd 'n ope oor vir SKK-verklarings. Die AP kerkverband word by godsdienstuitsendings wat 'n groot diens aan baie lidmate lewer, betrek.

AANBEVELING

- 17.1** Die Sinode bedank Radio Pretoria vir die diens wat hulle lewer om leraars die geleentheid te gee om die evangelie te verkondig.

18. KORRESPONDENSIE

Tot en met 12 April 2010 is 923 korrespondensiestukke tydens vergaderings hanteer. Daarbenewens is baie korrespondensie tussen vergaderings afgehandel. Dit is veral korrespondensie deur middel van die internet wat steeds toeneem.

Daar het baie skakeling deur die kantoor plaasgevind ten opsigte van die reël van leraars om by die vakante gemeentes dienste waar te neem. Met 'n paar uitsonderings ná kon die gemeentes gehelp word. Die teologiese studente en emeritusleraars was van groot hulp om hierdie diens te laat vlot.

AANBEVELINGS

- 18.1** Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Sentrale Kerkkantoor vir die hantering van die korrespondensie en skakeling.
- 18.2** Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds. W van Zyl vir sy hulp met die bedryf van die elektroniese diens om die hantering van korrespondensie te vergemaklik.
- 18.3** Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en studente wat bereid is om met Woord- verkondiging te help in gemeentes waar nood is.

19. SUSTERSWERKSAAMHEDE

Twee konferensies is deur die susters gereël:

- Pretoria, AP Kerk Wonderboom, 1-3 Oktober 2007. Die tema was *Die vrou se rol om lig in duisternis te wees op die pad vorentoe* en di. CA Swanepoel, A Hough en dr. HJ Smith het as sprekers opgetree.
- Pretoria, AP Kerk Brits, 6-8 Oktober 2009. Die tema was *God versier die lewe van 'n vrou*, ds. H Hefer was die spreker.

Daar is ook op 13 Oktober 2007 'n dag lange streekskonfe- rensie deur AP Kerk Bainsvlei in AP Kerk Bloemfontein- Noord aangebied.

AANBEVELING

- 19.1** Die Sinode bedank die gemeentes Wonderboom, Brits en Bainsvlei vir die organisering van die konferensies en moedig susters aan om by sulke konferensies in te skakel.

20. PREDIKANTE-KONFERENSIE

Die SKK het in oorleg met die Kuratorium in September 2008 'n predikante-konferensie gereël. Die tema was: *Verkondig en verklaar die evangelie vanuit die hele Skrif*. Daar is vir

100 predikante reggemaak maar slegs 85 het die byeenkoms bygewoon.

AANBEVELING

20.1 Die Sinode versoek kerkrade om dit vir hulle leraars moontlik te maak om die konferensies by te woon aangesien dit 'n skoling- en opknappings-geleentheid is.

21. DIAKONALE KONFERENSIE

'n Konferensie met die tema *Die plek en taak van die diaken in die bestaanskrisis van die Afrikaner* is op 13-14 Oktober 2009 vir diakens aangebied. Die sprekers was dr. J Bosman, ds. CA. Swanepoel, dr. W Coetzer, dr. D Langner en mnr. P de Jager.

Die konferensie is deur 47 verteenwoordigers uit 29 gemeentes bygewoon. Vyf gemeentes wat bespreek het, se verteenwoordigers het egter nie opgedaag nie, terwyl tien gemeentes wel voor die tyd verskoning gemaak het.

22. SINODALE PUBLIKASIES

22.1 ONTMOET DIE APK (Kyk Bylae SKK 6)

Die SKK het die publikasie hersien en lê die konsep soos in Bylae SKK 6 vervat is, aan die Sinode voor.

AANBEVELING

22.1.1 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om alle wysiginge te verwerk en finaal af te handel.

22.2 ELKEEN ORAL GESTUURDE

Die SKK is besig om die publikasie te hersien.

AANBEVELING

22.2.1 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. dit te wysig en finaal af te handel.

22.3 SKRIFLIG OP KERK EN VOLK

Die SKK gebruik die publikasie waar in gesprek getree word met ander kerke.

AANBEVELINGS

22.3.1 Die Sinode besluit om die publikasie SKRIFLIG OP KERK EN VOLK te hersien met die oog op die uitbreiding van die geskiedkundige en filosofiese onderbou van die boekie asook die verrekening van soortgelyke situasies elders in die wêreld.

22.3.2 Die Sinode besluit om die volgende persone te benoem om SKRIFLIG OP KERK EN VOLK te hersien en af te handel: lede van die Publikasiekommissie en die SKK met die reg van koöptering van ander kundiges.

23. BESKRYWINGSPUNTE

23.1 Ring van Roodepoort: Steun aan nie-politiese aksies

Dat die Sinode van die AP Kerk sy volle steun verleen aan die nie-politiese aksie van die Volksraad Verkiesing Kommissie (VVK) om kiesers te registreer ten einde 'n volksraad te verkies wat verteenwoordigend sal wees van die Christen-

Afrikanervolk. Dit sluit in afkondigings binne die kerkgebou asook die moontlike uitdeel van strooibiljette.

Die sinode word versoek om 'n spreekbeurt van 30 minute aan die voorsitter van die VVK, Paul Kruger, toe te staan tydens die Sinode. Dit sal die steun wat aan die VVK verleen word, ondubbelsinnig bevestig.

Motivering

Weens vyandige kritiek blyk dit dat die AP Kerk tans huiwerig is om gewag te maak daarvan dat die AP Kerk se ontstaan daaraan te danke is dat die kerk *Lig in die duisternis* is te midde van 'n wurggreep van misdaad, bedrog, korruptsie, ensovoorts. Voorts is deel van die regverdiging van die ontstaan van die kerk die feit dat die AP Kerk onbeskaamd erken dat dit 'n volkseie kerk is vir die Christen-Afrikanervolk.

In die huidige omstandighede wat in die land heers, het die VVK, onder leiding van 'n Pretoriase prokureur, Paul Kruger, tot stand gekom. Die aksie van die VVK is daarop gemik om 'n erkende verteenwoordigende liggaam (wat op die oomblik nie bestaan nie) vir die Christen-Afrikaner tot stand te laat kom wat sal verseker dat ons as volk sal bly voortbestaan, en dit is van kardinale belang.

AANBEVELINGS

23.1.1 Die Sinode neem kennis van die werk van die VVK. Dit staan lidmate vry om die kommissie te ondersteun, maar dit is nie die taak van die kerk om dit te propageer nie. Die Sinode is 'n vergadering wat kerklike sake op kerklike wyse hanteer.

23.1.2 Die Sinode keur nie 'n spreekbeurt aan mnr. P Kruger goed nie.

23.2 Ring van Beaufort-Wes: Bediening in plattelandse gemeentes

Ons vra dat beskikbare leraars betrek moet word vir eredienste by plattelandse gemeentes en dat die SKK hulle sal betaal.

Motivering

Baie van die kleiner plattelandse gemeentes het min lidmate en kan nie 'n voltydse leraar bekostig nie. 'n Bedienings-ooreenkoms word aangegaan met een van die groter gemeentes in die omgewing. Net een erediens in 'n maand word so verkry en meeste van die tyd word net die betrokke leraar se reiskoste betaal.

Met finansiële hulp kan meer eredienste deur 'n leraar behartig word en die moontlikheid bestaan dat die gemeentes vinniger kan groei.

AANBEVELING

23.2.1 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die SKK genader kan word vir bedieningshulp, reisende leraars en beplanning van bediening vir kleiner gemeentes.

23.3 Ring van Clanwilliam: Bediening in Noord- en Wes-Kaap

Motivering

Tans is daar in die gebied suid van die Oranjerivier al langs die Weskus af tot by Velddrif oor Piketberg tot by Sutherland en weer noord tot by Kakamas slegs een leraar op Calvinia wat reeds vier gemeentes bedien. Dit beteken dat amper 'n 1000 lidmate in hierdie gebied geen bediening ontvang nie.

Die Sinode het besluit dat gemeentes met leraars, hul leraars jaarliks vir 14 dae beskikbaar moet stel vir bedieningshulp in vakante gemeentes. Daar word met dank hiervan gebruik gemaak, alhoewel baie min gemeentes wel hul leraars beskikbaar stel.

Om 'n leraar vir 14 dae in byvoorbeeld Clanwilliam te laat werk, kos die gemeente ongeveer R12,000 net aan reiskoste as die leraar van die Pretoria-omgewing sou kom. Dit sou dus meer sinvol wees indien so 'n leraar vir 'n kalendermaand sou kon help met bediening.

AANBEVELINGS

23.3.1 Die Sinode neem kennis van die besondere bedieningsnood in die Noord- en Wes-Kaap.

23.3.2 Die Sinode versoek dat leraars en gemeentes wat bereid is om vir 'n kalendermaand met bediening in dié gebied te help, met die Skriba van die Ring van Clanwilliam sal skakel.

23.3.4 Die Sinode keur die optrede van die SKK goed om die nood van AP Kerk Clanwilliam in *Die Boodskapper* sowel as op die webblad waar dit gouer opgemerk sal word, bekend te maak.

24. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA (Kyk Bylae SKK 7)

AANBEVELINGS

24.1 Die vergadering neem met instemming kennis van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die AP Kerk se voorbidding en ondersteuning.

24.2 Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, gemeentelike instansies, sake-ondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

24.3 Kerkrade word versoek om plaaslike boekwinkels aan te moedig om Bybels van die Bybelgenootskap in voorraad te hou en om toe te sien dat Bybels by gemeentelike kolporteurs beskikbaar is.

24.4 Kerkrade word versoek om elke jaar, voor die einde van Desember, die bedrag wat die Bybelgenootskap benodig om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R33.00 vir 2010), per lidmaat aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

24.5 Die Vrouediens, Verbondsonderrig, sake-ondernemings en individue word aangemoedig om by te dra vir Bybelverspreiding.

24.6.1 Gemeentes word aangemoedig om promosiemateriaal wat gratis op aanvraag by die Bybelgenootskap beskikbaar is, as hulpmiddels te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.

24.7 Die Sinode besluit om lid te word van die Bybelgenootskap Art. 21 Maatskappy en om deur die streeksverteenvoerders op die Bybelgenootskap verteenwoordig te word.

BYLAES VAN DIE SKK

BYLAE SKK 1

Bylae SKK 1 bestaan uit twee dele. Die eerste (A) is 'n voorlegging opgestel deur adv. FWA Danzfuss aan die Sinode 1999 en wat steeds toepaslik is en nou weer geplaas word. Die tweede stuk (B) is die verslag van die KKS wat deur die SKK aanvaar is.

A. MEMORANDUM INSAKE SAMEWONING TEENoor HUWELIKSLUITING

Inleiding

1. Dit blyk dat al hoe meer gevalle bestaan waar veral ouer mense gekonfronteer word met betreklik ingewikkelde boedels na aanleiding van vorige huwelike. Ten einde allerlei gevolge en verlies te voorkom, besluit 'n man en vrou om eerder maar net saam te woon as om formeel in die huwelik bevestig te word.

2. Hierdie toedrag van sake is vir die kerk kommerwekkend en onaanvaarbaar en gevolglik word oorweging daaraan geskenk dat die kerk sulke persone kerklik in die huwelik bevestig sonder die medewerking van die staat.

3. Die doel hiervan is om die samewoning uit die kerk se oogpunt Bybels te regverdig sonder dat regsgevolge aan so 'n huwelik gekoppel kan word.

Huwelike en huweliksbevestigings

4. Die huweliksbevestiging word aangestel uit hoofde van die Huwelikswet, 25 van 1961.

5. Artikel 11 van die Huwelikswet bepaal in sub-artikel (1) dat slegs 'n huweliksbevestiging 'n huwelik kan voltrek.

6. Artikel 11(2) bepaal dat 'n huweliksbevestiging wat 'n huwelik voltrek, anders as ingevolge die Wet, is skuldig aan 'n misdad en is strafbaar met 'n boete en gevangenisstraf.

7. Artikel 11(3) van die Wet bepaal egter dat die bepalings van subartikel (2) nie van toepassing is op 'n huwelikeremonie wat ooreenkomstig die gebruike of formuliere van een of ander geloof voltrek word, indien dié seremonie nie daarop gemik is om 'n geldige huwelik tot stand te bring nie.

Hierbenewens bevat Artikel 33 en Artikel 34(a) bepalings in verband met inseëning van 'n huwelik. Die effek daarvan is dat 'n leraar en soortgelyke persoon in 'n godsdienstige denominasie 'n huwelik ooreenkomstig die godsdienstige gebruike van daardie denominasie, kan inseën. Dit bepaal verder dat die Wet nie verbied dat 'n godsdienstige denominasie reëls of regulasies kan uitvaardig in verband met die godsdienstige inseëning van huwelike in ooreenstemming met

die godsdienstige opvattinge van daardie denominasies nie. Dieselfde geld vir kerklike dissipline met betrekking tot huwelike.

8. Na my mening is daar gevolglik geen rede in die wetgewing waarom so 'n huwelik nie bevestig kan word nie, met dien verstande egter dat

8.1 die persoon wat die huwelik bevestig, moet dit nie doen in sy hoedanigheid as huweliksbevestiger nie en moet dus ook nie die dokumente wat 'n huweliksbevestiger moet voltooi, in hierdie verband voltooi nie;

8.2 dit nie die bedoeling moet wees om 'n geldige huwelik in sekulêre sin van die woord daar te stel nie.

Dit is trouens 'n algemene verskynsel by ander gelowe soos byvoorbeeld die Moslems, dat twee persone volgens Moslemse rituele in die huwelik tree.

Gevolge van samewoning

9. Selfs al sou 'n man en vrou deur die kerk op so 'n wyse in die huwelik bevestig word sonder die medewerking van die staat en dus sonder nakoming van die bepalinge van die huwelikswet, Wet 25 van 1961, sal so 'n huwelik in die algemeen gesproke nie deur die Staat en die regspleging erken word nie. Hierdie persone sal in die oë van die reg beoordeel word asof hulle bloot saamwoners is en wel in ooreenstemming met die regsbeginne van kohabitasie. Hierdie samewoning het verskeie gevolge waarvan sommige betreklik nadelig kan wees. Dit wat hierna volg, is nie 'n poging om enigsins volledig met die verskillende voor- en nadere te handel nie. Dit sou 'n omvangryke taak wees om volledig 'n uiteensetting van die voor- en nadele op al die verskillende moontlike terreine te verskaf. Hierdie is dus slegs enkele los gedagtes.

9.1 Gevolge met betrekking tot eiendom

Samewoning gee nie enige outomatiese regte op eiendom oor en weer tussen die partye nie, maar daar is tog gewone regsreëls met betrekking tot kontrakte, eiendomme en ongeregtverdigde verrykking wat 'n rol kan speel.

In onder meer Engeland, Kanada en Australië word erkenning verleen aan geïmpliseerde of konstruktiewe trusts ten einde 'n billike en regverdige verdeling van eiendom tussen saamwoners te bewerkstellig. Die Suid-Afrikaanse Trustreg maak egter geen voorsiening hiervoor nie. In die Suid-Afrikaanse Reg sal dit wel vir sodanige saamwoners moontlik wees om gebruik te maak van die konsep van 'n universele vennootskap. Tans is die regsposisie dat die universele vennootskap wel erken word, hoewel dit nie maklik bewysbaar is nie. Tog erken die hof dat dit stilswyend kan geskied. So byvoorbeeld kan twee partye dus saamwoon en die een kan later daarop aanspraak maak dat hulle 'n stilswyende vennootskap gevorm het ingevolge waarvan bates oor en weer bygedra is tot die bates van die vennootskap en bates daarin geakkumuleer het uit hoofde van die bates wat aldus bygedra is en uit hoofde van die dienste wat die twee saamwoners (vennote) gelewer het.

Vgl. bv. *Ally v Dinath* 1984 (2) SA 451 (T); *V v De Wet* NO 1953 (1) SA 613 (O); *Mühlmann v Mühlmann*, 1984 (3) SA 102 (A).

Die probleem wat ontstaan, is dat die twee partye gesamentlik bates bymekaar maak en in stand hou. Terwyl alles goed gaan, word die bates nie afsonderlik gehou nie en later by verbreking van die samewoningsverhouding, maak altwee aanspraak op die bates of dele daarvan. Dit sou ook in elk geval uiters onbillik wees om slegs die party op wie se naam die eiendom byvoorbeeld geregistreer is wat deur die twee partye gesamentlik aangekoop en vertroetel is, die voordele te laat bekom.

Die antwoord is natuurlik geleë daarin dat 'n behoorlike samewoningsooreenkoms tussen die partye gesluit kan word. So 'n ooreenkoms sal geldig wees en so 'n ooreenkoms kan in besonderhede bepaal presies wat die gevolge van die samewoning, in die besonder met betrekking tot bates, sal wees.

10. Onderhoud en verlies van onderhoud

10.1 Samewoning skep tans in die Suid-Afrikaanse reg geen plig tot onderhoud tussen twee saamwoners nie. In 'n geval dus waar die saamwoners soos eggenote te werk gaan, byvoorbeeld waar die man gaan werk terwyl die vrou die tuiste skep, sal die vrou, soos die reg tans staan, geen reg op onderhoud teenoor die man hê, ongeag hoe lank hulle ook al saam gewoon het nie.

10.2 Wat egter van groot belang is, is die feit dat indien een van die partye (normaalweg die man), in 'n motorongeluk sodanig beseer word dat hy nie meer in staat is om inkomste te verdien nie, sal die ander saamwoner (gewoonlik die vrou), nie enige eis vir skadevergoeding op grond van verlies aan onderhoud teen die skuldige bestuurder van die ander voertuig hê, of selfs 'n derdeparty-eis hê nie. Dit spruit voort uit die feit dat daar nie 'n plig is om onderhoud te betaal nie. As die twee egter regtens getroud was, sou 'n eis vir verlies aan onderhoud suksesvol kon gewees het.

10.3 Selfs al sou die partye kontraktueel teenoor mekaar onderneem om oor en weer onderhoud aan mekaar te betaal, sal dit die posisie in die voorafgaande paragraaf geensins verander nie, aangesien 'n kontraktuele plig om onderhoud te betaal, nie voldoende is om 'n eis vir skadevergoeding te fundeer nie. Laasgenoemde is slegs beskikbaar as die plig om onderhoud te betaal *ex lege* volg.

Vgl. *Union Government v Warneke* 1911 (AA) 657.

11. Die gemeenskaplike woning

Indien die gemeenskaplike woning geregistreer is op die naam van een van die saamwoners, of indien een van hulle die huurder van die woning is, sal die ander een geen regte ten opsigte van die woning bekom uit hoofde van die samewoningsverhouding nie. Indien daar dus probleme sou ontstaan soos byvoorbeeld huismoles, ensovoorts, sou die een in wie se naam die huurkontrak is of op wie se naam die eiendom geregistreer is, die ander een die huis kon verbied of uitsit. Dit sou nie kon gebeur waar die twee regtens getroud was nie.

Daar is 'n skrale troos vervat in die Wet op die voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 33 van 1993. Ingevolge hierdie Wet het die saamwoners onder sekere omstandighede regte teenoor die ander saamwoner wat eienaar van die huis is om hom uit te sit en om self in die woning te woon. Dit is egter uitsonderlike omstandighede.

12. Kinders

12.1 Dit moet seker aanvaar word dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat kinders uit 'n samewoningsverhouding gebore kan word. Soos wat die reg tans daar uitsien, is die moeder van die kinders in sulke omstandighede in 'n baie beter posisie as die vader, aangesien die moeder allerlei inherente en outomatiese regte het wat die vader nie het nie. Dit is regte met betrekking tot bewaring van die kinders, die feit dat die kinders die moeder se van kry; die moeder alleen kan toestem tot aanneming van die kind sonder die medewerking van die vader; die vader wat geen outomatiese toegang tot die kind het nie, ensovoorts. Die ironie van die saak is dat die vader geen van hierdie regte het nie, maar steeds 'n plig tot onderhoud van die kind het.

2.2 So 'n kind word beskou as 'n buite-egtelike kind met al die trauma wat dit vir die kind inhou.

12.3 Dit is weliswaar so dat talle van hierdie bepalings moontlik sal swig voor die Handves van Menseregte indien dit in die Konstitusionele Hof betwis sou word. Dit kan egter op hierdie stadium maar slegs bespiegeling wees om te voorspel watter suksesvol sal wees en watter nie.

13. Vererwing

13.1 Die twee saamwoners het geen reg op intestate vererwing oor en weer nie. Hulle kan wel uit hoofde van 'n testamentêre bepaling oor en weer erf, maar sonder 'n testament, glad nie. In geval van regtens getroude persone is dit anders.

13.2 Die huidige regspraak se siening van so 'n situasie blyk duidelik uit die beslissing van *Mommen v Bassa*, 1976 (4) Sa 338 (D), waar die man twee langselewende vrouens nagelaat het, die een met wie hy wettiglik met die medewerking van die staat getroud was en die ander een met wie hy getroud was volgens Moslem-rituele wat nie regtens erken is nie. Hy het in sy testament sekere erflatings gelaat aan "my wife", sonder dat hy aangedui het welke een van die twee hy in gedagte het. Die hof het voor die hand liggend aanvaar dat slegs die vrou met wie hy wettig getroud was met die samewerking van die staat, op dié voordeel geregtig is. Die ander vrou is glad nie as 'n eggenote erken nie.

14. Versekering

Hoewel saamwoners mekaar as begunstigdes in versekeringspolis kan aanwys, is daar polisse wat voordele laat toekom aan lede van die versekerde se gesin (*family*). So byvoorbeeld is daar sekere motorversekeringspolis wat voordele verleen of uitsluit ten opsigte van passasiers wat lede van die versekerde se gesin is. Sulke polisse sal deur die reg geïnterpreteer word tot die effek dat dit 'n saamwoner uitsluit, behalwe natuurlik as daar spesifiek gekontrakteer is dat 'n saamwoner by hierdie voordele ingesluit sal wees.

15. Insolvensie

Artikel 21 van die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936, bepaal dat indien die afsonderlike boedel van een van twee gades wat nie afsonderlik woon nie, gesekwestreer word, sal die boedel van sowel die insolvente gade as die ander gade in die Meester van die Hooggeregshof vestig en daarna in die Kurator wat aangestel mag word. Indien sodanige gade wat nie gesekwestreer is nie, later bewys dat sy of hy, haar of sy boedel bekom of bymekaar gemaak het op 'n wyse of op grond van 'n reg, titel en belang wat nie deur skuldeisers tot niet verklaar kan word nie, moet sodanige solvente gade se boedel losgelaat word. Tot sover raak dit nie saamwoners nie, maar Artikel 21 (13) maak voorsiening dat 'n vrou of 'n man wat saam met 'n man of 'n vrou woon as man en vrou, vir doeleindes van die bogemelde bepaling ingesluit is in die definisie van gade.

Dus kan die boedel van 'n solvente saamwoner in gevaar kom as die ander een insolvent sou raak.

16. Verandering van van en getuienislewering

16.1 As 'n saamwonende party sy of haar van wil verander na dié van die ander saamwonende party, moet hy 'n prosedure volg wat wetlik voorgeskryf word en die goedkeuring van die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake bekom, ensovoorts, soos voorgeskryf in Artikel 26 van die Wet op die registrasie van Geboortes en Sterfgevalle, Wet 51 van 1992. Wanneer hierdie selfde persone in die eg verbind

is met die staat se samewerking, is so 'n prosedure nie nodig nie en kan hy bloot die ander eggenoot se van aanvaar.

16.2 Twee gades wat met mekaar in die eg verbind is met die staat se samewerking, kan nie verplig word om in siviele of kriminele sake teen mekaar te getuig of om kommunikasies en mededelings oor en weer te openbaar nie. Hierdie beskerming kom nie saamwoners toe nie.

17. Die nuwe grondwet

Soos reeds gesê, is daar 'n redelike kans dat sommige van die gemelde reëlings deur die Konstitusionele Hof tersyde gestel mag word weens oorweging wat nie hier tersaaklik is nie. Daar kan egter nie daarop staatgemaak word dat dit sal gebeur nie.

18. Verskillende huweliksbedelings

Die bepalings van die Wet op Huweliksgoedere, Wet 88 van 1984, saamgelees met die gemene reg, bied verskillende vorme van huweliksluiting soos byvoorbeeld:

- 18.1 'n huwelik in gemeenskap van goedere;
- 18.2 'n huwelik buite gemeenskap van goedere;
- 18.3 'n huwelik waar die aanwasbedeling ingesluit is of uitgesluit is.

19. Kundige hantering van hierdie verskillende moontlikhede kan baie van die voor die hand liggende probleme wat in die eerste paragrafe gestel is, uitskakel sonder dat dit nodig is om bloot saam te woon. Ek is nie van voorneme om hierdie verskillende moontlikhede hier te skets nie, aangesien daar talle moontlik praktiese situasies kan ontstaan en wat selfs onvoorsienbaar is. Na my mening moet daar egter telkens na die meriete van elke afsonderlike geval gekyk word ten einde te bepaal of daar nie binne die regsreëls soos wat dit tans staan, voldoende ruimte is vir 'n reëling wat die probleem wat in die besondere geval mag ontstaan, sal oplos of die gevolge daarvan aan bande sal lê nie.

Ek aanvaar onvoorwaardelik dat daar situasies mag ontstaan waar 'n eggenote uit 'n vorige huwelik sekere voordele kry, wat verval by dood of hertrouwe en normaalweg word dit gekwalifiseer dat dit verval by een van die twee gebeure wat ook al eerste mag ontstaan. Die reg om van 'n vorige eggenoot onderhoud te vorder, verval ook by hertrouwe.

In sulke en ander omstandighede mag daar voldoende rede wees wat saamwoning prakties regverdig. Soos egter hierbo sal blyk, is daar ook baie nadele verbonde aan hierdie metode. Om dit bloot uit 'n regsoogpunt te beoordeel, sal daar dus telkens baie deeglik gekyk moet word na die meriete van iedere en elke geval alvorens daar gesê kan word dat daar in dié besondere geval meer voordele as nadele is in geval van saamwoning.

20. Die kerk sal baie versigtig moet oordeel of die behoefte aan saamwoning werklik geregverdig word deur die praktiese omstandighede van die betrokke persone. Indien 'n sisteem van selfs 'n kerklike huwelik (sonder die samewerking van die staat) erken sou word, sal die kerk moet waak dat

- 20.1 hy nie daardeur die indruk skep dat *per se* erken word dat dit 'n besonder voordelige sisteem is nie;
- 20.2 voldoende gewaarsku word voordat 'n paartjie aldus slegs kerklik in die eg verbind word dat heelparty statutêre en gemeenregtelike beskermings wat aan 'n staats-erkende huwelik kleef, deur hulle ontbeert sal word.

Daar sal moontlik ook besin moet word oor die vraag wie almal toegelaat sal word om sodanige kerklike huwelik sonder samewerking van die staat te sluit. Die blote feit dat daar 'n potensiaal is dat kinders uit so 'n verhouding verwek kan word, behoort na my mening 'n baie belangrike oorweging te wees waarom so 'n huwelik nie toegelaat behoort te word nie. Soos reeds gesê, word kinders uit so 'n verhouding gebore, deur die reg as buite-egtelike kinders gereken.

Die posisie van sulke kinders het met die verloop van jare verbeter. Daar was aanvanklik oneindige nadele wat so 'n kind tref. Vandag is die nadele nie meer so groot nie, maar die sosiale etiket van 'n buite-egtelike kind (on-geag die regverdiging daarvoor) is, na my beskeie mening, voldoende rede waarom so 'n huwelik in sulke omstandighede nie toegelaat behoort te word nie.

ADV. FWA DANZFUSS

B. KERKLIKE VERBINTENISSE: HUWELIKSLUITING – deur die KKS opgestel

Hierdie verslag handel oor die aangeleentheid of die kerk deur die predikante wat deur die staat as huweliksbevestigings aangestel is, privaat huwelike wat nie by die staat geregistreer word nie, mag of kan bevestig, ten einde die probleem van saamwoning op te los. Tans skep 'n geregistreerde huwelik die probleem dat 'n vrou wat weer trou in menige geval die pensioen wat sy as weduwee ontvang, verbeur, wat meestal nie bekostigbaar is nie.

Die kwessie van samewoning teenoor huweliksluiting is na die SKK en die KKS verwys vir 'n aanbeveling aan die Sinode 2010. Die voorsitter van die SKK het versoek dat die KKS dringend 'n voorlegging doen.

Adv. FWA Danzfuss het 'n voorlegging aan die Sinode 1999 gedoen, vgl. SAKELYS bl. 252, pt. 2.7.5. By hierdie stuk word aangesluit met die volgende voorlegging vir oorweging:

1. Die huwelik tussen een man en een vrou is deur God ingestel, vgl. Gén. 2:21-24, Efés. 5:22 ev.

2. 'n Huwelik het egter nie net 'n godsdienstig-kerklike aspek nie, maar ook 'n sosiale en 'n staatkundige-juridiese. Dit raak ander wette van die staat soos onder meer die boedelwet, die egskeidingswet, die wet op die registrasie van geboortes en sterfgevallen.

3. Die staat (owerheid) het deur wetgewing reg van die begin (1652) deur die Raad, die koloniale owerheid, die Volksraad met die Groot Trek, die Volksrade van die Boererepublieke, die staat deur die Unie-tydperk en in die RSA, huweliksluiting gereël en beheer.

4. Die staat het as 'n vergunning aan die kerk geordende predikante deur wetgewing as huweliksbevestigings aangestel. Huweliksbevestigings is absoluut daaraan gebonde om huwelike te bevestig volgens die voorskrifte van die Huwelikswet. Dit sluit onder meer in dat

- huweliksbevestigings die huwelik in 'n register deur die staat voorsien, moet aanteken en aan die staat moet stuur vir registrasie;
- sekere persoonlike besonderhede (ID-dokument) verstrek moet word, onderteken deur die egpaar en getuies as die waarheid;

- jonkman- en jongedogterskap bevestig is;
- 'n afgestorwene se sterftesertifikaat ingelewer moet word om wewenaar- of weduweeskop te bewys;
- 'n skeibrief ingedien word om egskeiding te bewys;
- 'n goedgekeurde huweliksformulier gelees word;
- 'n huwelik in die openbaar – dit beteken met oop deure – bevestig moet word;
- 'n verklaring van beide partye verkry moet word dat hulle elkeen "van geen beletsel weet" wat die huweliksluiting kan verhinder nie, wat onder meer te make het met die voorkoming van bigamie; en
- die huweliksbevestiging moet verklaar met vermelding van beide se volle name en vanne dat "so-en-so en so-en-so regtens getroud is".

5. Indien 'n predikant nie aan die voorskrifte voldoen nie, is hy strafbaar met verlies van sy status as huweliksbevestiging.

6. Vroeër, alhoewel 'n mens nog selde daarvan hoor, is 'n huwelik wat deur 'n landdros bevestig en dus reeds geregistreer is, kerklik "ingeseën". Dit is nie 'n bevestiging of herbevestiging nie en die huwelik word nie weer geregistreer nie, dit is reeds deur die landdros afgehandel.

7. Geen kerk of predikant het die reg om 'n saamwonende paar in 'n "huwelik" te "bevestig" as 'n kerklike handeling sonder die toepassing van die voorskrifte van die huwelikswet en registrasie daarvan by die staat, uitgevoer word nie – dit is 'n misdad.

'n Dusdanige "huwelik" is kragtens die huwelikswet nie 'n wettige huweliksluiting nie. Indien die paar nie langer in die "huwelik" wil bly nie, hoe word hulle geskei, of los hulle mekaar net? Egskeiding is vir die staat net so belangrik as huweliksluiting. Dit kan net geskied deur voldoening aan die egskeidingswet en word deur 'n regter van die Hooggeregshof gemagtig na voldoening aan regsvereistes.

8. Die oplossing van die probleem is dat die verskillende denominasies daarvoor onderhandel en vertoë tot die staat rig om die pensioenwette sō te wysig dat die bestaande diskriminasie teen die vrou wat haar wettige pensioen ná 'n hertrou / verdere huwelik moet verbeur, gewysig word.

BYLAE SKK 2

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK –
REISKOSTE REISENDE LERAARS**
Verslag vir die tydperk: 1/04/2007 TOT 31/03/2010

	<u>LERAAR</u>	<u>GEMEENTE BESOEK</u>	<u>MAAND</u>	<u>KOSTE</u>
2007	Ds. PJ van Rensburg	Zambië	Mrt./Apr. 2007	R 4 059.50
	Ds. A Drent	AP Kerk Engeland	Aug. 2007	9 700.00
	Ds. JF v d Merwe	AP Kerk Caaquazu	Nov. 2007	9 363.00
				----- 23 122.50
2008	Prof. JAE Adendorff	AP Kerk Engeland	Mrt. 2008	6 359.00
	Ds. A Drent	AP Kerk Engeland	Jul. 2008	1 544.26
	Ds. GCD Stoltz	AP Kerk Caaquazu	Set. 2008	13 319.00
	Ds. HSW Strauss	AP Kerk Engeland	Nov./Des. 2008	10 630.90
				----- 31 853.16
2009	Student WA Jooste	AP Kerk Carnarvon	Jan. 2009	3 039.00
	Prof. J Bosman	AP Kerk Windhoek	Jun. 2009	3 626.00
	Ds. JL Schütte	AP Kerk Engeland	Aug. 2009	1 600.00
	Ds. CA Swanepoel	AP Kerk Riversdal	Okt. 2009	2 367.00
				----- 10 632.00
TOTALE REISKOSTE VAN REISENDE LERAARS / PERSONE				----- R 65 607.66

BYLAE SKK 2.1

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK –
REISKOSTE VIR HOSPITAALBESOEKE**
Verslag vir die tydperk: 1/04/2007 TOT 31/03/2010

<u>LERAAR</u>	<u>JAAR</u>	<u>KOSTE</u>
Ds. OG van Rooyen	2007	R 80.00
Ds. AJ Kruger	2007	240.00
Ds. JH Ellis	2007	725.00
Prof. JAE Adendorff	2008	450.00
Ds. DFM Cronjé	2008	1 440.00
TOTALE REISKOSTE VIR HOSPITAALBESOEKE		----- R 2 935.00

BYLAE SKK 3

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK BEDIENINGSWERK - HULP AAN GEMEENTES

Verslag vanaf kerkstigting tot Maart 2010

GEMEENTE	SINODE: 4/01 - 3/04	SINODE: 4/04 - 3/07	SINODE: 4/07 - 3/10	TOTALE HULP 06/87-03/10	% VAN TOTAAL
	R	R	R	R	
ABERDEEN				28,765.00	0.22
ALBERTINIA			42,000.00	42,000.00	0.32
ALGOA	14,000.00		132,000.00	147,083.00	1.11
AMAJUBA		16,000.00		22,508.00	0.17
BALFOUR			14,086.90	15,461.90	0.12
BARBERTON	4,800.00	25,420.00	23,600.00	65,070.00	0.49
BARKLY-OOS / STEYNSBURG / TARKASTAD / (MACLEAR)	435,805.25	435,250.28	385,631.03	1,704,400.14	12.87
BARKLY-WES				7,500.00	0.06
BEAUFORT-WES				15,000.00	0.11
BETHULIE			11,200.00	11,200.00	0.08
BETHULIE / EDENBURG / PHILIPPOLIS / VENTERSTAD	493,015.48	536,688.85	-	1,699,552.34	12.83
BLOEMFONTEIN-NOORD				18,000.00	0.14
BOKSBURG	23,702.00			84,702.00	0.64
BOSHOF				16,907.00	0.13
BRANDFORT			9,620.00	9,620.00	0.07
BUHRMANSDRIF		19,000.00		19,000.00	0.14
CAAGUAZU	4,045.75			57,797.75	0.44
CALVINIA / HARDEVELD / OLIFANTSRIVIER / SUTHERLAND	494,758.34	570,886.12	610,719.82	2,238,104.12	16.89
CARNARVON			23,580.00	23,580.00	0.18
CARNARVON / FRASERBURG / SUTHERLAND / VANWYKSVLEI				290,204.93	2.19
CLANWILLIAM				7,768.00	0.06
DANIËLSKUIL				8,000.00	0.06
DE AAR				8,400.00	0.06
DEALESVILLE				2,411.00	0.02
DEWETSDORP / SMITHFIELD / ZASTRON	458,551.76	540,749.84	121,367.50	1,533,400.57	11.58
DEWETSDORP			40,000.00	40,000.00	0.30
DUNDEE / GLENCOE / UTRECHT		85,000.00		85,000.00	0.64
EDENBURG			5,000.00	5,000.00	0.04
(ELLIOT) / JAMESTOWN / (MACLEAR)				312,270.00	2.36
ELLISRAS				1,209.00	0.01
FOCHVILLE				47,056.00	0.36
GEORGE			52,500.00	54,000.00	0.41
GERMISTON	369,500.86			369,500.86	2.79
GOBABIS				3,220.50	0.02
GRAAFF-REINET				5,417.00	0.04
GRANIET			24,000.00	24,000.00	0.18
GRENS	10,000.00	10,000.00		20,000.00	0.15
GROOTFONTEIN				2,850.00	0.02
HARTBEESFONTEIN			5,265.00	5,265.00	0.04
HEIDELBERG				2,065.00	0.02
HLUHLUWE	-2,000.00			86,500.00	0.65
JAMESTOWN / GRENS	21,615.00			235,576.58	1.78
JAMESTOWN / SMITHFIELD / ZASTRON				137,716.00	1.04
KAREEDOUW				22,500.00	0.17
KEETMANSHOOP				81,900.00	0.62
KNYSNA				1,300.00	0.01
KOEDOESRAND		20,000.00		20,000.00	0.15
KOPPIES	21,000.00			21,000.00	0.16
LEBOMBO			120,000.00	155,100.00	1.17
LEEUDORINGSTAD				7,500.00	0.06
LICHTENBURG				886.00	0.01
LOUWNA				2,920.00	0.02
LYDENBURG				6,160.00	0.05
MACLEAR				2,352.00	0.02
MESSINA / WEIPE	40,470.00	117,000.00	157,500.00	465,570.00	3.51
MIDDELBURG				2,333.00	0.02

SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)

MIGDOL				611.00	0.00
MOOT-SENTRAAL				2,908.00	0.02
MOSSELBAAI	2,000.00			35,000.00	0.26
NAMAKWALAND		15,000.00	6,000.00	23,864.00	0.18
NELSPRUIT		10,000.00		10,000.00	0.08
NEWCASTLE		30,000.00	63,000.00	93,000.00	0.70
OLIFANTSRIVIER				780.00	0.01
ORANIA				970.00	0.01
OUDTSHOORN				11,450.00	0.09
OUTJO				8,643.00	0.07
HUGENOTE-VALLEI				6,197.00	0.05
PAUL ROUX / SENEKAL / MARQUARD		33,000.00		33,000.00	0.25
PETRUSBURG / JAGERSFONTEIN-FAURESMITH	174,000.00	114,500.00	250,000.00	774,953.21	5.85
PRETORIA-SENTRAAL				323,806.00	2.44
PRIESKA / GROBLERSHOOP	103,500.00	56,000.00		436,266.00	3.29
REDDERSBURG	24,000.00	39,000.00		63,000.00	0.48
RICHMOND				1,759.00	0.01
RIVERSDAL	2,000.00	123,000.00	42,000.00	176,000.00	1.33
SANDDRIFT				6,963.00	0.05
SMITHFIELD			24,000.00	24,000.00	0.18
SOMERSET-OOS		9,000.00	9,000.00	149,686.00	1.13
FONTEINE				61,922.00	0.47
STELLENBOSCH / SOMERSET / STRAND			9,000.00	52,750.00	0.40
STEYNSBURG / CRADOCK / VENTERSTAD				172,146.00	1.30
STRYDENBURG				100.00	0.00
THEUNISSEN				4,500.00	0.03
TYGERBERG		43,000.00		129,042.00	0.97
UITENHAGE		18,000.00	25,000.00	43,000.00	0.32
VANWYKSVLEI				6,400.00	0.05
VERKEERDEVLEI				14,450.00	0.11
WARMBAD				15,426.00	0.12
WELBEKEND				24,000.00	0.18
WELKOM / HENNENMAN				144,600.00	1.09
WELWITSCHIA				4,248.95	0.03
WESSELSBRON				4,500.00	0.03
WINDHOEK		18,000.00		56,907.25	0.43
WITBANK				13,862.00	0.10
WONDERBOOM				10,500.00	0.08
WORCESTER				3,552.00	0.03
TOTAAL	2,694,764.44	2,884,495.09	2,206,070.25	13,247,365.10	100.00

BYLAE SKK 4

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK - EMERITUSHULPFONDS

Verslag vir die tydperk: 1/04/2007 tot 31/03/2010

Balans op 1/04/2007	R 1,147,964.13
<u>Tel by:</u>	
Beleggingsinkomste vir 2007	97,935.05
Bydrae ontvang gedurende 2007	9,150.15
<u>Trek af:</u>	
Hulp aan ds. JA Visser	(23,549.32)
Balans op 31/12/2007	1,231,500.01
<u>Tel by:</u>	
Beleggingsinkomste vir 2008	128,376.46
Bydrae ontvang gedurende 2008	4,044.05
Beleggingsinkomste vir 2009	115,349.22
Bydrae ontvang gedurende 2009	1,184.20
Bydrae ontvang tot 31/03/2010	30.00
Balans op 31/03/2010	R 1,480,483.94

BYLAE SKK 5

GROETEBODSKAPPE

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
IN DIE OVS

MODERAMEN

GROETEBODSKAP AAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
29 AUGUSTUS 2010 EVD

Geagte Sinodegangers

Ons groet u met Paulus se woorde aan Timótheüs: *Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here* (1 Tim. 1:2).

U sinodesitting vind in uitdagende tye plaas; tye wat vra dat die lig van die evangelie van Jesus Christus helder sal skyn.

Dit is juis **in tye soos hierdie** waar die kerk geleentheid kry om haar profetiese stem helder te laat hoor. Ons is baie bewus van die intense emosies wat in ons lidmate leef. Dit sluit emosies van seer, onsekerheid, bitterheid en selfs woede in. Ons kan so maklik toelaat dat ons omstandighede ons lewe sodanig beïnvloed dat ons nie meer die hoop wat in die evangelie opgesluit lê, raaksien nie en as ons die hoop nie meer kan raaksien nie, kan ons dit ook nie bring nie. Hoop is miskien die grootste anker wat mense nou nodig het.

Dit is juis **vir tye soos hierdie** dat die Here sy kerk roep om 'n positiewe verskil te maak; dat sy kerk die instrument sal wees wat duidelike leiding gee ten opsigte van waardes, verhoudings, uitdagings, hoop, troos en dies meer. Sy kerk moet ook die instrument wees wat gelowiges sal hoor, verstaan en op 'n sensitiewe wyse sal begelei ooreenkomstig die evangelie.

Dit is juis **in tye soos hierdie** waar die Here Jesus se kinders na medegelowiges in alle denominasies sal uitreik. Die tyd noop ons om die eenheid onder Christengelowiges meer as ooit tevore na te jaag en te bewaar. Mag die groot waarhede wat ons aan mekaar verbind, ons ook nader aan mekaar bring. Ons het mekaar nodig.

Ons bid u 'n geseënde sinodesitting toe. Ons bid dat die Heilige Gees u duidelik sal lei om **in 'n tyd soos hierdie** die kerk te wees wat Hy wil hê u moet wees.

Dr. Pieter van Jaarsveld

Voorsitter van die Moderamen: NG Kerk Vrystaat

BYLAE SKK 6

ONTMOET DIE AP KERK
(Hersiëne Uitgawe)

ONTMOET DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Miskien is jy net nuuskierig of het 'n erediens bygewoon. Dalk ken jy AP Kerk-lidmate. Dalk het jy êrens iets gelees of gehoor. Hoe dit ook al sy, ons wil graag hê jy moet ons nader leer ken soos wat ons met mekaar ooreengekom het om saam te leef. Daarvoor ontvang jy hierdie "ontmoeting" in die hand. Mag jy beter verstaan. Mag jy deur hierdie "ontmoeting" nader aan ons groei. Mag ons die een kosbare geloof in Jesus Christus met onderlinge liefde saam bely. Sou dit gebeur dat jy die pad nie saam met ons kan loop nie, mag ons dan mekaar met respek bly hanteer, omdat jy eerstehands weet hoe ons dink en graag wil leef. Wat kan jy in hierdie "ontmoeting" verwag?

Jy sal vind dat die vertelling in hierdie boekie plaaslik begin. Tweedens gaan dit oor wat buite gemeentegrense gebeur, ook in verhouding tot ander kerkverbande, asook hoe ons teenoor die owerhede en die samelewing staan. Daarna noem ons 'n paar name van Christelike denkers uit die geskiedenis by wie ons graag leer.

Ons vertel ook wat ons in hoofsaak glo, waarna die vraag aan die orde gestel word; hoekom het die AP Kerk ontstaan? Ten slotte sê ons nog iets oor die predikante-opleiding, asook opvoeding en onderwys.

Ontmoet dus die AP Kerk

1. Plaaslik

Dit is nou daardie Christen-Afrikaners in jou eie omgewing. 'n Aantal Afrikanergesinne en enkellopendes wat in God glo, kom veral op Sondae saam. Hierdie publieke same-komste op Sondae noem ons *eredienste*. Dit is die tye wanneer ons almal saam as *gemeente (plaaslike kerk)* aanbid en na die Woord van God uit die Bybel luister.

Die gemeenteleiers staan bekend as *ouderlinge*. Dit is manne wat op 'n spesiale vergadering tot sulke dienswerk verkies word. Hulle tree op as die regeerders van ons gemeente wat onder meer besluit oor wie tot die gemeente toegelaat mag word en wie nagmaal mag gebruik. Saam met die ouderlinge is daar 'n tweede groep manne wat leiding neem. Hulle word ook verkies en staan bekend as *diakens*. Hierdie manne se dienswerk is daarop gerig om die onderlinge liefde en versorging van mekaar te stimuleer en te koördineer. Op hulle beurt skakel die diakens baie nou saam met die susters in ons gemeente, veral wanneer dit by praktiese sake kom. Die gemeenteleiers onderneem om lidmate gereeld aan huis te besoek. Ouderlinge en diakens vergader afsonderlik van mekaar om oor hulle spesifieke dienswerk te besluit, maar vergader gereeld ook saam as kerkraad om oor algemene sake te besluit, soos die finansies en administrasie.

As gemeente wil ons graag uitstaan vir ons klem en fokus op gesinne wat in wyksverband mekaar bystaan, met dienswerk soos sending (werk onder nie-Christene), evangelisasie (werk onder kerkvervreemdes), jeug, barmhartigheid en Christelike etiek ('n lewenswandel in verhouding tot Christus).

Jy sal agterkom dat ons vanweë bepaalde redes die 1953-uitgawe van die Afrikaanse vertaling van die Bybel gebruik, asook die psalmberyming van Totius uit 1936 en goed-gekeurde liederes wat spesiaal vir ons aanbidding saam in die erediens en by die huis in 'n sangbundel, PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK gebind is.

Aktiwiteite soos Bybelstudies, jeugaksies, koorsang, gemeentedaes en fondsinsamelingsgeleenthede (basaar), kampe en nog meer vind van gemeente tot gemeente plaas soos wat dit plaaslik ooreengekom word.

2. Oor gemeentegrense heen

Tot dusver het ons vertel van jou eie omgewing.

Nou praat ons oor 'n netwerk baie groter as net ons plaaslike kerk. Die AP Kerk is kortweg die naam vir 'n aantal plaaslike kerke in kerkverband. Dit is nou regoor die nasionale gebied van Suid-Afrika en selfs in die buiteland.

Regoor Suid-Afrika en in die buiteland leef kerke met mekaar saam. Elke kerk is selfstandig. Maar elkeen van hierdie kerke het vrywillig met mekaar in 'n aktiewe, meelewende en ondersteunende verhouding getree en groei op 'n ordelike wyse voortdurend tot gemeenskaplike maniere van doen en dink. Daarom praat ons van kerkverband.

Die bedoeling is dat wanneer jy van een plek na 'n ander plek gaan, jy tot 'n groot mate tuis kan voel. Om dit reg te kry, word daar saam studeer, saam gepraat en bindende besluite geneem wat almal raak. Suid-Afrika is in streke verdeel. 'n Aantal plaaslike kerke in 'n spesifieke streek staan bekend as 'n *ring*. Omdat dit te duur is dat al die kerke elke paar maande vergader, is besluit om deurlopend in *ringe* met mekaar saam te leef en elke derde jaar *sinode* te hou. By die *sinode* is alle plaaslike kerke verteenwoordig.

Wanneer afgevaardigdes van plaaslike kerke vergader, vorm so 'n vergadering nie 'n hoër regeerliggaam nie. Die plaaslike kerk bly voluit selfstandig en besluit op 'n ordelike manier

volgens 'n ooreengekome kerkorde oor gemeenskaplike sake wat in die plaaslike kerk gebeur of nie.

3. In verhouding tot ander kerkverbande en individuele kerke

Die AP Kerk wil wettig kerk wees en nie sektaries nie. Eie-willigheid het ons nie 'n ander koers laat vaar nie, maar stryd om Skrifgebondenheid. Dit is betreurenswaardig dat daar onmin onder kinders van die Here bestaan. Daarom soek ons steeds kontak met kinders van die Here wat as kerke en kerkverbande saamleef. Ons voer gesprek oor dit wat ons van mekaar vervreem, om sodoende konfederatief (dit wil sê – in vrywillige, maar selfstandige verbondenheid) 'n weg te baan na die toekoms. Ons werk graag saam met ander kerke wat aan God se Woord getrou wil bly.

4. In verhouding tot die owerheid

Ons gehoorsaam die leierskap van owerhede graag in alles wat nie in stryd is met God se Woord nie. Om gereeld vir die owerhede te bid, is deel van ons Bybelse opdrag. Ons onderneem ook om profeties die wil van God aan die owerhede te verkondig.

Ons owerheidsopvatting onderskei tussen nasionale owerhede en volksowerhede. Nasionale owerhede word beslis deur magsbedinging. Volksowerhede groei uit volksbestaan. Lidmate word toegerus om die roeping tot 'n vrye volkseie owerheid te verstaan en uit te leef.

5. In verhouding tot die samelewing

God verklaar sy koningskap op elke gebied van die lewe. Alles en almal behoort dus onder die koningskap van God te staan. God is die oplossing vir konflikte, probleme en uitdagings. Lidmate word toegerus om God se koninkryk in die werkplek en samelewing te bevorder. Hierdie koninkryk-visie behels 'n manier van lewe wat vier sake spesifiek in ag neem, t.w.

- Skepping:
God het alles en almal gemaak en leef in verhouding tot sy skepping.
- Sonde:
Vanweë die mens se eiewilligheid bestaan die hele skepping as gebroke werklikheid.
- Verlossing:
Jesus Christus versoen God en skepping deur verlossing van sonde te sken.
- Dankbare heiliging:
Die Heilige Gees werk in gelowiges 'n dankbare heiliging hulle hele lewe lank.

6. In verhouding tot die teologieskiedenis

Die AP Kerk wil histories-gereformeerd dink en doen.

Ons beskou die *Statebybel met Verklarende Aantekeninge* (1637) as ons koersgewende Studiebybel. Daarin vind ons die raamwerk van Skrifgebondenheid en gereformeerde Skrif-uitleg om na te streef en verder uit te bou in verhouding tot die vrae van ons eie tyd. Net so beskou ons die *Dordtse Kerkorde* van 1618/19 as die peiler van ons kerkregtelike besinning en kerklike regsbeoefening.

Verder assosieer ons graag met die Gereformeerde Algemene (Katolieke) Kerk. Ons leer graag by Christene soos Louis Berkhof, Klaas Schilder, Herman Bavinck, Abraham Kuyper, Groen van Prinsterer, Alexander Comrie, Wilhelmus á Brakel, Gijsbert Voetius, Franciscus Gomarus, Heinrich Bullinger, Johannes Calvyn en Aurelius Augustinus.

Jy kan ook nalees in die werke van Francis Schaeffer, HG Stoker, Cornelius van Til, JD du Toit (Totius), Geerhardus Vos, Benjamin Warfield, Charles Hodges, Jonathan Edwards,

Fr. Turretinus. Daar is ook nog Martyn Loyd Jones, John Owen, Thomas Boston, George Gillespie en Samuel Rutherford.

Niemand is volmaak nie, ook nie hierdie manne uit verskillende tydperke en lande nie. Hulle het egter die soort resultate gelewer by wie Gereformeerdes ontsaglik baie leer. Hulle denksresultate staan oor die eeue uit soos bergpieke in 'n asemrowende landskap van Skrifgebondenheid.

Manne soos Berkouwer, Barth, Schleiermacher, Arminius en Pelagius vorm egter nie deel hiervan nie, a.g.v. baie ernstige afwykinge van alle Skriftuurlike leer.

7. Wat glo die AP Kerk?

Saam met alle kerke oor die wêreld wat Christelik wil wees, verbind elke belydende lidmaat en elke plaaslike kerk en al die kerke in kerkverband hulle aan die Geloofsbelofte van Athanasius, die Geloofsbelofte van Nicêa en die Apostoliese Geloofsbelofte ofwel die Twaalf Artikels. Soos hierdie belangrike Christelike dokumente leer, glo ons:

- God is een, enkelvoudige Wese.
- God bestaan in drie Goddelike Persone, as Vader, Seun en Heilige Gees.
- Jesus Christus is God wat mens geword het.
- Jesus Christus is een Goddelike Persoon met twee nature.
- Die Heilige Gees gaan van die Vader én die Seun uit.

Saam met alle kerke oor die wêreld wat gereformeerd wil wees, verbind elke belydende lidmaat en elke plaaslike kerk en al die kerke in kerkverband hulle aan die Nederlandse Geloofsbelofte, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Soos hierdie belangrike gereformeerde dokumente leer, glo ons:

- God het alles gemaak om Hom alleen te eer en te verheerlik.
- Elke mens is reeds by geboorte totaal verdorwe en moet weergebore word om uit geloof te kan lewe.
- God is soewerein en red mense van die dood volgens sy besluit van ewige uitverkiezing.
- 'n Mens word gered uit loutere genade sonder enige verdienste.
- Jesus Christus alleen verlos jou van sonde.
- God vergader sy kerk van die begin van die wêreld af uit die ganse menslike geslag (uit elke taal, stam, volk en nasie).
- God sluit sy verbond waarvan die doop 'n teken en seël is, met gesinne van geslag tot geslag.
- die Bybel het ontstaan deur die werk van die Heilige Gees en het alleen gesag vir ons leer en lewe.
- Totdat Jesus Christus weer kom, volhard gelowiges in 'n lewe van dankbaarheid en lewenslange heiligmaking.

Lidmate onderskryf die belydenisskrifte *omdat* dit ooreenstem met die Bybel en nie *in soverre as wat* dit met die Bybel ooreenstem nie.

8. Hoekom het die AP Kerk dan ontstaan?

Die mees akkurate antwoord hoekom die AP Kerk dan ontstaan het, kan beskrywe word met die volgende gedagte: **om vry te kom van liberalisme (met sy teologiese en kulturele gevolge).**

Vryheid is lofwaardig, maar nie 'n misbruik daarvan nie. Christene — in die besonder gereformeerde Christene — verbind vryheid aan Skrifgebondenheid. Ons wil dus vry wees om volgens die Skrif te kan leef. Immers, die Heilige Gees gee leiding deur die Bybel.

Jy sal vind dat die AP Kerk se geskiedenis verband hou met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in Suid-

Afrika. Ds. Adam Boshoff (sr.) het dit in 1987 goed beskryf: *Ons het nie 'n nuwe kerk gestig nie; ons het nou weer ons kerk terug wat ons vadere aan ons oorgelewer het, met net 'n paar skewe groeisel minder!*

Liberalisme maak die individuele mens sy eie lotsbeskikker en lotsbepaler. Teenoor so 'n soort lewenshantering in Suid-Afrika, streef die AP Kerk bewustelik na konfessionele gereformeerdeheid. 'n Idee van die verskille kan 'n mens soos volg probeer aandui:

LIBERALISME	KONFESSIONEEL-GEREFORMEERD
Mensgesentreerd	Godgesentreerd
Skrikritiek	Skrikgebonde
Genade maak eiewillig	Genade maak heilig
Skriflose welsprekendheid	Prediking = Skrifverklaring
Vrye seks/homoseks	Huwelik
Alternatiewe saamwoon	Gesin
Individualistiese groep-verbintenisse	Familie
Nasionale burgerskap	Volk
Nagmaalviering oorgelaat aan die individuele gewete, ingesluit kinders	Nagmaalviering ná belydenis van geloof Onder opsig en tug
Feminisme	Vroulikheid
Politieke bevrydings-ideologie	Konfederatiewe politieke selfstandigheid

8.1 Is die AP Kerk nie maar bloot eendragtig verkrampt — ekstreem teologiese en kulturele konserwatisme?

Ons reken nie so nie. Ons vra ook vir 'n eietydse Bybelvertaling, maar dan 'n betroubare vertaling vir kerkgebruik. Ons soek ook na 'n sinvolle musiekstyl vir die huidige tyd, maar dan moet God se nabyheid kombineer met sy majesteit. Dus voer ons nie blindelings popmusiek in die erediens in nie. Ons sing ook graag eietydse liederes, maar nie bloot omdat dit "lekker" sing nie, maar omdat dit voldoen aan die eise wat Skrifgebondenheid stel. Manlikheid is vir ons wel kosbaar, maar seksisme/chauvinisme wys ons af. Rassisme is volgens ons ook sonde. Sowel die "Wit Teologie" as die "Swart Teologie" wys ons af.

8.2 Hoekom leef die AP Kerk so etnies eksklusief?

In die AP Kerk leef ons nie soseer etnies **eksklusief** nie, maar wel etnies **bewus**. Ons bely die koninkryk van God as 'n werklikheid in die geskiedenis. Daarom leef ons volksverbonde. Ons is Christen-Afrikaners. Die Afrikanervolk het onder God se bestiering en voorsienigheid aan die suidpunt van die Afrika-vasteland ontstaan van 1652-1795. 'n Mens praat van afstammelinge uit Nederland, Frankryk en Duitsland wat gegroei het tot 'n selfstandige volk, met 'n eie taal, kultuur, geskiedenis en politieke wil. Die Groot Trek van 1836 in protes teen Britse tirannie, het hierdie gegroeide volkswerklikheid onweerlegbaar duidelik gemaak. Hoewel Afrikaners vandag deur volksvreemdes geregeer word, beteken dit vir ons nie dat die Afrikanervolk ophou bestaan het nie.

Die woord *eksklusief* kommunikeer sterk teen die agtergrond van ons tyd. Die huidige tyd leef in terme van inklusiewe wêreldburgerskap. Etniese verskeidenheid word beskou as 'n toevallige — sondige — historiese verskynsel wat negatief werk en 'n struikelblok vorm vir vredevolle naasbestaan.

Daarteenoor word gestrewe na vryheid sonder grense in die een geheel van die mensheid. Ons meen Génesis 11 waarsku gelowiges daarteen. Kerkwees, so verstaan ons, vind egter plaas te midde van 'n Godgewilde volkere-verseidenheid, met die oog op God se soewereine koningskap. Ongeag strominge en tendense glo ons op grond van die Bybel dat die volkereverseidenheid sal voortduur. Volkere word dus in hulle gelowiges gered.

Die Heilige Gees respekteer taalverseidenheid as uitdrukking van volksverseidenheid (Hand. 2:4-11). Die verlore menigte, volgens die Openbaring aan Johannes, vertoon merkwaardig genoeg, juis God se gewilde volkere-verseidenheid (Openb. 7:7-10 en 21:24-26). Konfederatiewe uitgangspunte (dit wil sê – vrywillige, maar selfstandige verbondenheid) bepaal ons denke en nie eendersdwingende intergrasiedenke nie.

Daarom streef ons daarna om kerk van Jesus Christus te wees onder 'n spesifieke Godgegewe volksverband, te wete die Afrikanervolk. Iemand wat nie weet wie die *Afrikaner* is nie, het vervreemd geraak van sy voorgesagte, sy ouers, voorouers en sy familie in hulle geslagte. So iemand het ook losgeraak van sy biologiese broers en susters. Mt. 28:19 leer nie dat jy bv. van Afrikanerskap tot Christenskap bekeer nie. Afrikanerskap en Christenskap is prinsipiële nie in stryd met mekaar nie. Afrikaners behoort wel in hulle Afrikanerskap Christene te wees. Christene wat Afrikaners is, word geroep om in hulle Afrikanerskap God te eer en te verheerlik. Die prinsipiële stryd bestaan tussen Afrikanerheidendom/afvalligheid en Afrikaner Christenskap.

Ons is dus nie 'n *volkskerk* nie. *Volkskerk* beteken jy is lid van die kerk uit hoofde van jou volkskap, ongeag lewende geloof in Jesus Christus. Kerk en volk val op so 'n standpunt presies saam. Daarteenoor sê ons jy is lid van die kerk slegs uit hoofde van 'n lewende geloof in Jesus Christus, kragtens die genadeverbond.

Ons is *kerk in volksverband*. Dit beteken dat nie almal van 'n bepaalde volk tot die kerk behoort nie. Kerk en volk val dus nie presies saam nie. Daarom dat die Christelike tug behoort te funksioneer. Nie eers die biologiese afstammelinge van Abraham kon daarop roem dat hulle – sonder geloofsgehoorsaamheid aan Christus nie – deel vorm van die kerk (vgl. Rom. 9).

Kerkwees op hierdie manier hou rekening met lewende geloof én die Godgewilde volkereverseidenheid. Huwelik, gesin, familie en volk is immers Godgegewe boustene vir vredevolle naasbestaan. Elkeen van hierdie boustene het, Skriftuurlik gesien, die opdrag om uit die geloof in Jesus Christus te lewe.

8.3. Is andersvolkiges (waaronder anderskleuriges) welkom in die eredienste (en by die nagmaal) van die AP Kerk?

Ja, natuurlik! Kinders van die Here is uit beginsel welkom by kinders van die Here. So was dit volgens die Skrif vanaf die vroegste tye (vgl. Num. 15:14-16, 1 Kon. 8:41-43, Hand. 10 en Gal. 2:1-14). Gasvryheid is vir ons 'n Christelike plig (Rom. 12:13 en Hebr. 13:2) ongeag ras, kleur of volk. Net soos wat die AP Kerk "nee" sê vir gedwonge *integrasië*, sê ons "nee" vir gedwonge *segregasie*.

Wanneer iemand opreg met Christus gemeenskap wil hou, is so iemand welkom om by ons te kuier. Sulke geloofsgenote hanteer ons eweneens in liefde. Hulle kom nie kuier om ons taal, karakter en identiteit te verander nie. Hulle respekteer die Skriftuurlike uitgangspunt van *kerkwees in volksverband*.

Waar dit dus nodig is om gemeente te vorm, wil ons graag liefdevol daarvoor ondersteuning gee, sodat die volkseie karakter van sulke Christene in hulle kerkwees uitgeleef en

beleef kan word. Meer nog, elke lidmaat en plaaslike kerk aanvaar die roeping tot sendingwerk (om die evangelie te verkondig aan nie-Christene) ongeag ras, geslag, volk of kleur.

9. Die tyd toe skeefgroei reggetrek moes word

Die Algemene Sinode 1986 van die NG Kerk was die breekpunt. Onder groot internasionale (liberale) magsdruk het die Sinode 'n dokument aanvaar met die naam KERK EN SAMELEWING. Die NG Kerk het die standpunt *kerk in volksverband* daarin prysgegee. Dit was soos 'n damwal wat gebreek het. Die NG Kerk het geswig onder die magsuitoefening van die liberalisme.

Die kerklike leierskap wou op daardie stadium nie van haltroep of omkeer weet nie. Om beswaar te maak, was soos om te swem teen 'n magtige stroom. Gesprekke, vergaderings en selfs gepubliseerde dokumente het op niks uitgeloop nie. Dus het daar slegs een moontlikheid oorgebly: kom uit die magstroom van die liberalisme weg.

Protes deur beswaardes word deur die kerkleierskap in die NG Kerk verwerp. Ná maande van spanning het 27 Junie 1987 volle duidelikheid gegee Regoor Suid-Afrika het beswaardes tot gemeentestigting oorgegaan. Vanaf 2-6 November 1987 het die eerste eie Sinode plaasgevind. Sedertdien is ons steeds reformerend besig. En ja, ons is nie volmaak nie, maar vol gebreke. Ons treur oor die vernietigende effek wat die liberalisme onder ons volksgenote het. Verwydering vind plaas oor Skrifbeskouing, geslagsrolle, geslagtelikheid, geloofsbelewing, en verskeie etiese kwessies. Dit is werklik jammer! So word ons bestaan en roeping egter onderstreep.

10. Predikante

Reg uit die staanspoor is die belangrikheid van prediking erken. Dit moet op 'n Skrifgetroue en verantwoorde manier plaasvind. Daarom erken die AP Kerk ook die amp van predikant (lerende ouderling). Manne kan hulle vir opleiding daarvoor by die Afrikaanse Protestantse Akademie in Pretoria aanmeld. 'n Sesjarige teologiese opleiding word hier aangebied.

Die Raad vir Hoër Onderwys (CHE) in Suid-Afrika erken dat hierdie kursus voldoen aan die vereiste akademiese universiteitstandaard. Die dosente en studente staan onder opsig en tug van hulle plaaslike ouderlengerade asook die Kuratorium (benoemde predikante wat toesig moet hou).

11. Christelike opvoeding en onderwys

Opvoeding en onderwys lê ons na aan die hart. Opvoeding en onderwys vind nie neutraal plaas nie. Die AP Kerk bevorder graag volkseie Christelike onderwys. Daarom lei die Afrikaanse Protestantse Akademie nie net predikante op nie, maar ook onderwysers. Ouers word verantwoordelik gehou om sorg te dra dat verbondskinders opgevoed en onderrig word in ooreenstemming met die leer van die kerk.

Op Sondae bied ons – afgesien van die eredienste – 'n aktiwiteit aan wat bekend staan as verbondsonderrig. Alle kinders word by hierdie gemeente-aktiwiteit deur voorgangers in die verbond van die Here onderrig. Die voorganger onderrig kinders nie in die plek van die ouers of namens die ouers nie. Die voorganger bevestig slegs wat in hoofsaak by die huis en die skool behoort te gebeur. Daarvoor word 'n kerkverbandelike kurrikulum wat spesiaal vir dié doel opgestel is, gebruik.

VERSLAG: BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA VIR VOORLEGGING AAN DIE 2010-SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Eerwaarde Voorsitter

1. INLEIDING

Dit is vir my 'n groot voorreg om as skakel tussen die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) en die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk) te mag dien en vir die verslagtydperk 1 Januarie 2007 tot 31 Desember 2009 kortliks verslag te doen oor die werksaamhede van die BSA en die AP Kerk se betrokkenheid daarby.

Groot dank word hiermee uitgespreek teenoor die medewerkers vanuit die AP Kerk wat die BSA ondersteun het in sy taak om bekostigbare Bybels in bruikbare formate aan mense in hulle eie taal beskikbaar te stel. Die volgende verdien vermelding: verteenwoordigers in komitees van die BSA, Bybelvertalers, gemeentes, kerklike instansies, individue en besighede.

Opregte dank word ook betuig teenoor die vergaderings en gemeentes wat verteenwoordigers van die BSA ontvang het en toegelaat het om namens die BSA op te tree. Vir die hartlikheid en welwillendheid wat daarmee gepaard gegaan het, is daar groot waardering.

2. WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP

2.1 Terugblik

Die jare 2007 tot 2009 was vir die BSA uiters geseënde jare: die *Geloof kom deur Gehoor*-program is amptelik geloods; daar is feesgevier om die 150ste bestaansjaar van die Bybel in Tswana (2007), die 75ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans (2008) en die 150ste bestaansjaar van die Bybel in Xhosa (2009) te herdenk; die BSA se oorgang van 'n statuêre organisasie na 'n Artikel 21-maatskappy het glad verloop; verskeie vertalingsprojekte het goeie vordering getoon; talle nuwe produkte het verskyn; miljoene Bybels is versprei en die inkomste van die BSA het bestendige groei getoon. God was inderdaad goed vir die BSA!

2.2 Vertaling

Die BSA is verantwoordelik vir die voorsiening van die Bybel in al die tale van ons land. Vir hierdie doel moet die Bybel gesaghebbend vertaal word uit die grondtale, uitgegee word in bruikbare formate en beskikbaar gestel word teen 'n bekostigbare prys.

Die volgende vertalingsprojekte het onder andere gedurende die verslagtydperk aandag geniet:

2.2.1 Afrikaanse Bybelvertalingsprojek

Hierdie projek, waaraan die AP Kerk ook deelneem, is steeds goed aan die gang. Die Proefvertaling wat in Augustus 2008 verskyn het, is goed ontvang en 'n webblad is vir die projek bekendgestel. Dit kan besigtig word by www.bybel.co.za en dan die skakel te volg na *Die Bybel in Afrikaans: 'n Direkte vertaling*.

2.2.2 Afrikaans: Bybel vir Dowes

Hierdie Bybel is gedurende Februarie 2008 bekendgestel. Nieteenstaande die groot koste van die projek, word die Bybel teen dieselfde prys as die Standaardbybel verkoop.

2.2.3 Afrikaans: Bybel vir Almal

Die *Bybel vir Dowes* is so goed ontvang dat dit vervolgens uitgegee is as *Die Bybel vir Almal*. Dit word veral as Kinderbybel gebruik.

2.2.4 Suid-Ndebele: Ou Testament

Hierdie vertaling gaan steeds voort en na verwagting behoort dit binnekort voltooi te wees. Die vertaalspan beoog om die hersiening van die Nuwe Testament (wat in 1986 verskyn het) teen die einde van 2010 af te handel.

2.2.5 Tsonga: Bybel

Daar is op 4 November 2008 besluit om voort te gaan om die *Ou 1929-vertaling* van die Tsonga Bybel in 'n nuwe ortografie voor te berei. Die twee proeflesers het reeds onafhanklik van mekaar die proefleeswerk voltooi. Verskeie word tans deur die Hersieningskomitee hanteer.

2.2.6 Zulu: Ou Testament

Die nuwe Zulu vertaling van die Nuwe Testament en Psalms (en bepaalde seleksies van die Ou Testament) is reeds in 1986 voltooi, maar die projek is daarna "voorlopig" gestaak. Prof. Koos van Rooy het in Januarie 2009 diens aanvaar as Projekleier en Eksegeet vir die voltooiing van hierdie vertaling en hy en sy span het op 3 Augustus 2009 met hulle werk begin. Sedertdien is die boeke *Génesis*, *Spreuke* en *Job* vertaal.

2.2.7 !Xuhn: Nuweleser Gedeeltes

Die bekendstelling op 8 Oktober 2009 te Platfontein naby Kimberley van die Nuweleser Gedeeltes *Jesus en sy wonders* en *Kom ons lees van Jesus* in !Xuhn was 'n besondere hoogtepunt vir die BSA sowel as vir die !Xuhn-sprekende Sangemeenskap. Dit is die eerste keer dat Bybelgedeeltes (of enige teks hoegenaamd) in hierdie taal gepubliseer is.

2.3 PRODUKONTWIKKELING EN NUWE PUBLIKASIES

Die digitalisering van Bybeltekste vorder goed en daar het gedurende die verslagtydperk 111 nuwe produkte verskyn, onder meer die volgende:

- Semi-luukse Bybels en Sakbybels.
- Bybels met ritssluiters in inheemse tale.
- Bybels met moderne omslae met 'n denim- en kurkvoorkoms.
- Die Afrikaanse 1933/53 en 1983 Nuwe Testament, Psalms en Spreuke op CD en in MP3 formaat.
- Verdere formate van die *Selfoonbybel* (aanvanklik verkoop by wyse van krapkaarte maar later gratis beskikbaar gestel).
- Die Afrikaanse 1933/53- en 1983-vertalings is as 'n *Deurskote Bybel* as deel van die 75-jarige viering van die Bybel in Afrikaans uitgegee.
- 'n Algehele nuwe uitleg van die Afrikaanse 1933/1953-vertaling is gedoen, insluitend die kruisverwysings wat nou onder aan die bladsye verskyn. 'n Spesiale historiese vertalingsoorsig is ook ingevoeg met die oog op die 75-jarige viering van die Bybel in Afrikaans.
- Die publikasie van die *First Read & Learn Bible* in Afrikaans, Engels, Zulu en Xhosa in Maart 2008 het 'n nuwe

hoofstuk in die geskiedenis van die Bybelgenootskap ingelei aangesien dit die eerste keer was dat "Kinderbybels" deur die BSA gepubliseer is.

- Die opvolg hiervan, die meer gevorderde *Read & Learn Bible* het daarna in Afrikaans, Engels en 'n aantal inheemse tale verskyn.
- Good News Bibles (GNB) met 'n kamoeffleeromslag is aan die SANW se Kapelaansdiens voorsien. Dié Bybels is deel van die Kapelaansdiens se "Goodwill Parcel Project" en is aan weermagde wat buite die landsgrense ontplooi is, voorsien.
- 'n Nuwe uitleg van die Grootdrukbybel in Xhosa (1975-weergawe) is gedoen. Ekstra materiaal ter viering van die 150ste bestaansjaar van die Xhosa Bybel is hierby ingebind.
- Die eerste in 'n nuwe reeks Uitreikbybels, naamlik 'n Xhosa Bybel wat teen R20 per eksemplaar verkoop, is bekendgestel. Dit is die vervulling van 'n lang gekoesterde ideaal om uiters bekostigbare Bybels beskikbaar te stel vir kerke om veral tydens uitreike te gebruik, asook vir mense wat nie die gewone Standaardbybel kan bekostig nie.
- Die Afrikaanse 1933/53-vertaling Grootdrukbybel, met kruisverwysings onder aan die bladsye, is nuut uitgelê en in Desember 2009 bekendgestel.
- Die *Geloof kom deur Gehoor*-program, waarmee die teks van die Nuwe Testament in 'n gedramatiseerde oudio-formaat op 'n spesiale elektroniese apparaat beskikbaar gestel word aan ongeletterdes wat in luistergroepe saamkom, is op 1 Maart 2007 amptelik in Suid-Afrika bekendgestel. Suid-Ndebele is die enigste amptelike Suid-Afrikaanse taal waarin dit nog nie beskikbaar is nie, maar dit sal gebeur sodra die vertaling van die Bybel in hierdie taal afgehandel is.

2.4 VERSPREIDING

2.4.1 Bybels, Testamente, Bybelgedeeltes en seleksies

Die volgende hoeveelheid Bybels en Bybelgedeeltes is jaarliks in tot soveel as 131 tale en 160 vertalings versprei:

	2007	2008	2009
Bybels	774 932	1 018 283	846 299
Testamente	59 042	72 851	175 811
Bybelgedeeltes	84 664	196 061	327 461
Nuwelesergedeeltes	30 223	51 972	—
Nuweleserseleksies	80 980	87 780	80
Totaal	1 029 841	1 426 947	1 349 651

Tussen 73% en 83% van die volledige Bybels wat jaarliks versprei is, was Standaardbybels.

Die hoogste verspreiding van volledige Bybels was gedurende die drie jaar van verslagtydperk soos volg:

Engels (725 081)

Afrikaans (510 304) en

Zoeloe (447 284).

2.4.2 Die Bybel in Afrikaans

Sedert die verskyning van die volledige Bybel in Afrikaans in 1933, het die BSA reeds 10 679 508 eksemplare van die twee vertalings versprei. Die 1933/53-vertaling bly steeds 'n standaard produksie-item. Gedurende die verslagtydperk is daar 219 468 eksemplare versprei en sedert 1933 tot 31 Oktober 2009, 7 233 925 eksemplare.

2.4.3 Bestemmings buite Suid-Afrika

Daar is gedurende die verslagtydperk 173 485 Bybels en Bybelgedeeltes aan ander Bybelgenootskappe in Afrika gelewer.

2.5 FINANSIES (Syfers word in randwaarde gegee)

2.5.1 Inkomste

Die BSA het vanuit verskeie oorde donasies ontvang. Dit lyk soos volg:

	2007	2008	2009
Individue	15 243 454	16 527 875	16 325 497
Kerke	13 097 192	14 008 608	14 866 506
Kerklike Organisasies	239 400	332 120	312 218
Kategese/Verbondsonderrig	73 993	67 013	88 632
Kerkjeug	20 708	29 277	27 174
Opvoedkundige Instellings	131 491	109 247	113 636
Sake-ondernemings	902 024	833 139	765 134
Allerlei	222 533	400 691	290 261
Boedels	8 373 121	13 674 809	8 778 314
Totaal	38 303 916	45 982 779	41 567 372

2.5.2 Uitgawes

Die koste van die verspreidingsprogramme was R147,5 miljoen gedurende die verslagtydperk en is soos volg aangewend:

	2007	2008	2009
Bybelproduksie	35,5 miljoen	45,8 miljoen	48,0 miljoen
Bybelvertalingsprojekte	2,8 miljoen	1,7 miljoen	2,8 miljoen
Gratis verspreiding	0,4 miljoen	1,0 miljoen	2,9 miljoen
Bydraes tot wêreldwye werk	0,7 miljoen	2,9 miljoen	0,9 miljoen
Geloof kom deur Gehoor	--	0,8 miljoen	1,3 miljoen
Ander uitgawes was die volgende:			
Administrasie en Personeel	36,0 miljoen	35,1 miljoen	37,8 miljoen
Donateursprogramme	2,1 miljoen	2,4 miljoen	3,0 miljoen

2.5.3 Verslae

'n Verkorte jaarverslag van die BSA se werksaamhede is gereeld elke jaar aan alle donateurs gestuur.

Geouditeerde finansiële state was telkens by die onderskeie Streekkantore van die BSA vir bona fide donateurs ter insae beskikbaar.

3. BETROKKENHEID VAN DIE AP KERK

3.1 VERTEENWOORDIGING

3.1.1 Streekkomitees

Verteenwoordigers van die Afrikaanse Protestantse Kerk het gedurende die verslagtydperk in nege van die huidige elf streek-rade gedien.

3.1.2 Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (KABA)

Die Afrikaanse Protestantse Kerk was in die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans goed verteenwoordig, en 'n aantal vertalers vanuit die AP Kerk werk saam aan die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek.

3.2 BYDRAES VANUIT DIE AP KERK

Bydraes gedurende die verslagtydperk lyk soos volg:

	2007	2008	2009
Individue	95 726.20	91 471.45	83 434.30
Bybel 'n Maand individue	5 493.34	5 072.00	5 423.00
Kerkrade	443 241.66	540 778.34	538 887.95
Vrouediens	4 964.00	4 401.62	2 344.40
Verbondsonderrig en Jeug	980.13	1 876.61	121.15
Sake-ondernemings	12 000.00	12 000.00	12 000.00
Ongespesifiseerd	186.90	0.00	0.00
Totaal	562 592.23	655 600.02	642 210.80

Wat die bereiking van die mikpunt van R22.00 per lidmaat betref (dit is die bedrag wat die BSA benodig om een Bybel teen 'n bekostigbare prys beskikbaar te stel) was die gemiddelde bydrae van die kerk (per lidmaat)

in 2007 R16.16
in 2008 R18.91 en
in 2009 R19.10.

Die Transvaalstreek het in 2009 die mikpunt gehaal met 'n bydrae van R22.15 per lidmaat. Die BSA is dankbaar vir die pragtige groei in bydraes oor die verslagtydperk.

4. SLOT

Die BSA wil die Bybel as Boek van die kerk in diens van die kerk versorg en teen 'n bekostigbare prys en in bruikbare formate in die verskillende tale van ons land beskikbaar maak.

God het uit genade aan ons voorsien wat ons nodig gehad het om ons taak uit te voer. Hierin was die AP Kerk en ons ander donateurs instrumente in sy hand. Daarvoor sê ons dankie en bring ons aan Hom die eer!

Die BSA wil ook, wat die toekoms betref, in die behoeftes van die AP Kerk voorsien, en vertrou dat die kerk die Genootskap in sy gebede sal dra en finansieel sal ondersteun.



Ds. Kálmán D Papp
Organiserende Sekretaris
Tel : 011 970 4010 (w) en 083 703 3773
E-pos: papp@biblesociety.co.za

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)

Vir die tydperk 6 September 2007 tot 27 April 2010

1. PERSONEEL

Primarii: Di. WJA van Schalkwyk (voorsitter), PS Krige (skriba),
HSW Strauss, prof. dr. R. Marè.

Sekundi: Dr. JJ de Bruyn, di. MJL Jordaan, LA Wiid.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het op 6 September 2007 gekonstitueer. As voorsitter is verkies ds. WJA van Schalkwyk en as skriba ds. PS Krige. Die Kommissie het telefonies en elektronies met mekaar gekorrespondeer. Die Kommissie het op die 27 April 2010 vergader.

3. SAKE DEUR VORIGE SINODE OPGEDRA

KKCE het geen opdragte van vorige Sinode ontvang nie.

4. NUWE SAKE: BESKRYWINGSPUNTE

4.1. Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Bybelvertaling

Die Sinode besluit

- dat die Messiaanse profesieë wat die 1933/1953-Afrikaanse Bybelvertaling met die gebruik van hoofletters aandui word, wel op Christus betrekking het;
- om die modernistiese benadering wat beweer dat die profete self, sowel as die eerste lesers, dit nie as Messiaanse profesieë beskou het nie, af te wys;
- om die AP Kerk-afvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek te versoek om daarop aan te dring dat die AP Kerk-beskouing oor hierdie saak by die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling in Afrikaans gehandhaaf word; en
- dat indien bogenoemde Advieskomitee nie bereid is om die standpunt in punt (iii) hierbo te aanvaar nie, die AP Kerk-afvaardiging deur die Sinode versoek sal word om uit die projek te onttrek.

Motivering

Die AP Kerk Bloemfontein het (by monde van prof. R. Marè) met dankbaarheid kennis geneem van die AP Kerk-afvaardiging se standpunt by die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling in Afrikaans, dat ons nie beter moet probeer weet as Christus self nie, waar Hy sê daar van Hom gepraat word in die Ou Testament.

Daar bestaan egter 'n wydverspreide modernistiese neiging by baie teoloë om die Messiaanse profesieë in die Ou Testament, wat in die 1933/53-Afrikaanse vertaling aangedui word, te beskou asof dit nie in die eerste plek op Christus betrekking het nie. Hulle argument is dat baie profete self, sowel as die eerste lesers van die profesieë, dit nie verstaan het as sou dit op Christus betrekking het nie.

Die getuienis van die Bybel self is egter oorweldigend teen hierdie modernistiese beskouing. Trouens, die Here Jesus self lewer genoegsame getuienis dat die profete van Hom gepraat het. Mattheüs 22:41-46 is seker die bekendste voorbeeld waar Hy uitdruklik verduidelik dat Dawid in Psalm 110 geweet het dat hy van Hom gepraat het. Vele ander voorbeelde kan genoem word (Johannes 15:25, Psalm 35:19 en Psalm 69:5, Mattheüs 11:2-14, Maleági 3:1 en 4, ensovoorts). Dit is ook baie duidelik dat daar 'n Messiaanse verwagting by die Jode, sowel as by die Samaritane was.

- Hiervan is die treffendste voorbeeld Mattheüs 2:5-6, waar ons sien dat die skrifgeleerdes geweet het dat die Christus in Betlehem gebore moes word. Die profesie is in Miga 5:1 en 2.
- Verder het Martha op 'n vraag van die Here Jesus geantwoord: *Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom* (Johannes 11:27).
- Ons lees in Mattheüs 11:2 en 3 dat Johannes die Doper twee van sy dissipels na die Here Jesus gestuur het om Hom te vra: *Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?*
- Selfs die Samaritaanse vrou in Johannes 4:29 het geweet dat die Christus sou kom.
- Verder is dit algemeen bekend onder teoloë dat die Selote-beweging teleurgesteld was in die Here Jesus omdat Hy nie 'n aardse koninkryk wou vestig volgens hulle verwagting van die Messias nie.
- Tallose verdere voorbeelde kan genoem word, maar ons aanvaar dat die afgevaardigdes na die Sinode Bybellesers (1933/53-vertaling) wat vertrou is met die voorbeelde, is.

In die lig van bogenoemde voorbeelde is dit verregaande om te beweer dat die eerste lesers van die Messiaanse profesieë in die Ou Testament nie geweet het dat dit inderdaad op die Messias betrekking het nie. Trouens dit is onses insiens 'n doelbewuste poging om 'n wig in te dryf tussen Ou en Nuwe Testament.

AANBEVELING

4.1.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

'n Beswaarskrif moes teen onderstaande besluit ingedien gewees het. HANDELINGE 2004, bl. 439 pt. 4.4.1

Die Sinode besluit om die gees van die vorige Sinodebesluite te handhaaf en te bevestig ten opsigte van die Messiaanse gedeeltes in die OT en die gebruik van die hoofletters in die OT.

Die Sinode bevestig opnuut weer sy standpunt teen die nuwe stroming in die Gereformeerde wêreld om Christus uit die OT te vertaal deur middel van die gebruik van kleinletters in die teksgedeeltes wat direk na Hom verwys.

Die Sinode behou hom die reg voor om ná die verskyning van die Nuwe Bybelvertaling te oordeel of die wyse waarop die relevante tekste vertaal is, binne ons Skrifbeskouing val.

4.2. Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Skrifgesag

Die Sinode besluit:

- Ons herbevestig dat ons glo die ganse Heilige Skrif is deur God geïnspireer.
- Ons glo Génesis 1-11 is God se heilshistoriese openbaring oor die Skepping en die verdere ontstaansgeskiedenis van die mensdom.
- Ons glo dat Heilige Gees Génesis deur Moses laat opteken het.
- Ons distansieer ons van die beskouing dat Génesis 1-11 slegs verskillende vertellings wat die oorsprong van die mensdom probeer beskryf uit die oogpunt van die godsdienstige oortuigings van die mense van die Bybelse tyd is.

- v. Die Sinode versoek die AP Kerk-afvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek om ons oortuiging aan die Kerklik Advieskomitee vir Bybelvertaling in Afrikaans te stel en daarop aan te dring daarop dat die kommissie die beskouing huldig dat die ganse Heilige Skrif deur God geïnspireer is; en
- vi. ons versoek die AP Kerk-afvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek om, indien die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling in Afrikaans nie bereid is om die standpunt in punt (v) hierbo te aanvaar nie, uit die projek te onttrek.

Motivering

Die AP Kerk Bloemfontein (Moedergemeente) glo Génesis 1-11 God se heilshistoriese openbaring van die skepping en verdere ontstaangeskiedenis van die mensdom is. Ons glo verder dat die Gees dit so deur Moses laat opteken het. Hier sien ons ook hoe die beskikkende hand van ons Vader vir Moses toegerus het vir die skryfwerk deur hom te laat oplei in die paleis van die Farao (Handelinge 7:22).

Prof. dr. AH van Zyl kom ook tot hierdie slotsom: *Daar is ... genoeg agtergrondgetuïenis om te mag aanvaar dat Moses en sy tydgenote wel met ... skryfsisteme bekend was, en dat die Bybelse herinneringe oor Moses as skrywer nie 'n blote fantasievlug van 'n latere skrywer was nie* (Van Zyl AH, DIE OU TESTAMENT: NET EEN BOEK, bl. 76).

God se direkte opdrag aan Moses om voorskrifte en gebeure neer te skryf, sowel as die feit dat dit deur God self geïnspireer is, is ook uit die volgende tekste duidelik: Exodus 17:14, 24:4, 34:27-29, 31:18, 32:15-16, Númeri 17:2-3, Deuteronomium 31:9,19,22 en 26.

Prof. dr. AH van Zyl toon ook oortuigend aan dat die bewerings wat nou deur sommige teoloë gemaak word dat die Pentateug nie deur Moses geskryf is nie, maar wel eers tydens die Babiloniese ballingskap, nie deur die geskiedkundige gegewens ondersteun word nie. Trouens, die geskiedenis toon dat die Samaritane reeds oor dieselfde Pentateug beskik het toe die Jode uit ballingskap teruggekeer het (Van Zyl, bl. 90-97).

Ten slotte verwys die Here Jesus self na die Pentateug as die boeke van Moses (Markus 12:26, Johannes 5:46-47).

Ons glo verder dat die Heilige Skrif deur God geïnspireer is (Handelinge 4:24 en 25; 2 Timótheüs 3:16; 2 Petrus 1:19-21; NGb art. 3, 5 en 7). Alle afgevaardigdes na die Sinode is gebonde aan die belofte dat hulle die Bybelse leer onderskryf, soos opgesom in die Drie Formuliere van Eenheid. In die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 3 bely ons dat *die Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek ... Om hierdie rede noem ons sulke geskifte Heilige en Goddelike geskifte*.

Daarenteen beskou die Proefvertaling van die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek Génesis 1-11 bloot as *verskillende vertellings wat die oorspronge van die mensdom probeer beskryf uit die oogpunt van die godsdienstige oortuigings van die mense van die Bybelse tyd* (kyk Proefvertaling van die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek, bl. 5).

Hierdie beskouing breek die Skrifgesag af en relatiewe ons geloof in die Drie-enige God as die Skepper van hemel en aarde. Dit is volledig in stryd met NGb. Art. 3, 5 en 7.

AANBEVELINGS

- 4.2.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.**

4.2.2 Die Sinode herbevestig die standpunt van die AP Kerk dat die ganse Heilige Skrif deur God geïnspireer is.

4.2.3 Die Sinode bevestig dat Gén. 1-11 beskou word as deel van God se heilshistoriese openbaring oor die skepping en die verdere ontstaangeskiedenis van die mensdom.

4.2.4 Die AP kerkverband aanvaar dat groot dele van die boek Génesis deur Moses opgeteken is. Daar moes byvoorbeeld iemand anders wees wat oor sy dood en begrafnis berig het.

4.2.5 Die Sinode dra dit aan die AP Kerk-afvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek op om die AP kerkverband se oortuiging rakende Skrifgesag aan die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling in Afrikaans (KABA) te stel. Verder besluit die Sinode dat die AP Kerk se vertalers en afvaardiging na KABA konsekwent die standpunt sal handhaaf dat die ganse Heilige Skrif deur God geïnspireer is.

4.2.6 Die Sinode gee opdrag dat die AP Kerk-afvaardiging by die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek nie uit die projek moet onttrek nie, selfs al sou KABA nie bereid wees om die standpunt, soos in punt 4.2.5 hierbo gestel, te aanvaar nie. Sodoende kan ons voortdurend getuïenis lewer rakende die feit dat die ganse Skrif deur God geïnspireer is.

4.2.2 Die eerste sinode ná die publisering van die brontaalgeoriënteerde vertaling sal DV handel oor die aanvaarding daarvan, al dan nie.

4.3 Beswaarskrif vanaf die AP Kerk Bloemfontein: Teen die ondermyning van Skrifgesag

Hiermee maak ons beswaar teen die Sinodebesluit oor Bybelvertaling van 2004 (HANDELINGE 2007, pt. 4.3, bl. 392):

1.2 Die Sinode aanvaar, dat wat die teks van die Nuwe Testament betref, enige vertaling daaraan beoordeel moet word of dit die beste saamgestelde bronteks bevat en of daar op 'n verantwoordelike tekskritiese wyse met die bronteks omgegaan is. Objektief geoordeel, moet die sogenaamde standaardteks, soos gevind in die 3de uitgawe van The Greek New Testament (wat dieselfde as die 26ste uitgawe van die Nestle-Aland is) met sy tekskritiese apparaat, in hierdie stadium as die beste bronteks vir vertalingdoeleindes beskou word.

Bronteks van die Nuwe Testament

1. Inleiding

Ons as leke op die gebied van die geskiedenis van die brontekste van die Nuwe Testament het nog altyd geglo dat die Bybel die *onveranderlike en onfeilbare Woord van God* is. Met die 1983-Bybelvertaling is daar egter 'n hele paar veranderings aangebring. Ons in die AP Kerk het nooit die 1983-vertaling aanvaar nie, en dit het ons dus nie so direk geraak nie.

Die Bybelgenootskap is egter nou weer besig met 'n vertaling en die AP Kerk is daarby betrokke. Hulle wil nou die bronteks gebruik wat vir die 1983-vertaling gebruik is.¹ Hierdie bronteks verskil op baie plekke van die Bybel soos ons dit ken. In die lig hiervan het ons die saak ondersoek, sowel as die vrae:

¹ Vir die Nuwe Testament word die UBS^{4rev} (1994) gebruik, asook die 1983 UBS^{3cor} GNT – omdat daar soveel onduidelikhede in UBS⁴ se teksapparaat is. Verder ook die N-A²⁶ en N-A²⁷. Om hierdie groep tekste te beskryf, praat ons net van die *Nestle-Aland* teks.

- Mag die Bybel verander word?
- Watter bronteks is die ware Woord van God? en
- hoe kan 'n sinode van die AP Kerk sulke teenstrydige besluite neem, nl.:
 - *dat die 1953-vertaling van die Bybel by Woord-verkondiging gebruik moet word* (2004: pt. 5.1, bl 440)
 - en by dieselfde Sinode –
 - *dat enige vertaling daaraan beoordeel moet word of dit die Nestle-Aland bronteks bevat*
 - sonder om die eerste besluit te herroep?

2. Vroeë geskiedenis van die Nuwe Testament se bronteks

Ons beskik nie meer oor die oorspronklike geskrifte van die Nuwe Testament nie. Trouens, die omstandighede in die eerste eeue ná Christus het daartoe gelei dat 'n verskeidenheid tekste tot stand gekom het. Die materiaal waarop hulle geskryf het, was nie duursaam nie. Omdat die geskrifte baie gebruik is, het dit gou verniel en moes dit oorgeskryf word. Selfs die kopieë het nie lank gehou nie en daar is gevolglik dikwels afskrifte gemaak. Verder is die vroeë Christene aggressief vervolg en historici wys ons daarop dat geskrifte van die Nuwe Testament waarskynlik oral gesoek en vernietig is. Volgens hulle was daar dus waarskynlik reeds in die eerste eeu ná Christus baie "korrupte" geskrifte (Kenyon bl. 244-246).

By die oorskryf, was daar drie faktore waarvan ons moet kennis-neem:

- Die eerste is die menslike faktor. Mense kan skryffoute maak en hulle kan ook doelbewuste veranderings maak as hulle meen dat die teks anders "behoort" te lees (Kenyon bl. 248-249).
- Die tweede is die werk van Satan. Ons kan vir seker weet Satan so 'n geleentheid sal gebruik om die Heilige Skrif te verdraai en 'n valse Bybel daar te stel – Gén. 3:1, 1 Kon. 22:22 en Mt. 6:4.
- Die derde faktor en ook die deurslaggewende een, is die belofte van God dat Hy sy Woord in stand sal hou – Jes. 40:8, Mt. 5:18 en 1 Petr. 1:25.

3. Tekskritiek

Tekskritiek is die wetenskap wat navorsing doen oor die geskiedenis van antieke geskrifte waarvan die oorspronklikes verlore geraak het. Hulle gebruik al die beskikbare kopieë (manuskripte) en probeer dan die beste manuskripte uitken met behulp van 'n paar maatstawwe wat hulle ontwikkel het. Hulle kyk onder meer na die ouderdom van die manuskrip en die taal- en stylkwaliteit.

'n Korter bewoording is gewoonlik ook nader aan die oorspronklike omdat "mense meer geneig is om by te voeg as weg te neem". Daar is nog 'n paar mindere maatstawwe waarmee hulle die waarskynlike bewoording probeer vasstel. Hulle kan egter nie die oorspronklike lesing waarborg nie. In die woorde van een van die mees gesaghebbende tekskritici van die Nuwe Testament ... *in the case of all ancient literature a well edited text is the best we can hope for* (Kenyon, bl. 210).

4. Tekskritiek en die Bybel

Soos ons hierbo gesien het, was daar waarskynlik reeds sedert die eerste eeu n.C. verskillende manuskripte van die Nuwe Testament in omloop. Soos die argeoloë die manuskripte ontdek, groepeer hulle dit in verskillende "families". Hierdie manuskripte verskil so baie van mekaar dat dit moeilik is om selfs die grense van die families af te baken. Die

tekstskritici probeer nou om vas te stel watter tekste deur die vroeë gemeentes of kerke as gesaghebbend beskou is.

Tekskritiek is 'n interessante wetenskap. Wanneer dit egter op die Bybel toegepas word, is dit gevaarlik. Van die drie faktore wat in pt. 2 hierbo genoem is, neem hulle net die eerste een in ag (die menslike faktor). Die werk van Satan en die beloftes van God word glad nie verreken nie!

By die Bybel stel gelowiges nie belang wat die "beter" lesing is nie. Ons moet die ware Woord van God hê. **Die gesag van die Bybel kan nooit afhanklik wees van die ontdekkings van argeoloë en die navorsing van wetenskaplikes nie.**

Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 7 sê hieroor: *alle mense is uit hulself leuenaars en nietiger as die nietigheid self*. As die Bybel se gesag daarvan afhanklik was, sou ons Bybel elke keer verander as daar 'n nuwe ontdekking gemaak word. (Dink net watter geleentheid bied dit 'n magtige yweraar soos die duiwel!)

As ons hierdie beginsel aanvaar, breek ons die inherente gesag van die Skrif af en kan Satan telkens met 'n ouer, korter manuskrip vorendag kom wat die Bybel verander soos hy wil. Nee, die gesag setel uitsluitlik in die inspirasie van God self. Dit is onveranderlik en absoluut gesaghebbend (2 Tim. 3:16-17 en 2 Petr. 1:19-21. Hierby kan nog 'n lang lys tekste gevoeg word – kyk asb. die tekste by NGb. Art. 3, 5 en 7).

5. *Textus Receptus* vs. *Nestle-Aland*¹

As gevolg van die verskillende tekste, het die kerke blykbaar (volgens die tekstskritici) sedert die 4e eeu n.C. hul Bybels begin hersien. Dit is noemenswaardig dat al die kerke toe hierdie sogenaamde *Bizantynse* teks (dit is die teks wat later gestandaardiseer is om die *Textus Receptus* te vorm) as die gesaghebbende een beskou het. Hierdie teks het toe die algemeen aanvaarde Bybel van al die kerke geword. Daar was egter nog mindere verskille tussen hulle Bybels. Dit was hierdie verskille wat Erasmus aangespreek het met sy poging om 'n standaardteks daar te stel.

Daarna het Stephanus en die Elsevier-broers die teks nog verder redigeer en verfyn. Hierdie Bybel is dan ook algemeen aanvaar en het bekend gestaan as die Bybel wat ons "ontvang" het (*Textus Receptus*). Hierdie Bybel is deur al die belangrike kerke, sowel as deur al die hervormers as die ware Bybel beskou. Dordrecht se Sinode het dit besluit ook as die ware Bybel beskou en dit is die Bybel wat ons ken.

Die tekstskritici beweer nou dat hierdie "hersiening" van die Bybel 'n verandering, weg van die oorspronklike was. Hierdie aanname het nou hulle uitgangspunt geword en dus word enige manuskrip wat van die Bybel verskil, potensieel as die beter manuskrip beskou! Nêrens sien ons dat die tekstskritici God se heilige inspirasie van die Bybel erken, of sy belofte dat Hy sy Woord in stand sal hou nie.

Verskeie pogings is gevolglik die afgelope paar eeue aangewend om die Bybel te hersien. Die tekstskritici gebruik al die verskillende manuskripte tot hul beskikking (behalwe die *Textus Receptus*) en dan besluit hulle watter lesing volgens hulle die "beste" is. So het die sogenaamde *Nestle-Aland*-bronteks tot stand gekom. Hierdie bronteks word nou op "wetenskaplike" gronde beskou as die "beter" Bybel, met die verstandhouding dat dit beslis nie die oorspronklike Bybel is nie, en dat daar angstig gewag word op nuwe ontdekkings, waarmee ons die Bybel kan "verbeter" (Kenyon bl. 252)

Dit is 'n skrale troos om te redeneer dat die *Nestle-Aland*-teks leerstellig min verskil van die Bybel soos ons dit ken.

As ons eenmaal hierdie standpunt aanvaar sal die tekskritici in die toekoms bepaal wat in die Bybel staan. Ons beklemtoon weer dat ons in gedagte moet hou dat die tekskritici die onbewese aanname as onweerlegbare feit aanvaar dat die Nuwe Testament, soos ons dit ken, 'n "hersiening" van die Bybel was – 'n verandering, weg van die oorspronklike.

Hierdie aanname het nou hulle uitgangspunt geword en dus word enige manuskrip wat van die Bybel verskil, potensieel as die beter manuskrip beskou! Nêrens sien ons dat die tekskritici God se heilige inspirasie van die Bybel erken, of sy belofte dat Hy sy Woord in stand sal hou nie.

6. Besluite van die Sinode

Die Sinode het die volgende besluite geneem oor die Nuwe Testament se bronteks:

- A. In 1991 besluit die Sinode om goed te keur dat die *Nestle-Aland*-teks en die Meerderheidsteks (*Textus Receptus*) voorlopig beide gebruik word vir proefvertalings van die Griekse Nuwe Testament.
- B. In 2004 besluit die Sinode dat die 26ste uitgawe van die *Nestle-Aland*-teks in hierdie stadium as die beste bronteks beskou word – dit is die besluit waarteen ons beswaar maak.

Hierdie besluit berus op die volgende argument [Ad hokommissieverlag insake Afrikaanse Bybelvertalings 4.5(a)]: **Ons besit nie die oorspronklike geskrifte soos deur die Bybel-skrywers geskryf nie. Die naaste wat ons daaraan kom, is mss. uit die end van die 2e en begin van die 3e eeu. Hoe weet ons wat bygevoeg is en wat weggelaat is?**

- C. By dieselfde Sinode van 2004 word die besluit van Sinode 2001, bl. 557 en KERKORDE 2002, bl. 132, pt. 9.3.3 herbevestig. Dit lui: *Die Sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat enige vertaling as toeligting gebruik mag word om die Bybels-gereformeerde betekenis uit te lig en te beklemtoon; dat lidmate wat die NAV wil lees, aangeraai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees.*

7. Die kerk se standpunt oor die gesag van die Bybel

Wanneer 'n lidmaat belydenis van geloof aflê, belooft hy dat hy die Bybel beskou as die onfeilbare en onveranderlike Woord van God. Hy belooft verder dat hy niks sal byvoeg of weglaat van wat daar in die Bybel geskryf staan nie (NGb. Art. 3, 5 en 7). **Hierdie belofte geld sekerlik ook vir professore van die Akademie en afgevaardigdes na die Sinode!**

As ons hierdie belydenis minag, word God se eie belofte misken dat Hy sy Woord in stand sal hou (Jes. 59:21). Die gesag van die Bybel word misken en dit word aanvaar dat ons van niks wat in die Nuwe Testament staan, seker kan wees nie.

8. Aanbeveling

Die gemeente van Bloemfontein beveel aan dat die Sinode duidelik standpunt inneem dat

- i. die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, en dat dit daarom absoluut gesaghebbend is en dat niks daar bygevoeg of van weggeneem mag word nie;
- ii. die Bybel onfeilbaar en onveranderlik is;
- iii. ons glo God hou self sy Woord in stand; en

- iv. die bronteks van die 1953-vertaling (die sg. *Textus Receptus*) wat die Nuwe Testament betref, die ware Woord van God is.

BRONNE

1. D'Assonville VE, *Kerkgeskiedenis in 30 lesse*, Marnix, 1990.
2. De Waal WPD, *Satan agter Wêreldgodsdien, Bybelprofesie vervul*, 1997.
3. Erasmus JC, *Bewaar my Woord*, 1992.
4. Gunther M, *Is die 83-vertaling die Bybel?*, Ware Woord Verspreiders, 1997.
5. Hills EF, *The King James Version Defended*, Des Moines, Iowa, The Christian Research Press, 1984.
6. Kenyon F, *The Text of the Greek Bible*, Gerald Duckworth & Co, London, 1958.
7. Labuschagne JJ & Erasmus DJ, *Die Woord van God versus die 1983-vertaling*, 1999.
8. Marais W, *Die Bybel in die Weegskaal*, 2003.

AANBEVELINGS

4.3.1 Die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

4.3.2 Die beswaarskrif word nie goedgekeur nie, aangesien die beswaarskrif geen nuwe getuienis lewer oor die grondteks wat nie reeds by verskeie sinodes oorweeg is nie.

4.3.3 Die Sinode volstaan met die besluit dat die *Nestlé-Aland/UBS*-uitgawes van die Nuwe Testament, met die relevante tekskritiese apparaat, tans as die beste bronteks beskou word en daarom as amptelike grondteks van die Nuwe Testament gebruik word.

Motivering

(Hier word met dank gebruik gemaak van die onderstaande navorsing van prof. dr. GDS Smit.)

Met die lees van die beswaarskrif wil dit lyk of die beswaar-des die stryd van Gordon Fee en Zane Hodges aan die einde van die vorige eeu wil laat herleef. Teen die einde van die vorige eeu het 'n aantal publikasies verskyn wat die beoefening van tekskritiek as teologiese wetenskap bevraagteken het. In 1977 het Wilbur Pickering aangevoer dat die meerderheidstekslesing (MT) voldoende is vir die vertaling van die Nuwe Testament. Hy was egter nie uniek in sy argument nie, want in 1883 het John W Burgon in sy stryd teen Westcott en Hort se teorieë, dieselfde argument aangevoer. Wat egter uniek was in Pickering se argumente was dat dit teologies-wetenskaplik gevoer word teenoor Burgon se "pamflet" en "hoorsê"-argumente. In 1978 het Zane Hodges by Pickering aangesluit en hy is dadelik tereggewys deur Gordon Fee in die wyd-erkende *Journal of the Evangelical Theological Society*.

Hierna verskyn 'n artikel van Hodges met die titel *Modern Textual Criticism and the Majority Text: A Response* waarna Fee reageer met *Modern Textual Criticism and the Majority Text: A Rejoinder*, waarna Hodges reageer met *Modern Textual Criticism and the Majority Text: A Surrejoinder*. In 1982 verskyn Zane Hodges en Arthur Farstad (met die hulp van Wilbur Pickering) se *The Greek New Testament according to the Majority Text*. Sedert Hodges se aftrede in 1986 het daar geen noemenswaardige nuwe feite na vore gekom om Pickering en Hodges se teorieë te verdedig nie. Inteendeel, gedurende die laaste 25 jaar is voortdurend gebreke in Hodges en Pickering se modelle aangetoon en het noemenswaardige verdedigers van Hodges se model van die toneel verdwyn.

Die vraag wat verskeie geleerdes na aanleiding van hierdie debat gevra het, was: *Watter argumente kan aangevoer word wat nie reeds aangevoer is nie?* In 'n sin is dit dieselfde vraag wat die Sinode van die AP kerkverband in 2010 homself moet afvra. Die debat oor die Bybelvertaling- en grondtekste is van

die stigting van die AP kerkverband tot op hede by elke sinode aangevoer en tereg vra mens: Wat is daar te sê wat nog nie gesê is nie?

Wat Hodges en Pickering en in hierdie verband ook Van Bruggen se publikasie *De Tekst van het Nieuwe Testament* (1976: De Vuurbaak) en sy lesing *De Ballingschap van de Byzantijnse Tekst* wat hy na 1991 gehou het, egter telkemale bevestig, is dat hierdie debat altyd op dieselfde saak neerkom, naamlik, aanvaar 'n mens 'n teks omdat die meerderheid tekste die lesing ondersteun, of aanvaar jy 'n teks omdat die oudste tekste die lesing ondersteun?

Die teorie van die *majority text*

Vandag is daar steeds, soos in die tyd van Burgon, volop "pamflet-teorieë" en "hoorsê-idees" beskikbaar oor die teks van die Nuwe Testament. Die teorie van die *majority text* reading kom egter in hoofsaak neer op drie punte:

- Die Meerderheidstekste (MT) en die Textus Receptus (TR) is dieselfde teks. Waar die MT en die TR van mekaar verskil, soos dat Handeling 8:37 en 1 Johannes 5:7-8 nie in die MT voorkom nie, word toegeskryf aan *minor differences*, aldus Hodges.
- Die MT is 'n voller, gladder en meer leesbare tekstipe as die Alexandrynse tekste, wat voorkom in die moderne standaardtekste (tans UBS^{3/4}/Nestlé-Aland^{26/27}) en
- dat die MT teruggevoer kan word tot die meerderheid van tekslesings, veral die *pericope adulterae* (Joh. 7:53 - 8:11) wat nie in die MT van die negende eeu voorkom nie, maar wel in Hodges se MT.

In hierdie motivering kan nie in detail na elkeen van hierdie teorieë gekyk word nie, maar hier word aangetoon waarom die MT (TR) -lesing nie die beter lesing kan wees nie.

Teksfamilie van die Meerderheidstekste?

Volgens die beswaarskrif word die teksfamilie van die Meerderheidstekste as die beste teksfamilie aanvaar. Daar moet egter kennis geneem word dat die teksfamilies nie noodwendig die deurslaggewende in die vasstelling van die beste tekslesing is nie. Drie basiese benaderings is deur die eeue vir die vasstelling van die beste lesing gebruik:

a) Die vasstelling van teksfamilies

Ons het reeds by die Sinode van 2004 kennis geneem dat dit noodsaaklik is om tekste met mekaar te vergelyk om vas te stel watter lesings die beste is. Sekere manuskripte bevat minder skryffoute as ander. Indien een manuskrip 'n skryffout bevat het, sou al die manuskripte wat vanaf dié een gekopieer was, dieselfde skryffout bevat. So kan skryffoute teruggevoer word tot 'n gemeenskaplike "teks-voorouer". Die vertrekpunt is dat daar slegs een oorspronklike lesing kan wees. Verskillende metodes word in die vak *Tekskritiek* aangewend om te bepaal watter manuskripte kopieë van ander moes wees. So word teruggewerk tot en met die oudste beskikbare lesing. Die benadering oor die verskillende teksfamilies poog dus steeds om die oudste tekslesing vas te stel.

b) Die meerderheidsteklesing

Tydens die vorige eeu was groot gewag gemaak van die sogenaamde meerderheidsteklesing. Volgens hierdie teorie sou Bybelgedeeltes wat die meeste gekopieer was, die beste lesing bevat. Die probleem met so 'n benadering is egter hoe ons kan weet of daar nie meer van 'n bepaalde lesing sou wees waarvan ons nie weet nie? 'n Teksfamilie met aanvanklike skryffoute sou ook nie 'n goeie lesing hê nie, al sou hy baie meer gekopieer word as die ander. Hierdie benadering is dus nie 'n baie objektiewe benadering nie.

c) Die oudste teks

Manuskripte moet gewee word en nie getel word nie. Ons moet eerder aanvaar dat die oudste tekste die beste lesings bevat, aangesien hulle minder kere gekopieer was.

Al bogenoemde beginsels is in aanmerking geneem by die vasstelling van die *Nestlé-Aland* 26ste-uitgawe wat in 1976 verskyn het. Die navorsing het duidelik getoon dat die sogenaamde *Textus Receptus* 'n minder aanvaarbare teks was, aangesien die teks nie teruggevoer kon word na die oudste bronne nie. Saam met die *United Bible Society* is daar 'n "standaardteks" vasgestel wat as bron sou dien vir alle vertalings ná 1976.

Waar kom die teks van die Bizantynse tradisie vandaan?

Wanneer die bronne ontleed word, is dit duidelik dat iets in die vierde eeu moes gebeur het, want sedert hierdie tydperk kom 'n tekstipe voor wat nie in ouer bronne gevind word nie en wat sy merk uiteindelik ook op latere getuïenisse van ander tekstipes gelaat het. Die nuwe tekstipe is vir die eerste keer in die aanhalings van die kerkvader Chrysostomos sigbaar. Die teks word ook genoem die *Siriese teks*, *Koinetekste*, *Meerderheidstekste* of *Kerklike tekste*.

Een van die aanvaarbaarste teorieë is dat hierdie standaardisering plaasgevind het as gevolg van 'n hersiening van die teks deur Lucianus van Antiochië, wat 'n kerklike opdrag daartoe gekry het. Die Vulgata is die resultaat van Hieronymus se standaardisering van die Latynse NT en die Peshitta, die resultaat van waarskynlik Rabulla van Edessa se standaardisering van die ou-Siriese vertaling.

Dit is duidelik dat 'n klimaat van standaardisering in die vierde en vyfde eeue bestaan het en dat daar in daardie tyd waarskynlik meer belangstelling in die teks van die NT bestaan het as op enige ander stadium in die eerste sestiende eeue waarin die teks oorgelewer is. Dat daar hersiening van die grondtekste was, word duidelik uit die feit dat die Peshitta se tekstipe verskil van die tekstipe van sy voorgangers, die oud-Siriese teks, en met die Griekse standaardtekste ooreenstem. Ook bewys die aard van die Bizantynse teks, veral die feit dat dit eers sedert die vierde eeu voorkom, dat hersiening moes plaasgevind het. Waar, wanneer en deur wie se gesag dit gedoen is, is egter onmoontlik om te sê. Die gevolg van hierdie standaardisering was 'n basiese uniforme oorlewering van die Griekse teks in die Middeleeue wat ander tekstipes verdring het.

Daar is blykbaar by sommige lidmate die persepsie dat die tekste wat vanaf Alexandrië afkomstig is, nie betroubare teksgetuies is nie en onder die gnostici en dergelike persone ontstaan het en gekoester is. Selfs een van die bronne waarop die opsteller van die beswaarskrif swaar geleun het, tas in die donker rond oor dié saak.

JC Erasmus het 'n boekie laat verskyn met die titel BEWAAR MY WOORD. Hierdie boekie word wyd in ons kerk gelees en byna "gekanoniseer" deur sommige. Onder die opskrif 'n *Kort historiese oorsig*, maak Erasmus die stelling: *In Alexandrië het Clemens 'n skool gehad waarin hy 'n soort Platoniëse Christelike leerling, Origenes (184-254 n.C.), sou hom in bekendheid oortref. Vir die eeue wat sou kom, sou Origenes se invloed tot vandag toe gevoel word ... In 331 n.C. gee Konstantyn die Grote opdrag aan Eusebius van Cesaréa om 50 Griekse Bybels vir kerklike gebruik gereed te kry. Eusebius is geweldig onder invloed van Origenes en het laasgenoemde se biblioteek tot sy beskikking vir hierdie werk. Hy maak ook aanspraak daarop dat hy die Hexapla daarvoor gebruik. Hierdie nuwe Griekse (sic!) Bybel kom teenoor die bestaande Griekse (sic!) Bybel, wat as die Griekse Vulgata (sic!) bekend is, te staan. Hierdie bestaande Griekse Vulgata (sic!) is deur die kerk as die aanvaarde teks beskou (sic!).*

'n Paragraaf verder lees ons: *In die volgende klompie eeue sou die Roomse Kerk al hoe meer die Bybel van die gewone lidmaat weghou, sodat hulle wanpraktyke nie aan die lig moet kom nie. In 1516 publiseer Desiderius Erasmus sy Griekse Nuwe Testament (GNT), gebaseer op die Kerklike of Meerderheidstekst. Dit sou die eerste GNT in 1000 (sic!) jaar wees. Hy het dit vyf keer hersien. Later sou Stefanus en Beza dit as basis vir hulle GNTs gebruik.*

Onder die opskrif "Origenes" stel JC Erasmus: *Origenes (184-254 n.C.) was die dux-leerling van Clemens van Alexandrië. Sy leermeester het 'n groot invloed op sy studies en aktiwiteite gehad. Clemens het openlik gesê dat hy die Christelike leer nie suiwer sou deurgee nie, maar alleenlik as hy dit kon inklee met die heidense filosofie. Hierdie gnostikus, wat die Griekse filosofie met die Bybel probeer versoen het, het 'n skool in Alexandrië gestig om sy dwaalleer te verkondig.*

Die afleiding wat die leser moet maak uit hierdie aanhaling van JC Erasmus is dat die gemelde teks van Origenes nie aanvaarbaar is nie. Intendeel, dit is "van die duiwel", want dit is "ingekeel met die heidense filosofie". Die teks van Desiderius Erasmus is aanvaarbaar, want dit is gebaseer op die Kerklike teks of die Meerderheidstekst. Kom ons aanvaar die stelling voorlopig. Wat is die implikasie? Waar kom die Meerderheidstekst vandaan? Dit is dieselfde teks as die een wat Eusebius in 331 n.C. onder opdrag van Konstantyn opgestel het. Die teks word die *Meerderheidstekst* genoem, omdat die meerderheid kerke/gemeentes in die Bizantium was. Die Bizantynse teks is die Meerderheidstekst en is dieselfde teks van Eusebius. Iets wat JC Erasmus blykbaar gemis het. Om die betroubaarheid van die Alexandrynse teks te bevraagteken, bevraagteken ons derhalwe die Bizantynse teks se betroubaarheid. As die twee vroeë tekste uit Egipte, naamlik die *Kodeks Sinaiticus* en die *Kodeks Alexandrinus* nie betroubaar is nie, op grond waarvan is die Meerderheidstekst betroubaar? Waar kom die grondtekst van die MT vandaan?

Origenes moes op 'n stadium uit Alexandrië vlug en vestig hom in Bizantium (later Konstantinopel). Ná die vervolging van veral Severus, kom die gematigde Konstantyn op die toneel. Onder Konstantyn word Origenes toegelaat om 'n skriptorium in Bizantium op te rig. As Eusebius opdrag kry om die 50 kopieë van die NT te maak, wend hy hom tot Origenes wat 'n skriptorium bedryf het. Waar kom die teks vandaan wat gebruik is? Dit is onwaarskynlik dat dit uit Bizantium kom, omdat tekste in daardie klimaat nie baie lank behoue gebly het nie, en die vervolging onder die Romeinse keisers het die tekste in Klein-Asië blykbaar so uitgedun dat dit die rede was waarom Konstantyn hierdie opdrag aan Eusebius gee.

Die mees waarskynlike herkoms van die Bizantynse teks is Alexandrië. Origenes moes dus een van die Alexandrynse tekste met sy vlug na Bizantium saamgeneem het en dit het die basis vir die Bizantynse teks gevorm. In die teksfamilie van die Bizantynse teks vind ons dus dieselfde familie as Kodeks Alexandrinus en Sinaiticus. Die enigste verskil is dat die Bizantynse teks sowat 100 jaar later eers ontstaan het. Dit verklaar ook die groot ooreenkomste tussen die Bizantynse teks en die Kodeks Alexandrinus (al verskil hulle ook op plekke). Sekere tekste wat nie in Alexandrinus voorkom nie (soos 1 Joh. 5:7-8) kom ook nie in die Bizantynse teks voor nie. Die kerk in die Oostelike Ryk was getallegewys die sterkste, en daar was dus ook die meeste gemeentes. Daarom was hierdie tekste die meeste in gebruik. Van hierdie tekste het dus ook die meeste mss. behoue gebly.

Maar in Alexandrië en in Rome is eie variasies op hierdie teks gebruik. Dit is so dat Hieronymus vir sy vertaling van die Bybel in Latyn (die Vulgata) moontlik van hierdie teks gebruik gemaak het. Wat sy inhoud betref, het die teks van Hieronymus nie verskil van die Bizantynse teks nie. Hieronymus het natuurlik ook nie die hele Bybel alleen vertaal nie, maar hy het helpers gehad wat elkeen van hulle eie

manuskripte (mss.) af gewerk het. Die Kerkhervorming het begin met die Vulgata as die aanvaarde Bybel.

Is die Meerderheidstekst (MT) en die *Textus Receptus* (TR) dieselfde?

In 1977 het Pickering¹ ('n voorstander van die *Textus Receptus*) voorspel dat indien 'n studie onderneem sou word oor die verskille tussen die Meerderheidstekstlesing (MT) en die *Textus Receptus* (TR) van die Elseviers (wat as TR bekend geword het), daar minder as 1000 verskille sou wees, wat meestal uiters klein verskille sal wees. Aan die ander kant het hy voorspel dat as die MT en die kritiese teks van Nestlé-Aland/UBS vergelyk sou word, daar meer as 5000 verskille sou wees — meestal ernstige verskille. Hy het toe so 'n studie onderneem en vind 1838 verskille(!) tussen die MT en die TR. Hy het ook agtergekom dat die MT self nie Hand. 8:37 en 1 Joh. 5:7-8 bevat nie. Hierdie tekste kom wel in die latere TR voor. Daar is ook in die laaste ses verse van Openbaring 17 verskille tussen die MT en die TR.

Aan die begin van die vierde eeu ná Christus was verskeie tekste in gebruik, maar teen die einde van die vierde eeu het die Bizantynse teks (later bekend as die *Meerderheidstekst*) die res bykans deurgaans vervang. Baie van hierdie teks se teksgetuïenis is te vind in die minuskelt tekste van die negende eeu. Van die 522 manuskripte van die briewe van Paulus wat uit hierdie tyd dateer, kan 372 teruggevoer word na die Bizantynse teks (MT) van die vierde eeu, met tot 90% ooreenkomste. Hierdie stelling dien dus vir die voorstanders van die MT tot groot troos om te weet dat daar etlike teksgetuïenis is wat die tekslesing van die MT ondersteun.

Die toets moet egter ook na die ander kant toe uitgebrei word om werklik wetenskaplik-objektief te wees. Die vraag word gevra: Kom die MT in enige mate ooreen met die Nestlé-Aland/UBS tekste (eklektiese tekste)? Ons het sopas kennis geneem dat die Bizantynse teks behoorlike fundering het in die minuskelt tekste van die negende eeu. Daar is egter net 48 manuskripte uit die agtste eeu wat 90% ooreenkom met die Bizantynse teks. Die volgende belangrikste minuskelt tekste uit die negende eeu kom 90% of meer ooreen met die Bizantynse teks van die vierde eeu: 2, 3, 6 (Evangelies en Handelinge), 8, 9, 11, 12, 14, 15, 18, 21, 23, 24, 25, 27, 28 (behalwe Markus), 29, 30, 32, 34, 35, 36, 37, 39, 40, 42, 44, 45, 46, 47, 49, 50, 52, 53, 54, 55, 57, 58, 60, 61 (Evangelies en Handelinge), 63, 65, 66, 68, 69 (behalwe Paulus), 70, 73, 74, 75, 76, 77, 78, 80, 82, 83, 84, 89, 90, 92, 93, 95, 97, 98, 99, 100, 103, 104 (behalwe Paulus), 105, 107, 108, 109, 110, 111, 112, 116, 119, 120, 121, 122, 123, 125, 126, 127, 128, 129, 132, 133, 134, 135, 136, 137, 138, 139, 140, 141, 142, 143, 144, 146, 147, 148, 149, 150, 151, 155, 156, 159, 162, 167, 169, 170, 171, 177, 180 (behalwe Handelinge), 181 (slegs Openbaring), 182, 183, 185, 186, 187, 189, 190, 192, 193, 194, 195, 196, 197, 198, 199, 200, 201, 202, 203, 204, 205 (Briewe), 206. Dit blyk dus dat die MT goed gefundeerd is in die minuskelt tekste van die negende eeu. Hoe lyk die vergelyking na UBS3/NA26? Dieselfde manuskripte kom egter ook 90% en meer ooreen met die UBS3/NA26.

Die probleem is egter dat die bogemelde teksgetuïenis op die vroegste dateer kan word teen die einde van die agtste eeu ná Christus. Daar is ook etlike papiri- en majuskelmanuskripte wat ons vandag besit, wat nie in die Meerderheidstekst (MT) verteenwoordig word nie. Hulle dateer uit die derde tot sesde eeu ná Christus, byvoorbeeld P. 26, 27, 28, 52, 66, 67, Kodeks Vaticanus (B), Kodeks Efraimi Rescriptus (C), Kodeks Washingtonianus, Kodeks Rossanensis, Beratinus, Vaticanus 2066, Unsiale 047, 049, 052, 053, 054, 056, 061, 063, 064, 065, 069, 093 (Handelinge), 0103, 0104, 0105, 0116, 0133, 0134, 0135, 0136, 0142, 0151, 0197, 0211, 0246, 0248, 0253, 0255, 0257, 0265, 0269 (gemeng), 0272, 0273.

¹ Pickering, *The Identity of the New Testament Text*, bl. 177.

Die MT (negende eeu) verskil van die meerderheid Unsiële (derde/vierde eeu). Byna 2000 verskille kan aangetoon word.

Enkele voorbeelde:

Johannes 6:49

εν τη ερημω το μαννα – Kodekse B, C, D, T, W, Θ
το μαννα εν τη ερημω – MT

Markus 1:9

εις τον ιορδανην υπο Ιωαννου – Kodekse κ?, B, D
υπο Ιωαννου εις τον ιορδανην – MT

Matthéüs 2:18

κλαυθμος – Kodeks Sinaïticus, Vaticanus, 0250,
f¹, it(q), aur, b, c, f, ff1, g1, k, l, 1, vg, syr^p, pal, cop^{sa,bo}, eth
θρηνος και κλαυθμος – MT

Matthéüs 5:25

ὁ κριτής – Alexandrynse mss. f¹ f¹³

ὁ κριτής σε παραδῶ – MT

Matthéüs 10:4

Θαδδαιος – Alexandrynse mss. f¹³ (behalwe 13 346 543 826 828)

Λεββαιοι – D

Λεββαιοι ο επικληθεις Θαδδαιος – MT

Matthéüs 15:6

τον λογον – Alexandrynse mss., Θ, 700, 1230

την εντολην – MT

Matthéüs 15:8

εγγιζει μοι ο λαος ουτος τω στοματι αυτων και – MT

ο λαος ουτος — κ B D L Θ 084 f¹³ 33 700 892 1424

Markus 1:13

και ην εν τη ερημω — κ, A, B, D, L, Θ, 33, 579, 892, 134, 2427

και ην εκει εν τη ερημω — MT

Markus 4:24

και προστεθεται υμιν – Alexandrynse mss.

και προστεθεται υμιν τοις ακουουσιν – MT

Johannes 1:18

ο μονογενης υιος – MT

ο μονογενης θεος – p⁷⁵, κ^c, 33, cop^{bo}

μονογενης θεος — Alexandrynse mss.

Handeling 20:28

του Θεου – κ B 614 1175 2495 al vg sy bo^{ms}

του κυριου – Papius 74A, C, D, E, Ψ 33 36 453 945 1739 1891

του κυριου και του Θεου – C³ Byz

Uit bostaande die volgende afleiding: die oudste manuskripte bevat nie die lesing van die MT/TR nie en dit was die rede waarom die sinode besluit het om die NA27/UBS3 te aanvaar. Verder kan uit die vorige voorbeelde aangetoon word dat, alhoewel daar groot verskille tussen MT en die standaard-tekste is, die verskille nie leerstellige sake raak nie.

Hoe vergelyk die Meerderheidstekste en die UBS³/NA²⁶?

Ons kan aanvaar dat die Meerderheidstekste nader aan die TR staan as aan die tekste van UBS/Nestle-Aland. Dit is egter beslis nie dieselfde teks nie, soos hierbo aangetoon. In die gemelde ondersoek vind Pickering 6 577 verskille tussen UBS en MT, maar dit vertel nie die hele verhaal nie. As woordvolgorde en naamvalverskille (wat geen verskil aan die vertaling maak nie) uitgelaat word, verskil die UBS-tekste 1589 plekke van die MT (minder as TR).

Pickering gaan ook van die standpunt uit dat die langer lesing eerder as die korter lesing as die beste lesing aanvaar moet word, wat hy noem: *the 'fullness' of the Traditional text*. Nie een maal, meen hy, kan die kortste lesing as die beste lesing aanvaar word nie, maar moet alle lesings wat korter is as die *Textus Receptus* as minder betroubare lesings aanvaar word. Indien die teorie van Pickering aanvaar word, behoort ons kennis te neem dat die TR op 657 plekke korter is as die UBS/Nestle-Aland-lesing.

Die stelling: *Die tekskritici probeer om nou vas te stel watter tekste deur die vroeë gemeentes of kerke as gesaghebbend beskou is?* gaan vervolgens nie op nie. Watter bewyse kan die beswaardes aanvoer dat hierdie 'n poging is van die

tekskritici? Vandag is daar groot sekerheid onder tekskritici watter tekste in verskillende stadia in verskillende gebiede in gebruik was.

Watter tekste in watter gemeentes gebruik was, is egter nie moontlik om te bepaal nie, aangesien ons geen idee het waar al die gemeentes geleë was en presies hoeveel gemeentes daar was nie. Van watter kerke en watter gemeentes is hier sprake? Ons kan in die eerste vyf tot ses eeue byvoorbeeld nog glad nie praat van kerke nie. Daar was die afsonderlike gemeentes, maar hulle was nog nie as kerke (verbande) saamgevoeg nie. Selfs die groot kerkvergaderings van die einde vyfde eeu en begin sesde eeu was 'n losse samestelling van afsonderlike gemeentes.

Dat die Meerderheidstekste of Bizantynse teks deur die meerderheid gemeentes gebruik was teen die vyfde eeu ná Christus, is voor die hand liggend. Gedurende die vyfde eeu ná Christus was die meeste gemeentes in Klein-Asië. Nadat die 50 manuskripte van Eusebius in Klein-Asië in gebruik geneem is, is dit verstaanbaar dat die meerderheid gemeentes die gangbare teks bepaal het. Die uitdrukking "meerderheidstekste" is nie 'n benaming wat na 'n bepaalde teks verwys as een wat in die meeste manuskripte voorkom, of die meeste tekstegetuies het nie, maar is 'n verwysing na die teks wat in die meerderheid gemeentes in die vyfde eeu in gebruik was.

Watter *Textus Receptus*?

Die eerste omvangryke werk uit Gutenberg se drukpers was die bekende Gutenbergbybel, 'n prageksempaar van die *Vulgata*, wat in 1450 tot 1456 verskyn het. Hierna het verskillende uitgawes van die Latynse Bybel gevolg. Hoewel kleiner dele van die Griekse NT verskyn het, was dit eers in 1516 dat die Griekse NT sy *Editio Princeps* gehad het toe Desiderius Erasmus se teks verskyn het.

Die Eerste Tekste

Erasmus

In 1516 verskyn die eerste gedrukte Griekse NT soos saamgestel deur Erasmus van Rotterdam. In werklikheid was Erasmus se teks nie die eerste voltooid teks nie. Die Kardiinaal Francisco Ximenes De Cisneros het reeds in 1514 'n Poliglot voltooi en dit is die *Komplutensiese Poliglot* genoem. Dit het die Bybel in Hebreeus, Grieks, Aramees en Latyn bevat. Hoewel reeds in 1514 gereed, moes dit tot 1522 wag op pouslike sanksie voordat dit amptelik gepubliseer kon word.

Die uitgewer Froben van Basel het Erasmus aangemoedig om 'n teks voor te berei sodat hulle die eerste kon wees om 'n Griekse NT te publiseer. Binne ses maande het hy sy teks vir die drukpers gereed gehad. Hoewel Erasmus beweer hy het die oudste en beste MSS. vir sy teks gebruik, het latere studies aan die lig gebring dat dit nie die geval was nie. Dit blyk dat hy slegs ses minuskelmanuskripte gebruik het. Al hierdie mss. is deel van die laat Middeleeuse minuskeltecte. Die laaste ses verse van Openbaring 22 het in die ms. ontbreek en hy kon nie gou genoeg sy hand op 'n ander ms. lê wat hierdie verse bevat het nie. Hy het toe maar self uit die Latyn in Grieks vertaal. Daarin kom 'n woord voor wat nêrens anders in die hele Griekse literatuur voorkom nie.

Die verskyning van die teks het diskussie ontlok. So is Erasmus deur Stunica, een van die samestellers van die *Poliglot*, daarop gewys dat die bekende *Comma Johanneum* in 1 Joh. 5:7-8 ontbreek en ingevoeg moes word. Erasmus het geweier omdat hy die betrokke woorde nie in enige Griekse MS tot sy beskikking kon vind nie. Hy het egter onderneem om dit by sy teks in te sluit indien 'n Griekse ms. met hierdie woorde aan hom getoon sou word. Spoedig is so 'n ms. (wat uit die sestende eeu dateer) aan hom getoon en hy was verplig om die woorde by sy teks in te sluit. Dit is toe in sy derde uitgawe

van sy teks in 1522 ingesluit. Tot vandag toe kon egter geen ander Griekse ms. voor die sestiende eeu gevind word wat hierdie woorde bevat het nie. Erasmus het dus die Bizantynse tradisie voortgesit deur 'n teks te publiseer wat nie op die oudste en beste mss. gebaseer was nie, maar in werklikheid op jong en onbetroubare mss.

Komplensiese Poliglot

Dit is saamgestel met die oog op die herdenking van die geboorte van Karel V. Geen moeite is ontsien met die saamstel van hierdie uitgawe van die Bybel nie. Vier Bybeltekste, nl. Hebreeuse, Griekse, Aramese, en Latynse Bybels saam met ander boeke soos 'n Hebreeuse grammatika en woordeboek is gebruik. Die Griekse teks wat in die vyfde volume gepubliseer is, het reeds in 1514 van die pers gekom en dit is moontlik dat die ander volumes teen ongeveer 1520 gereed was, maar die samestellers moes wag tot 1522 voordat Pous Leo X toestemming gegee het dat die teks gepubliseer kon word.

Die samestellers het mss. uit die biblioteek van die Vatikaan vir hierdie teks geleen en die mss. moes eers terugbesorg word voordat die teks gepubliseer sou word. Die mss. wat ten grondslag van hierdie uitgawe lê, het nie veel verskil van dié van Erasmus se teks nie.

Die Aanvaarde Teks

Stephanus

In 1546 verskyn die eerste uitgawe van die teks van die Fransman, Robert Estienne, beter bekend onder sy gelatiniseerde naam, Stephanus. Hy het hierdie teks saamgestel deur hoofsaaklik van Erasmus se teks, eerder as van die beskikbare MSS., gebruik te maak. Die enkele veranderinge aan die teks was veral vanuit die Poliglot. Selfs die uitgawes tot die vierde in 1551 verskil so min van Erasmus se teks dat dit bloot as 'n hersiene uitgawe van Erasmus se teks beskou kon word.

Die belangrikste is sy derde uitgawe in 1550, die sogenaamde *Regia*. In hierdie teks het vir die eerste keer 'n tekskritiese apparaat voorgekom met variante lesings uit ander mss. in die kantlyn aangetoon. Die vierde uitgawe in 1551 het vir die eerste keer hoofstuk- en versindelings bevat. Stephanus het hierdie werk onderneem terwyl hy op reis was van Parys na Lyons. (In Engeland = Standaardteks.) Stephanus se *Textus Receptus* het dus ook nie van die ouer beskikbare bronne gebruik gemaak nie, maar van die Middeleeuse minuskelt tekste en die *Textus Receptus* van Erasmus.

Beza

Theodore De Beza, die bekende hervormer en opvolger van Calvyn in Genève, publiseer in 1565 die eerste van vier uitgawes van die Griekse NT. Nie minder nie as tien herdrukke is gemaak, waarvan die laaste in 1611, meer as vyf jaar ná sy dood. Beza gebruik Stephanus se vierde uitgawe as basis en slegs in enkele gevalle verander hy die lesings van hierdie uitgawe. Dit het hy gedoen niesteenstaande die feit dat Kodeks D ('n majuskelteks uit die vyfde eeu) tot sy beskikking was. Hy het dit nie gebruik nie, omdat dit te veel afgewyk het van die aanvaarde teks. Hy het ook variante lesings in die kantlyn aangeteken. Beza se teks het bygedra tot die tendens om die Bizantynse teks populêr te maak. So is sy teks deur die Nederlandse Statevertalers as grondteks gebruik.

Die Elseviers

Hoewel Beza se teks reeds kenmerke van 'n algemeen aanvaarde teks vertoon het, is dit eers die teks van die twee Nederlandse broers, Bonaventure en Abraham Elsevier, wie se teks as *Textus Receptus* aanvaar is. Hulle publiseer in 1624 'n klein sakuitgawe gebaseer op Beza se 1565-uitgawe. 'n Tweede uitgawe volg in 1633 en hulle stel in die voorwoord hier-

die teks voor as 'n getroue weergawe van die oorspronklike tekste, wat deur almal aanvaar word (*Ab Omnibus Receptum*). Spoedig is hierdie teks in Europa as standaardteks aanvaar.

Die probleem: Watter *Textus Receptus*?

'n Groot probleem is dat die beswaarskrif uitgaan van die veronderstelling dat daar een aanvaarde standaard *Textus Receptus* is. Al wat die meeste mense weet van *Textus Receptus*, is dat dit gebruik is as die grondteks vir die Afrikaanse 1933/53-vertaling. Die veronderstelling is dat daar 'n *Textus Receptus* is. Die teendeel is egter waar: Daar bestaan vandag ten minste 40 verskillende uitgawes van verskillende persone se *Textus Receptus* en elkeen verskil van mekaar.

Wil die beswaardes aandui watter een van die ten minste 40 manuskripte dié *Textus Receptus* is? By die Sinode van 2004 het die Sinode kennis geneem dat daar wat die Nuwe Testament betref, nie so iets soos 'n *Textus Receptus* bestaan nie, maar dat vandag aanvaar word dat TR 'n samevoeging van verskeie manuskripte was, en dat daar verskillende gedrukte uitgawes van die teks verskyn het wat almal van mekaar verskil het (SAKELYS 2004, bl. 166). Dit is egter belangrik om te beseft dat hierdie teks op sy vroegste gedateer kan word uit die 14de/15de eeu ná Christus. Die sinodebesluit was dus op die beskikbare navorsing oor die tekste geneem.

Die standaardteks beweeg weg van die "oorspronklike"?

Om te sê dat die huidige standaardteks wegbeweeg van die oorspronklike, vra om verklaring. Wat is die oorspronklike? Waar is dit? Wie het dit? Erasmus het ongeveer sestion verskillende mss. gebruik vir sy teks, op sommige het hyself veranderinge aangebring. Hy het uiteindelik 90 veranderinge aangebring aan die teks van Openbaring. Dit is selfs nie eens moontlik om Erasmus se oorspronklike vas te stel nie; wat nog van die tekste 1000 en meer jaar vantevore. Daar moet mos gesoek word na 'n beste teks.

Sinode van Dordt aanvaar *Textus Receptus*?

Dat Dordrecht se Sinode die *Textus Receptus* as Bybel aanvaar het, is ook nie korrek nie. Tydens die beginjare van die Hervorming was die Latynse Vulgaat die enigste vertaling beskikbaar en was dit juis die werk van die hervormers wat die studie van die grondtekste en die antieke tale gestimuleer het. *Textus Receptus* het sy beslag gekry in 1633, terwyl die sinodesitting gedurende 1618-19 plaasgevind het. Voor 1633 was daar baie veranderinge aan die teks van Erasmus aangebring. Erasmus self het vyf uitgawes die lig laat sien, elkeen 'n verbetering van die vorige een.

Stephanus het in 1550 'n ander uitgawe die lig laat sien. Beza het gedurende 1565-1604 nege uitgawes die lig laat sien. Die Elsevier-broers het met hulle uitgawe in 1633 die inleiding geskryf met die volgende woorde: *Textum ergo habes, nunc ab omnibus receptum* ... en dit is waar die benaming *Textus Receptus* vandaan kom. Soveel dinge het met die teks gebeur sedert Erasmus dat ons nie kan sê dit is nou die ware teks nie. Ná hierdie uitgawe is daar nog steeds aan die teks gewerk met voorstelle vir verbetering. Kyk maar in Aland se boek bl. 6-11.

Verder is dit ook nie waar dat die besluit van die Sinode van 2004 berus het op die feit dat die *Nestlé-Aland*-teks gegrond is op die aanvaarding dat ouer MSS. daarby ingewerk is nie. Die deurslaggewende argument is dat *Textus Receptus* gegrond is op tekslesings wat uitgewys is as 'n samestelling van verskillende mss. en wat ook van mekaar verskil en baie skryffoute bevat. Dit is dus nie as wetenskaplik betroubaar beskou nie. Ook *Nestlé-Aland* se tekskritiese aantekeninge word op verskillende MSS. gegrond, waarby die *Textus Receptus* ingesluit is, maar van elke tekslesing is deeglik rekenskap gegee en elkeen van hierdie tekste kan vandag nagegaan word omdat ons hulle tot ons beskikking het.

Persepsie oor die *UBS/Nestlé-Aland*-teks

Dit wil voorkom of die opsteller(s) van die beswaarskrif self nie verstaan wat die *UBS/Nestlé-Aland*-teks is en hoe dit werk nie. Dwaarsdeur die beswaarskrif word na die *UBS/Nestlé-Aland*-teks verwys asof elke uitgawe 'n "nuwe Bybel" op sigself is. Opmerkings soos: *Die tweede is die werk van Satan. Ons kan verseker weet Satan sal so 'n geleentheid gebruik om die Heilige Skrif te verdraai en 'n valse Bybel daar te stel*, verrai die persepsie by die opsteller(s) wat blykbaar reken dat elke uitgawe van *Nestlé-Aland* 'n "nuwe Bybel" is.

Inderwaarheid is die teks wat in die *Nestlé-Aland* en *UBS*-uitgawes voorkom, presies dieselfde teks van uitgawe 1 tot 27 (N-A) en uitgawe 1-4 (UBS), naamlik die *Kodeks Sinaiticus* en *Kodeks Alexandrinus* (vierde/vyfde n.C.). Die teks is dus nog heeltyd dieselfde! Dit is die tekskritiese apparaat wat in verskillende uitgawes van mekaar verskil en op grond van navorsing uitgebrei word. Die tekskritiese apparaat gee alternatiewe lesings met die sekerheidsgradering van die verskillende lesings.

Die beswaarskrif vra: Waarom word daar nie deur die tekskritici na die *Textus Receptus* verwys nie? Die vraag verrai weer dat die opsteller nie vertrou is met die tekskritiese apparaat in die Nuwe-Testamentiese tekskritiek nie. Die antwoord is omdat TR deel vorm van die tekskritiese apparaat in die *UBS* en *Nestlé-Aland*-tekste, omdat TR self 'n samestelling van verskillende manuskripte is. Dit word dus juis gelys in *UBS* en *Nestlé-Aland* onder die alternatiewe lesings. Hoekom word TR nie aanvaar as die enigste lesing nie? Want dit dateer uit die sestiende eeu en nie die vierde eeu nie.

Dit is dus nie waar (en verantwoordelik) om te sê dat die Bybel verander word deur die verskillende *Nestlé-Aland/UBS*-uitgawes nie. Intendeel die sekerheid van die Bybelse boodskap word telkemale deur die tekskritiek bevestig.

Dikwels word die teks van *Nestlé-Aland* in verband gebring met die werk van Westcott en Hort. Ons moet egter duidelik onderskei tussen die teks en die tekskritiek van die Nuwe Testament. Die werk van Westcott en Hort was op die tekskritiese apparaat gerig en nie op die teks self nie. Vandag word die meerderheid van die bevindinge van Westcott en Hort (veral hulle benadering oor die belang van die teks-families) nie meer as betroubaar beskou nie. Die argument dat Westcott en Hort die standaardteks kon aanpas soos dit hulle gepas het, is nie waar nie, aangesien hulle glad nie die teks van die Nuwe Testament kon aanpas nie. Dit was reeds vasgestel op die *Kodeks Sinaiticus*, soos hierbo gesien.

Dat verskeie persone uit die Protestantse kringe aan die tekskritiek gewerk het, word dikwels gerieflikshalwe verswyg. Een van die boekies wat dikwels gebruik word om die *Nestlé-Aland*-teks te bevraagteken, is die werk wat reeds vermeld is wat ook as bron gebruik is vir die beswaarskrif van Bloemfontein volgens die opsteller(s) van die beswaarskrif, nl. dié van JC Erasmus, BEWAAR MY WOORD. Dit is interessant dat sy ook die troefkaart speel naamlik dat Westcott en Hort uit die Roomse kringe kom en daarom doelbewus die Roomse tradisie in "hulle teks invertaai" het (Erasmus, p. 9 – *Hulle was Roomsgesind en die Protestantisme vyandig. Hulle sou nie terugdeins om te konkel om hulle idees te bevoordeel nie*).

As JC Erasmus egter besef dat dieselfde argument gebruik kan word om Desiderius Erasmus se *Textus Receptus* te bevraagteken, naamlik dat hy self 'n Roomse priester was, dat hy die titel "prins van die humanisme" gehad het, dat hy die uitverkiesing verwerp het, 'n Pelagianis was en die leer oor die erfsonde verwerp het; dat Luther hom 'n ketter noem, dat hy die vader van die Roomse Kontra-Reformasie was en 'n Jesuïet, merk sy terloops oor hom op: *Ofskoon Desiderius skerp kritiek teen die Roomse gehad het, het hy Rooms gebly en met sowel die Roomse as Protestantse geleerdes bevriend gebly* (BEWAAR MY WOORD, bl. 21).

Die vraag is: Hoe dit moontlik sou wees vir 'n Roomse priester om "bevriend te wees met die Protestantse geleerdes" in 'n tyd toe die Roomse kerk Protestante verbrand, vermoor, verketter en verban het – dieselfde tydvak as dié waarin ons voorouers, die Franse Hugenote, uit hulle tuisland moes vlug voor die argwaan van die Roomse kerk?

Watter kritiek het Erasmus teen die Roomse kerk gehad? Dit word gerieflikshalwe nie gemeld nie, moontlik omdat daar nie bronne is om die argument te staaf nie. Watter waarborg het JC Erasmus en kie. dat die dwaalleer van Desiderius Erasmus nie in sy *Textus Receptus* ingewerk is nie? Die punt wat gemaak word, is dat mens nie na die persoon se geskiedenis hoef te kyk om sy/haar betekenis vir die tekskritiek vas te stel nie.

Veranderinge aangebring in die 1983-vertaling?

Die beswaarskrif maak onder punt 1 in paragraaf 1 die opmerking dat daar 'n hele paar veranderings aangebring is in die 1983-vertaling. Die beswaarskrif bedoel seker dat daar verskille is tussen die Bybelvertalings van 1933/53 en 1983. Alhoewel die beswaarskrif nie die stellings staaf nie, is die afleiding dat dit vir die beswaardes gaan oor sekere tekste wat in die 1933/53-vertaling voorkom wat nie in die 1983-vertaling voorkom nie.

Indien dit die bedoeling is, kan opgemerk word dat hierdie tekste nie in die oudste manuskripte voorkom nie en derhalwe nie in hierdie vertaling (1983) voorkom nie. Die veranderings is nie deur die vertalers aangebring nie. Dit het wel te doen met variante lesings in die teks. Maar die inhoud, die boodskap, verskil geensins van die 1933/53-vertaling nie. Die nuwe Afrikaanse vertaling waaraan tans gewerk word, gaan hierdie "moeilike tekste" wel in die vertaling opneem, met 'n voetnoot dat dit nie in die oudste tekste voorkom nie.

Die 1983-vertaling en waarom die AP Kerk dit nie aanvaar nie

Die beswaarskrif plaas ook weer die debat rondom die dinamies-ekwivalente vertaling van 1983 op die tafel. Oor die 1983-vertaling hoef ons seker nie lank te debatteer nie. Die AP Kerk het reeds tydens verskeie sinodes aangedui dat die 1983-vertaling nie aanvaar word nie, vanweë die onaantvaarbare vertaalmetode, naamlik die dinamies-ekwivalente vertaalteorie.

By die Sinode in 1988 is besluit oor Bybelvertaling: *Die Sinode beveel (by gemeentes) aan dat, aangesien daar sedert kerkstigting nie deur die KVK of enige ander amptelike instansie voorkeur of uitspraak vir of teen enige van die vertalings (1933, 1953, 1983) gegee is of kan gegee word nie, dieselfde standpunt nog deurlopend gehandhaaf word totdat die sinode-onderzoek wat nou deur die Sinode gelas is, finaal en bevredigend afgehandel is, asook dit staan enige persoon vry om enige van die vertalings (1933, 1953, 1983) te gebruik* (HANDELINGE 1988, bl. 63, pt. 72.3).

By dieselfde Sinode (1988, bl. 65, pt. 3.7.1) word voortgegaan met die ondersoek na die dinamies-ekwivalente vertalingsmetode. Hierna het verskeie sinodes uitspraak gelewer oor die gebruik van die 1933/53-vertaling teenoor die gebruik van die 1983-vertaling. Die komende Afrikaanse Bybelvertaling beweeg weg van die dinamies-ekwivalente vertaalteorie van onder andere Eugene Nida en het as vertaalbasis die funksionele model van Christiane Nord.

Wanneer oor die vertalings besin word, het verskillende sinodes die saak al dikwels (en deeglik) bespreek. Die argumente in vorige sinodes het egter telkens berus op die vertalingsmetode en nie die brontekste nie. Daarenteen het verskeie sinodes verskeie male erken dat daar oor die brontekste nog nie 'n bindende besluit geneem is nie. Die enigste sinodes wat oor die *Nestlé-Aland*-teks uitspraak gelewer het, was die Sinode waarna die beswaarskrif verwys, naamlik 1991, bl. 339, pt. 4.1 waar die volgende besluit geneem is:

Die Sinode besluit om

1. *die teks van die Biblia Hebraica Stuttgartensia vir die Ou Testament as offisiële teks te aanvaar;*
2. *goed te keur dat die Nestlé-Aland-teks en die Majority-teks voorlopig beide gebruik word vir proefvertalings van die Griekse Nuwe Testament,*

en weer in 2004 (die besluit waaroor die beswaarskrif handel).

Die opmerkings onder punt. 6 van die beswaarskrif van Bloemfontein, naamlik A, B en C oor die grondteks wat in die AP kerke aanvaar word, is dus nie korrek interpreteer nie. Daar is geen teenstrydige besluit geneem nie: alleen 'n *status quo* wat van 1991 af gekontinueer is, en in 2004 afgehandel is met 'n besluit. Die beswaarskrif laat dit egter onder punt 6 lyk asof die Sinode twee teenstrydige besluite geneem het, wat nie die geval is nie. In 1991 neem die Sinode 'n besluit dat ons genoeg feite het om te besluit oor die gebruik van 'n vertaling, maar omdat die saak oor die grondtekste nog nie voldoende deurgetrap is nie, ons eers volstaan met die besluit om albei tekste, naamlik die Meerderheidstekste en die Nestlé-Aland/UBS teks toe te laat. Hierdie saak is hierna vir etlike jare deur verskeie sinodes na studiekomitees verwys (bv. HANDELINGE 2001, bl. 555, pt. 130) en eers in 2004 het die kommissie gekom met 'n aanbeveling oor die grondtekste. Die eerste besluit van 1991 verval vervolgens, omdat die "voorlopig" van die 1991-besluit nou afgehandel is met 'n nuwe besluit in 2004.

Die grondteks volgens die 2004-besluit

Die beswaardes dui aan dat hulle beswaar maak teen die grondteks soos deur die Sinode van 2004 besluit. Onder die opskrif *Bronteks van die Nuwe Testament* onder punt 1, maak die beswaarskrif die volgende stelling: *Ons as leke op die gebied van die geskiedenis van die brontekste van die Nuwe Testament, het nog altyd geglo dat die Bybel die 'onveranderlike en onfeilbare Woord van God' is.* Die vraag is of die beswaardes meen dat die kerk die Woord van God minag deur die bestaande besluit oor die grondteks? Indien dit so verstaan word, moet die gemeente die kerk oortuig van hulle dwaling deur met bewyse na vore te kom.

Ons as gereformeerde kerk van Christus het nog altyd die onfeilbaarheid en onveranderlikheid van die Woord van God bely en doen dit steeds. Wat verstaan die beswaardes onder die onfeilbaarheid van die Skrif? Is dit dat elke letter en elke komma van die teks net so deur die Heilige Gees op skrif gestel is (meganiese inspirasie) of is dit dat die vleesgeworde Woord van God deur die heilsgeskiedenis in die vorm van die Skrifgeworde woord tot die mensdom spreek en dat God uit hierdie ganse menslike geslag vir Hom 'n volk vergader (die organiese inspirasieleer) wat deur sy Woord en Gees gebring word tot geloofsgehoorsaamheid?

Wat beteken die teopneustie van die Skrif? "Deur God geasem" is mos nie elke jota en tittel nie. Indien die beswaardes meen dat die Woord van God in die letter en komma van die teks bestaan, moet die vraag gevra word of dit dan enigsins verantwoordelik (of aanvaarbaar) is om enige Bybelvertaling te gebruik behalwe om die Griekse en Hebreeuse grondtekste te lees? Enige vertaling bly altyd 'n mate van interpretasie: enige suiwer letterlike vertaling sal onverstaanbaar wees en geen Bybelvertaling sal elke punt en komma en die breë spektrum van alle vertalingsmoontlikhede van die teks kan weergee nie. Die woord *λογος* het 73 verskillende vertalingsmoontlikhede. Watter een van hierdie is die regte vertaling van die woord en wie moet dit bepaal?

Verder moet gevra word: as die Woord van God in die letter van die teks bestaan, hoe kan ons tevrede wees met 'n teks wat self verskeie male hersien is? Waarin bestaan die onfeilbaarheid en onveranderlikheid van God se Woord? Beslis nie in een vertaling of een vertalingsmoontlikheid nie. Beslis ook nie in een grondtekste nie. Daar is vandag 5 465 mss. van

die Griekse NT bekend. Indien hulle nie die gesag van Godsoewerein aantas nie, is hulle almal Woord van God. Daaronder is 93 papiri, 291 unsiaal mss., 2 807 minuskel-manuskripte en 2 274 leksionaria. As die letter van die teks die Woord van God is, watter een is dié Woord van God? As dit die *Textus Receptus* is, watter een? Ons het reeds gesien dat daar verskeie (ten minste 40) verskillende TR is. Soveel tekste het die lig gesien sedert Erasmus dat ons nie kan sê presies hoe Erasmus se teks gelyk het nie.

Deur die afgelope 300 jaar is daar nog steeds aan die teks gewerk met voorstelle vir verbetering. Het God sy Woord in stand gehou? Natuurlik het God sy Woord in stand gehou. Die *regula fidei* van die eerste eeue is vandag nog dieselfde. Die evangelieboodskap word vandag in kerke nog net so suiwer gebring as 20 eeue gelede. En God se beloftes het ook nog niks verander nie. Iemand wat die 1983-vertaling lees en deur die Heilige Gees tot geloof gebring word en

Jesus Christus as Here en Verlosser bely, aanbid nie 'n ander Jesus as iemand wat die 1953-vertaling lees nie. Hulle glo beide in die beloftes van God, in die Woord van God en in die soenverdienste van Christus, al verskil die presiese bewoording van hulle Bybelvertalings van mekaar.

Die menslike faktor en die duiwel se hand?

Die beswaarskrif maak in punte 1-3 hierbo melding van die feit dat *ons nie beskik oor die oorspronklike geskrifte van die Nuwe Testament nie. Trouens, die omstandighede in die eerste eeue ná Christus het daartoe gelei dat 'n verskeidenheid tekste tot stand gekom het. Die materiaal waarop hulle geskryf het, was nie duursaam nie. Omdat die geskrifte baie gebruik is, het dit gou verniel en moes dit oorgeskryf word. Selfs die kopieë het nie lank gehou nie en daar is gevolglik dikwels afskrifte gemaak. Verder is die vroeë Christene aggressief (sic!) vervolgd en historici wys ons daarop dat geskrifte van die Nuwe Testament waarskynlik oral gesoek en vernietig is. Volgens die beswaardes was daar dus waarskynlik reeds in die eerste eeu ná Christus baie 'korrupte' geskrifte.*

Die beswaarskrif meen: *Tekskritiek is 'n interessante wetenskap. Wanneer dit egter op die Bybel toegepas word, is dit gevaarlik. Van die drie faktore wat in par. 2 hierbo genoem is, neem hulle net die eerste een in ag (die menslike faktor). Die eerste faktor is dié wat in Kenyon se aangehaalde werk genoem word.*

Daar word deur die beswaarskrif toegegee dat die menslike faktor 'n belangrike rol gespeel het. Doelbewuste veranderings is egter moeilik te bewys. Dat daar kwaadwillige veranderings aan die teks aangebring is om dwaalleer in te bring, kan nie bewys word nie. Intendeel, dit sal ook nie bewys kan word nie, want die teks van Nestlé-Aland/UBS is vandag in die Britse Museum onder artikel nommer 43725 bewaar. Iemand wat twyfel of Nestlé of die Aland's of Metzger of iemand anders met die teks gepeuter het, kan self gaan kyk of die reël of frase in die dokument in orde lyk. Trouens die sogenaamde "eklektiese teks" bestaan nie uit 'n samevoeging van verskillende manuskripte soos die *Textus Receptus* of die meerderheidsteklesing nie, maar uit slegs een manuskrip, hetsy Kodeks Alexandrinus of Sinaïticus. Die "eklektiese" van die teks bestaan in die *apparatus criticus*, wat in verskillende sekerheidsgraderinge {A}, {B}, {C} of {D} gelys word en nie in die teks self nie.

Indien daar dwaalleer verkondig word in die Nestlé-Aland/UBS teks, het die beswaarskrif van Bloemfontein die AP Kerk 'n guns bewys om ons terug te bring na die gereformeerde beginsel van *Sola Scriptura*, maar dan moet dit ontseensiglik bewys kan word en nie op hoorsê of onwetenskaplike boekies en traktaatjies gegrond wees nie. Indien die beswaarskrif kan aantoon dat daar opsetlike dwaalleer in die UBS/Nestlé-Aland-teks is (en nie bloot 'n alternatiewe lesing nie), kan die AP Kerk nie anders as om dadelik ondersoek in te stel en 'n beter grondtekste te oorweeg nie.

'n Stelling word in die beswaarskrif gemaak dat die duiwel 'n valse Bybel daar kan stel. Toegegee, dit is nie onmoontlik nie. Watter waarborg het ons dat dit nie gebeur nie? NGb. Art. 29 gee die merktekens van 'n ware kerk, waaronder die suiwer verkondiging van die leer gemeld word. Die kerk moet natuurlik altyd bedag wees op dwaalleer en veral die Satan se verwoestingswerk. Dit is nie verniet dat die Woord ons waarsku dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind nie. Baie vroeg reeds lees ons al van dwaalleraars in die kerk. Die Bybel waarsku ons verskeie plekke teen hulle en Christus noem hulle *wrede wolwe* wat onder die kudde van God inkom.

Ons is geroep om dwaalleer ten bloede toe te bestry. Is die beswaardes van mening dat daar dwaalleer in die kerk verkondig is ná die sinodebesluit van 2004 en dat dit direk op die verstaan van die *Nestlé-Aland/UBS* teks gebaseer was en nie swak eksegeese, swak akademiese toerusting of ongeloof nie? Dan moet die kerkordelike weg gevolg word.

Die gebruik van die term “korrup”

Onder punt 2 van die beswaarskrif vind ons 'n opmerking oor wat die 'tekstkritici' leer: *Volgens hulle was daar dus waarskynlik reeds in die eerste eeu ná Christus baie 'korrupte' geskrifte*. Wanneer na Kenyon verwys word, moet ons in gedagte hou dat wat hy *corrupt* noem, nie dieselfde beteken as "korrup" in Afrikaans nie. Volgens Webster se Engelse woordeboek beteken *corrupt* om *infected with errors* te wees, terwyl HAT *korrup* weergee as *bedorwe*. Kenyon verwys na foute, om presies te wees, skryffoute. Dit is dus nie doelbewuste foute nie en word in die Nuwe-Testamentiese tekstkritiek *tekstvariasie*, en nie *korrupsie* genoem nie.

God se Woord en God se beloftes

Die belofte dat niks van die Skrif bygevoeg of weggelaat sal word nie, geld beslis vir ons almal. Waarom word professore en die sinode uitgesonder in die beswaarskrif? Is die beswaardes van mening dat die sinodebesluit oortree is deur die dosente of die sinode self? Indien hulle van mening is dat die Skrif verdraai word deur die besluit, moet hulle dit grondig aantoon. As die professore van die AP Akademie hierby betrek word, dan soek 'n mens na bewyse van hoe en waar die NGb. Art. 29 geminag is? Waar is valse leer verkondig? Is die gesag van die Woord van God ooit geminag deur hulle? Omdat daar verskille is, impliseer dit mos nie outomaties dwaling nie.

Die beswaarskrif vra wat van die beloftes van God word dat Hy sy Woord altyd in stand sal hou? As ons die geskiedenis van die kerk betrag, is dit duidelik dat die hele kerkgeskiedenis, deur vervolging, honger, swaard en oorlog heen getuig van die beloftes van God dat Hy sy kerk en sy Woord in stand hou. Dat daar wel manuskripte (MSS.) behoue gebly het, is 'n wonderwerk van God en dat hulle boonop feitlik woordeliks ooreenstem, kan nie mensewerk wees nie; dit is 'n wonderwerk van God! Verder moet ons dit ook as 'n wonderwerk van God beskou dat MSS. wat sewe eeue en meer ouer is as *Textus Receptus* se MSS., in die 19de en 20ste eeue ontdek is.

Dit is 'n wonderwerk van God dat ons vandag ouer tekste het as 200 jaar gelede en dat hulle nie in wese verskil van die jonger tekste nie: 'n bewys dat God sy Woord in stand hou. Die *regula fidei* van die eerste eeue is vandag nog dieselfde. Die evangelieboodskap word vandag nog net so suiwer gebring as 20 eeue gelede. En God se beloftes het ook nog niks verander nie. God het gesorg dat sy Woord, sy Blye Boodskap, behoue gebly het. Die variante lesings in verskillende MSS. verander niks aan hierdie boodskap nie. In hierdie opsig is *Textus Receptus* Woord van God, maar is *Nestlé-Aland* ook Woord van God.

Die ouer tekste behoort nie vir ons 'n verleentheid te wees nie, maar behoort ons eerder te stem tot diepe dankbaarheid. As ons in hierdie tekste kan raaksien en besef dat dieselfde boodskap van die vadere in ons onmiddellike geskiedenis (die Waldense, die Elseviers, Luther, Calvyn, die Franse Hugenote en ons Voortrekkers) dieselfde boodskap aan die vadere in die verre geskiedenis is, gee dit ons juis meer vrymoedigheid om as kinders van die reformasie te sê: "So spreek die Here HERE".

Ons hoef nie te twyfel in die waarheid van ons gereformeerde erfenis nie: die oudste tekste ondersteun dit. Dit is God se verbondsbeloftes wat al hierdie gelowiges deur die eeue heen as onsigbare kerk van God aanmekeer bind. Het die gelowiges wat die Kodeks Sinaiticus gelees het 'n ander Christus bely as die gelowiges wat *Textus Receptus* gelees het? So het God sy Woord onveranderlik laat voortleef in die harte en geskrifte van die kerk.

Dit wil voorkom of die beswaarskrif die argument ondersteun dat enige navorsing oor die grondtekste ten doel het om die gesag van die Skrif aan te tas en/of te bevraagteken. Hieroor kan kortliks opgemerk word: Natuurlik is navorsing oor die teks van die Bybel en veral oor die teks van die NT noodsaaklik. Daar bestaan vandag meer as 5 000 MSS. wat in Grieks geskryf is, maar daar is nie twee wat woordeliks dieselfde is nie.

Die waarde van die beswaarskrif vir die kerkverband

Bloemfontein se beswaarskrif bring tereg onder ons aandag dat daar 'n aanvaarde kerklike teksttradisie (TR) bestaan het vóór die eklektiese *Nestlé-Aland/UBS*-uitgawes die 20ste eeu begin domineer het. Die 1933/53-vertaling probeer inderdaad 'n geldige vertaalweergawe gee van daardie teksttradisie.

Wat die vertaalteorie van die 1933/53-vertaling betref, bestaan ons met die besluit dat 'n vertaling die brontekste so letterlik moontlik moet weergee. Wat die grondtekste betref, kan ons die beswaarskrif nie aanvaar nie: die beswaarskrif het nie voldoende wetenskaplike begroning nie; toon nie spesifieke dwaalleer aan nie; kom nie met nuwe argumente wat nie reeds by vorige sinodes oorweeg is nie.

Hoewel Bloemfontein met 'n onderliggende emosie beswaar maak en nie al daardie argumente op die tafel gesit het nie, behoort die beswaar nie op grond van emosie afgekeur te word nie. Indien die Sinode nie die bostaande motivering as wetenskaplik-objektief beskou nie, kan 'n komitee aangewys word om die volgende Sinode met 'n aanbeveling te dien, maar die beswaarskrif behoort nie nou goedgekeur te word nie. Dit sal tot groot verwarring binne die kerk en verdere vervreemding van die kerk na buite lei.

PROF. GDS SMIT

4.4 Beskrywingspunt van die Ring van Germiston: Begrawe of verassing

Die Ring van Germiston het in die lig van hierdie aktuele geskilpunt die wens uitgespreek dat hierdie saak weer voor die Sinode vir bespreking ter tafel gelê moet word.

Motivering

Die behoefte om uitsluitel te verkry spruit hoofsaaklik uit die feit dat die studiestuk oor bogenoemde nie betyds ingestuur was nie en het gevolglik nie voor die betrokke kommissie gedien nie. Die Ring is van mening dat die saak behoorlik ondersoek word sodat daar revisie van die uitspraak verkry kan word, indien nodig.

AANBEVELING**4.4.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.**Motivering

'n Beswaarskrif moet ingedien word teen die volgende sinodebesluite:

- a. Sinode van 1995, bl. 236, pt. 3.2.1
- b. Sinode van 2007, bl. 347, pt. 4.6

4.5. Beskrywingspunt van die Ring van Middelburg: Doop van skoolgaande kinders

Die sinode versoek die KKCE om aan die gemeentes leiding te gee oor die volgende:

- i. Mag ongedoopte kinders, wat reeds verbondsonderig ontvang, gedoop word of moet hulle wag tot ná belydenisaflegging?
- ii. Mag iemand anders in die plek van die verbondsoers (bv. grootouers) die doopbelofte aflê?

AANBEVELINGS

4.5.1 Die Sinode aanvaar dat dit die bedoeling van die Ring van Middelburg is dat die KKCE 'n voorgestelde advies aan die ring formuleer en dit aan hierdie Sinode vir keuring voorlê.

4.5.2 Die Sinode besluit dat

4.5.2.1 ongedoopte kinders van watter ouderdom ook al, wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, op versoek van die ouers wat lidmate is, ná 'n doopgesprek, gedoop mag word. Die formulier vir die kinderdoop moet gebruik word;

4.5.2.2 indien daar egter by die kind openlike verset teen enige punt van die belydenis van die kerk is, mag die kind nie gedoop word nie, maar moet hy of sy verder verbondsonderig ontvang;

4.5.2.3 die kind ook nie gedoop mag word indien hy of sy 'n afstootlike lewenswandel het nie;

4.5.2.4 indien albei ouers onder sensuur is, mag die doop van hulle kind nie toegestaan word nie; sou een ouer nie onder sensuur wees nie, word die doop toegelaat en mag net daardie ouer by die doop die vrae van die formulier vir die doop van kinders beantwoord;

4.5.2.5 sodanige doop net aangevra kan word deur die wettige ouers (biologies of deur aanneming) van die kind, of deur een van daardie ouers; en

4.5.2.6 plaaslike kerke nie ongedoopte kinders mag doop wanneer die ouers skuldig staan aan die sake wat in punte 2.12 en 2.13 hieronder genoem is nie.

Motivering**1. Ten opsigte van punt i van die beswaarskrif**

Die ingediende beskrywingspunt vra net dat die Sinode dit moet goedkeur dat die KKCE aan die ring advies oor die doop gee. Die versoek om goedkeuring van die Sinode, is nie nodig nie, omdat die KKCE dit in elk geval kon doen, met verslag aan die Sinode 2010. Die letterlike beskrywingspunt van die ring sou impliseer dat die saak eers deur 'n volgende sinode gefinaliseer kan word. Die KKCE oordeel egter dat die saak so belangrik is dat ooreenkomstig die vermoedelike bedoeling van die ring gerapporteer word.

2. Ten opsigte van punt ii van die beswaarskrif

2.1 Dit is 'n gebruik in sekere kerke in die gereformeerde kerkfamilie dat ongedoopte kinders van skoolgaande ouderdom nie gedoop word nie, maar eers wanneer hulle belydenis van geloof doen, die volwasse doop ondergaan.

2.2 Ons doop babas nie omdat ons veronderstel dat hulle wedergebore is nie, maar omdat hulle bondelinge is. 'n Kind van 'n gelowige is deel van die verbond, sonder dat hy daarvoor gekies het en ongeag sy ouderdom.

2.3 Die KKCE oordeel dat gemelde gebruik nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie. Daar word in die gereformeerde kerkfamilie algemeen aanvaar dat toe volwassenes in die tyd van die Nuwe Testament tot bekering gekom het en so 'n volwassene *en sy huis* (insluitende die dienaars van die bekeerde) gedoop is, daar ook babas en kleuters onder die kinders moes wees. Dit is juis een van die redes waarom die kinderdoop gehandhaaf word. Daar sou in die Nuwe-Testamentiese tyd noodwendig ook kinders tussen die ouderdom van 6 en 15 jaar gewees het wat gedoop is.

2.4 'n Engel sê in Handeling 2:39 dat Petrus woorde tot heidene sal spreek waardeur God die heiden *en sy huis* sal bekeer. Die logiese uitvloeisel daarvan is dat die bekeerdes en hulle huis dan gedoop sou word. Toe Lidia tot bekering kom, is sy en haar huis gedoop (Hand. 16:15). So ook in die geval van die tronkbewaarder – hy en *al sy mense* is daardie nag gedoop (Hand. 16:33).

2.5 'n Bekeerde mens word gedoop omdat hy in die verbond opgeneem is. Dan word sy kinders wat later gebore word, gedoop omdat hulle by God se verbond met die ouers behoort. Maar dit geld ook vir al die kinders van 'n persoon wat, nadat sy kinders al laer- en hoërskoolouderdom bereik het, tot bekering kom en hy by die kerk lidmaat word.

2.6 Een van die opstellers van die Heidelbergse Kategismus, Ursinus, sê in sy verklaring van Sondag 27 dat mense wie se belydenis nie met dié van die gemeente ooreenstem nie, nie gedoop mag word nie. Maar as 'n mens 'n dissipel van Christus is, moet hy ook gedoop word [KKCE: en dit kan 'n kind tussen 6 en 15 ook wees]. Op bladsy 53 (SCHATBOEK) stel Ursinus dit dat die kinders wat saam met hulle gelowige ouers by 'n gemeente inskakel, daarmee ook lidmaatskap van die kerk verkry en gedoop moet word. Die doop behoort aan almal wat in die verbond en in die gemeente opgeneem word. Op bladsy 55 stel Ursinus dit so: *Daarom wil God niet dat iemand bij de Kerk gereken wordt, die niet door het sakrament, dat daartoe ingesteld is, aangenomen en onderscheiden wordt van alle anderen die niet tot Gods verbond en Christus' school behoren.* Met ander woorde: As 'n persoon as lidmaat van die kerk aanvaar is, en hy is nie gedoop nie, *moet* hy gedoop word. Dit geld vir beide volwassenes en kinders wat nie gedoop is nie.

2.7 Gelowiges se kinders is volgens die klassieke doopformulier *in Christus geheilig*. JG Feenstra kom in ONZE GELOOFSBELIDENIS op bladsy 381 tot die gevolgtrekking dat die frase nie wys op 'n inwendige reinheid nie, maar wel daarop dat gelowiges se kinders deur hulle geboorte uit Christen-ouers, aan God toegewy is, afgeskeie is van ander godsdienste, toegelaat is tot die gemeenskap van die kerk en deur Christus onder die seën van die genadeverbond van God gestel is. Juis daarom moet kinders gedoop word. (KKCE: Na ons oordeel geld dit ook vir ongedoopte groter kinders.)

2.8 WH Gispen stel dit so dat die kinders van gelowiges afgesonder is van die ongelowige wêreld en toegewyd is in die diens van God. Die doop getuig daarvan. Iemand anders sien dit so: Die kinders van gelowige ouers verkeer op die terrein van die genade.

2.9 Die KKCE neem die standpunt in dat ouers wat onder sensuur is, nie 'n lewe voer wat getuig van verantwoordelik-

heid voor en gehoorsaamheid aan God nie. Hulle betoon hulself nie as gelowiges wat 'n gelofte aan die Here kan aflê dat hulle hul kind in die vrees van die Here sal opvoed en lei nie. Daarom kan hulle nie 'n ongedoopte kind van watter ouderdom ook al ten doop hou nie. Objektiviteitshalwe haal ons aan wat Calvyn sou gestel het volgens Pont in DIE HISTORIESE AGTERGRONDE VAN ONS KERKLIKE REG: *Die kinders van ouers wat onder sensuur is, mag wel gedoop word, maar dan moet die doopgetuies die doopbelofte aflê en die verantwoordelikheid aanvaar dat die kinders reg opgevoed word. Indien die ouers na boete en berou weer volle lede is, neem hulle vanselfsprekend dié verantwoordelikheid weer op hulle.* Die probleem is tweërlei van aard: Eerstens kan kinders wat in die sorg van voogde is (bv. van die oupa en ouma) enige tyd wettiglik van die voogde verwyder word. Dan verkeer hulle weer in die sorg van hul biologiese ouer(s) wat nie die doopgeloftes aan God afgelê het nie. Tweedens kan die voogde deur die verwydering van die kind in 'n posisie gestel word waar dit vir hulle prakties onmoontlik is om hulle doopgelofte ten opsigte van daardie kind na te kom.

2.10 In die kerkgeskiedenis was daar ook standpunte wat ons nie kan aanvaar nie, soos dat die kind van onverskillige ouers wel gedoop mag word, solank die ouers net daarvoor vermaan is.

2.11 Die KKCE staan dit voor dat aanneemouers wel hul wettiglik aangenome kinders kan laat doop.

2.12 Die KKCE wys op verkeerde motiewe en standpunte wat mag bestaan by ouers wat hul ongedoopte kinders wat al laer- en wat al hoërskool-ouderdomme bereik het, wil laat doop:

2.12.1 *Die ouers glo dat babas nie gedoop mag word nie.* [Gesinne wat gedoop is: Cornelius en sy huis (Hand. 11:14); die tronkbewaarder en sy huis (Hand. 16:15); en Stéfanus en sy huis (1 Kor. 1:16).]

2.12.2 *Die kind moet self al die vrae kan verstaan.* [Dit is tog die ouer wat die geloftes doen en nie die baba nie.]

2.12.3 *Die kind sal verlore gaan as hy nie gedoop is nie en dalk sterf voor hy belydenis aflê.*

[Die doop red die mens nie, maar is 'n teken van die ingelyf-wees in God se verbond met ons. Die Here Jesus sê dat die koninkryk aan hulle wat soos die klein kindertjies is, behoort (Mt. 19:13-15), dit wil sê ongeag of die kind al gedoop is of nie. Redding gaan ten diepste om wedergeboorte en nie om die doop nie. Paulus was al gered voordat hy gedoop is! Hy is gered op die pad na Damaskus en is eers daarna gedoop.]

2.12.4 *Die doop bewerkstellig wedergeboorte.* [Dit is gewoon nie waar nie. Die Heilige Gees bewerkstellig wedergeboorte, en in die geval van 'n uitverkore baba weet hy nog nie eers daarvan nie.]

2.12.5 *Die kind moet eers gedoop word as hy volwasse in die geloof is.*

[Dit was nie die geval by die seuntjies wat in die Ou-Testamentiese tyd op die agtste dag besny is nie. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom. Daarom geld dieselfde hier. Bowendien: Belydende lidmate word voortdurend aangemoedig om meer volwasse in die geloof te word. Vol-kome volwassenheid het ons in hierdie lewe net in Jesus Christus.]

2.13 Daar bestaan die gevaar dat indien die kerk toelaat dat ouers hulle kinders kan laat doop op laer- of hoërskool-ouderdom, dit kan gebeur dat ouers hul kinders opsetlik op grond van 'n miskenning van die verbond nie laat doop terwyl hulle babas is nie, en dan hulle kinders eers laat doop as hulle ouer is en self kan verstaan.

2.14 Die plaaslike kerk sal bedag moet wees op die gevare wat in punte 2.12 en 2.13 genoem is.

1. TEN SLOTTE

Seën en wysheid word die Sinode toegebid in sy besluit oor hierdie saak.

4.6 Beswaarskrif van die Ring van Lichtenburg: Teen huidige Afrikaanse vertaling van die ses Gereformeerde Belydenisskrifte

Die sinode besluit om:

Aan die KKCE en KFL opdrag te gee om – met in ag neming van alle tersaaklike sinodebesluite wat sedert AP kerkstigting op 27 Junie 1987 geneem is en alle studiestukke in verband met die bewoording en Afrikaanse vertalings van ons ses gereformeerde belydenisskrifte [t.w. Twaalf Artikels (Apostolicum), Geloofsbelydenis van Nicéa, Geloofsbelydenis van Athanasius, Nederlandse Geloofsbelydenis (NGb.), Dordtse Leerreëls (DL) en die Heidelbergse Kategismus (HK)] wat reeds voor verskeie sinodes gedien het

i. opnuut ernstig en in diepte te besin oor die huidige Afrikaanse vertaling van al ses die gereformeerde belydenisskrifte soos vervat in die EREDIENSBOEK VIR DIE AP KERK (2006) met verslag aan die volgende sinodes;

ii. waar nodig taalkundiges te koöpteer om hiermee behulpzaam te wees sodat die bedoeling van die oorspronklike Franse en Latynse opstellers ondubbelsinnig in hedendaagse Afrikaans weergegee kan word.

Motivering

1. Die drie ekumeniese belydenisskrifte word deur die meeste Christelike kerke aanvaar as uitdrukking van hul gemeenskaplike geloof.

2. Daar bestaan tans meer as een Afrikaanse weergawe of vertaling van die ekumeniese belydenisskrifte wat op kardinale punte verskil en wat moontlike verwarring of mis-verstande onder Christusvolgelingen kan veroorsaak.

3. Die Sinode het reeds tydens sy eerste sitting in 1987 soos volg ten opsigte van die belydenisskrifte besluit: *Die Sinode besef dat belydenisskrifte deur mense opgestel is en dat formuleringe voortdurend bestudeer en geïnterpreteer moet word in die lig van God se Woord* (Kyk HANDELINGE 1987, bl. 48 pt. 70A 2.1).

4. Op verskeie sinodes is beskrywingspunte ingedien oor die herformulering van sommige bepalinge (bv. in die Twaalf Artikels). Ten spyte daarvan dat dit telkens afgewys of verwerp is, is daar nie eenstemmigheid of kalmte hieroor in ons kerkverband nie en bestaan daar steeds by baie lidmate en predikante onsekerheid oor die presiese bedoeling van sommige (argaiëse) frases/uitdrukkings, soos bv.:

4.1 In die vierde artikel van die Apostolicum behoort die leestekens (komma en of kommapunt) te verskuif sodat dit sal lui: ... *wat gely het, onder Pontius Pilatus gekruisig, gestorwe en begrawe is* ... Soos dit tans daar staan, klink dit regtig asof Jesus Christus slegs onder (d.w.s. in die tyd van) die wêreldlike regter Pontius Pilatus gely het, terwyl Jesus Christus na regte die ganse tyd van sy aardse lewe (33 jaar daarvan) gely het. Weliswaar verduidelik die Heidelbergse Kategismus dit korrek. Die lidmate wat die belydenis gelowig nasê asook diegene wat daarna (as ons getuïenis) luister, is egter glad nie bewus van al die dogmenhistoriese gegewens en verduidelikings van die HK nie. (Soos wat uitvoerig deur die KKCE onder voorsitterskap van prof. JC Lombard betoog is in hul lywige verslag wat in die SAKELYS VIR DIE TIENDE SINODE op bl. 215-232 opgeneem is).

4.2 Die uitdrukking *ter helle neergedaal* (aan die einde van Art. 4 in die Apostolicum) is regtig argaïes! Dit moet beslis hervertaal en/of met 'n voetnota verduidelik word – soos wat die Gereformeerde Kerke in SA (GKSA) doen.

4.3 Art. 11 in die Apostolicum wat tans lui: *Die wederopstanding van die vlees*. Glo ons dit werklik? Is dit nie vatbaar vir die leerdwaling dat daar (eendag) twee opstandings gaan plaasvind nie? Moet dit nie eerder lui: *Ek glo aan die opstanding van die vlees* (of beter nog: *liggaam*) nie?

4.4 In die Niceense belydenis (325 n.C.) kan die stelling: *wie se ryk geen einde sal hê nie* omdat dit aan die einde van 'n lang frase voorkom, bloot op die gehoor af maklik verkeerd verstaan word asof die dode se ryk geen einde sal hê nie. Daarom het die GKSA dit in 2003 ophelderend soos volg geformuleer: *Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie* (Kyk PSALMBOEK 2003 bl. 2 van rubriek: *Belydenisskrifte*).

5. Dit is noodsaaklik dat ons in die huidige postmoderne tyd waarin alles gerelativeer en ou gevestigde Skrifwaarhede bevreemte word, ondubbelsinnig en baie eksplisiet-duidelik ons getuigenis as AP Kerk moet laat hoor.

6. Dis nie duidelik of die AP Kerk reeds finale besluite oor die formulering en/of vertaling van die belydenisskrifte geneem het nie.

7. Die Sinode van 1995 (HANDELINGE bl. 238, pt. 4.6.1) het eenvoudig net te maklik teen die gebruik van verduidelikende voetnotas by die belydenisskrifte besluit – sonder dat die voordele daarvan behoorlik beredeneer is en sonder dat kennis van revisie gegee is oor die besluit wat in 1990 (HANDELINGE bl. 489, pt. 3.1.1) geneem is, nl.

(a) *Die Sinode besluit dat die huidige bewoording behou word.*

(b) *Die Sinode besluit dat 'n voetnota toegevoeg word: Dit beteken dat Hy helse smarte gely het en nie dat Hy letterlik in die hel was nie (Vergelyk Heidelbergse Kategismus Sondag 16. Vraag en antwoord 44; die Geloofsbelydenis van Nicea).*

8. Daar is blykbaar nog niks gedoen t.o.v. die sinodebesluit geneem op 9 September 2004 tydens die Elfde Sinode rakende 'n opdrag aan die teologiese dosente om 'n kommissie uit hulle geledere aan te wys om saam met moontlike kommissies uit die geledere van die GKSA, NHK en NGK te poog om hierdie gedeelte van die Twaalf Artikels (nl. Artikel 4 wat handel oor die neerdaling ter helle) presies eenders te formuleer sodat ons nie variasies in die algemene belydenisskrifte oor hierdie saak sal hê nie ... ens. (Vgl. HANDELINGE 11DE SINODE bl. 408. Voorstel goedgekeur net ná pt. 4.4.2.3).

9. Dit is o.m. deel van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) se lasgewing om *uitvoerige navorsing te doen en aanbevelings aan die sinode te doen n.a.v. beskrywingspunte, briewe, besluite van sinodes en ander dokumente wat betrekking het op die belydenisskrifte (ens.) ... wat op 'n kerkordelike wyse na die Kommissie verwys is* (Kyk Lasgewing op bl. 157, KERKORDE 2008.)

10. Dit is deel van die Kommissie vir Formuliere en Liturgie se lasgewing om sorg te dra vir die opstel van 'n EREDIENSBOEK. (Kyk Lasgewing op bl. 154, KERKORDE 2008.)

11. Les bes: 'n Belydenisskrif behoort mos dadelik (op sig- en hoorwaarde) vir die leser en/of hoorder daarvan klinkklaar duidelik te wees – sonder dat dit nodig hoef te wees om moontlike misverstande wat by lidmate kan bestaan met verdere verduideliking, voorligting of pastorale liefde te hanteer (aldus prof. JC Lombard SAKELYS 10DE SINODE 2001 bl. 231 pt. 3).

AANBEVELING

4.6.1 Die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beswaarskrif word ingedien sonder dat enige konkrete besware vermeld word en dat motivering vir elkeen gegee word. Verder word versoek dat die KKCE en KFL aan 'n vertaling aandag sal gee, slegs ten opsigte van vier frases word in die *motivering* besware en voorstelle gedoen in plaas van in die voorstel.

'n Beswaarskrif teen die huidige vertaling van ons belydenisskrifte moet aandui waar die bewoording van die belydenis, soos alreeds deur die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband vertaal, aangepas en verbeter kan word. Sodoende kan die Sinode 'n sinvolle besluit oor spesifieke vertalings van die huidige teks neem. Die sake in 4.1 en 4.2 word elders hanteer.

4.7 Beswaarskrif van mnr. MF Kruger, lidmaat van die Afrikaanse Protestantse Kerk Waterberg: Ter helle neergedaal.

Daar word beswaar gemaak teen die sinodebesluite van 1989, bl. 461 pt. 93:

1. *Hierdie hele saak (die bewoording neergedaal ter helle) word terugverwys na die PKK en vir volledige bestudering ...*

en die sinodebesluit 1990, bl. 489 pt. 3.1.1:

Die Sinode besluit dat die huidige bewoording behou word.

2. *Die Sinode besluit dat 'n voetnota toegevoeg word: Dit beteken dat Hy helse smarte gely het en nie dat Hy letterlik in die hel was nie.*

3. Nuwe voorstel: Daar word voorgestel dat daar slegs van die belydenis van Nicéa gebruik gemaak word totdat meer van die ander gereformeerde kerke besluit oor die weglating/verandering van die woorde: *ter helle neergedaal*.

OF

dat die Apostoliese Geloofsbelydenis herformuleer word om te lees:

... gebore uit die maagd Maria, helse smarte gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode ...

OF

dat die Apostoliese Geloofsbelydenis herformuleer word in lyn met die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika: *... wat gely het onder Pontius Pilatus, die angste van die hel ondergaan het ...*

2. Motivering

4.1 Bylae: "Ter Helle Neergedaal"

4.2. Handeling van die 47ste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. 10 Januarie 2000. [21.3 Rapport Deputate Belydenisskrifte (Art. 62.215.241)] waaronder die volgende punte beredeneer word:

bl. 420 pt. 2.3: Reformatiese Herinterpretasie

bl. 420 pt. 2.4: Enkele Interpretasie van die 19de en 20ste eeu.

bl. 421 pt. 2.5: Hantering van die probleem deur verskillende Gereformeerde Kerke, onder andere *In die familie van die Baptiste en Presbiteriaanse Kerke in die VSA is die neiging al hoe meer om die descensus eenvoudig weg te laat ...*

bl. 421 pt. 2.6: *... die misverstand wat by baie lidmate oor die woorde: en neergedaal het na die hel, is Skriftuurlik en dogmaties onhoudbaar en moet daarom voorkom word.*

4.3. Om 'n voetnota by die formulering by te voeg soos by die staande besluit, hou nie water nie, want die Aposolicum word gereeld gebruik, maar die voetnota nooit gelees nie.

BYLAE

Ter helle neergedaal

Ons baseer ons geloof op wat ons in glo, die Bybel, en daarop baseer ons ons geloofsbelydenis. Ons moet egter versigtig wees dat ons nie blindelings 'n standpunt inneem in wat ons sê ons glo nie, maar dat wat ons sê – *Dit is my geloof*, waarlik getoets kan word in die onfeilbare woord van God, die Bybel.

Die geloofsbelydenis van NICEA, opgestel in 325 n.C., verskil van Die Twaalf Artikels en die geloofsbelydenis van Athenásius in 'n baie belangrike opsig, *ter helle neergedaal* kom nie in die geloofsbelydenis van NICEA voor nie, maar wel in die ander twee. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat laasgenoemde twee veel later opgestel was as NICEA.

Wat gebeur het in die tyd tussen NICEA en die ander twee, is die verskyning van die Apokriewe boek. Die evangelie van Nikodemus (Bylae A) wat na bewering tussen 450 en 550 n.C. geskryf is, wat Jesus Christus se sogenaamde neerdaal na die doderyk breedvoerig beskryf het en wat baie aanhang by die Christene van daardie tye geniet het. Dié aanname word ondersteun in Bylae B pt. 2.16.8 reëls 9-10 wat lees: *Hieruit kan ons aflei dat die artikel (in die Twaalf Artikels) nie dadelik nie, maar eers later ingevoeg is.* Lees ook Bylae C, bl. 217, pt. 3.4.2.2. Motivering nr. 3 in dieselfde gedeelte van Bylae C onder motivering nr. 2, staan daar, *daarom moes Hy met die leërske van die hel en die verskrikking van die ewige dood in stryd, handgemeen raak.* Sê wie? Nie die Bybel nie! Die Bybel sê immers dat die Here Jesus se laaste woorde aan die kruis *Dit is volbring.* Bedoelende dat sy stryd met die duivel afgehandel was en dat dit volledig was (Joh. 19:28, 30). Dié opvatting of aanname dat die Here Jesus ter helle neergedaal het, moet egter deur alle ware Christene verwerp word, want eerstens was Hy sonder sonde en om te sê dat Hy in die hel saam met die Satan sou verkeer, is 'n dwaling. Tweedens het die Here Jesus vir die misdadiger aan die kruis gesê *vandag sal jy saam met My in die paradys wees* (Lk. 23:43).

Ons lees ook in Lukas 24:25-26: *en Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie?* Ek lees dit, dat ná sy lyding (voor sy dood) het Hy ingegaan in sy heerlijkheid. Is sy heerlijkheid nou die hel?

Dit moet dus uit bogenoemde baie duidelik wees dat as ons Sondag vir Sondag klakkeloos bely *ter helle neergedaal het*, ons eintlik kwoteer uit die apokriewe boek, Die Evangelie van Nikodemus en dat dit geen Bybelse gronde het nie. Om te beweer dat *ter helle neergedaal het*, verwys na helse pyne en smarte, hou nie water nie, want ons het alreeds bely *wat gely het onder Pontius Pilatus* en ook kronologies is dit verkeerd (1. gekruisig; 2. gestorwe; 3. begrawe; 4. ter helle neergedaal het – vgl. Bylae B, 2.16.7 en 2.16.8). So, daar is geen manier wat ons kan sê dat die *ter helle neergedaal* voor die dood van Jesus gebeur het en dus moontlik kan verwys na pyne en smarte nie. Dit is ook vërgesog om te beweer dat die opstellers van die Twaalf Artikels een ding sou skryf en totaal anders bedoel het. Hierdie is 'n baie belangrike punt – daar moet allereers rekening gehou word met wat die opstellers van die Twaalf Artikels bedoel het met die stelling *ter helle neergedaal/neergedaal het na die hel*. Hulle sou tog nie een ding sê en iets anders bedoel het nie. Dan sou hulle iets anders gesê het. Dit is tog logies!

3. Ons handhaaf nie die tug nie, want almal, die bedienaar van die Woord, die ouderlinge, wat moet waak oor die suiwer woordverkondiging, ook die gemeente, aanvaar die sonde (om vir God te lieg) gelate en daar word geen tug toegepas nie.

Onthou net altyd – wat sê die mens en wat sê God? Ons mag nooit wat die mens sê, meer aanhang as wat God in sy Woord sê nie. Nie eers die Twaalf Artikels nie, as dit nie uit die Bybel kom nie. Om te sien hoe vër die mens gaan om dit te regverdig, kan 'n mens net kyk na Bylae C, bl. 221, pt. 4.15.3.3 en ek haal aan *wat niemand ontken nie, is die feit dat Christus ná sy dood wel in die deel van die doderyk was wat Hyself in sy Woord aan die misdadiger aan die kruis, paradys genoem het.* Die hel word nou paradys, net om die mens te pas! As 'n mens deurgaans die gedeelte van Bylae C wat gaan oor die beskrywingspunt *ter helle neergedaal het*, lees, dan tref dit 'n mens dat al die standpunte is om gelykvormig met wat ander mense sê, te wees en nie uit die Bybel bewys word nie. Net omdat die Twaalf Artikels deur die eeue so bely is, maak dit tog nie daarvan Heilige Skrif nie.

In DIE BOODSKAPPER van April 2007 op bl. 11 is 'n artikel oor die evangelie volgens Judas waarin dr. CH Landman soos volg skryf: *Die evangelie van Judas is 'n gnostiese geskrif en verder volgens Judas was Jesus God se gestuurde, se afgesant (Emissary) uit die geestelike dimensie, wat gekom het om ons in te lig oor wie ons is, oor ons bestemming, ens.* Is dit dieselfde gnostiese siening dat die Here Jesus sy oorwinning oor die sonde in die hel kamstig moes gaan verkondig? Die Evangelie van Judas was nie die enigste gnostiese geskrif nie. Ek aanvaar dat ook die Evangelie volgens Nikodemus ook so 'n geskrif was en moet met dieselfde minagting as Judas deur ons verwerp word.

Daar kan slegs twee oplossings wees om ons saak voor God reg te stel. Die Twaalf Artikels moet verander word om bv. te lees *wat gekruisig is, selfs deur God verlaat is, gesterf het en begrawe is, wat op die derde dag weer opgestaan het, ensovoorts en/of daar moet ons ons voor God verootmoedig deur ernstig te bid: Vader vergeef ons, want ons weet nie wat ons doen nie, Amen.*

AANBEVELINGS

4.7.1 Die beswaarskrif is ontvanklik.

4.7.2 Daar word nie gevolg gegee aan die beswaar nie.

4.7.3 Die sinsnede *ter helle neergedaal* word verander na:

Huidige bewoording

... gekruisig, gestorwe en begrawe is, en ter helle neergedaal het ...

Nuwe bewoording

... gekruisig, gestorwe en begrawe is, en veral aan die kruis my deur sy onuitspreeklike helse lyding van helse benoudheid en pyn verlos het; ...

Motivering

1. Die motivering van die beswaarde is onduidelik.

1.1. Die motivering van die beswaarde was onleesbaar.

1.2. Die aangebode motivering dat ... *die misverstand wat by baie lidmate oor die woorde: "en neergedaal het na die hel" is Skriftuurlik en dogmaties onhoudbaar en moet daarom voorkom word*, hou die leemte in dat nie gesê word wat die misverstand is nie. Geen lidmaat behoort dit mis te verstaan nie, aangesien die HK (een van die belydenisskrifte) verklaar wat dit beteken. Desnieteenstaande word hierdie motivering deur die KKCE as geldig beskou.

2. Die motivering dat 'n voetnota nie voldoende sal wees nie, omdat dit nie onder die diens met die voorlees van die Twaalf Artikels ook voorgelees word nie, is 'n argument wat waterdig is. Daarom beveel die KKCE nie 'n voetnota aan nie.

3. Die KKCE vestig die aandag op vier uitlegte van 1 Petr. 3:18-20. Die verse lui:

Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenes, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is ...

4. Roomse uitleggers en Luther verstaan die teks so dat Christus ná sy dood letterlik na die plek wat "hel" genoem word, gegaan het en vir die geeste daar gepreek het. Gereformeerdes deel nie hierdie uitleg nie.

5. In die tweede plek stel ons die advies van prof. GDS Smit:

Probleemstelling

'n Vraag wat al by baie gelowiges opgekom het en seker al baie debatte in kerke uitgelok het, is die vraag: Wat beteken dit as die Twaalf Artikels leer dat Christus *ter helle neergedaal het*?

Sommige vertalings probeer die probleem oplos deur die sinsnede te vertaal met: *Hy het helse smart gely*. Ander wil daaronder verstaan dat Christus van God verlate was. Die woorde "ter helle neergedaal" behoort teen die agtergrond van die antieke mense se wêreldbeeld verstaan te word. Sodoende vorm ons 'n beter beeld van wat die sinsnede waarskynlik eerder beteken.

Die tradisionele verklaring

In een van die belydenisskrifte van die reformatoriese kerke, naamlik die Heidelbergse Kategismus, word in vraag 44 gehandel oor die sinsnede *ter helle neergedaal*. Volgens hierdie belydenisskrif moet ons verstaan dat die sinsnede *ter helle neergedaal* bedoel dat Christus *onuitspreeklike ang, smarte en verskrikkinge deur sy hele lewe gely het en veral aan die kruis en dat Hy ons van die helse ang en pyne verlos*. Die Heidelbergse Kategismus ondersteun die opvatting dat die frase *ter helle neergedaal* figuurlik verstaan behoort te word.

Die wêreldbeeld van die antieke mense

Ons moet beseft dat die Twaalf Artikels ontstaan het in 'n tyd toe die leefwêreld van die destydse gelowiges baie anders daar uitgesien het as wat ons moderne mense dit verstaan. Op daardie stadium het die mense nog geglo dat die aarde plat is en op pilare staan. 'n Ander saak wat hierby betrekking het is die verklaring van 1 Petr. 3:18-19 *Want Christus het ook een maal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring — Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in Wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis*. (Kyk ook die figuur hieronder.

FIGURE 1
The Cosmos of Genesis 1



Uit: Gottwald, NK. THE HEBREW BIBLE: A SOCIO-LITERARY INTRODUCTION

Die bostaande figuur skets die wêreldbeeld van die antieke mense. Die antieke mense het geglo dat die hemel van die aarde geskei word "met 'n getemperde plaat" (uitspansel). Die uitspansel het sluise wat hulle die "sluise van die hemel" genoem het. Indien dit reën, het hulle geglo dat God die "sluise van die hemel" oopgesluit het. Die aarde was volgens hulle plat en was op pilare gegrondves. Onder die aarde was die doderyk, die plek waarheen alle verlore siele gaan. Dit was deur die Jode "sheol" genoem, en deur die Grieke "hades". By die Jode het die opvatting bestaan dat alle mense (goeies en slegtes) *sheol* (hel) toe gaan, en dat die mense wat goed geleef het in die *sheol* verkeer in afwagting op die koms van die Messias. Die Jode het geglo dat die Messias sou neerdaal na die hel om die regverdiges wat "gevangenes was van die doderyk" los te koop deur vir

die geeste in die gevangenis te gaan preek sodat hulle tot bekering kom. So gaan hulle dan oor van die hel na die hemel.

Ter helle neergedaal deur die oë van die antieke mense

Die antieke mense het dus 'n ander idee gehad oor die koms van die Messias as wat die moderne mens se opvatting oor die saak is. Wanneer Petrus in 1 Petr. 3:18-19 oor Christus se neerdaling na die hel praat, wil hy hê dat sy lesers moet verstaan dat die Here Jesus wat aan die kruis gesterf het, die Messias is. Vir die antieke mense was kruisiging 'n groot vernedering gewees, maar vir Petrus word Christus se sterwe nou die deurgang na die doderyk. Daar verkeer Hy vir drie dae met die doel om "die geeste in die gevangenis" (1 Petr. 3:18-19) vry te koop uit die mag van die doderyk. Petrus wil hê dat die lesers moet raaksien dat Christus ter helle neergedaal het soos wat die Joodse verwagting van die Messias was. Volgens Petrus was daar vir die Jode gevolglik geen rede om te twyfel dat Jesus Christus die Messias was nie.

Het die Here Jesus dan letterlik neergedaal na die hel?

Op hierdie stadium moet dit nou duidelik wees dat die sinsnede *ter helle neergedaal* eerder verstaan moet word teen die agtergrond van die antieke mens se wêreldbeeld. Die Here Jesus het nie letterlik neergedaal na die hel nie, maar het volgens die vroeë Christene figuurlik "gaan preek vir die gevangenes in die doderyk". Daaronder het hulle verstaan dat Hy werklik die Messias was.

Ten slotte

Sommige vertalers probeer die moeilike frase *ter helle neergedaal* versag deur te meen dat dit verstaan moet word asof Christus "helse smart gely het" of "van God verlate was". Alhoewel hierdie opvatting nie in stryd is met die vroeg-Christelike kerk se idee oor Christus se kruisdood nie, is dit waarskynlik nie die bedoeling van die sinsnede *ter helle neergedaal* in die Twaalf Artikels nie. Die bedoeling is veel eerder op die terrein van die Joodse opvatting dat die Messias moes gaan preek vir die geeste in die gevangenis van die doderyk. Die sinsnede *ter helle neergedaal* moet liefies nie versagter verstaan word nie, en ook liefies nie figuurlik nie. Indien ons dit verstaan teen die agtergrond van die antieke mense, is dit nie baie moeilik om in te sien nie dat die sinsnede *ter helle neergedaal* bedoel dat die Here Jesus sy taak as Messias volgens Joodse opvatting uitgevoer het en die verlore gered het.

PROF. DR. GDS SMIT

Die KKCE aanvaar dat die antieke mense so 'n verkeerde begrip kon hê dat die Messias vir geeste in die gevangenis sou gaan preek. Ons moet egter onthou, dat alhoewel daar meer sake was wat die Joodse volk verkeerd verstaan het, die Heilige Gees wat die Bybelskrywers geïnspireer het, nooit verkeerde openbaringe ingegee het nie.

6. Dertens stel ons die uitleg van *vele gereformeerde uitleggers* aldus Greijdanus: Hulle eksegeese kom op die volgende neer: *Christus het in die Heilige Gees ook heengegaan en gepreek vir die mense wat in Noag se tyd ongehoorsaam was*.

Met ander woorde: Petrus sê nie dat Jesus Christus ná sy dood na die onderwêreld was en daar vir die gereddenes wat in *hades* verkeer totdat die Messias hulle kom uithaal, gepreek het nie. So 'n uitleg sou ook in stryd wees met die woorde van die Here Jesus aan die booswig aan die kruis: *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees*.

Wat Petrus onder inspirasie van die Heilige Gees hier sê, is dat die Here Jesus lewend gemaak is deur dieselfde Gees in Wie, of deur Wie, Hy reeds in Noag se tyd met die ongelowiges rondom Noag gepraat het. Ons kan aanvaar dat die bedoeling is dat die Gees deur Noag gespreek het toe hy die mense van sy tyd tot bekering geroep het. Nou sê die teks dat die Here Jesus toe reeds deur die Gees gespreek het.

Die vraag bly oor: Waarom word dan gepraat van die *geeste in die gevangenis*? Die uitleggers verklaar dit so: Die Gees het in Noag se tyd met die mense wat toe geleef het, gepraat. Op die oomblik wat Petrus egter daarvan skrywe, is daardie mense lankal dood en is hulle geeste in die gevangenis van die verlorene. Daarom noem hy hulle nou so.

Greijdanus gee 'n ander uitleg (die vierde een wat die KKCE voorhou).

7. Greijdanus se probleem met die vorige verklaring is dat die woord "geeste" gebruik word en nie die "dode" soos in vers 6 nie. Hy verstaan dit so dat die verse praat van Christus se optrede ná sy opstanding. Dan sien hy dit so dat Christus se hemelvaart as 't ware 'n preek is vir diegene wat Hom verwerp het. Sy triomftog na die hemel staan teenoor die ongeloof van mense, ook teenoor die ongeloof van die mense in Noag se tyd wat nie wou glo dat die watervloed sou kom nie.

8. Daar is dus ook onder gereformeerdes verskil in uitleg. Vir die KKCE lyk dit of 'n kombinasie van die laaste twee uitlegte (punte 6 en 7) korrek is. In elk geval is ons almal eenstemmig daaroor dat die woorde *ter helle neergedaal het* nie beteken dat die Here Jesus ná sy dood na die hel is en daar vir geeste van verlorene gaan preek het nie – in hierdie opsig is die beswaarskrif reg.

9. Wat met die woorde *neergedaal het na die hel* of *ter helle neergedaal het* bedoel word, was nog nooit vir die gereformeerdes sedert die Sinode van Dordt 1618/19 onseker nie. Die uitleg van die frase word in die Heidelbergse Kategismus (een van ons Drie Formuliere van Eenheid) uiteengesit. Of die woorde van die Twaalf Artikels vertaal is met *neergedaal het na die hel* óf met *ter helle neergedaal het* is irrelevant, want in Sondag 16, Antwoord 44 bely ons nog al die jare dat dit beteken:

Dat ek in my swaarste aanvegtinge versekerd kan wees en myself kan vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyding, maar veral aan die kruis, versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.

10. Dit is waar dat, objektief gesproke, die woorde *neergedaal het na die hel* of *ter helle neergedaal het* verstaan kan word as sou die Here Jesus ná sy sterwe aan die kruis, na die hel was – dit wil sê as jy nie jou Kategismus ken nie. Buitestanders mag dit ook so verkeerd verstaan. Daarom het dit sin dat 'n formulering gedoen word wat die wese van die belydenis onteenseglik verwoord.

In die verlede is die versoek dat die frase verander word, deur ons sinodes verwerp, hoofsaaklik omdat die Twaalf Artikels 'n algemene (wêreldwye) belydenis is wat deur die meeste Christelike kerke bely word. Daarom is gevoel dat die AP Kerk nie die belydenis kan verander nie – dit sou ons belydenis anders maak as die van die ander kerke in die gereformeerde kerkfamilie.

Die gedagte was dat veral die Afrikaanse protestants-gereformeerde kerke tesame 'n nuwe bewoording daarstel. Aangesien die NGK en die GKSA intussen egter elk 'n eie

formulering gemaak het en dit van mekaar verskil, het ons nou nie meer dieselfde bewoording nie (in die NGK word bely: *ter helle neergedaal het*, en die GKSA het gehad *wat die angste van die hel tot die dood toe ondergaan het*. Op sy jongste sinode het die GKSA dit so verander: *Hy het lyding van die hel ondergaan*). Gevolglik is die tyd nou ryp om ons eie formulering daar te stel. Vandaar die voorstel van die KKCE.

11. Die KKCE kan nie die tweede standpunt in die beswaarskrif van mnr. MF Kruger onderskryf nie dat die Twaalf Artikels verander moet word om te lees: ... *wat gely het, onder Pontius Pilatus gekruisig is* ... Die rede hiervoor is dat so 'n formulering sal noop dat ons Vraag en Antwoord 38 van die HK sal moet skrap. Die vraag lui: *Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?* Die antwoord: *Sodat Hy wat onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is, ons daarmee sou bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan*. Uit hierdie vraag en antwoord is dit duidelik dat ons gereformeerde vaders dit sedert 1562 (die ontstaan van die HK) verstaan het as 'n belydenis wat God as regverdige Regter teenoor die wêreldse onregverdige regter stel, en dit alles tot ons saligheid.

Vraag 38 handel nie oor wat die Here Jesus se lyding alles behels het nie – dit kom in Vrae 37 en 44 aan die orde. Die basiese beginsel van uitleg hier ter sake is dat daar met die verskillende verbande rekening gehou moet word. Die verband van Vraag 38 en die verbande van Vrae 37 en 44 verskil totaal. Nou moet ons nie Antwoorde 37 en 44 se inhoud in Antwoord 38 inforseer nie.

Indien die komma verskuif sou word, sou dit ons belydenis diep verarm.

Die KKCE se voorstel ten opsigte van die nuwe formulering van die ter saaklike frase (kyk punt 3 van die aanbevelings van die KKCE) verwoord die uitleg van die frase in die HK (kyk die aanhaling in punt 9) in verkorte vorm. So bly ons getrou aan ons belydenis.

4.8. Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Uitverkiesingsleer

Hierdie beskrywingspunt is om die een of ander rede nie in die SAKELYS van 2007 opgeneem nie, die ring het egter versoek dat dit nou moet dien.

4.8.1 Die Sinode spreek hom uit ten opsigte van die uitverkiesingsleer soos deur ds. WJA van Schalkwyk (Voorsitter Sinodale Kommissie Leer en Aktuele Sake – later genoem KKCE) ingeneem in sy advies aan, onder meer, br. Jan Schlebusch van AP Kerk Bloemfontein.

Motivering

Soos uiteengesit in pt. A en B wat volg.

Weens die verwarring wat sy advies by lidmate en dooplidmate skep ten opsigte van die uitverkiesingsleer.

Sodat die Sinode die regte konteks van die advies van ds. Van Schalkwyk (kyk pt. B op bl. ???) kan verstaan, word die stuk van ds. JN du Plessis (kyk pt. A hieronder) waarop gereageer is, ingesluit.

A. DIE RAAD VAN GOD WAT VOORAF BEPAAL IS

1. Met die klag van "God se Raad wat vooraf bepaal is" wil ek reageer deur te antwoord op God se uitverkiesing wat op twee maniere verstaan kan word en stel ek dit dat broer Jan Schlebusch die eerste siening "ondersteun" en daarom is daar verwarring, teenstrydighede, vrae en misverstande.

2. Eerstens wil ek sê dat die uitverkiesing nie 'n aaklige skrikwekkende dekreet is, wat sommige "dalk" tot die hel veroordeel en andere tot die redding verkies nie.

3. Lees Efés. 1:1-23

Supralapsarisme (Supra = bonatuurlike werkswyse)
Infralapsarisme (Infra = onderkant, benede, hieronder)

3.1 Supralapsarisme

i. Vir die oningewyde (onigeligtes) mag die stryd tussen die supra- en die infralapsarisme onnodig en van weinig belang wees.

ii. Die verskille raak immers slegs dié vraag – hoe oor die volgorde van die verskillende besluite in die raad van God gedink moet word.

iii. Broeders, alhoewel geen teoloog daaraan getwyfel het dat God se raad 'n eenheid is en as ewige raad nie onderworpe kan wees aan temporele (tydelike/aardse) onderskeiding – oor wat daarin eerste of laaste gekom het nie – het hulle (teoloë) tog van die temporele onderskeiding van die volgorde van die besluite in God se raad gebruik gemaak om uitdrukking te gee aan hulle insig in wat die belangrikste oogmerk van sy raad is.

iv. Die groot verskil tussen hulle was dus eintlik die vraag "of die predestinasie (voorbekikking) in die raadsbesluit van God vooropstaan" of nie.

3.2 Supralapsarisme (uitgebrei/verduidelik)

i. Hier beteken dit dat alle elemente van God se besluit (skepping, verlossing – sondeval, duiwel en die hel) aan die predestinasie (voorbekikking) besluit ondergeskik is en dit "dus" moet dien.

ii. Dit bied wel 'n uitsig op die eenheid en doelgerigtheid van God se plan, MAAR

iii. dit impliseer dat die sondeval op presies dieselfde wyse as die skepping en verlossing in die raad van God opgeneem is. Dit maak dit moeilik om God tog nie op dié manier, as *prima causa* (outeur/oorsaak) van die sonde te sien nie.

iv. Die eintlike verskilpunt tussen supra- en infralapsarisme het dus te make met die vraag na die verhouding tussen God se raad en die sonde. Dit gaan om die verhouding tussen uitverkiesing en sondeval.

v. Broers, ons stem almal saam dat die sondeval (moord, diefstal, ensovoorts) in die raad van God opgesluit/opgeneem is.

vi. Verder stem ons ook almal saam dat die sondeval op so 'n manier/wyse in die raadsplan opgeneem is dat dit nie God is nie, maar die mens vanweë sy eie vrye keuse, wat die verantwoordelikheid vir die sonde moet aanvaar.

vii. Waaroor daar wel verskil is, is of die uitverkiesingsbesluit die sondeval (moord, ensovoorts) "noodsaaklik" gemaak het. Met ander woorde God is is die outeur/oorsaak van die sonde! Ja, ook die sonde en verlossing, met ander woorde die outeur van goed en kwaad!

viii. Broers, die supralapsarisme aanvaar dit: God is outeur van die sonde. Die infralapsarisme wys dit af, stem nie saam nie: God is nie outeur van die sonde nie.

ix. Indien God outeur van die sonde is, beteken dit dat God die sondeval (moord, ensovoorts) gewil het op dieselfde wyse/manier as wat Hy die verlossing geformuleer/gewil het.

x. Die gevolg is nou dit: "dat God Almagtig die mens gepredestineer (geskep/geroep/gekies) het om te sondig omdat Hy hulle dus by voorbaat verwerp het".

4. Die Infralapsarisme

i. Die infralapsarisme huiwer oor/ten opsigte van die etiese (sedewette, etiese lewe) implikasie (impliseer) van hierdie visie op die uitverkiesing.

ii. Vir hierdie rede(s) kies dit (infralapsarisme) vir 'n ander volgorde in die besluite van God.

iii. Dit bly in dieselfde skolastieke (godsdiensleer) denkstruktuur as die supralapsarisme maar is slegs minder konsekwent (uitgesproke)!

iv. Dit redeneer (leer) asof die logiese orde in God se besluite dieselfde sou wees as die volgorde van die uitvoering daarvan in die tyd.

5. Broers, soos wat u en ek dit sien, die wêreldgeskiedenis verloop dus volgens 'n alreeds opgestelde program, sodat elke vorm van willekeur of toeval volledig uitgesluit is.

6. Maar hoe belangrik hierdie aspek van God se besluite ook al mag wees, die enigste is dit nie! Trouens indien dit tot enigste gemaak sou word, sou ons ons aan determinisme skuldig maak.

7. God se besluite is geneem maar dit word ook geneem.

8. Omdat God die ewige God is, is Hy nie net voor die tyd nie, maar is Hy ook in die tyd. Ja, Hy is die besluitende God.

9. Baie belangrik: God voer in die tyd nie net besluite uit wat alreeds geneem is nie. Hy is besig om planne te maak en dit uit te voer.

10. God is die Lewende God en daarom ook die besluitende God. Hy is egter die ewig-lewende God en daarom ook die besluitende.

11. Soos gesê, God is die ewig-lewende God en daarom die God wat besluit het, wat nog steeds besluit en ook nog altyd sal besluit. **BOGENOEMDE PARAGRAAF – BAI BELANGRIK.**

12. Broers, God se ewige raad wil dus nie sê dat die skepping maar net die verwerking (gebeure/gebeurtenis) is van argitekplanne wat lank voor die aktuele (werklike) uitvoering in God se raadskamers gereed gelê het nie, maar dat die deur God ontwerpte kosmiese werklikheid (verloop van die skepping en wêreldgebeure) van oomblik tot oomblik deur God gedra en regeer word.

13. God se mag omvat die verlede en die toekoms. Sy mag oor die toekoms is nie net sy vooruit weet wat sal gebeur nie maar sy vooruit bepaal wat **SAL GEBEUR** (klem) (Futuristies).

14. God is die wêreld vooruit omdat Hy Skepper is, ook van die toekoms (klem op Skepper).

15. God se Raad is vry, daarom is die skepping ook nie 'n noodsaaklikheid of 'n vanselfsprekendheid nie, maar resultaat van sy vrye wilsbesluit. Wat God besluit, is nie onder dwang nie, maar uit louter welbehag soos Hy wil!

16. God is nie die outeur van sonde nie. God het die moontlikheid, maar nie die werklikheid van die sonde gewil nie!
BAI BELANGRIK.

Infralapsarisme (Verbond en Evangelie)

1. Ons leer God se verkiesende genade uit die Verbond uit..
2. Die Verbond het twee (2) dele:
3.

INDIKATIEF	IMPERATIEF
Belofte	Verpligting
Gawe	Eis
4. Hierdie bogenoemde sien ons duidelik in die Doop-formulier.
5. Vergelyk die aartsvader Abraham (Gén. 17) en dan verder vir Hagar.
6.
 - i. Isak – seun van die belofte – Ismael
 - ii. Jakob – Esau.
7. Die verbond moet "gehou" word en so gebeur dit ook. Beide wat gawe (indikatief) en verbondseis (imperatief) betref, moet gehandhaaf word.
8. Broers, weet u, die verbondstruktuur loop deur/dwars-deur in die struktuur van die evangelie.
9.
 - i. God die Vader deur Wie.
 - ii. God die Seun deur Wie (Middelaar, bloed, sterf aan die kruis) ensovoorts.
 - iii. God die Heilige Gees in Wie se werk (die saligheid en troos is).
10. God se Woord (indikatief) het as inhoud wat God Drie-enig vir ons gedoen, geskenk, belofte het en nog steeds doen!
11. God se Woord (imperatief). Dit wat God vir ons gedoen het en van ons verwag. Heilsorde (*Ordēs Salutes*).
 - 11.1 Roeping
 - 11.2 Wedergeboorte
 - 11.3 Geloof
 - 11.4 Bkering
 - 11.5 Regverdigmaking
 - 11.6 Heiligmaking
 - 11.7 Volharding
 - 11.8 Verheerliking
12. U sien dus, Broers, God se verkiesing sluit die saligheid en die weg tot saligheid in, met ander woorde ook die imperatief van die evangelie (Dordtse Leerreëls, Leerstuk 1, bl. 84.)
13. Op grond van bogenoemde is dit ook die struktuur van God se regverdige oordeel en verwerping!
14. Die mens sal geoordeel word uit ons werke, dit wil sê wat ons gedoen het.
15. Daar moet 'n imperatiewe "vrug" en eise wees in ons lewe (vrug van die Heilige Gees).
16. Jak. 2:24: *Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy daad en nie net op grond van sy geloof nie.*
17. Die Bybel is duidelik oor die feit dat ons ons roeping en verkiesing moet vasmaak. 2 Petr. 1:10-11: *Daar-om, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak (imperatief); want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie. want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.*

18. Gal. 5:22-26: Hier word die vrug (imperatief) van die evangelie en die verbond pragtig uitgespel. *Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.*

19. Broers, my beskeie opinie: bogenoemde beskrywing van die vrug van die Gees het nie gegeld die afgelope weke in die hantering van hierdie klag en ook klagtes ouer as 'n jaar nie.

20. Hier volg gedeeltes uit die drie Formuliere van Eenheid, waar dit veral gaan oor die uitverkiesing en God se Raad.

21.

A. NEDERLANDSE GELOFSBELYDENIS

- i. God sy openbaring en sy Woord (Art. 1-11).
- ii. Die skepping, voorsienigheid, sondeval en verlossing (Art. 12-17).
- iii. Die verwerping en toeëiening van die heil/saligheid (Art. 18-26).

B. HEIDELBERGSE KATEGISMUS

- i. Gebod (hoofsom van die Tien Gebooe).
- ii. Geloof (12 Artikels).
- iii. Sakramente, gebed/Tien Gebooe.

Belangrik: LEES HEIDELBERGSE KATEGISMUS Sondag 32, Vraag 87.

C. DORDTSE LEERREËLS in sy totaliteit!

- Leerstuk 1: Goddelike uitverkiesing en verwerping – Belangrik: Art. 12;
- Leerstuk 2: Die dood van en die verlossing vir die mens deur sy dood;
- Leerstuk 3-4: Die mens se verdorwenheid en bekering tot God;
- Leerstuk 5: Die volharding van die heiliges.

SOLI DEO GLORIA

Ds. JFT du Plessis
9 Maart 2006

B. SKRYWE VAN DS. WJA VAN SCHALKWYK

Posbus 283
Hendrina
1095
15/05/06

Geagte broeder Schlebusch

Ek is al meer as twee jaar daarvan bewus dat ds. Du Plessis se seining t.o.v. die uitverkiesing nie heeltemal ooreenkom met die gereformeerde leer nie. 'n Ander lidmaat van u gemeente het my by geleentheid gekontak om sy eie verstaan van die uitverkiesing te toets – so het onder my aandag gekom wat ds. Du Plessis se standpunt is.

T.o.v. sy verduideliking aan die ouderlingeraad die volgende:

Na my oordeel is dit nie billik om die ouderlinge te konfronteer met die Supra- en Infralapsarisme as die aanklag duidelik handel oor die *vrye wil* van die mens nie. Die uiteensetting van ds. Du Plessis t.o.v. hierdie twee standpunte in die teologie is beslis nie korrek nie. Die Supralapsarisme het *nog nooit* gesê dat God die outeur van die sonde is nie. Inteendeel, die verskil tussen die tweestandpunte is so 'n diep teologiese kwessie dat dit nie sommer so klinkklaar uit-

eengesit kan word soos wat ds. Du Plessis dit probeer doen nie.

Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het ±6 maande geduur en die baie belangrike Dordtse Leerreëls opgestel. Hierdie leerstuk handel in diepte oor die uitverkiesing – wanneer dit plaasgevind het, hoe die Here dit gedoen het, wie verkies is, ensovoorts. Tydens hierdie Sinode het voorstanders van beide hierdie twee leerstellings meegewerk aan die opstel van die DL. Nie hierdie Sinode of enige ander belangrike Gereformeerde sinode het uitspraak teen een van die twee standpunte gelever nie. Die rede is dat in albei standpunte Bybels verantwoordbare argumente na vore kom.

Die Supra- en Infralapsarisme is teologiese kwessies wat met die vrye wil niks te doen het nie. Op grond van wat ds. Du Plessis in die verband geskryf het, kán en mág die ouderlingeraad die saak nie beoordeel nie. Ds. Du Plessis moet hom hou by wat die Bybel en die belydenisskrifte sê en nie in teologiese retoriek verval nie.

Daar is egter 'n paar punte in die skrywe van ds. Du Plessis wat kommer wek. Ek sal voortgaan om dit vir u te noem en daarna die Bybelse leer t.o.v. die saak te stel.

bl. 1 punt 2

As ds. Du Plessis sê dat daar nie so 'n dekreet is waarvolgens sommige mense hel toe gaan en ander tot redding uitverkies is nie, is die vraag of hy daarmee die Bybelse leer van die Uitverkiesing verwerp? Dit is nie duidelik nie.

bl. 7 punt 10-16

Ds. Du Plessis stel dit so dat dit wil voorkom asof daar twee weë is om in die hemel te kom –indikatief en imperatief. 'n Mens lei af dat hy dit so verstaan dat jy óf deur die genade óf deur die werke gered word. Maar dan haal hy Jak. 2:24 aan en sê dat 'n mens gered word o.g.v. sy werke en nie o.g.v. sy geloof nie.

In die eerste plek is dit 'n verdraaiing van die teks, want dit is nie wat daar staan nie. In die tweede plek is so 'n stelling 100% sektaries en totaal van die waarheid van die Woord ontbloot. Jakobus praat hier met mense wat dink dat hulle nie nodig het om gehoorsaam te lewe nie (goeie werke), want hulle sal gered word net deur hulle geloof. Daar het eintlik die gedagte bestaan dat jy net een van die twee, geloof of werke, nodig het om gered te word (Jak. 2:18). Maar nou sê Jakobus: Jy moet nie dink geloof sonder werke is 'n ware geloof nie (:14). Geloof sonder werke (gehoorsaamheid) is 'n dooie geloof en 'n dooie geloof beteken niks (:26). Daarom sê hy in vers 24: Sien julle dan dat die mens geregtig word uit die werke en *nie alleen* uit die geloof soos sommige van julle dink nie.

Ds. Du Plessis is verkeerd in sy standpunt. Die Bybel kan tog nie met homself in teësprak wees nie. Paulus sê baie duidelik in Rom. 3:20, 28; Gal. 2:16; 3:11 dat ons nie vrygespreek (geregtig) word uit die werke van die wet (gehoorsaamheid) nie, maar deur die geloof alleen. Paulus en Jakobus kan tog nie teen mekaar praat nie. Albei stel dieselfde saak, net van twee verskillende kante af. Paulus sê: Jy kan nie goeie werke doen om gered te word nie, jy moet glo. Jakobus sê: Jy moenie dink dat jy gered sal word as jy nie ook gehoorsaam lewe nie.

Ds. Du Plessis trap hier in die slagyster van die sektes wat nie die totale verdorwenheid van die mens wil aanvaar nie en dink dat jou werke ook nodig is om gered te word. Ons noem die *sinergisme*. Dit is die dwaalleer waarvolgens God jou nie kan red as jy nie ook jou deel bring deur goeie werke te doen nie. Is die Bybelse standpunt nie *genade* en nie *verdiens* nie?

bl. 8 punt 17

Ook hierdie teks is totaal buite verband gehaal. 'n Mens kan nie deur die Bybel blaai en tekste soek en dan by jou standpunte aanhaak as die verband van die Bybel duidelik iets anders sê nie.

Petrus skryf tog nie sy brief vir 'n spul ongelowiges nie, maar vir 'n gelowige gemeente, mense wat reeds glo. En nou sê hy vir hulle dat hulle moet waak teen verflouing in hulle geloof. Hulle moet nou juis, soveel te meer, arbei in hulle geloof, want hoe meer jy werk aan jou geloofslewe hoe vaster word jou sekerheid aangaande jou redding (roeping en verkiesing). Die skrywers van die Heidelbergse Kategismus (v/a 86) het juis ook hierdie teks aangehaal as bewys dat jou geloofsgehoorsaamheid (goeie werke) jou geloofsekerheid bevestig.

Paulus sê dieselfde in Filip. 2:13-14: ... *werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag*. Ook hy sê nie vir mense om hulle eie heil (redding) te bewerk nie. Hy praat ook met gelowiges. Daarom sê hy: God het die heil in julle ingewerk, julle moet dit nou *uitwerk*, sigbaar maak.

Wat sê die Bybel?

Ten opsigte van hierdie saak het ek 'n artikel in *Die Boodskapper* geplaas wat die kern van die Bybelse leer baie kort saamvat. Hierdie twee artikels het duidelik aangetoon dat die Bybel nie so iets soos die vrye wil ken nie, maar dat dit 'n semi-Pilagiaanse dwaling is wat nie in die gereformeerde kerke tuihsuort nie. Die artikel is ook in pamfletvorm by die Boekwinkel beskikbaar. Vir 'n baie volledige en uitgebreide studie kan my Bybelstudieboekie *God werk met my bestudeer* word.

As u nog enige vrae het ná die bestudering van die ingeslote artikels is u welkom om my weer te kontak.

Groete

Ds. WJA van Schalkwyk
Voorsitter: KKCE

AANBEVELINGS

- 4.8.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.
- 4.8.2 Dit is nie in orde dat die Sinode versoek word om hom oor 'n advies uit te spreek nie. Indien iemand oor 'n advies nie tevrede is nie, kan hy beswaar aanteken teen spesifieke standpunte van die kommissie van die sinode en sy redes verstrek waarom dit nie aanvaarbaar is nie. Dan kan 'n Sinode gevra word om oor die standpunt van sodanige sinodale kommissie uitspraak te lewer.
- 4.8.3 Die Sinode verwys die Ring van Bloemfontein na die sinodaal-goedgekeurde publikasie ONTMOETINGS-GESPREEK, waarin onder meer die leer van die uitverkiesing soos deur die Afrikaanse Protestantse Kerk in kerkverband verstaan, uiteengesit word. Die hoofstuk in die genoemde publikasie oor die uitverkiesing is deur ds. WJA van Schalkwyk geskryf.
- 4.8.4 Die Sinode herbevestig die absolute noodsaaklikheid van hierdie publikasie.

Motivering

1. Die KKCE onderskryf die uitwysing van die dwaling soos wat ds. WJA van Schalkwyk dit in sy skrywe aangetoon het.

4.9 Beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein: Kleuterkerk**Versoek vir ondersoek en voorlegging by die eerskomende sinodesitting**

1. Inleiding

By 'n Ouderlingeraadvergadering op 13 April 2008 is besluit dat daar by die Ring van Bloemfontein aanbeveel sal word dat die onderstaande beskrywingspunt by die eerskomende Sinodesitting moet dien.

2. Aanbeveling

Die Sinode spreek hom uit oor die wenslikheid, al dan nie, van die hou van 'n kleuterkerk tydens 'n gewone erediens ensovoorts. Indien dit wel goedgekeur word, moet riglyne dienoreenkomstig daargestel word.

3. Motivering

3.1 By die ouderlingeraadvergadering op 17 Mei 1994 het die leraar van die gemeente, ds. Johann Jacobs voorgestel dat ons die moontlikheid van 'n kleuterkerk vir kleintjies moet ondersoek a.g.v. die steurnis gedurende eredienste en dat die saak na die kerkraad verwys word. Daar is besluit dat die saak na die kerkraad verwys word.

Nota: Volgens Artikel 42 (Openbare erediens) van die Kerkordebepalings, Ordereëls vir vergaderings, Bylaes en Sinodebesluite, soos gewysig, word die **inrigting** van eredienste deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van Bybelvertalings, wat vir amptelike gebruik aanvaar is, die liturgiese orde van die erediens, die Psalm- en Gesangeboek en liturgiese formuliere. Ouderlingrade is verantwoordelik vir **toesig** oor die eredienste.

3.2 Op 22 Junie 1994 het die kerkraad die voornoemde aanbeveling van die Ouderlingeraad bespreek en soos volg besluit:

1. dat 'n Kleuterkerk vir een- tot vierjariges (nie 'n speelgroep nie), ingestel word, waar Bybelstories vertel word, om die steurnis gedurende die erediens te verminder,
2. dat die Kleuterkerk net ná die skoolvakansie in werking sal tree,
3. dat Broer Johan le Roux sy vrou, Amanda mag vra om daarmee te begin, aangesien sy ervaring daarvan het.

3.3 Die kleuterkerk is ingestel en is geruime tyd lank deur verskeie moeders van die gemeente aangebied. In 'n stadium was daar nie meer aanbieders vir die diens nie en dit is gestaak.

3.4 Vroeg in 2008, ná verloop van etlike jare, het van die moeders van kleuters die voorsitter van die kerkraad en die leierouderling aangebied om met die kleuterkerk voort te gaan. Dit is met dank aanvaar. Ná die aksie op twee Sondae aangebied is, is 'n versoek aan die voorsitter van die kerkraad gerig om die aangeleentheid aan die ouderlingeraad voor te lê. Dit het by die voornoemde ouderlingeraadvergadering gebeur. Na bespreking is soos volg besluit:

- 1.1 Dat die aanbod van kleuterkerke in die Gemeente gestaak word.

1.2 Dat 'n *ad hoc*-kommissie, bestaande uit broers David Fourie (voorsitter van die Kerkraad), prof. Johan Spies (leierouderling) en dr. Kobus Bezuidenhout (leraar), aangewys word om ondersoek na die begroning van die instelling van 'n kinder/kleuterkerk in te stel.

1.3 Dat, afhangend van die uitslag van die ondersoek na die aanvaarbaarheid van kleuterkerke, die aksie of kan voortgaan, of nie.

3.5 Die kommissie het tydens sy ondersoek onder meer op breë vlak indringend navraag oor die standpunt van die Afrikaanse Protestantse Kerk oor kleuterkerk gedoen en kon geen formele standpunt (riglyne/besluite) in die verband vind nie.

3.6 Die verslag van die kommissie is by die Ouderlingeraadvergadering van 13 April 2008 (paragraaf 1 hierbo) voorgelê en bespreek. Die Ouderlingeraad het soos volg besluit:

1. Dat probeer sal word om die vrywilligers te ooreed om die kleuterdienste te hervat, aangesien die kerkraad die gebruik reeds in 1994 goedgekeur het.
2. Dat daar by die Ring van Bloemfontein aanbeveel sal word dat die aanbevole beskrywingspunt (paragraaf 2 hierbo) by die eerskomende Sinodesitting moet dien.

AANBEVELINGS**4.9.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

4.9.1.1 Die beskrywingspunt word terugverwys na die KKCE vir studie vir voorlegging tydens die volgende sinode.

Motivering

Die beskrywingspunt is eers aan die KJV gegee, daarna is dit na die KKCE verwys. Die KKCE het slegs twee weke gehad om die saak te hanteer, maar kon as gevolg van die groot werklading dit nie doen nie.

4.10. VERSOEK OM ADVIES DEUR DIE SKK NA KKCE VERWYS: SONDAG VS. SABBAT**Vraag aan die Direkteur van Kerkadministrasie**

Ek wil graag weet hoekom die ware sabbat nie onderhou word nie. Ek het uitgevind dat die sabbat deur die Katolieke Kerk na Sondag verander is en hulle slegs vir mense gesê het dat dit die herdenking van die opstandingsdag is. Hoekom word dus die 4de gebod verontagsaam?

Die KKCE antwoord

Na aanleiding van bg. navrae oor die viering van die Sondag of die sabbat, het die SKK die KKCE versoek om leiding te gee wat die saak betref.

Inleiding

Deur die eeue van die bestaan van die Christelike kerk was daar groepe wat die onderhouding van die Sondag as rusdag beveg en bevraagteken het. Vandag is daar weer mense wat beweer dat ons viering van die Sondag nie 'n Christelike gebruik is nie. Sommige meen dat die Sondag sy afkoms te danke het aan die verering van die son. Ander reken weer dat die Rooms-Katolieke Kerk dit ingestel het. Ander sê dat Konstantyn die Sondag as rusdag ingestel het.

Dit gebeur selfs dat Bybelgetroue Christene nie die bewyse in die Bybel kan vind dat ons die Sondag as ons rusdag moet hou nie en daarom eerder die sabbat wil hou.

In hierdie studiestuk sal gepoog word om bogenoemde standpunte te weerlê.

Oorsprong van die sabbat

God self het die sabbat as rusdag ingestel. In Gén. 2:2-3 leer ons dat die HERE ses dae lank met sy skeppingswerk besig was, maar op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Hy die sewende dag vir Homself geheilig, afgesonder. In Ex. 20:11 gee die HERE dan ook die *opdrag* dat hierdie dag aan Hom gewy moet word. Die diepste motief vir die onderhouding en rus op die sabbat lê dus in die feit dat *God self gerus* het van sy skeppingswerk. (Daar bestaan ook nog die dankbaarheidsmotief, maar dit is nie vir die argument ter sake nie.)

Die sabbat kom dus van God. Hy het dit ingestel en eis dat dit onderhou word.

Oorsprong van die Sondag

Dwarsdeur die Ou Testament en ook in die tyd van die Here Jesus is die rusdag op die sabbat gehou. Die volk het die sabbat, die Saterdag, as dag van die Here gehou. Ná die opstanding van die Here Jesus het dit egter verander.

Prof. dr. W. Geesink onderskei tussen twee faktore wat die Christelike Sondagviering tot stand laat kom het, nl. 'n menslike en 'n Goddelike (1:354-356).

Menslike faktor

Die eerste Christene was hoofsaaklik uit die Jodedom en daarom het hulle die sabbat aanvanklik as rusdag gehou. Paulus het die Christene vanuit die heidendom gelei om die Christelike Sondag te vier. Hulle het die eerste dag van die week die "dag van die Here" genoem (verwysend na sy opstanding) en dit as 'n dag van vreugde gehou. Die was dus eers ná Paulus se stryd teen die Judaïsme dat die gemeentes begin het om die Christelike Sondag te vier.

Goddelike faktor

Paulus se optrede en natuurlik dit wat die Here God van die Sondag gemaak het, moet gesien word as die Goddelike beskikking waardeur die Christelike Sondagsviering ingestel is. Die vraag wat dalk beantwoord moet word, is: Waarom nie meer die sabbat nie? Waarom sou God die rusdag na die Sondag laat verskuif? Die antwoord moet in *Christus* gesoek word!

Christus is die *oorsprong* van die Sondag. Ons lees in Mk. 16:1-2,6 en Joh. 20:1 dat Hy op die *eerste dag van die week* (letterlik: die eerste dag ná die sabbat) opgestaan het uit die dood. Daardeur het Hy die sonde en die dood en die hel oorwin. Hy het ons vrygekoop uit die slawediens van die sonde. Met hierdie daad het die Here Jesus hierdie dag vir Homself afgesonder. In Openb. 1:10 sê Johannes dat hy die Openbaring op die *dag van die Here* ontvang het wat vir ons die aanduiding gee dat hierdie dag nou aan Hom behoort. Ook die feit dat Hy ná sy opstanding twee keer op 'n Sondag aan die dissipels verskyn het, bewys dat Hy dit as 'n belangrike dag beskou het (Joh. 20:1,19,26). Verder is die Heilige Gees ook op die Sondag uitgestort — Hand. 2:1 sê dit was op die dag van die Pinksterfees, presies 50 dae na die opstanding. Met hierdie gebeure het die Here die belangrikheid van die Sondag beklemtoon en bevestig.

Ons moet verstaan dat die Here met 'n doel al hierdie dinge op die Sondag laat gebeur het. Die Sondag moes die dag word waarop sy gemeente moet feesvier omdat hulle Here hulle losgekoop het uit die hel.

Hierbo het ons gesê dat die Joodse gemeentes aanvanklik nie die Sondag as rusdag gevier het nie. Paulus is deur die Here self onderrig om die rusdag op die Sondag te vier (Gal. 1:11vv). Ons lees in Hand. 20:6-7 dat Paulus op die *eerste dag van die week* gepreek het toe die gemeente bymekaar was om nagmaal te vier (brood te breek). Die gemeentes moes op die *eerste dag van die week* fondse insamel vir die Christene in Judea (1 Kor. 16:1-2). Waarom het Paulus op die eerste dag van die week gepreek, waarom het die gemeente op die eerste dag nagmaal gebruik en waarom moes die gemeente op die eerste dag van die week hulle bydraes vir barmhartigheidsdiens opsy sit? Omdat dit toe reeds gebruik was om op die eerste dag van die week bymekaar te kom en die Here te aanbid.

Uit hierdie twee tekste is dit dus duidelik dat die kerk reeds in die tyd van Paulus begin het om die Sondag as rusdag te vier.

'n Skaduwee van wat sou kom

Ons het nou vasgestel dat onder Paulus se bediening die Sondag die rusdag geword het. Die vraag is egter: Wat het die Here aan hom geleer omtrent die rusdag? Wat is die *beginnel* wat ten grondslag lê van die viering van die Sondag as rusdag? Ons weet dit is 'n herdenking van Christus se opstanding, maar is daar dalk ook nog 'n ander motief?

In Kol. 2:16-17 lees ons die volgende: *Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.* 'n Ander vertaling lui so: *Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.*

Hieruit is die bedoeling van Paulus baie duidelik: Die Ou-Testamentiese feeste en dae is nie meer van toepassing op die Christene nie.

Soos reeds gesê is, het Paulus regdeur sy bediening te doene gehad met Jode wat die Joodse geloof op die Christene wou afdwing. Hier was dit weer so 'n geval. Sekere Jode het geglo dat wanneer iemand 'n Christen word, moet hy ook die ou Joodse gebruike onderhou as hy gered wil word. Nou kom Paulus en sê dat al daardie dinge net voorlopig was, 'n *skadu* van iets beters wat sou kom. Daarom word hulle *skaduwees van die toekomstige dinge* genoem. Die Ou-Testamentiese gebruike is skaduwees van iets anders wat nog nie sigbaar was nie. Dit is soos my skaduwee wat vir iemand sigbaar is, sonder dat hy my kan sien omdat ek om 'n hoek staan. Maar wanneer ek om die hoek kom, kan ek gesien word. Ek is tog baie meer as my skaduwee. My skaduwee is maar iets soos 'n teken van my koms of teenwoordigheid. Net so was die onderhouding van sekere seremoniële wette en van sekere feeste en die sabbat, skaduwees van dit wat nog moes kom, naamlik Christus.

Ons moet verstaan dat alles in die OT *geroep* het na Christus. Elke seremonie, elke fees, elke offer, elke sabbat het geroep na die Een wat moes kom. As iemand nou aan die skaduwee vashou, maar die Een wie se skaduwee dit is, ignoreer of verwerp, is dit tog dwaas. Daarom sê Paulus dat Christus jou red en nie die onderhouding van die seremoniële wette of die sabbat nie.

Die grondliggende motief vir die onderhouding van die Sondag en nie die sabbat nie, is Christus se werk. In die Ou-Testamentiese tyd het die volk God op 'n besondere wyse gedien. Ons leer egter in die Nuwe Testament dat die hele Ou-Testamentiese diens na Christus heengewys het. Christus het hierdie diens kom vervul en 'n nuwe besondere

inhoud daaraan kom gee. Dit is daarom belangrik dat ons as Nuwe-Testamentiese Christene sal verstaan dat ook die sabbat slegs 'n skaduwee, 'n heenwysing, was van iemand wonderlik en groot, naamlik Christus. Hy is die *inhoud* van die Sondag. Sy koms, sterwe en opstanding is die grondmotief vir die onderhouding daarvan.

Uit dit wat tot nou toe gesê is, moet ons tot die gevolg-trekking kom dat God die kerk deur middel van Paulus gelei het om *Christus se opstandingsdag* – Sondag, en nie meer die sabbat nie – as rusdag te vier.

Die Kerkvaders

Vir 'n bevestiging van dit wat tot nou toe gesê is, moet gekyk word of die kerk ná Paulus wel die beginsel wat hy geleer het, toegepas het. Vir hierdie doel kan ons na die geskrifte van die kerkvaders gaan kyk. Dit is egter baie belangrik om te onthou dat Openbaring as laaste Bybelboek in 95 n.C. geskryf is en dat die kerkvaders die volgende geslag kerkleiers was. Hulle het die naaste aan die tyd van die apostels geleef en sal dus beter as ons kan onderskei of die Christelike kerk die Sondag of die sabbat onderhou het. Verder moet onthou word dat die Rooms-Katolieke Kerk toe nog nie bestaan het nie.

Daar is nie enige bewyse uit die geskrifte van die vroeë Christelike tyd dat daar ooit 'n verskil van mening bestaan het oor die viering van die Sondag nie. Inteendeel, in die geskrifte tot ons beskikking word die Sondag as rusdag gehandhaaf:

Die *Didaché* (die leer van die twaalf apostels) is seker een van die oudste Christelike geskrifte en daarin lees ons dat die samekoms van die gemeente op die *dag van die Here* plaasgevind het (CHRISTELIJKE ENCYCLOPEDIË vol. 6:704).

Barnabas (100 n.C.): Ons hou die agtste dag met blydskap, die dag waarop Jesus verrys het uit die dood.

Justinus die Martelaar (140 n.C.): Op die dag in Rome Sondag genoem, kom ons gemeenskaplik bymekaar omdat op dié dag Jesus Christus uit die dood opgestaan het.

Tertullianus (200 n.C.): Ons vier die dag ná Saterdag, in teenstelling met diegene wat hierdie dag hul sabbat noem. Sondag is ons dag van vreugde.

Dit is interessant dat Tertullianus al die Sondagsviering verdedig het teen mense wat sê dat die Christene die son aanbid.

As ons daaraan dink dat die laaste Bybelboek ongeveer 95 n.C. geskryf is, is dit wat die kerkvaders sê, presies in lyn met die Skrif.

Die beskuldiging dat *Konstantyn* die Sondag ingestel het as verering van die songod is hoegenaamd nie waar nie. Hy het eers in 313 n.C., met die edik van Milaan, aan die Christene godsdiensvryheid gegee. Omdat die Christene sulke betroubare werkers was, het hy later Sondagarbeid verbied [3(7) Maart 321].

Daar is mense wat beweer dat die Rooms-Katolieke Kerk daarop aanspraak maak dat hulle die Sondag as aanbiddingsdag ingestel het. Die kommissie het nie daardie navorsing gaan doen nie. Uit al die bogenoemde is dit tog duidelik dat al sou die Roomse Kerk hulle daarop beroep dat hulle die Sondag ingestel het, dan is dit eenvoudig nie die waarheid nie.

Gevolgtrekking

Die Christelike Sondagsviering het sy ontstaan te danke aan die opstanding van die Here Jesus op hierdie dag. Die onderhouding van die Sondag is nie deur die kerk ingestel nie. Die Here het deur Paulus die kerk so gelei om nie meer die

Joodse sabbat nie, maar die Christelike Sondag te vier. Vanaf die tyd van die apostels word die Sondag deur die Christene as rusdag gehou.

Bronne

Prof. dr. W. Geesink; GEREFORMEERDE ETHIEK
CHRISTELIJKE ENCYCLOPEDIË
Wikipedia

AANBEVELINGS

4.10.1 Die Sinode handhaaf die standpunt dat die rusdag op Sondag gevier word en nie op die Ou-Testamentiese sabbatdag (Saterdag) nie.

4.10.2 Die Sinode versoek die Pk. om hierdie studiestuk in pamfletvorm aan lidmate beskikbaar te stel.

4.11 Voorstel van KKCE: Afsnydatum vir ontvangs van stukke vir sinode.

AANBEVELINGS

4.11.1 Die Sinode besluit dat die afsnydatum vir die ontvangs van beskrywingspunte en beswaarskrifte vir die Sinode nie later nie as 30 Desember van die voorafgaande jaar by die SKK sal wees.

4.11.2 Die Sinode besluit dat enige stukke wat ná hierdie datum ontvang word, nie in die Sakelys opgeneem sal word nie.

Motivering

Sommige beswaarskrifte en beskrywingspunte verg baie studie en bespreking. Tans het sinodale kommissies ongeveer 'n maand tyd om alle sake wat na hulle verwys is, te hanteer. Dit veroorsaak dat sekere sake nie die nodige aandag kry nie en nie goed genoeg deurdink word nie.

4.12 Voorstel van KKCE: Formaat vir ontvangs van beskrywingspunte en beswaarskrifte

AANBEVELING

4.12.1 Die Sinode besluit dat die enigste formaat waarin stukke vir 'n sinode in ontvangs geneem sal word, in *Microsoft Word* of 'n aanpasbare formaat opgestel sal wees. 'n Ondertekende kopie moet steeds aan die SKK gestuur word.

Motivering

Hierdie formaat is die norm vir die hantering vir alle dokumentasie en sal die verwerking van die sinodale stukke aansienlik vergemaklik. Die KKCE het verskeie lywige stukke ontvang wat oorgetik moes word en ander was so onleesbaar dat dit nie in die verslag opgeneem kon word nie.

5. KORRESPONDENSIE

5.1 Skrywe vanaf AP Kerk Gelofte-Pietermaritzburg

Die KKCE het 'n skrywe vanaf die Afrikaanse Protestantse Kerk Gelofte-Pietermaritzburg ontvang waarin versoek is dat die kommissie die Kerkraad adviseer oor en ondersoek instel na 'n publikasie van dr. HM Grobler van die AP Kerk Vorentoe. Die publikasie *As die son sak* is 'n sogenaamde Bybelstudiehandleiding wat in die AP Kerk Vorentoe gebruik is. Die publikasie is aan die kommissie versend. Lidmate van van die AP Kerk Gelofte-Pietermaritzburg het die publikasie op 'n manier bekom en wou dit as Bybelstudiehandleiding in

die gemeente gebruik. Die kerkraad van AP Kerk Gelofte-Pietermaritzburg beskou die publikasie as "dwaalleer" en iets wat nie "tuishoort onder die vaandel van die Afrikaanse Protestantse kerk" nie, daarom is die KKCE versoek om die saak te ondersoek en die kerkraad met advies te bedien.

Die Voorsitter van die KKCE het die kerkraad in kennis gestel dat daar alreeds 'n klag teen dr. HM Grobler ondersoek word en het die kerkraad meegedeel dat indien hulle sterk voel oor die saak, hulle ook 'n klag kan indien by die Ouderlingeraad van die AP Kerk Vorentoe.

6. Slot

Ons vertrou dat die KKCE aan sy opdrag en werksaamhede, ooreenkomstig sy lasgewing, na bevrediging uitvoering gegee het, en bid die Sinode en kerkverband die seën van die Here toe.

DS. WJA VAN SCHALKWYK (VOORSITTER)
DS. PS KRIGE (SKRIBA)

VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING

Vir die tydperk 6 September 2007 tot 30 April 2010

1. PERSONEEL

Die Sinode 1997 het bepaal dat die kommissie uit die voorsitters van die SKK, KKS en Kuratorium, of iemand deur hulle aangewys en die Direkteur van Kerkadministrasie sal bestaan. (HANDELINGE 1997, bl. 295 pt. 142.)

2. OPDRAG

2.1 Wanneer daar 'n moontlikheid vir hofgedinge hom voordoen of waar daar konflikte en/of twisgesprekke voorkom wat nie spoedig tot 'n bevredigende oplossing gebring kan word nie, word kerkrade/ouderlingrade en ringe versoek om die volgende werkwyse te volg:

2.1.1 Die raadpleging van 'n *ad hoc*-kommissie deur die Sinode benoem, met die oog op advies en leiding, en soos volg saamgestel:

- SKK – voorsitter of iemand deur die SKK benoem.
- KKS – voorsitter of iemand deur die KKS benoem.
- KUR – voorsitter of iemand deur die KUR benoem.
- Direkteur van Kerkadministrasie.

2.1.2 Wanneer bogenoemde versoek gerig word, word alle tersaaklike stukke aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur vir die nodige hantering daarvan.

2.2 Die finansiering van die *ad hoc*-kommissie se werksaamhede geskied soos volg:

2.2.1 Reiskoste ten opsigte van elk van die lede word uit die toegekende begroting van elke betrokke sinodale kommissie voorsien.

2.2.2 Waar gemeentes of enige ring op versoek besoek moet word, word eers deur die Sentrale Kerkkantoor met diesulkes geraadpleeg vir die volle of ten minste 'n deel van die reiskoste en reëlings vir verblyf.

2.3 Die werksaamhede van die *ad hoc*-kommissie vervang nie die huidige reëlings ten opsigte van kerkregtelike advies, of bestaande besluite ten opsigte van regspraktisyns se gebruik of finansiële hulp nie.

2.4 Wanneer kerkrade/ouderlingrade in hofgedinge beland, sonder raadpleging van die *ad hoc*-kommissie, behoort enige aanspraak op geldelike hulp deur die BRKA (nou die GKK), te verval.

3. HANTERING**3.1 AP KERK KRUGERSDORP**

Die kerkraad het die kommissie genader om hulle van raad te bedien rakende geskille rondom bediening. Die samespre-

king het op 6 Maart 2008 plaasgevind en die sake is opgelos. Die gemeente het 'n voltydse leraar beroep.

3.2 AP KERK ALBERTON

Die kommissie is om advies gevra ná verskille tussen lidmate en kerkslede en die leraar. Die kommissie het die partye op 26 November 2007 ontmoet, advies gegee en tot kalmte gemaak. 'n Groot aantal lidmate het die gemeente verlaat.

3.3 AP KERK BRONKHORSTSPRUIT

Die kommissie het die gemeente op 6 Maart 2008 op versoek van die kerkraad besoek. Probleme is bespreek en advies is gegee. Die ring het ook verder aandag aan die saak gegee.

3.4 AP KERK VORENTOE

Die kommissie het die gemeente op 8 Mei 2009 besoek om advies te gee ná klagtes wat teen die leraar gelê is. Die advies van die kommissie was dat die klagtes afgehandel moet word. Met die opstel van die verslag was die saak nog nie afgehandel nie.

3.5 AP KERK RIVERSDAL

Die kommissie het die gemeente op 30 Augustus 2009 besoek. Die een party is aangehoor en daarna is ander persone ontmoet. 'n Skikking is deur die partye bereik. Lidmate het bedank en by ander gemeentes aangesluit. 'n Tugondersoek het voortgegaan.

3.6 AP KERK VREDE

Die gemeente is op versoek van die kerkraad op 11 Maart 2010 besoek om geskille in die gemeente op te los. Advies is gegee dat versoening bereik moet word nadat alle partye aangehoor is. Bestaande klagtes moet hulle normale verloop neem.

3.7 AP KERK THABAZIMBI

Die gemeente is op versoek van die ouderlingeraad op 28 April 2010 besoek om geskille in die gemeente op te los. Die partye het mekaar gevind en die ouderlingeraad het van die saak afgestap.

3.8 AP KERK BUHRMANNSDRIF

Die gemeente is op versoek van die ouderlingeraad op 29 April 2010 besoek om geskille in die gemeente op te los. Die partye is aangehoor en tot versoening opgeroep. Die ouderlingeraad hanteer die adviese verder. Dit lyk nie of daar tot rustigheid gekom is nie.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)

Geen verslag is van die kommissie ontvang nie aangesien hulle nie vergader het nie.

VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR-KOMMISSIE (GKK)

Tydperk: 6/9/2007-15/04/2010

1. BESTUURSPERSONEEL

1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES

Primarii:

Oudl. JLCE de Jager,
MJ Greyling,
HK Theron (oorlede 08/12/2008),
S van Schalkwyk, en
PJ Fouché (vanaf 23/05/2008 in die plek van oudl. HK Theron wat weens gesondheidsredes as GKK-lid bedank het).

Sekundi:

Oudl. PJ Fouché,
HR Lemmer

1.2 LEDE BENOEM

Verteenwoordiger van die Afrikaanse Protestantse Akademie:

Die Rektor, prof. FAH van Staden (tot 31/12/2008)
Die Rektor, prof. JAE Adendorff (vanaf 01/01/2009)

Deur SKK

Primarius: Ds. RMJ Britz (oorlede 18/11/2008)
Ds. A Hough (vanaf 02/03/2009)

Deur KKS

Primarius: Ds. JL Schütte
Sekundus: Oudl. PA du Plessis

Personeel (adviserend en *ex officio*)

Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink
Administrateur: Mnr. LJ Korkie
Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg

1.3 LEDE OORLEDE

Ds. RMJ Britz – 18/11/2008
Oudl. HK Theron – 08/12/2008

1.4 AMPSDRAERS

Voorsitter:

Proff. FAH van Staden (tot 31/12/2008),
JAE Adendorff (vanaf 01/01/2009)

Ondervoorsitter:

Di. RMJ Britz (tot 18/11/2008),
JL Schütte (vanaf 20/03/2009)

Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink (adviserend)
Administrateur: Mnr. LJ Korkie (adviserend, tree op as sekretaris)

1.5 DAGBESTUUR

Prof. JAE Adendorff,
ds. JL Schütte, en
prof. IA Brink (Direkteur van Kerkadministrasie, adviserend).

1.6 EIENDOMSKOMITEE

Die GKK het uit sy eie geledere die volgende lede op die Eiendomskomitee aangewys:

Oudl. PJ Fouché (voorsitter),
JLCE de Jager (ondervoorsitter),
MJ Greyling, en
mnr. LJ Korkie (Administrateur, adviserend).

1.7 RAAD VAN TRUSTEES VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS

Die GKK het die volgende persone aangewys om die werk-gewer te verteenwoordig tesame met die trustees wat deur die werknemerlede van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds verkies is:

Oudl. PJ Fouché,
JLCE de Jager en
S van Schalkwyk.

As sekundi vir die werk-gewerlede:

Oudl. MJ Greyling,
HK Theron, en
mnr. AJ Jacobs.

Trustees deur die werknemers en afgetrede lede verkies:

- Mnr. GJ Jansen van Rensburg (met prof. GDS Smit as sekundus),
- Mnr. LJ Korkie (met prof. IA Brink as sekundus), en
- Ds. AS van Jaarsveld namens die afgetrede lede (met mev. JP van der Merwe as sekundus).

1.8 VERTEENWOORDIGER VIR DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE

Die GKK het ds. JL Schütte aangewys as die verteenwoordiger van die GKK op die Raad van die AP Akademie.

1.9 AD HOC-KOMITEES

Die GKK het soos nodig volgens behoefte *ad hoc*-komitees benoem wat almal aan die GKK verslag gedoen het.

2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die GKK 15 vergaderings gehou, naamlik tien gewone vergaderings op:
06/09/2007, 20/11/2007, 14/03/2008, 23/05/2008, 24/10/2008, 20/03/2009, 05/06/2009; 30/10/2009; 19/03/2010; 15/04/2010.

Een spesiale vergadering is op 26/11/2008 gehou en vier telefoonvergaderings is gehou op:
01/11/2007, 08/09/2008, 17/07/2009 en 06/08/2009.

3. PERMANENTE PERSONEEL

3.1 SENTRALE KERKKANTOOR

- 3.1.1 Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink
- 3.1.2 Sekretaresse vir Direkteur: Mev. AM Brink
- 3.1.3 Administrateur: Mnr. LJ Korkie
(afgetree op 31/08/2008 – vaste termynkontrak vanaf 01/09/2008)
- 3.1.4 Sekretaresse vir Administrateur: Mev. A Smit
- 3.1.5 Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg
- 3.1.6 Rekeningkundige beampte: Vakant
- 3.1.7 Rekeningkundige beampte: Mnr. DG Behrens
- 3.1.8 Rekeningkundige beampte: Mnr. BJD Potgieter
(vanaf 01/11/2007)
- 3.1.9 Rekenaaroperatrise/klerk: Mej. JG Bresler
- 3.1.10 Rekeningkundige klerk: Mev. JP van der Merwe
(vaste termynkontrak)
- 3.1.11 Argivaris: Ds. AS van Staden
(vaste termynkontrak vanaf 01/01/2009)
- 3.1.12 Argiefassistent: Vakant

- 3.1.13 Afdelingshoof Publikasies:
Dr. HJ Smith (*afgetree op 31/03/2009*);
Ds. CA Swanepoel (*vanaf 01/02/2009*)
- 3.1.14 Senior Publikasiebeampte: Mev. JP van Lille
- 3.1.15 Junior Publikasiebeampte: Mev. A Geel
(*vanaf 01/11/2007*)
- 3.1.16 Hoofklerk: Boekwinkel:
Mnr. JEA Bester (*bedank op 31/07/2009*)
Mev. L Dippenaar (*vanaf 01/10/2009*)
- 3.1.17 Rekenaaroperatrise/klerk vir boekwinkel:
Mev. L Dippenaar (*tot 30/09/2009*)
Mnr. JA Bierman (*vanaf 01/12/2009*)
- 3.1.18 Boekwinkelklerk:
Mnr. WC von Wielligh (*bedank op 30/09/2009*)
Mnr. JJ Coetzer (*vanaf 01/02/2010*)
- 3.1.19 Ontvangsdame/tikster: Mev. ME Venter
- 3.1.20 Skoonmaker by Brookshuis: Mev. AMJ Coetzee
- 3.1.21 Tuinier: Vakant
- 3.1.22 Sekuriteitsbeampte/faktotum: Vakant

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeel-wisseling plaasgevind:

Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes

Mnr. LJ Korkie (*afgetree op 31/08/2008, met vaste termynkontrak aangestel vanaf 01/09/2008*)

Dr. HJ Smith (*afgetree op 31/03/2009*)

Mnr. JEA Bester (*bedank op 31/07/2009*)

Mnr. WC von Wielligh (*bedank op 30/09/2009*)

Aanstellings

Mev. A Geel (*vanaf 01/11/2007*)

Mnr. BJD Potgieter (*vanaf 01/11/2007*)

Ds. AS van Staden (*vanaf 01/01/2009*)

Ds. CA Swanepoel (*vanaf 01/02/2009*)

Mnr. JA Bierman (*vanaf 01/12/2009*)

Mnr. JJ Coetzer (*vanaf 01/02/2010*)

Wanneer nodig, word vir beperkte tye van deelydse hulp gebruik gemaak, soos byvoorbeeld in Afdeling Publikasies tydens versending van DIE BOODSKAPPER.

3.2 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE (Teologiese skool)

- 3.2.1 Registrateur: Prof. SD Nel
(*vanaf 01/01/2009*)
- 3.2.2 Algemene sekretaresse/Biblioteekassistent:
Mev. CM Venter (*afgetree op 1/12/2009*)
Mej. A van der Westhuizen (*vanaf 01/01/2010*)
- 3.2.3 Persoonlike assistent vir die Rektor en Registrateur:
Mej. E Nicklbauer
- 3.2.4 Biblioteekassistent: Mev. L Fourie
(*vaste termynkontrak vanaf 01/02/2009*)
- 3.2.5 Skoonmaker: Vakant
- 3.2.6 Tuinier: Mnr. VM Coetzee

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeel-wisseling plaasgevind:

Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes

Mev. WD Freemantle (*bedank op 11/06/2008*)

Mev. HM Janse van Rensburg (*bedank op 29/02/2008*)

Mev. CM Venter (*afgetree op 31/12/2009*)

Aanstellings

Prof. SD Nel (*vanaf 01/01/2009*)

Mev. L Fourie (*vaste termynkontrak vanaf 01/02/2009 tot 30/11/2010*)

Mej. A van der Westhuizen (*vanaf 01/01/2010*)

4. SINODALE OPDRAGTE 2007

Die GKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld word:

4.1 TOEVOEGING TOT KO BEPALING 65A (HANDELINGE, bl. 311)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 5.1.3 *Die Sinode besluit dat indien 'n kerkraad as regs-persoon in 'n regs-geding betrokke raak, moet die GKK en KKS deur die betrokke kerkraad as adviseurs genader word.*

Dit word reeds so gedoen. Die GKK was in gesprek met afgevaardigdes van AP Kerk Wonderboom in verband met 'n moontlike hofsak.

4.2 VERKOOP VAN GKK-EIENDOMME (HANDELINGE, bl. 317)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 4.3.1 *Die Sinode keur dit goed dat John Rock woonstel verkoop word teen R350,000.00 of die beste aanbod.*

John Rock woonstel 103 is verkoop vir R361,227.50

4.3 GEMEENTES WAT VOLHARD TEEN SINODE-BESLUTE (HANDELINGE, bl. 317)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 4.7.1 *Die Sinode besluit dat ringe gemaak word om in die toekoms hulle verantwoordelikheid na te kom.*

- 4.7.2 *Die Sinode besluit dat kerkrade kennis moet neem van hierdie besluit.*

- 4.7.3 *Die Sinode besluit dat, indien die ringe in die toekoms weer versuim, die GKK die bevoegdheid kry om die name aan die Sinode voor te lê.*

In die lig van 4.5 – 4.12.1 hieronder, nl. *Die Sinode besluit om die name van die gemeentes, wat nie hulle verpligtinge nagekom het nie, tydens konstituering van die Sinode voor te lê.*

(Kyk aanbeveling 4.5.1-4.5.2 en Bylae GKK 1.)

4.4 VERGOEDINGSTRUKTURE VAN LERAARS EN DOSENTE (HANDELINGE, bl. 317)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 4.8.5 *Die Sinode keur dit goed dat die GKK in same-werking met die AP Akademie 'n kommissie van deskundiges aanwys om die ooreenkoms te verfyne en verdere sake aan te spreek, met terugrapportering aan die Sinode en die AP Akademie.*

Die ooreenkoms is nou opgestel en word aangeheg as Bylae GKK 2.

4.5 AANBEVELINGS VAN DIE TFK AAN DIE SINODE (HANDELINGE 2004, bl. 447 en HANDELINGE 2007, bl. 317- 318)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 4.12.1 *Die Sinode besluit om die name van die gemeentes, wat nie hulle verpligtinge nagekom het nie, tydens konstituering van die Sinode voor te lê.*

AANBEVELINGS

- 4.5.1 *Die Sinode neem kennis van Bylae GKK 1.*

- 4.5.2 *Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg vir die Sinode van 29/08/2010 tot 02/09/2010 sal hê nie.*

4.6 **BESLUITEREGISTER RONDOM DIE 15%-HEFFING** (HANDELINGE, bl. 320)

2007-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR

14.10.2 *Die Sinode besluit dat die GKK die sinodebesluite wat tot dusver in verband met die 15%-heffing geneem is, in een dokument versamel wat versyings na die besluite sal vergemaklik.*

14.10.3 *Die Sinode dra dit aan die GKK op om 'n opsomming van staande geldige besluite te maak.*

Opsomming van besluite is gemaak en op die AP Kerk se webblad geplaas.

4.7 **OORSKRYDING VAN BEGROTING** (HANDELINGE, bl. 321)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

16.4 *Die Sinode kontinueer sy opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die vooraf goedkeuring van die GKK nie.*

AANBEVELING

4.7.1 **Die Sinode dra dit aan die KKS op om die volgende besluit onder Sinodebesluite in die KERKORDE aan te bring:**

Die Sinode besluit dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae deur kommissies gedoen sal word sonder die vooraf goedkeuring van die GKK nie.

4.8 **GKK 1 AFSKRYWING VAN AGTERSTALLIGE GELDE** (GKK-verslag HANDELINGE, bl. 317, pt. 4.6 en HANDELINGE, bl. 321)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

19.1 *Bylae GKK 1 word terugverwys na die GKK met die versoek dat daar met die betrokke gemeentes bemiddel word vir moontlike terugbetalings.*

Die besluit van die 2007-Sinode is onder die aandag van die betrokke gemeentes gebring en hulle is gevra vir moontlike terugbetaling. Terugvoer is van twee gemeentes ontvang.

4.9 **TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE** (HANDELINGE, bl. 322)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

12.2 *Die Sinode versoek die GKK om sover moontlik voorsiening te maak in die begroting vir maksimale betrokkenheid by en skakeling met die teologiese studente.*

Geniet aandag.

4.10 **VERANDERING VAN 'N VASTE VOORDEELFONDS NA 'N VASTE BYDRAEFONDS** (HANDELINGE, bl. 326, pt. 2.4)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

2.4.3 *Die Sinode versoek die Raad van Trusteas om dringend 'n komitee van kundiges aan te wys om die reglement van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds in die lig van bogenoemde besluite te hersien.*

Die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds het op 1 November 2007 omgeskakel van 'n Vaste Voordeelfonds na 'n Vaste Bydraefonds.

Afgehandel.

AANBEVELINGS

4.10.1 **Die Sinode neem kennis dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds vanaf 1 November 2007 omgeskakel is van 'n Vaste Voordeelfonds na 'n Vaste Bydraefonds.**

4.10.2 **Die Sinode keur dit goed dat die GKK sal instaan vir die tekorte, indien enige, op die pensioen van die leraars wat op 1 Julie 2007 lid van die Fonds was en op daardie datum 50 jaar of ouer was.**

4.10.3 **Die Sinode keur dit goed dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds deel word van 'n sambreelfonds.**

Motivering

4.10.4 Deeglike ondersoek is in dié verband gedoen en 'n positiwe mening is ook van 'n onafhanklike ekonoom, mnr. Adam Jacobs, verkry. Die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds behoort deur so 'n verandering minstens R82,000.00 per jaar te bespaar.

Die huidige raad van Trusteas kan dan vervang word met 'n pensioenfonds-waaksaamheidskomitee, wat soos die huidige Raad van Trusteas saamgestel word.

Indien die Sinode dit goedkeur dat daar oorgegaan word na 'n sambreelfonds, eindig die termyn van die huidige Trusteaslede onmiddellik by die neem van so 'n besluit. Indien nie, eindig die termyn van die huidige Trusteaslede sodra werknemers tydens die Sinode hulle drie verteenwoordigers aangewys het, die GKK die werkgewer se verteenwoordigers aangewys het en 'n nuwe Raad van Trusteas vir die volgende die jaar gekonstitueer het.

4.10.5 **PENSIOENVOORDELE VIR WERKNEMERS IN GEMEENTELIKE DIENS ANDERS AS LERAARS**

AANBEVELING

4.10.6 **Die Sinode keur dit goed dat werknemers, anders as dié genoem in die Reëls van die Pensioenfonds, ook lede van die Pensioenfonds kan word en verwys dit na die Raad van Trusteas om die Reëls dienoreenkomstig te wysig.**

Motivering

4.10.7 Daar is baie personeel by plaaslike kerke wat op 'n permanente basis aangestel is en geen pensioenvoordele geniet nie. Die pensioenfonds is tans 'n vaste bydraefonds wat beteken dat die werkgewer nie meer die risiko dra soos dit in die geval van 'n vaste voordeelfonds was nie, maar die werknemer (lid) dra nou die risiko.

4.11 **SKAKELING MET DIE AKADEMIE** (Bylae KUR 3, SAKELYS, bl. 179; kyk ook GKK-verslag, HANDELINGE, bl. 317, pt. 4.8.5 en bl. 323)

2007-AANBEVELINGS GOEDGEKEUR

1. *Die Sinode keur dit goed dat die GKK (in samewerking met die Kuratorium) en die AP Akademie afsonderlik 'n ad hoc-kommissie aanwys om 'n alles omvattende ooreenkoms tussen die AP Kerke in kerkverband en die AP Akademie op te stel, ten opsigte van die beskikbaarstelling van geboue, administratiewe dienste, vergoeding van personeel, fondsverdeling, teologiese opleiding en ander onderlinge*

hulpvelening wat die kommissie en beide partye nodig mag ag.

2. Die Sinode neem kennis van die Kuratorium se aanbeveling rakende die voorgestelde ooreenkoms (SAKELYS, bl. 175, pt. 19) en die voorgestelde wysigings aan Kerkorde Artikel 10 (SAKELYS, bl. 173, pt. 17), en verwys dit na die ad hoc-kommissie vir insluiting by die alles omvattende ooreenkoms, in soverre die toepaslike wetgewing en gereformeerde-kerkregtelike beginsels dit toelaat
3. Die Sinode besluit dat indien die ooreenkoms enige veranderinge aan Kerkorde artikels sou vereis, moet die GKK, in samewerking met die KKS, die volgende Sinode met aanbevelings dien.

Die ooreenkoms is opgestel en word aangeheg as **Bylae GKK 2**. Kyk ook 2007-Aanbeveling onder pt. 4.4 hierbo.

AANBEVELINGS

- 4.11.1 Die Sinode keur die Ooreenkoms (Bylae GKK 2) goed.
- 4.11.2 Die Sinode dra dit aan die KKS op om Art. 10.9 van die Kerkorde te verander sodat dit verwys na die ooreenkoms tussen die AP Akademie en die AP Kerk.

4.12 VISITASIEVERSLAE (HANDELINGE, bl. 332)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 4.6 Die Sinode besluit dat die Argivaris op uitnodiging gemeentes en ringe of groter groeperinge van gemeentes sal besoek en aan administratiewe amptenare soos skribas of saakgelastigdes en registerhouders asook argiefkommissies voorligting sal gee i.v.m. die pligte van die plaaslike kerk t.o.v. administrasie en algemene pligte waarvoor die administratiewe amptenaar verantwoordelik is.

Kerkrade en ringskommissies word versoek om geleenthede te reël waarheen die argivaris uitgenooi kan word met die opdrag van bg. voorligting.

Dit word reeds so gedoen op voorwaarde dat die gemeente die reiskoste van die Argivaris betaal.

4.13 VERTEENWOORDIGING OP DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE (HANDELINGE, bl. 328)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

20. Die Sinode besluit dat die verteenwoordigers op die Raad soos volg benoem word: 2 lede deur die Sinode verkies; 2 lede deur die Kuratorium aangewys en 1 lid deur die GKK aangewys.

Die GKK het ds. JL Schütte as sy verteenwoordiger aangewys.

4.14 ARGIVARIS (HANDELINGE, bl. 332. Kyk ook Bylae KKA 1 – SAKELYS, bl. 193)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 5.1 Die Sinode keur die uitbreiding van die argivarispos tot 'n volwaardige voldagpos goed en dra dit aan die GKK op om vir die pos te begroot.

Ds. AS van Staden is met ingang 01/01/2009 met 'n vaste termynkontrak as argivaris aangestel.

4.15 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2004 VERSKYN HET (HANDELINGE, bl. 340)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 5.4.26 Die Sinode versoek die GKK om voorsiening te maak vir die moontlike uitbreiding van personeel in die Publikasie-afdeling.

Die GKK gee voortdurend aandag aan personeelsake.

4.16 DIE BEMARKINGSFUNKSIE IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR (HANDELINGE, bl. 340)

2007-AANBEVELING GOEDGEKEUR

- 6.1.1 Die Sinode bevestig die noodsaaklikheid en belangrikheid van bemaking en versoek die GKK om opnuut oorweging te skenk aan die skep van 'n pos van bemarker wat ons publikasies effektief ook na buite kan bemark.

AANBEVELING

- 4.16.1 Die Sinode keur dit goed dat die saak van bemaking voortdurend aandag geniet, maar dat daar voorlopig afgestap word van die skep van 'n pos vir 'n bemarker.

5. TRAKTEMENTSKALE VAN LERAARS

Kragtens sy lasgewing (kyk KERKORDE 2008, bl. 88, Bylae 3, pt. 5.6.8.13) het die GKK jaarliks aandag gegee aan die traktementskale van leraars en aanbevelings aan die kerkrade deurgestuur.

Vir die jaar met ingang 1 Maart 2008 het die GKK die traktementskaal met 7% verhoog, vir die jaar met ingang 1 Maart 2009 met 7% en vir die jaar met ingang 1 Maart 2010 met 10%.

AANBEVELINGS

- 5.1 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2008 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:
R98 862 x 6 390 – 105 252 x 7 608 – 150 900 x 10 470 – 161 370
- 5.2 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2009 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:
R105 780 x 6 840 – 112 620 x 8 142 – 161 472 x 11 202 – 172 674
- 5.3 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2010 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:
R116 358 x 7 524 – 123 882 x 8 958 – 177 630 x 12 322 – 189 952

6. SALARISSKALE VAN PERSONEEL EN DOSENTE

Vir die jare onder oorsig het die GKK die salarisskale van personeel en dosente met die volgende persentasies per jaar aangepas:

Vanaf 1 Maart 2008 – 7%
Vanaf 1 Maart 2009 – 7%
Vanaf 1 Maart 2010 – 10%

AANBEVELING

- 6.1 Die sinode keur dit goed dat die salarisskale van personeel en dosente met die volgende persentasies aangepas is:**

**Vanaf 1 Maart 2008 met 7%
Vanaf 1 Maart 2009 met 7%
Vanaf 1 Maart 2010 met 10%**

7. REISKOSTETARIEF

Kragtens sy lasgewing (kyk KERKORDE 2008, bl. 88, Bylae 3, pt. 5.6.8.14) het die GKK gereeld besin oor reiskostetariewe. Die GKK besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en kerkrade.

Die reiskostetarief is vanaf 1 April 2008 vasgestel op R3.00 per km. Die minimum bedrag vir reiskoste vir gemeentelike werk is vanaf 1 April 2008 verhoog van R2,000.00 per maand na R2,500.00 per maand.

AANBEVELINGS

- 7.1.1 Die Sinode keur dit goed dat die reiskostetarief, volgens die aanbeveling van die GKK, vanaf 1 April 2008 verhoog is vanaf R2.50 tot R3.00 per km.**
- 7.2 Die Sinode keur dit goed dat die minimum bedrag ten opsigte van reiskoste vir gemeentelike werk vanaf 1 April 2008 verhoog is van R2,000.00 per maand tot R2,500.00 per maand.**

8. MAGTIGING VIR AANKOPE

Ten einde instandhouding en herstelwerk vinniger te kan laat doen, het die GKK besluit om die bedrae wat deur die Bestuur (Direkteur of sy gevolmagtigde) en die Eiendoms-komitee gemagtig en goedgekeur kan word, te verhoog.

AANBEVELINGS

- 8.1 Die Sinode keur dit goed dat die Bestuur (Direkteur of sy gevolmagtigde) instandhouding en herstelwerk kan magtig en goedkeur tot 'n maksimum bedrag van R10,000.00 per transaksie.**
- 8.2 Die Sinode keur dit goed dat die Eiendoms-komitee instandhouding en herstelwerk kan magtig en goedkeur tot 'n maksimum bedrag van R50,000.00 per transaksie.**
- 8.3 Die Sinode keur dit goed dat die Eiendoms-komitee kapitaalaankope kan magtig en goedkeur tot 'n maksimum bedrag van R10,000.00 per transaksie.**

9. HULP AAN EMERITI WAT LID VAN 'N ANDER MEDIESE FONDS IS**AANBEVELING**

- 9.1 Die Sinode keur dit goed dat emeriti wat aan ander mediese fondse as die goedgekeurde fonds van die GKK behoort, gehelp kan word met R500.00 per maand indien stawende bewyse voorgelê word. Hierdie toegewing word net gegee vir diegene wat daarom aansoek doen en word jaarliks hersien.**

10. DIE APK TRUSTFONDSBYDRAES

10.1 Die APK Trustfonds is destyds in die lewe geroep om die leraars wat uit die aktiewe bediening in ander gereformeerde kerke bedank en na die AP Kerk oorgekom het, wie se pensioengewende diens by affrede minder as 25 jaar sou

wees en wat hul werkgewerbydrae tot hul aanvanklike pensioenfonds verbeur het, te ondersteun.

10.2 Die Sinode het die volgende APK Trustfondsbydraes goedgekeur:

Getal lidmate	R per maand
Tot 20	5.00
21 – 50	10.00
51 – 100	20.00
101 – 150	30.00
151 – 200	40.00
201 – 250	50.00
251 – 300	60.00
301 – 400	70.00
401 – 500	80.00
501 en meer	90.00

- 10.3 Op 31/12/2009 het die balans in die APK Trustfonds R1 152 889.00 beloop.
- 10.4 Die bedrag wat in 2009 deur die gemeentes bygedra is, het R53,063.00 beloop.
- 10.5 Die totale bedrag wat in 2009 as toelae aan emeriti uitbetaal is, het R592,481.00 beloop.
- 10.6 Die balans van R447,991, ná rente verdien deur die fonds, is vanuit die 15%-bydrae aangevul.

AANBEVELINGS

- 10.7 Die Sinode bedank kerkrade wat getrou elke jaar hul bydraes aan die APK Trustfonds betaal.**
- 10.8 Die Sinode herinner kerkrade daaraan om die by-draes aan die APK Trustfonds getrou te maak.**
- 10.9 Die Sinode versoek kerkrade om hul bydraes met R5.00 per maand te verhoog:**

Getal lidmate	R per maand
Tot 20	10.00
21 – 50	15.00
51 – 100	25.00
101 – 150	35.00
151 – 200	45.00
201 – 250	55.00
251 – 300	65.00
301 – 400	75.00
401 – 500	85.00
501 en meer	95.00

11. TRUSTFONDS-TOELAEVERHOOGING**AANBEVELING**

- 11.1 Die Sinode keur dit goed dat die Trustfonds-toelaes jaarliks met 5% verhoog is vanaf 1 Maart 2008, 1 Maart 2009 en 1 Maart 2010.**

12. WYSIGING VAN VERLOFVOORDELE**AANBEVELINGS**

Die Sinode keur dit goed dat

- 12.1 langverlof vir leraars in die Sentrale Kerkkantoor vanaf 1 Januarie 2009 verval;**

- 12.2 verlot vir senior uitvoerende personeel (Direkteur, administrateur, redakteur en rekenmeester) vanaf 1 Januarie 2009 na 30 werksdae per jaar verhoog;
- 12.3 verlot van die res van die personeel op 20 werksdae per jaar bly; en
- 12.4 die Direkteur en administrateur die verlotstelsel vir administratiewe personeel moet ondersoek en 'n aanbeveling aan die GKK moet maak.

13. MEDIESE EN PENSIENVOORDELE VAN LERAARS WAT TOT DIE KERKVERBAND TOEGELAAT WORD

Wanneer leraars uit 'n ander kerkverband deur die Kuratorium toegelaat word, is hulle nie altyd seker van die reëlings ten opsigte van die mediese en pensioenfondse nie, wat tot gevolg het dat afdeling finansies later moet sukkel om die nodige aansoekvorms voltooi te kry.

AANBEVELINGS

- 13.1 Die Sinode dra dit aan die Kuratorium op om, voordat nuwe leraars toegelaat word, die Sentrale Kerkkantoor i.v.m. die mediese en pensioen van sodanige voornemende nuwe leraars te kontak.
- 13.2 Die Sinode dra dit aan die Kuratorium op dat saam met die ander vorms, ook 'n vorm i.v.m. finansiële sake, soos bv. mediese, pensioen, ensovoorts deur die voornemende leraar onderteken moet word.

14. MEDIESE KOMITEE

Daar word heelwat klagtes ontvang oor die hantering van navrae en ander skakeling met die mediese fondse, wat tot gevolg het dat baie van die navrae wat deur die makelaar verrig moet word, tans deur Afdeling Finansies verrig word. Die mediese komitee het met *Discovery Health* hieroor gesels en volgens hulle moet die dienste van 'n makelaar gebruik word, maar die GKK kan 'n ander makelaar aanstel.

AANBEVELING

- 14.1 Die Sinode dra dit aan die GKK op om, indien nodig, 'n ander makelaar nader aan die Sentrale Kerkkantoor aan te stel en die huidige makelaar in kennis te stel dat sy aanstelling teruggetrek word.

15. LIDMAATSKAP VAN COFESA (Konfederasie van werkgewers van Suid-Afrika)

Die tempo waarteen die GKK betrek word in geskille tussen die kerkrade, ringe en leraars wat na die KVBA / CCMA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) verwys word, het die GKK genoodsaak om by COFESA aan te sluit ten einde soortgelyke sake in die toekoms te hanteer.

AANBEVELING

- 15.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK lid geword het van COFESA.

Motivering

Die GKK kan onnodige uitgawes voorkom deur gebruik te maak van kundiges van COFESA wat daagliks met arbeidsaangeleenthede werk, om soortgelyke sake van die GKK te hanteer.

16. WERKSAAMHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE

Die Eiendomskomitee het sewe vergaderings en twee telefoonvergaderings gehou en die nodige beplanning gedoen en beheer uitgeoefen oor die uitbreiding en instandhouding van die eiendomme van die GKK.

16.1 BROOKSHUIS

Moontlike verkoop van Brookshuis

Nadat die aanbod van die Suid-Afrikaanse Reserwebank om Brookshuis vir 'n netto bedrag van R11.6 miljoen te koop, nie gerealiseer het nie, is daar nou 'n aanbod vir 'n netto bedrag van R12 miljoen ontvang van Martin Jonker Beleggings (Pty) Ltd.

AANBEVELING

- 16.1.1 Die Sinode neem kennis dat die aanbod van Martin Jonker Beleggings (Pty) Ltd om Brookshuis vir 'n netto bedrag van R12 miljoen te koop, aanvaar is.

16.2 EIENDOMME IN DIE OMGEWING VAN DIE AKADEMIE EN JEUGTUISTE

Aankoop van erf 844/R, Kirknessstraat 423, Sunnyside

AANBEVELING

- 16.2.1 Die Sinode neem kennis dat erf 844/R, Kirknessstraat 423, Sunnyside vir die bedrag van R2,458,600.48 aangekoop is.

Aankoop van erf 844/1, Kirknessstraat 419, Sunnyside

AANBEVELING

- 16.2.2 Die Sinode neem kennis dat erf 844/1, Kirknessstraat 419, Sunnyside vir die bedrag van R2,240,478.94 aangekoop is.

16.3 OPRIGTING VAN NUWE KANTORE, BOEKWINKEL EN ARGIEF

Die GKK het besluit om nuwe administratiewe kantore tesame met 'n boekwinkel, argief en sinodesaal op die aangekoopte nuwe eiendomme te vestig. Mnr. Johan de la Rey van De la Rey & Celliers Argitekte van Bloemfontein wat as argitek aangestel is, het aanbeveel dat die kompleks op die huidige terrein van die Jeugtuiste opgerig word. Sketsplanne is opgestel. In die lig van die wêreldbeker sokkertoernooi wat gedurende 2010 plaasvind, kon daar nog nie met die projek begin word nie. Die beplanning gaan egter steeds voort.

AANBEVELINGS

- 16.3.1 Die Sinode keur dit goed dat mnr. Johan de la Rey van De la Rey en Celliers Argitekte van Bloemfontein aangestel is.
- 16.3.2 Die Sinode keur dit goed dat die argitek, wanneer nodig, tenders inwin vir die aanstelling van 'n bourekenaar, siviele ingenieur en elektriese ingenieur.
- 16.3.3 Die Sinode keur dit goed dat die rekening ten bedrae van R127,326.60 vir die afhandeling van 20% van die werk aan De la Rey & Celliers Argitekte betaal is.

16.3.4 Die Sinode dra dit aan die GKK op om voort te gaan met die aansoek om hersonering.

16.3.5 Die Sinode dra dit aan die GKK op om die moontlikheid te ondersoek, om die administratiewe kantore op die Jeugtuisteterrein te vestig en 'n sinode-saal, argief en parkering op die erf in Kirkness-straat 423.

16.3.6 Die Sinode dra dit aan die GKK op om ook die behoeftes in verband met 'n biblioteek vir die AP Akademie by die ondersoek in ag te neem.

16.4 VERHURING VAN EIENDOMME IN KIRKNESS-STRAAT

AANBEVELINGS

16.4.1 In die lig van die moontlike verkoop van Brookshuis en die tydelike verskuiwing van die kantore, die boekwinkel en die argief, besluit die Sinode dat die eiendomme in Kirkness-straat nie nou verhuur word nie.

16.4.2 Die Sinode gee volmag aan die Direkteur en Administrateur om noodsaaklike instandhoudingswerk, wat nie R50,000.00 te bowe gaan nie, aan die geboue in Kirkness-straat te laat doen sodat die administrasie, finansies, publikasies, boekwinkel en argief tydelik daar gehuisves kan word terwyl die ontwikkeling van die nuwe kantoorgeboue aan die gang is.

16.5 UITBREIDING BY DIE AP AKADEMIE

Gedurende die verslagtydperk is die volgende verbeteringe by die AP Akademie aangebring:

- Kiaatkaste R15,210.00
- Boekrakke in die Rektor se kantoor R14,670.00
- Stalrakke in die kluis en biblioteek R8,707.00
- Lugversorgingseenhede in die kantore van die Rektor en Registrateur sowel as in die ou lesingkamer R13,000.00
- Dubbel motorafdek R9,700.00
- Plaveisel onder die afdak R8,441.00

AANBEVELING

16.5.1 Die Sinode keur dit goed dat verbeteringe ten bedrae van R69,728.00 by die AP Akademie aangebring is.

17. GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jare 2007, 2008 en 2009 word as 'n aparte bylae (**Bylae GKK 3**) aangeheg.

17.1 Finansiële verslag 2007

17.1.1 Ouditverslag vir die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2007 (**Bylae GKK 3.1**)

AANBEVELING

17.1.2 Die Sinode keur die auditverslag vir 2007 goed.

17.2 Finansiële jaarstate 2008

17.2.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2008 (**Bylae GKK 3.2**)

AANBEVELING

17.2.2 Die Sinode keur die finansiële jaarstate vir 2008 goed.

17.3 Finansiële jaarstate 2009

17.3.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2009 (**Bylae GKK 3.3**)

AANBEVELING

17.3.2 Die Sinode keur die finansiële jaarstate vir 2009 goed.

17.4 Finansiële verslag 2007 tot 2009

17.4.1 Meting van die werklike bedrae teen die begroting vir die jare geëindig 31 Desember 2007, 31 Desember 2008 en 31 Desember 2009 (**Bylae GKK 3.4**)

17.4.2 Kommissiewerk vir die jare 2007, 2008 en 2009 (**Bylae GKK 3.5**)

AANBEVELING

17.4.3 Die Sinode keur die finansiële verslag vir 2007 tot 2009 goed.

18. BESKRYWINGSPUNTE

18.1 Ring van Roodepoort: Agterstallige 15%-bydraes

Die Sinode word versoek dat gemeentes wat oor verloop van jare agterstallig geraak het t.o.v. hul 15%-oorbetalings en sukkel om hul agterstalligheid by te bring, te woord te staan met die oog daarop om die agterstalligheid af te skryf.

Indien die Sinode die gemeentes nie te woord staan nie, word die Sinode versoek om die agterstalligheid af te skryf, m.a.w. dat afskrywing tydens die Sinode beredeneer word.

Motivering

1. Daar is baie gemeentes met agterstallige 15%-bydraes weens verskeie omstandighede. Die meeste van hierdie agterstalligheid is al jare oud.

2. Die Sinode het besluit dat 'n gemeente aanspreeklik bly vir agterstallige 15%-bydraes.

3. Die Sinode het ook in die verlede die 15%-aangeleentheid verwys na die staande sinodale kommissies (GKK en SKK) vir besluitneming ná ondersoek en bevinding, met verslagdoening aan die Sinode. Die Sinode het egter die kommissies se besluite omgekeer en sodanige gemeentes versoek om hul agterstallighede by te bring volgens hulle vermoë.

4. Ons het begrip vir die besluit van die Sinode. Die publieke en wedersydse belang moet beskerm word. As een gemeente die besluite nakom, waarom nie almal nie? Die akkoord-beginsel volgens Art. 1.1 van die KERKORDE moet deur al die gemeentes gerespekteer en gehandhaaf word.

5. Die ongehoorsaamheid van een persoon/vergadering wat lei tot onnodige verspilling van energie deur die volgende (hier die kerkadministrasie wat jaar vir jaar dieselfde briewe na ringe moet stuur en sorgvuldig moet boekhou van agterstallige betalings), strek die kerk nie tot eer nie. En die ongehoorsame persoon/vergadering is in die meeste gevalle salig onbewus van die gevolge van sy ongehoorsaamheid.

6. Nou is dit ook so dat huidige kerkrade en gemeentes moet ly as gevolg van die ongehoorsaamheid van persone/kerkrade wat hulle vooraf gegaan het. Hulle is erfgename van 'n baie slegte situasie – 'n skuldias wat hulle nie kan vereffen nie.

7. Daar is ook kerkrade wat mislei is deur hulle dominees of 'n prominente figuur in die gemeente wat hulle fokus vernou het tot net die eie gemeente en waar nie breër aan die kerkverband gedink is nie. Hierdie dominees of figure is nie meer daar nie, en kerkrade en gemeentes sit met die gevolge – 'n skuldias wat hulle nie kan vereffen nie.

8. Vir die kerkadministrasie behoort die situasie een groot frustrasie te wees, 'n soort remskoen om jaar vir jaar terug te moet blaai na die ongehoorsaamheid van gemeentes van jare gelede. Baie gemeentes se hede is van so aard dat hulle nie vir hulle ongehoorsaamheid van die verlede kan vergoed nie. Ook vir hulle is die situasie een groot frustrasie en 'n remskoen vir vooruitgang.

9. En dan is daar die gehoorsame gemeentes. Die vraag is of so 'n beredenering en afskrywing regverdig is ten opsigte van hulle? Ons glo dat die gelykenis van die verlore seun en die gelykenis van diensknegte wat op verskillende tye begin werk het en almal dieselfde loon ontvang – gelykenisse wat ons Here Jesus Christus vertel het, ons leiding kan gee.

10. Die versoek is dat die sinode 'n oor sal hê vir die nood van baie van hierdie gemeentes en ooreenkomstig 'n besluit sal neem wat tot voordeel van die kerkverband en sy gemeentes sal wees.

AANBEVELING

18.1.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie. Kragtens 'n bestaande sinodebesluit moet die gemeente met die GKK in verbinding tree.

Motivering

Die Elfde Sinode het die volgende besluite in die verband geneem (HANDELINGE 2004, bl. 362 en 369):

13.9 Die Sinode besluit dat die GKK volmag kry om in die toekoms gemeentes se agterstallige 15%-skuld gedeeltelik of geheel af te skryf na gelang van die omstandigheid wat die agterstalligheid veroorsaak het en na deeglike studie van die gemeente se omstandighede – met verslag aan die volgende Sinode.

31.2 Die Sinode besluit dat alle Ringe en permanente sinodale kommissies voortaan die maatstaf van Art. 31 van die KERKORDE moet aanlê wanneer hulle beskrywingspunte hanteer en aanbevelings aan sinodes doen. Dit hou in dat wanneer 'n beskrywingspunt indruis teen 'n bestaande sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand 'n voorstel wil indien wat in stryd is met 'n bestaande besluit van 'n sinode, moet dit by wyse van 'n beswaarskrif gedoen word (Art. 31). Daarom moet nougeset aan die vereistes van Bepaling 31A van die Kerkorde voldoen word.

Hierdie besluit het die implikasie dat beskrywingspunte net oor nuwe sake ingedien kan word.

Die onus sal op die insenders van die beswaarskrif rus om vas te stel watter sinodebesluit/-e reeds oor die onderhawige saak handel. Ringe moet in hierdie verband ook as 'n sif ten opsigte van die sakelyst van die sinode optree.

Verder besluit die Sinode dat hierdie besluit agter in die Kerkordeboek opgeneem word.

18.2 AP Kerk Engeland & Wallis: Jaarlikse 15%-oorbetaling

Die Sinode besluit dat die AP Kerk Engeland en Wallis in die plek van die vereiste 15%-oorbetaling, jaarliks 'n donasie sal maak aan een of meer van die fondse binne die kerkverband, in soverre daar uitvoering gegee word aan die heersende wetgewing in die Verenigde Koninkryk (VK).

Motivering

Die vorige Sinode (HANDELINGE 2007, bl. 315 pt. 5.16) het daarvan kennis geneem dat die AP Kerk Engeland en Wallis deel is van die kerkverband net soos enige ander gemeente nadat die gemeente, volgens die heersende wetgewing ten opsigte van kerkregistrasie in die VK, moes registreer as 'n selfstandige maatskappy en welsynsorganisasie (*Charity*) met die naam *Afrikaans Protestant Church in England and Wales (APC)*.

Alhoewel die Sinode heel korrek besluit het om die gereformeerde kerkbegrip te handhaaf en die kerk nie as 'n maatskappy beskou nie, moet die APC aan die maatskappy- en welsynswette van die VK voldoen ten einde sy registrasie as onafhanklike maatskappy en welsynsorganisasie te behou. Hiervolgens word 'n verpligte jaarlikse oorbetalings van 15% van die totale inkomste aan 'n buitelandse regs persoon, met dieselfde naam, beskou as ledegeld en 'n gebrek aan selfstandigheid wat beteken dat die APC se registrasie weens wetsoortreding in gedrang kom. 'n Oortreding van die VK se maatskappywet het verreikende gevolge vir die gemeente, maar ook vir die kerkraadslede wat as direkteure van die APC optree en wat daarom in persoon verantwoordelik gehou word vir alle besluite.

Verder het die Sinode tereg besluit dat gemeentes wat nie 15% van hulle totale inkomste oorbetal nie, hulself buite die kerkverband stel. Die AP Kerk Engeland en Wallis wil steeds deel bly van die kerkverband en soek na weë om wel deel te bly sonder om die wettige voortbestaan van die kerk in die VK in gedrang te bring.

Dit was verblydend om uit te vind dat VK wetgewing daarvoor voorsiening maak dat die direkteure onder sekere omstandighede mag besluit om donasies te maak aan soortgelyke verdienstelike organisasies met dieselfde oogmerke as die APC. Een van die wetlike vereistes is egter dat die betrokke organisasie se finansiële state voorgelê moet word, waarin aangedui word dat die donasie wel ontvang is en waarvoor dit gebruik is.

In ooreenstemming hiermee het die AP Kerk Engeland en Wallis in plaas van 'n 15%-oorbetaling aan die GKK, in 2008 'n bedrag van R80,170.00 as donasie aan die AP Akademie gemaak en die bedrag word apart in die APA se state aangedui. Vir die jaar 2009 is die 15% afgeskryf teen bedieningshulp vanuit die bedieningsfonds om die vestiging van twee leraars te befonds en was dit dus nie nodig om met allerlei vernuftige planne die wetgewing te probeer omseil of om die kerkverband nie te benadeel nie.

Die Sinode word vriendelik versoek om die aanbeveling goed te keur ten einde die AP Kerk Engeland en Wallis te laat deel bly van die kerkverband. Indien die aanbeveling nie goedgekeur word nie, sal die AP Kerk Engeland en Wallis buite die kerkverband moet tree en sal daar na 'n alternatiewe samewerkingsooreenkoms tussen die APC en die AP kerkverband gekyk moet word, iets wat ons nie graag wil hê nie en wat ons glo onnodig is.

AANBEVELING

18.2.1 Die Sinode besluit dat die AP Kerk Engeland en Wallis in die plek van die vereiste 15%-oorbetaling, jaarliks 'n donasie sal maak aan een of meer van die fondse binne die kerkverband, in soverre daar uitvoering gegee word aan die heersende wetgewing in die Verenigde Koninkryk.

Motivering

Dit is die enigste wettige wyse waarop die AP Kerk Engeland en Wallis 'n bydrae tot die kerkverband kan maak.

18.3 Ring van Newcastle: Afskryf van agterstallige 15%-bydraes AP Kerk Dundee/Glencoe

Die Sinode word versoek om die agterstallige 15%-verpligtinge vir die tydperk 1995 tot 2004 ten bedrae van R92,223.92 af te skryf.

Motivering

Finansiële gaan dit baie swaar met Dundee/Glencoe-gemeente. Huidig is daar net 44 belydende lidmate en hulle maandelikse bydraes is net genoeg om al hulle finansiële verpligtinge na te kom. Dit sal baie moeilik wees vir die gemeente om die agterstallige verpligtinge te betaal. Die gemeente is nou op datum met hulle huidige verpligtinge.

1. Daar kon geen volledige finansiële verslae êrens gevind word vir die jare 1995 tot 2004 nie. Geen dokumentasie kon bekom word nie ten spyte van deeglike navorsing wat gedoen is nie. Hierdie bedrag beloop R92,223.92 en ons aanvaar die GKK se berekening.
2. Die kerkraad voel sleg oor die toedrag van sake en erken dat die kerkraad van 1995 tot 2006 glad nie deeglik boekgehou het van die finansies nie. Die voorsitter van die kerkraad het bedank as lidmaat van die AP Kerk en sy gade wat kassier was, het ook bedank as kassiere en kom ook nie meer kerk toe nie.
3. Die huidige skriba/kassier en voorsitter het baie moeite gedoen om sake in orde te kry. Met skok is agtergekom dat daar van 1995 tot 2006 geen 15%-heffings oorbetal was nie.
4. Hierdie gemeente bestaan tans uit 44 lidmate van wie die helfte afgetree is. Die huidige voorsitter van die Vroueaksie doen saam met haar susters reuse werk om die gemeente te lei in fondsinsamelingsprojekte. Die jare 2007 en 2008 se 15%-heffings is betaal in 2009. Nadat die GKK die gemeente per brief ingelig het van die agterstallige 15% is 2005 en 2006 se agterstallige gelde ook in 2009 oorbetal. Die gemeente en kerkraad onderneem om dit elke maand in die toekoms te betaal.
5. Die gemeente is nou op datum en kom net-net deur om alle finansiële verpligtinge na te kom. Die moontlikheid dat lidmate kan bykom, is skaal aangesien die tendens is dat Afrikaners Natal verlaat.
6. Aangeheg ons inkomste- en uitgewestaat vir u insae. Om 'n predikant te bekom betaal ons elke maand R5,500.00 aan ons buurgemeente.
7. Ons rig hierdie pleidooi aan die Sinode aangesien ons weet die GKK is nie by magte om hierdie bedrag af te skryf nie. Daar is nou goeie samewerking tussen ons en die Kerkkantoor.
8. Weereens, ons pleit skuldig namens ons voorgangers. Die gemeente sal geweldig aangemoedig word as hulle hierdie swaar skuld las kan aflê en sal dan moedig kan voortgaan.

AANBEVELING

18.3.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie. Kragtens 'n bestaande sinodebesluit moet die gemeente met die GKK in verbinding tree.

Motivering

Die Elfde Sinode het die volgende besluit in die verband geneem (HANDELINGE 2004, bl. 369):

31.2 Die Sinode besluit dat alle Ringe en permanente sinodale kommissies voortaan die maatstaf van Art. 31 van die KERKORDE moet aanleë wanneer hulle beskrywingspunte hanteer en aanbevelings aan sinodes doen. Dit hou in dat wanneer 'n beskrywingspunt indruis teen 'n bestaande sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand 'n voorstel wil indien wat in stryd is met 'n bestaande besluit van 'n sinode, moet dit by wyse van 'n beswaarskrif gedoen word (Art. 31). Daarom moet nougeset aan die vereistes van Bepaling 31A van die Kerkorde voldoen word.

Hierdie besluit het die implikasie dat beskrywingspunte net oor nuwe sake ingedien kan word.

Die onus sal op die insenders van die beswaarskrif rus om vas te stel watter sinodebesluit/-e reeds oor die onderhawige saak handel. Ringe moet in hierdie verband ook as 'n sif ten opsigte van die sakelys van die sinode optree.

Verder besluit die Sinode dat hierdie besluit agter in die Kerkordeboek opgeneem word.

18.4 Ring van Newcastle: Afskryf van agterstallige 15%-bydraes AP Kerk Vryheid

Die Sinode word versoek om die agterstallige 15%-bydraes van AP Kerk Vryheid vir die tydperk 1993 tot 2006 ten bedrae van R22,372.14 af te skryf.

Motivering

Finansiële gaan dit swaar met Vryheid-gemeente. Die gemeente is nou al agt maande sonder 'n predikant en op die oomblik nie finansiële sterk genoeg om te beroep nie. Dit sal baie moeilik wees vir die gemeente om hierdie agterstallige verpligtinge na te kom. Die gemeente is op datum met hulle huidige verpligtinge en onderneem om die 15%-verpligtinge op datum te hou.

1. Hierdie agterstallige verpligtinge het opgehoop in die tydperk 1993 tot 2001 en die huidige kerkraad kon geen dokumentêre bewyse vind van hierdie agterstallige 15%-verpligtinge nie, ons is bewus dat dit swaar gegaan het met hierdie gemeente in die tydperk.
2. Sedert 2002 maak die Kerkraad erns met die betaling van die 15%-verpligtinge aan die SKK.
3. Vryheid-gemeente het al die agterstallige 15%-verpligtinge wat in 2009 opgehoop het aan die einde Desember 2009 betaal en die kerkraad onderneem om dit op datum te hou.

AANBEVELING

18.4.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie. Kragtens 'n bestaande sinodebesluit moet die gemeente met die GKK in verbinding tree.

Motivering

Die Elfde Sinode het die volgende besluit in die verband geneem (HANDELINGE 2004, bl. 369):

31.2 Die Sinode besluit dat alle Ringe en permanente sinodale kommissies voortaan die maatstaf van Art. 31 van die KERKORDE moet aanleë wanneer hulle beskrywingspunte hanteer en aanbevelings aan sinodes doen. Dit hou in dat wanneer 'n beskrywingspunt indruis teen 'n bestaande sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand

'n voorstel wil indien wat in stryd is met 'n bestaande besluit van 'n sinode, moet dit by wyse van 'n beswaarskrif gedoen word (Art. 31). Daarom moet nougeset aan die vereistes van Bepaling 31A van die Kerkorde voldoen word.

Hierdie besluit het die implikasie dat beskrywingspunte net oor nuwe sake ingedien kan word.

Die onus sal op die insenders van die beswaarskrif rus om vas te stel watter sinodebesluit/-e reeds oor die onderhawige saak handel. Ringe moet in hierdie verband ook as 'n sif ten opsigte van die sakelys van die sinode optree.

Verder besluit die Sinode dat hierdie besluit agter in die Kerkordeboek opgeneem word.

19. BESWAARSKRIFTE

19.1 Beswaarskrif: AP Kerk Wonderboom

Die huidige stelsel is volgens besluit van die Sinode dat 15% van alle inkomste van elke gemeente aan die Sentrale Kerkkantoor oorbetal word:

Bewoording soos vervat in HANDELINGE 2004, bl. 369, pt. 31.1.1:

Die Sinode besluit om die 15%-bydrae van kerkrade aan die GKK te handhaaf.

AP Kerk Wonderboom vind die stelsel onbillik en ondoeltreffend en stel voor dat elke gemeente maandeliks per ingeskrewe lidmaat 'n voorafbepaalde bedrag, volgens die sentrale begroting jaarliks bereken ooreenkomstig 'n skaal wat die gemiddelde inkomste van gemeentes as basis het, (met ander woorde vir die bogemiddeld-vermoënde gemeentes 'n aanslag per lidmaat, vir gemiddeld-vermoënde gemeentes 'n pro rata laer aanslag per lidmaat en vir die hulpbehoewende gemeentes 'n nog laer aanslag per lidmaat, nadat ten opsigte van elk van die kategorieë 'n definisie per aanvaarbare kriteria opgestel is).

Motivering

Die huidige stelsel leen hom in die eerste plek tot ongerymdheid soos die volgende:

Lidmate en selfs kerkrade poog om nie alle fondse wat gein word, oor dieselfde kam te skeer nie. Die huidige stelsel kom vir lidmate as onbillik en onredelik voor en veroorsaak onnodige ontevreidenheid onder lidmate, en wel om die volgende rede:

Van gemeentes wat addisionele skenkings ontvang, word ook verwag om 15%-oorbetaling te doen, terwyl die sentrale kantoor nie op sodanige skenkings kon staatmaak nie – dit is swak beplanning – en so 'n skenking wat bv. bedoel was om 'n gemeente se skuld las te help delg, word dan summier met 15% verklein.

Gemeentes wat as sogenaamd hulpbehoewend verklaar of beskou word, se bydraes tot die Sentrale Kerkkantoor word blykbaar deur meer gegoede gemeentes gedra, maar sover bekend is daar nie enige definisie van sodanige hulpbehoewendheid nie.

Die huidige stelsel ontmoedig enige addisionele gemeentelike poging om fondse in te samel, omdat gemeentelide, in sommige gevalle die jeug wat graag fondse vir hul eie aktiwiteite bymekaar wil maak, dadelik meegedeel moet word dat hulle moet onthou dat daar eers 15% van hulle inkomste aan die GKK oorbetal moet word.

'n Vaste grondslag van 'n aanslag per lidmaat sal 'n baie billiker stelsel wees omdat nie slegs die GKK nie, maar ook die gemeentes dan presies sal weet wat hul verpligtinge en

moontlikhede is. Begrotings kan nie op lukrake wyse opgestel en slegs op hoop van moontlike skenkings gevestig word nie. In hierdie verband behoort die Sinode via die GKK 'n voorbeeld vir die ringe en ook vir individuele gemeentes te stel.

Meer omvattende verduideliking en motivering van die een bladsy beswaarskrif hierby:

Die AP Kerk Wonderboom stel voor dat 'n nuwe stelsel van inkomste-generering vir die GKK van die Afrikaanse Protestantse Kerk ingestel word om die huidige stelsel van oorbetal van 15% van alle gemeente-inkomste te vervang.

Die Sinode is reeds in 2004 per beskrywingspunt versoek om ondersoek in te stel na die doeltreffendheid en billikheid van die huidige stelsel van oorbetal van 15% van alle inkomste van elke gemeente aan die Sentrale Kerkkantoor vir die algemene administrasie van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die gunstige oorweging van 'n algehele wysiging of alternatiewelik 'n billike en aanvaarbare aanpassing van die huidige stelsel.

Hierdie beskrywingspunt het wel voor die Sinode van 2004 gedien en die Voorsitter het dit ons insiens verkeerdelik nie ter tafel geplaas met die oog op stemming daaroor nie. Wonderboom se afgevaardigde het hom wel direk daarna gedurende teepouse op die oorsig gewys, maar die voorsitter het dit daarna nie weer opgehaal nie. Sy reaksie was dat die Sinode besluit het op die 15%-stelsel toe hy 'n ander voorstel van vermindering na 10% as enigste voorstel ter tafel gestel het met die oog op stemming, sonder om gemelde voorstel van Wonderboom verder te hanteer. Kyk bl. 369 van die sinodebesluite van 2004, par. 31.1.1.

Soortgelyke beskrywingspunte is ook met die oog op die 2007-Sinode deur die GKK ontvang, maar almal is as nie-ontvanklik bestempel omdat dit toe reeds in die vorm van beswaarskrifte ingedien moes gewees het.

Agtergrond en motivering

Die huidige stelsel leen hom in die eerste plek tot ongerymdheid soos die volgende: Lidmate en selfs kerkrade poog om nie alle fondse wat gein word, oor dieselfde kam te skeer nie. So kan dit gebeur dat die susters of 'n ander gemeentelinstansie bv. geld insamel en aan die einde van die jaar 'n bedrag by die kassier inbetaal, nadat hulle verskillende items uit hul fondse vir die betrokke gemeente aangekoop het. Op die oorgeblewe balans wat nou in die boeke ingeskrif word, word die 15%-oorbetaling aan die Sentrale Kerkkantoor gedoen.

Lidmate sal in hierdie geval ook liewer bv. waaiers of ander soortgelyke items vir die gemeente skenk, eerder as om die kontant in te betaal en dan 15% te "verloor".

Die huidige stelsel kom vir lidmate as onbillik en onredelik voor, en wel om die volgende rede:

Gemeentes wat as sogenaamd hulpbehoewend verklaar of beskou word, se bydraes tot die Sentrale Kerkkantoor word blykbaar deur meer gegoede gemeentes gedra, maar die vraag is of daar enige definisie van sodanige hulpbehoewendheid bestaan. In die geval Wonderboom-gemeente was daar in 2008 'n skuld las van gemiddeld R177,134.00, wat kwalik binne enkele jare gedelg kon word, omdat die gemeente bv. verlede jaar R106,549.16 aan die Sentrale Kerkkantoor moes oorbetal, terwyl rente op die oortrokke rekening nie vooraf afgetrek kon word en die 15% dan daarna op die inkomstebalans oorbetal kon word nie. Die oortrokke rekening se rente het R15,779.00 beloop. Die "prys" wat AP Kerk Wonderboom moes betaal om uit hierdie skuld te kom, was om in 2009 sedert ds. Britz se oorlye nie 'n permanente leraar te beroep nie en ook nie vroeg in 2010 nie.

Hierdie gemeente het bv. in 'n vorige finansiële jaar 'n donasie van R50,000.00 ontvang en die donateur het ook die R7,500.00 (15% van R50,000.00) geskenk sodat hierdie gemeente die volle R50,000.00 kon benut. Die uitsluitel deur die kerkkantoor was dat die gemeente 15% op die volle R57,500.00 moes oorbetal. As die staat bv. 'n wet en regulasies so rigied en sonder begrip sou toepas, sou dit ook as onbillik bestempel word.

Die huidige stelsel ontmoedig enige addisionele gemeentelike poging om fondse in te samel, omdat gemeentelike, in sommige gevalle die jeug wat graag fondse vir hul eie aktiwiteite bymekaar wil maak, dadelik meegedeel moet word dat hulle moet onthou dat daar eers 15% van hulle inkomste aan die Sentrale Kantoor oorbetal moet word. Dit het bv. by Wonderboom-gemeente gebeur dat daar jongmense is wat tuis moet bly omdat hulle nie die nodige fondse het om aan 'n staatsaktiwiteit deel te neem nie. Die hele groep wou graag 'n fonds vir hierdie doel opbou, ten einde hul maats wat dit nie breed het nie, te kan borg. Die oorbetal van 15% van hul eie geld ontmoedig hulle ons insiens om enigsins verder moeite in hierdie verband te doen.

In die lig van bogenoemde voorbeelde kan sekerlik afgelei word dat die huidige stelsel 'n dringende ondersoek en heroorweging regverdig. Om nie daarvan beskuldig te word dat ons nie die nodige begrip vir die behoeftes van die algemene kerklike administrasie het nie, wil ons dadelik meld dat ons wel volle begrip daarvoor het, maar dat die vorige beskrywingspunt en hierdie beswaarskrif gaan om die stelsel van inkomste-generering vir hierdie doel.

Voorstelle vir 'n moontlike gedeeltelike of algehele wysiging:

1. In die eerste plek behoort jaarliks vooruit 'n behoorlike begroting vir die algemene kerkbehoefte opgestel te word (ons glo dat dit wel steeds gedoen word).

2. 'n Behoorlike definisie van 'n gemeente wat in geheel of gedeeltelik van sinodale bydraes vrygestel word, behoort bedink en op skrif gestel te word. In hierdie verband behoort beslis ook gemeentes met skuld en verpligte rentedelging op 'n manier in ag geneem te word. Die gemeentes kan selfs in vyf verskillende kategorieë op grond van hul vermoëns ingedeel word en die bedrag per lidmaat in par. 3 gemeld daarvolgens pro rata vir die verskillende kategorieë bepaal word.

3. Die gemeentes se lidmaattal is tog wel geredelik beskikbaar en betroubaar en 'n veel billiker stelsel sou wees dat 'n bedrag per belydende lidmaat wat jaarliks vooruit deur die begroting van die Sentrale Kerkkantoor bepaal moet word, vir oorbetal aan die kerkkantoor en wel op maandelikse basis, vasgestel moet word. Die bedrag per lidmaat vir hulpbehoewende gemeentes (per definisie) kan pro rata bepaal word, ten einde gemelde gemeentes tegemoet te kom, soos reeds hierbo gemeld.

Gesinne wat finansiël deur 'n betrokke gemeente gehelp word, moet uitgesluit word en dus van die lidmaattal met motivering afgetrek kan word.

4. Laasgenoemde stelsel sal steeds in die behoefte van die Sentrale Kerkkantoor voorsien, maar dit sal vir gewone gemeentelike makliker verstaanbaar wees en as minder onbillik ervaar word. Dit sal ook ongerymdhede beter uitskakel as die huidige stelsel en alle gemeentelike organisasies sal met groter vrymoedigheid aan addisionele fondsinsamelingsaksies deelneem.

Hierdie stelsel word suksesvol deur talle ander nie-kerklike organisasies en verenigings/unies toegepas.

5. Hoewel ons die nodige respek vir sinodegangers se veelsydigheid het, moet tog gemeld word dat oor hierdie be-

langrike finansiële aangeleentheid nie ligtelik deur persone wat nie kenners van sodanige sake is, 'n besluit geneem kan word, as 'n klein kommissie/komitee van kundiges nie vooraf die hele saak beredeneer het en 'n goedgeмотiveerde en volledige voorstel aan sodanige vergadering voorlê nie.

AANBEVELING

19.1.1 Die Sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangstes (tans 15%)

Motivering

Die beginsel van 'n persentasiebydrae bly steeds die billikste bedeling vir die gemeentes sowel as die Gemeenskaplike Kerkkantoor. In die geval van 'n vaste bedrag per lidmaat moet daar gesteun word op lidmaatgetalle wat deur baie gemeentes nie behoorlik bygehou en aan die Sentrale Kerkkantoor voorsien word nie. Die persentasiebydrae daarenteen word gebaseer op werklike syfers wat in geouditeerde state verantwoord word. Die ongerymdhede wat in die beswaarskrif genoem word, kan soveel makliker voorkom deur foutiewe lidmaatgetalle, wat nie in die geouditeerde state verskyn nie, op te gee. In die geval van 'n persentasiebydrae kan daar net van 'n gemeente verwag word om 'n bydrae aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te betaal indien hulle 'n inkomste gehad het. In die geval van 'n vaste bedrag per lidmaat, kan dit gebeur dat 'n gemeente baie min of geen inkomste gehad het nie, maar steeds die bedrag per lidmaat moet betaal.

19.2 Beswaarskrif: AP Kerk Kimberley – Die Kruis

Vorige Sinodebesluit(e)

HANDELINGE VAN DIE TWEDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING, 1988, bl. 43:

Saaklike (eiendomlike) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, orrel, nagmaalservies) word nie bereken met die %-bydrae nie. Wanneer eiendom wat geskenk is, onprakties geleë is vir gebruik deur die gemeente, kan so 'n eiendom vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom bereken gaan word met die %-bydrae, met dien verstande dat die fondse aangewend sal word vir 'n meer geskikte eiendom. Sou geskenkte eiendom wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die %-bydrae berekenbaar.

HANDELINGE VAN DIE SESDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING, 1993, bl. 252 pt. 6.2.1: "Finansies: 15%-bydrae":

1. Die basis van sinodale bydraes soos in 1987 en 1988 besluit, word weer toegepas.

Die Sinode bevestig ook die besluit van 1986, nl. die Sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste.

2. Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.

3. Totale kontantontvangste sluit o.m. in: - insamelings van susters, jeug, diakonie, ensovoorts – rente ontvang op beleggings van die kerkraad.

4. In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetal, nie 'n tweede keer bereken vir die persentasiebydrae nie. (Kyk Oudtshoorn navraag Vierde Sinode – 1990 bl. 512, pt. 1).

5. *Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie kontantontvangste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, is dit 'n kontantontvangste.*

HANDELINGE VAN DIE AGTSTE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING, 1997, bl. 279, pt. 11.15.1 "Finansies: 15%-bydraes":

1. *Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.*

2. *Totale kontantontvangste sluit onder meer in: - insameling van susters, jeug, diakonie, ensovoorts – rente ontvang op beleggings van die kerkraad.*

HANDELINGE van die Agtste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in sitting: 1997, bl. 318, pt. 5.1.3 "Finansies: 15%-bydraes":

Die Sinode besluit om te hou by die besluit van 1993 (en wat herhaal is in 1995): Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangstes.

HANDELINGE van die Agtste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in sitting: 1997, bl. 318, pt. 5.3.8 "Finansies: 15%-bydraes":

Die Sinode besluit om geen insamelings of fondse vry te stel by die berekening van die persentasie vir sy sinodale bydrae nie en dus te bly by die besluit van 1995.

Voorgestelde wysiging: 15%-bydrae op kerkbouprome

Die Sinode besluit dat fondse geen vir die uitsluitlike doel om 'n kerkgebou te finansier gevrywaar word van die verpligte 15%-bydrae wat gemeentes moet betaal.

Motivering

Die Sinode besluit van 1988 soos hierbo aangehaal, lui dat saaklike (eiendomlike) skenkings aan 'n gemeente is nie onderhewig aan die 15%-bydrae nie. Hierdie besluit dui daarop dat dit nie die Sinode se oorspronklike intensie was om gemeentes met die 15%-bydrae te belas ten opsigte van eiendom wat deur die gemeente ontvang word nie. Hierdie beginsel behoort steeds net so toegepas te word. Indien die gemeente deur spesifieke projekte fondse in, om eiendom (kerkbou) te bekom.

Die moeilike ekonomiese toestand, asook geweldige hoë boukoste beteken alreeds dat gemeentes fenomenale fondsinsamelingsprojekte moet loods ten einde voldoende fondse beskikbaar te hê om 'n kerkgebou te bou. Die verpligte 15%-bydrae plaas net nog meer druk op die amper bykans onmoontlike taak om voldoende fondse te genereer vir kerkbou.

Voorbeeld: Indien 'n kerkgebou R8 000 000.00 sou kos om te voltooi, beteken dit dat 'n gemeente 'n totale bedrag van R9 411 764.00 (R1 411 764.00 as 15%-bydrae) moet insamel om uiteindelik 'n eie kerkgebou te hê.

AANBEVELING

19.2.1 Die Sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangstes (tans 15%)

Motivering

Daar was 'n vorige Sinodebesluit wat fondse, wat vir die oprigting van kerkgeboue ingesamel is, uitgesluit het van die 15%. Hierdie besluit het die ruimte gelaat vir wanpraktyke wat die destydse BRKA en dus die kerkverband in 'n groot finansiële dilemma gedompel het. Daar moet ook onthou

word dat die betaling van 15%-bydraes nie vir koninkrykswerk verlore is nie al word dit nie in die eie gemeente gespandeer nie. Dit is so dat die Here nog altyd die werk in gemeentes gesien het wat Hom op plaaslike en wyer verband dien.

19.3 Beswaarskrif: AP Kerk Greylingstad

Ingedien deur die kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Greylingstad.

Hiermee dien die gemeente van die Afrikaanse Protestantse Kerk Greylingstad 'n beswaarskrif in teen die 15%-sinodale heffing wat van elke gemeente gevra word en bereken is "volgens sy inkomste op 'n kontantbasis sover moontlik".

Die standpunt van hierdie gemeente is dat dié wyse van heffing uiters onbillik en onregverdig is, veral teenoor die kleiner gemeentes, aangesien die vaste kostes van alle gemeentes feitlik dieselfde is. Dit beteken dat die bydraes van die kleiner gemeentes per lidmaat veel hoër moet wees as dié van gemeentes met meer lidmate.

Dit veroorsaak dat daar baie meer tyd aan die invordering van fondse bestee moet word en daarom ly die bediening van die evangelie en die geestelike bearbeiding van lidmate in dié gemeentes daaronder.

Met die wêreldwye finansiële insinking is dit weer eens die kleiner gemeentes wat die meeste daaronder ly.

Nuwe voorstel:

Die Sinode besluit dat die huidige stelsel waarvolgens gemeentes 15% van hulle totale inkomste aan sinodale heffing betaal moet word, aangepas word na 7.5% van die gemeente se kontant-inkomste en dat die res wat benodig word vir die begroting bereken sal word op die aantal lidmate in elke gemeente, en dat gemeentes daarvolgens aangeslaan sal word.

AANBEVELINGS

19.3.1 Die beswaarskrif voldoen nie aan die vereistes van Art. 31A van die KERKORDE nie aangesien dit nie die besluit waarteen beswaar gemaak word woordeliks aanhaal nie.

19.3.2 Die Sinode besluit oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif.

19.3.3 Die Sinode volstaan met 'n persentasiebydrae van alle kontantontvangstes (tans 15%)

Motivering

Die beginsel van 'n persentasiebydrae bly steeds die billikste bedeling vir die gemeentes sowel as die Gemeenskaplike Kerkkantoor. In die geval van 'n vaste bedrag per lidmaat moet daar gesteun word op lidmaatgetalle wat deur baie gemeentes nie behoorlik bygehou en aan die Sentrale Kerkkantoor voorsien word nie.

Die persentasiebydrae daarenteen word gebaseer op werklike syfers wat in geouditeerde state verantwoord word. In die geval van 'n persentasiebydrae kan daar net van 'n gemeente verwag word om 'n bydrae aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te betaal indien hulle 'n inkomste gehad het. In die geval van 'n vaste bedrag per lidmaat, kan dit gebeur dat 'n gemeente baie min of geen inkomste gehad het nie, maar steeds die bedrag per lidmaat moet betaal.

19.4 Beswaarskrif: Verhoging van aftree-ouderdom na 70

Die Sesde Sinode het die volgende besluit in die verband geneem (HANDELINGE 1993, bl.280):

- 2.1 *Die Sinode besluit dat 'n leraar in diens van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk, asook 'n leraar of ander amptenaar in diens van die kerkverband (dit wil sê verbonde aan die Sentrale Kerkkantoor en die Teologiese Skool) verplig is om aan die einde van die jaar waarin hy 65 jaar oud word, sy emeritaat te aanvaar (of af te tree in die geval van 'n amptenaar).*

AANBEVELING

- 19.4.1 Die Sinode keur dit goed dat alle voltydse leraars en personeellede voortaan toegelaat word om te bly werk en bydraende lede van die pensioen-fonds te bly totdat hulle die ouderdom van 70 jaar bereik. Die normale aftree-ouderdom bly steeds 65 jaar. Alle ander reëls van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds bly van krag.**

Motivering

Baie leraars asook personeellede, wat ná 1 September 1993 in diens getree het, is op ouderdom 65 nog so gesond dat hulle nog vir 'n paar jaar kan voortgaan met hulle werk, maar nou gedwing word om op ouderdom 65 af te tree. Veral in die lig van die skaarste aan predikante in die AP Kerk, kan 'n verandering van hierdie besluit groot verligting teweeg bring.

19.5 Beswaarskrif: Hulp aan afgetredenes met bydraes tot mediese skema

Die Agtste Sinode het die volgende besluit in die verband geneem (Kyk HANDELINGE 1997, bl. 354):

- 2.1.5 *By elke sinode word die bogenoemde subsidie heroorweeg.*

AANBEVELING

- 19.5.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK jaarliks die subsidie aan afgetredenes heroorweeg.**

Motivering

Die goedkeuring deur die Sinode skep 'n driejaarlikse verpligting wat in die finansiële state voorsien moet word. Dit gaan meebring dat daar met die aanvang van die finansiële jaar wat volg ná die Sinode 'n afwyking op die finansiële state vir die volgende twee jaar gereflekteer word. Indien dit jaarliks goedgekeur word, voorkom dit die voorsiening wat gemaak moet word. Vergelyk die 2009 finansiële jaarstate van die GKK onder aantekening 12 om die implikasie te sien.

19.6 Beswaarskrif: Registrasie van die boekwinkel as 'n aparte entiteit ten einde die GKK te kan deregistreer vir BTW doeleindes

Die Agtste Sinode het die volgende besluit in die verband geneem (HANDELINGE 1997, bl. 310):

Die Sinode

- 10.2.1 *keur die beginsel goed dat Lig in Duisternis Uitgewers 'n regspersoon word indien kundige regsadvies oor-deel dat dit wel die nodige beskerming sal verleen;*

- 10.2.2 *dra dit aan die Pk. op om onderhewig aan die uitslag van 10.2.1, saam met twee lede van die KKS en twee*

twee lede van die BRKA regsadvies te bekom ten einde die saak op die beste wyse te realiseer;

- 10.2.3 *gee opdrag dat onderhewig aan die uitslag van 10.2.1, die Pk. en die vier lede in 10.2.2 genoem, die regspersoon daarstel, die nodige konstitusie en reglement (met regsadvies) opstel, en dat die Pk. oor die hele saak aan die volgende sinode rapporteer. Die regspersoon sal dus voorlopig onder gemelde konstitusie en reglement funksioneer totdat die volgende sinode die konstitusie en reglement finaliseer.*

Die Negende Sinode het die volgende besluit in die verband geneem (HANDELINGE 1999, bl. 431):

- 5.3.6.1 *Die sinode keur die handelswyse van die Pk. goed, naamlik dat afgestap word van die moontlike stigting van 'n regspersoon vir die uitgewery.*

AANBEVELING

- 19.6.1 Die Sinode keur dit goed dat die Boekwinkel as 'n aparte entiteit geregistreer word en dra dit aan die GKK op om verdere ondersoek in te stel ten opsigte van die verskille tussen 'n Trust en 'n Art. 21 Maatskappy, die beste keuse te maak en terug te rapporteer aan die Sinode.**

Motivering

Die moontlike verkoop van Brookshuis word grootliks in die wile gery deur die feit dat BTW op die verkoopprijs gehef moet word. Die rede hiervoor is dat die Afrikaanse Protestantse Kerk geregistreer is vir BTW doeleindes. Die Boekwinkel word op perseel van die GKK bedryf en dus is al die transaksies van die GKK ook onderhewig aan BTW. Die GKK het oorweeg om 'n Trust te stig maar, ná 'n gesprek met die ouditeure in verband met die voor- en nadele van 'n Trust, besluit om verdere ondersoek in te stel ten opsigte van die verskille tussen 'n Trust en 'n Art. 21-Maatskappy.

20. BEGROTING VIR 2011 (Bylae GKK 4)**20.1 ONTVANGSTES**

Die norm daargestel deur die Negende Sinode nl. dat die GKK die begrote inkomste kan verminder indien dit blyk dat die werklike 15%-bydraes van gemeentes 'n afname toon, is toegepas vir die jaar onder oorsig.

20.2 UITGAWES

Die aanvrae van die kommissies en die GKK vir 2011, oorskry nie die verwagte inkomste nie.

Totale uitgawebegroting vir 2011

Die uitgawebegroting vir 2011 word as 'n aparte bylae (Bylae GKK 4) aangeheg.

- Samevattende begroting
- GKK: Begroting 2011
- AP Akademie: Begroting 2011
- Publikasiekommissie: Begroting 2011
- *Die Boodskapper*: Begroting 2011
- SKK: Begroting 2011
- Sinodale Kommissies : Reiskoste begroting vir 2011

AANBEVELING

- 20.3 Die Sinode keur die uitgawebegroting vir 'n totale bedrag van R13,748,700 goed.**

21. BEDANKING

- 21.1 Die werksaamhede van die GKK is aansienlik vergemaklik deur die ondersteuning van die Direkteur en die personeel, komitees van die GKK en ander sinodale kommissies.
- 21.2 Ons dank ons hemelse Vader vir die leiding wat hy aan die GKK gegee het om sy opdragte uit te voer.
- 21.3 Ons dank ons hemelse Vader dat Hy so ruim voorsien het aan die gemeentes dat hulle bydraes die GKK in staat kon stel om al sy verpligtinge na te kom.

Hiermee vertrou die GKK dat hy sy opdragte tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het, en bid die Sinode seën toe op sy beraadslaginge.

PROF. DR. JAE ADENDORFF
VOORSITTER

MNR. LJ KORKIE
SKRIBA

BYLAES VAN DIE GKK

BYLAE GKK 1

NAME VAN GEMEENTES (GKK VERSLAG 4.5)

Agterstallige 15% bydrae op 28/04/2010, sonder reëling

Die volgende gemeentes was agterstallig met hul 15%- bydrae op 28 April 2010 en het geen reëling vir afbetaling met die GKK getref nie.

- Aberdeen
- Alberton
- Balfour
- Carletonville
- Gobabis
- Grens
- Groter-Durban
- Hanover
- Hoëveld
- Koffiefontein
- Odendaalsrus
- Richardsbaai
- Sasolburg
- Steynsrus
- Utrecht
- Vanderbijlpark
- Weskus
- Zoar

Indien die gemeente met aanvang van registrasie van die Sinode op 30/08/2010 nog nie 'n reëling met die GKK getref het nie, het so 'n gemeente nie stemreg tydens die sinode nie.

BYLAE GKK 2

**Ooreenkoms tussen die Sinode van die AP Kerk
(verteenwoordig deur die Kuratorium en Gemeenskaplike Kerkkantoor)
en die Raad van die AP Akademie**

Ooreenkoms aangegaan deur en tussen

DIE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE
(hierna genoem die "Sinode")

soos verteenwoordig deur
(a) **DIE KURATORIUM**

asook

(b) **DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR (GK)**

en hierin verteenwoordig deur die
GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE
(hierna genoem die "GKK")

fisiese adres: Brooksstraat 109, Brooklyn, Pretoria

en

DIE RAAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE
(Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21 van die Maatskappywet) met Registrasienommer: 1999/HE08/001

hierin verteenwoordig deur die
RAAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE
(hierna genoem die "RAAD")

fisiese adres: Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria.

Aangesien dit nodig is dat die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie hulle verhouding ten opsigte van die teologiese opleiding en onderlinge hulpverlening reël en beskryf, só kom die partye derhalwe soos volg ooreen:

A. DIE VERHOUDING TUSSEN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK EN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE WORD STATUTÊR EN KERKORDELIK BEPAAL

1. Die Afrikaanse Protestantse Akademie het as privaat instituut vir tersiêre onderwys kragtens 'n besluit van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en by wyse van registrasie deur die Onderwysdepartement ingevolge die Onderwyswet van 1997 tot stand gekom.
2. Die noue band tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Afrikaanse Protestantse Akademie is vir beide partye kosbaar. Nie net het die AP Akademie histories uit die AP Kerk gegroei nie, maar die AP Akademie moet ook studente oplei wat die etos van die AP Kerk handhaaf.
3. Die wetlike selfstandigheid van die AP Akademie as privaat tersiêre onderwysinrigting word gevolglik wedersyds erken (vergelyk die *Skema van voorgestelde struktuur vir die Afrikaanse Protestantse Akademie as geregistreeerde instituut vir tersiêre onderwys en verhouding met die Sinode en die Kuratorium van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband* soos goedgekeur deur die Tiende Sinode van die AP Kerk op 5 September 2001 asook Oprigtingsakte van die AP Akademie).
4. Die feit dat die Raad vir die uitvoering van sy pligte finansiële van die Sinode afhanklik is, word eweneens wedersyds erken. Die Sinode het besluit om sekere onroerende en roerende bates as subsidie "in natura" en fondse as subsidie vir ander doeleindes aan die Raad beskikbaar te stel vir gebruik deur die Raad in die uitvoering van sy pligte en die Raad het besluit om gemelde subsidie "in natura" en fondse as subsidie te aanvaar (vgl. KERKORDE Art. 10.9 asook Sinodalebesluite HANDELING 2007, bl. 317, pt. 4.8.1 - 4.8.4).
5. Die interafhanklikheid van Sinode en Raad bring enersyds mee dat kerklike inspraak oor beleid en curricula in die Fakulteit Teologie van die AP Akademie gewens en daarom kerkordelik en statutêr vasgelê is.
6. Die selfstandigheid van die AP Akademie bring andersyds mee dat kerklike dominansie in die sake van die AP Akademie uitgesluit is.

B. DIE BETROKKENHEID VAN DIE SINODE VIA SY KURATORIUM BY DIE OPLEIDING VAN PREDIKANTE AAN DIE AP AKADEMIE

1. Die benoeming van teologiese dosente vir die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie

- 1.1 Die keuse van 'n kandidaat vir 'n dosentepos is die onvervreembare reg van die Raad.
- 1.2 Die keuse van 'n kandidaat vir 'n dosentepos in die Fakulteit Teologie geskied in noue samewerking met die Kuratorium van die AP Kerk. Die wyse van die samewerking is soos volg:

Nominasie

- 1.2.1 Die Kuratorium vorm saam met die voltydse dosente van die Fakulteit Teologie van die AP Akademie die Kieskollege van die Raad van die AP Akademie vir die benoeming van teologiese dosente.
- 1.2.2 Die nominasie van kandidate geskied deur lede van die Kieskollege op die voorgeskrewe nominasievorm.
- 1.2.3 Genomineerdes moet teologies opgelei of gedoktoeer wees in die vakke van die departement(e) waarin die vakature(s) bestaan.
- 1.2.4 Die skriba van die Kuratorium stel die benoemdes skriftelik van hulle benoeming in kennis.

Benoeming

- 1.2.5 Nadat die nominasies gesluit het, word die Kieskollege en al die genomineerdes deur die Kuratorium byeen-geroep.
- 1.2.6 Die Kieskollege voer met elke genomineerde afsonderlik 'n onderhoud. Na die onderhoude word tot stemming per geslote stembrief oorgegaan.
- 1.2.7 Die skriba van die Kuratorium stel die benoemde skriftelik van sy benoeming in kennis.
- 1.2.8 Die skriba van die Kuratorium stel al die genomineerdes skriftelik van die uitslag van die verkiesing in kennis.

Besware

- 1.2.9 Enige belydende lidmaat van 'n plaaslike AP kerk het die reg om voor die verstryking van 'n approbasieperiode van twee weke skriftelik beswaar aan te teken op grond van klagtes teen die leer of lewe van die benoemde, of op grond van enige onreëlmatigheid met die benoeming.
- 1.2.10 Besware moet by die skriba van die Kuratorium ingedien word. Die benoemde word onmiddellik van die beswaar in kennis gestel. Die beswaar word ook skriftelik aan die benoemde voorsien.
- 1.2.11 Die Kieskollege word onverwyld byeengeroep om die beswaar te hanteer.
- 1.2.12 Al die lede van die Kieskollege stem per geslote stembrief oor die geldigheid van die beswaar.
- 1.2.13 Indien dit blyk dat die beswaar gehandhaaf word, word die benoeming as ongeldig verklaar.
- 1.2.14 Hierna benoem die Kieskollege 'n ander kandidaat vir die vakante pos.

Bevestiging

- 1.2.15 Na die benoeming van 'n kandidaat word hy as hoogleraar/dosent aan die Afrikaanse Protestantse Akademie bevestig.

2. Die toesighouding oor teologiese dosente van die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie

- 2.1 Dosente verbonde aan die AP Akademie val onder die jurisdiksie van die Raad en is dus aan die tug van die Raad onderworpe ten opsigte van alle wangedrag of pligsversuim.
- 2.2 Indien 'n dosent verbonde aan die AP Akademie onderrig gee wat volgens die oordeel van die Kuratorium in stryd met B 3.1 van hierdie ooreenkoms is, bring die Kuratorium die saak met volledige relevante dokumentasie onder die aandag van die Raad.
- 2.3 Enige klag teen 'n dosent word deur die Raad ontvang en hanteer.
- 2.4 Indien die Raad van voorneme is om dissiplinêr teen 'n dosent van die Fakulteit Teologie op te tree, moet die Kuratorium hieroor ingelig en van alle tersaaklike inligting voorsien word. Indien die beweerde gedrag wat sodanige dosent ten laste gelê word volgens die oordeel van die Kuratorium tugwaardig is, hanteer die Kuratorium die saak ooreenkomstig die toepaslike bepalinge van die Kerkorde.

3. Die inspraak van die Kuratorium in die curricula van die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie

- 3.1 Die Raad onderneem om die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die reformatoriese teologie, asook binne die raamwerk van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die betrokke Wet op Hoër Onderwys, en met die doel om studente teologies wetenskaplik toe te rus.
- 3.2 Die Kuratorium lê kerklike vereistes met betrekking tot vakke, omvang en standaard aan die Senaat van die AP Akademie voor.
- 3.3 Die Raad het die finale verantwoordelikheid vir die kurrikulering, onderrig, eksamens, navorsing en aanverwante werksaamhede wat tot die toekenning van teologiese grade en diplomas lei.

4. Die betrokkenheid van die Kuratorium by die admissie- en teologiese studente wat aan die AP Akademie studeer

- 4.1 Die sinode moet by wyse van sinodale besluite en deur middel van die Kuratorium intens betrokke wees by die opleiding van voornemende predikante.
- 4.2 Die Kuratorium kommunikeer sinodebesluite wat die AP Akademie raak aan die Raad.
- 4.3 Die Kuratorium voer op gereelde basis gesprekke met admissie- en teologiese studente.

Admissiestudente

- 4.3.1 Die Kuratorium bepaal hom in gesprekke met admissiestudente tot 'n ondersoek na hulle geloofsversekerdheid en roepingsbewustheid, asook onderhoude in verband met finansiële hulp van die kant van die sinode aan die studente.

Teologiese studente

- 4.3.2 Die Kuratorium sit sy betrokkenheid by teologiese studente voort met gesprekke oor hulle geloofslawe, roepingsbeweeging en finansiële situasie.
- 4.3.3 In die gesprekke met teologiese studente word die saak van die studente se regsinnigheid ook deurlopend aan die orde gestel.
- 4.3.4 In die beoordeling van 'n student se regsinnigheid het die Kuratorium die reg en vryheid om oor elke vak met die student gesprek te voer met dien verstande dat Kuratoriumlede hulle van 'n akademiese aanslag weerhou. Die vakdosent(e) het sittingsreg by die geleentheid, maar het die keuse of hy (hulle) dit wil bywoon.
- 4.3.5 In die ondersoek na die regsinnigheid van 'n finalejaar student kan die Kuratorium ook sy afgehandelde skripsie onder oë neem. Vir dié doeleindes word die kopie van die skripsie wat in die biblioteek van die AP Akademie opgeneem is, tot beskikking van die Kuratorium gestel.
- 4.4 Aan elke AP Kerk student wat sy teologiese studie aan die AP Akademie suksesvol voltooi het en volgens die oordeel van die Kuratorium die regsinnigheidstoets geslaag het, ken die Kuratorium tydens die Legitimasieplegtigheid 'n sertifikaat getiteld *Proponentsertifikaat in die AP Kerk* toe.

C. DIE BETROKKENHEID VAN DIE SINODE VIA SY GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE BY DIE SUBSIDIERING ASOOK FINANSIËLE EN ADMINISTRATIEWE BESTUUR VAN DIE AP AKADEMIE

1. Bates

- 1.1 Die sinode stel deur die GKK die bestaande gebou van die AP Akademie in Farendenstraat 430 gratis tot die Raad se beskikking (vgl. HANDELINGE 2007, bl. 317 pt. 4.8.3).
- 1.2 Die sinode subsidieer deur die GKK die Raad met die meubels, elektroniese toerusting en ander bates tans in gebruik deur die Raad, volgens die inventarislys.
- 1.3 Die sinode hou deur subsidiëring alle onroerende en roerende bates deur die GKK in stand.
- 1.4 Die sinode hou deur subsidiëring die terrein van die AP Akademie deur die GKK in stand.

2. Fondse

- 2.1 Die sinode subsidieer die Raad ten volle met die traktement en toelaes van die voltydse akademiese personeel onder jurisdiksie van die Raad en soos ooreengekom met die GKK vir die tydelike akademiese personeel vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.
- 2.2 Die Raad rig in oorleg met die GKK verhoë tot die sinode vir verhoogde subsidie by eventuele besluit tot hoër traktementskale en verhoogde toelaes, binne die riglyne van eenderde/tweederde beleid.
- 2.3 Die sinode subsidieer die Raad met die volle salarispakket van administratiewe personeel deur die GKK tot uitsluitlike diens van die Raad gestel.
- 2.4 Die sinode subsidieer volgens sinodale besluit die Raad met dienslewering deur die Afdeling Finansies van die GK ten opsigte van die finansies en boekhouding van die Raad.
- 2.5 Die subsidie deur die sinode aan die Raad toegeken, word volgens sinodale besluit jaarliks in die begroting van die Akademie vasgestel. Die sinodale besluit dat die begroting van sinodale kommissies net oorskry mag word ná goedkeuring deur die GKK, geld ook vir die Raad.

- 2.6 Die sinode sal by die totale subsidiëring van die Raad steeds in gedagte hou dat een derde van die 15% gemeentelike bydraes oorspronklik bestem was as bydrae deur die gemeentes vir teologiese opleiding. Vir dié doel is dit nodig om die geldwaarde van die totale subsidiëring te bereken soos in Aanhangsel A hierby aangedui.
- 2.7 Alle fondse wat die Raad op watter wyse ook al self vir die Akademie genereer, is die uitsluitlike eiendom van die Raad waarvoor hy alleen jurisdiksie het en word nie in berekening gebring by die bepaling van enige subsidie "in natura" of subsidie as fondse vir die Raad nie, daar die Raad self verantwoordelikheid moet neem vir die uitbreiding na enige ander studierigting as die Fakulteite vir Lettere en Wysbegeerte en Teologie.

3. Biblioteek/Meubels en ander eiendom

- 3.1 Kragtens sinodale besluit (HANDELINGE 2001) en soos vasgestel in die Statuut van die AP Akademie is alle biblioteek-boeke, tydskrifte, ander dokumente, foto's, ens., meubels en ander eiendom geskenk en aangekoop die eiendom van die Raad van die AP Akademie en word deur die Senaat beheer.
- 3.2 Die sinode subsidieer die biblioteek per begroting met dien verstande dat alle aankope van boeke uit die begroting die eiendom is van die Raad van die AP Akademie.

4. Personeelaangeleenthede

- 4.1 Die Raad kontrakteer hiermee die GK as regspersoon om deur middel van sy uitvoerende kommissie, naamlik die GKK, alle administratiewe aangeleenthede te behartig i.v.m. die dosente en ander personeel in diens by die AP Akademie, wat onder meer insluit formele aanstelling, dienskontrakte, salariering, en rekordhouding van verlof en siekteverlof. Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer met inagneming van die Statuut van die AP Akademie en die Kerkorde van die AP Kerk en ander tersaaklike sinodebesluite. Aanstellings en die opstel van dienskontrakte en pligtestate geskied in die nouste oorleg met die Raad.
- 4.2 Personeeluitbreiding en aanstelling waarvoor subsidie van die sinode aangevra word, moet vooraf deur die AP Akademie met die GKK uitgeklaar word.
- 4.3 Voltydse personeel en dosente van die AP Akademie moet ooreenkomstig 'n sinodebesluit en volgens wetsvereiste, by permanente aanstelling by die pensioenfonds- en mediese skema met wie die GKK 'n ooreenkoms het, inskakel.

5. Implikasie deur raadsbesluite en die band met Sinode en Kuratorium

Aangesien die Afrikaanse Protestantse Akademie (Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21) 'n onafhanklike regspersoon is, die GKK, afgesien van die ooreengekome subsidie, nie verantwoordelik vir enige gemeenregtelike finansiële aanspreeklikheid wat mag ontstaan uit besluite geneem deur die Raad van die Akademie nie.

D. DOMISILIE

Die partye kies die adresse soos in die aanhef hertoe as hul onderskeie *domicilia citandi et executandi* vir doeleindes van enige kennisgewings en of regsaksies wat mag ontstaan uit hoofde van hierdie ooreenkoms.

E. WYSIGINGS AAN DIE OOREENKOMS

1. Geen eensydige wysigings deur die twee partye aan hierdie ooreenkoms is toelaatbaar nie en sodanige wysigings word as ongeldig geag.
2. Indien enige wysigings aan hierdie ooreenkoms in die toekoms nodig mag word, is die proses dat die bestaande ooreenkoms deur beide partye gerojêer word, waarna 'n nuwe ooreenkoms, waarin die wysigings aangebring is, onderteken word.

GETEKEN te op hierdie dag van 20.....

Namens die Sinode, verteenwoordig deur die GKK

1. 2.

Getuies:

1. 2.

GETEKEN te op hierdie dag van 20.....

Namens die Raad van die AP Akademie

1. 2.

Getuies:

1. 2.

**AANHANGSEL A
BY BYLAE GKK 2****BEREKENING VAN GELDWAARDE VAN SUBSIDIËRING VAN
AP AKADEMIE DEUR GKK****Bates**

1.1 Die meubels en elektroniese toerusting in gebruik deur die AP Akademie, word teen heersende waardeverminderingkoerse deur die GKK aan die AP Akademie verhuur.

1.2 Die geboue en lokale tans deur die AP Akademie gebruik, word kragtens sinodebesluit gratis deur GKK tot beskikking van die Raad van die AP Akademie gestel.

Sinodale subsidie

2.1 Die subsidie deur die GKK aan die Raad van die AP Akademie toegeken, word volgens sinodale besluit jaarliks in die begroting van die Kuratorium vasgestel. Die bestaande sinodale besluit dat 'n begroting slegs oorskry mag word na goedkeuring deur die GKK, is ook op die AP Akademie van toepassing.

2.2 Die Sinode subsidieer die Raad van die Akademie met die traktement en toelaes van akademiese personeel en die volle salarispakket van administratiewe personeel.

2.3 Die Sinode subsidieer die Raad van die Akademie met die traktement en toelaes van akademiese personeel en die volle salarispakket van administratiewe personeel.

2.4 Die Sinode subsidieer die Raad van die Akademie met die uitgawes wat in naam van die AP Akademie aangegaan word binne die bestek van die goedgekeurde begroting.

2.5 Die Sinode subsidieer die Raad van die Akademie met die volgende uitgawes wat nie direk toewysbaar is nie, naamlik

2.5.1 15% van die bankkoste deur die GKK vir 'n finansiële jaar betaal.

2.5.2 7.50% van die salariskoste van die Direkteur, Administrateur, Rekenmeester en die Rekenpligtige beamptes direk gemoeid met finansiële administrasie van die AP Akademie, deur die GKK vir 'n finansiële jaar betaal.

RIGLYNE EN TAKE VAN SKRIBAS VAN KERKRADE, RINGE EN SINODES

INHOUD

1. Wie mag as skriba van 'n kerkraad dien?
2. Skriba wat nie 'n kerkraadslid is nie
3. Notulerende skriba
4. Skriba van die ouderlingeraad
5. Riglyne en take van 'n skriba van 'n kerkraad:
 - 5.1 Skakelpersoon
 - 5.2 Opdrag
 - 5.3 Notule
 - 5.4 Kerkraadsbesluite-register
 - 5.4.1 Onderwerpvoorbeelde
 - 5.5 Lidmaat en doopregisters
 - 5.6 Algemeen
 - 5.6.1 Gebruik van die opmerkingskolom
 - 5.7 Versuimde inskrywing
 - 5.7.1 Hantering ná goedkeuring deur die kerkraad
 - 5.8 Regstelling
 - 5.9 Naamsverandering
 - 5.10 Lidmaatregister (Register van belydende lidmate)
 - 5.11 Doopregister
 - 5.12 Huweliksregister
 - 5.12.1 Registerafskrite
 - 5.13 Beweging van lidmate
 - 5.13.1 Sertifisering
 - 5.13.2 Versending
 - 5.14 Kerkraadsregister
 - 5.15 Posregister
 - 5.15.1 Voorbeelde
 - 5.16 Verlofregister
 - 5.16.1 Voorbeelde
 - 5.17 Gemeenteregister
 - 5.17.1 Voorbeeld
 - 5.18 Pligstate t.o.v. administratiewe amptenare
 - 5.19 Attestaat/Bewys van lidmaatskap
 - 5.20 Aansoek om lidmaatskap
 - 5.21 Doopkladboek en doopseel
 - 5.22 Afkondigings
 - 5.23 Almanak
 - 5.24 Koevertjies
 - 5.25 Statistiek
 - 5.26 Korrespondensie
 - 5.27 Vorms
 - 5.28 Beroepsbriewe
 - 5.29 Kombinasie-akte
 - 5.30 Bedieningsooreenkoms
 - 5.31 Geloofsbriewe
 - 5.32 Finansiële state en 15%-oorbetaling
 - 5.33 Argief
 - 5.34 Benodighede
 - 5.35 Demissie, legitimasie, en bevestiging
6. Die ringskriba
 - 6.1 Pligte van die ringskriba
 - 6.2 Demissie, legitimasie en bevestiging
 - 6.3 Korrespondensie
 - 6.4 Vergaderings
 - 6.5 Sentrale kerkargief
 - 6.6 Notule
 - 6.7 Besluite-register
 - 6.8 Statistiek
 - 6.9 Toerusting
7. Skriba van die sinode
 - 7.1 Notule t.o.v. die laaste sittingsdag van die sinode

RIGLYNE EN TAKE VAN SKRIBAS VAN KERKRADE, RINGE EN SINODES

1. Wie mag dien as skriba van 'n kerkraad?

Dit is wenslik dat die skriba 'n dienende kerkraadslid verbonde aan 'n wyk, moet wees. 'n Skriba sonder wyk is ongewens omdat 'n kerkraad sorg moet dra dat die verhouding tussen die getal ouderlinge en diakens nie 'n oorwig na eenkant toe kry nie (ARGIEF HANDLEIDING, bl. 23, 7.2.6).

2. Skriba wat nie kerkraadslid is nie

Indien daar hoegenaamd **geen** ander uitweg is nie en 'n man wat nie 'n kerkraadslid is nie of vrou as skriba aangestel word en dié persoon woon ook die vergaderings by, geskied dit sonder spreekreg of stemreg. Dit is eintlik in stryd met die geslotenheid en vertroulikheid van 'n kerkraadsvergadering.

As die kerkraad 'n vaste besluit neem dat 'n nie-kerkraadslid die vergaderings mag bywoon, moet die betrokke persoon 'n verbintenis tot vertroulikheid aangaan. Hierdie saak moet in 'n diensooreenkoms beliggaam word met die uitdruklike vermelding dat indien dit bewys sou word dat so persoon die vertroulikheid skend, dit summier ontslag tot gevolg kan hê.

3. Notulerende skriba

Indien 'n persoon van buite die kerkraad as skriba aangestel word en die kerkraad verkies dat die skriba nie die kerkraadsvergaderings mag bywoon nie, kan 'n notulerende skriba gebruik word. Die groot nadeel is dat die aangewese skriba dan met gekommunikeerde of tweedehandse gegewens moet werk. Inligting en begrip bly gewoonlik in die slag, wat dit weer vir die uitvoerende amptenaar moeilik maak.

4. Skriba van die ouderlingeraad

Die skriba van die ouderlingeraad moet sonder uitsondering uit eie geleedere verkies word. Die geslotenheid van besondere vertroulikheid van ouderlingevergaderings mag op geen manier versteur of geskend word nie.

5. Riglyne en take van 'n skriba van 'n kerkraad

5.1 Skakelpersoon

Die skriba is 'n belangrike skakelpersoon binne die plaaslike kerk (gemeente), tussen die leraar en/of voorsitter van die ouderlingeraad, voorsitter van die kerkraad en die res van die kerkraad; tussen genoemdes en kommissies van die kerkraad, susters en jeugaksies en die kassier, indien dit nie 'n gekombineerde skriba-/kassierspos is nie. As skakelpersoon berei hy saam met die voorsitter 'n sakelys voor vir die vergaderings.

5.2 Argief-opdrag

Volgens Lasgewing E van KERKORDE 2008 het skribas as deel van hulle opdrag dat hulle die verantwoordelike persone vir versameling van argiefmateriaal en skakelpersone met die Kommissie vir die Kerkargief is.

Die skriba moet dus in uitvoering van hierdie argief-opdrag sorg dat:

- 5.2.1 'n behoorlike indeksstelsel geïmplementeer word;
- 5.2.2 toegang tot argiefmateriaal op so wyse verleen word dat die materiaal nie verlore of beskadig raak nie; en
- 5.2.3 reëlins getref word vir die neem van foto's en DVS by geskiedkundige geleenthede en dat dit in die argief opgeneem word.

Die skriba moet die kerkraad versoek vir die daarstelling van 'n veilige en brandvaste bergplek vir die argiefmateriaal.

5.3 Notule

Die manier waarop 'n notule deur 'n skriba geskryf word, is bepalend ten opsigte van inligting wat bewaar word; m.a.w. onbenullige dinge moet nie neergeskryf word nie. Die nodige feite om 'n ware en volledige beeld van die vergadering en ander verwante gebeure te gee, mag nie weggelaat word nie. Dit behoort die gees van die vergadering en die verloop van sake te weerspieël en moet so objektief moontlik weergegee word. By voorstelle en amendemente word die name van voorsteller en sekondant vermeld. Wat u hierbo stel, is breedvoeriger as wat u in die volgende paragraaf meer gereserveer stel.

Vir goedkeuring van notules van kerkraadsvergadering, kyk na Ordereël 28 in die KERKORDE 2008, bl. 71.

'n Kerkraadsvergadering is geslote en kan sensitiewe sake hanteer. In sulke gevalle moet besondere sorg gegee word aan veilige woordekeuse. Slegs die saak waaroor dit gaan en die besluit(e) wat geneem is, word vermeld. Kommentaar en/of vertolking deur die skriba moet vermy word. Die betrokke persone se name en belange moet sover moontlik beskerm word.

Die notule van die vorige kerkraadsvergadering asook die sakelys van die volgende vergadering moet ten minste een week voor die kerkraadsvergadering aan kerkraadslede gesirkuleer word, sodat hulle die vergadering voorbereid kan bywoon. Die sake wat behandel word, sowel as die verwysingsyfers (numering) in die notule moet ooreenstem met die sakelys.

5.4 Kerkraadsbesluiteregister

Dit is nodig dat die skriba tydens die skryf of tik van notules bepaal watter besluite in die register opgeneem word en dit dan op die gegewe plek inskryf of tik. 'n Besluiteregister is onontbeerlik en moet getrou op datum gehou word.

Vir die hou van 'n besluiteregister is die gebruik van 'n rekenaar die gerieflikste. Vir diegene wat nie daarvoor beskik nie, is 'n kaartstelsel die aangewese weg omdat 'n mens vir elke nuwe onderwerp of afdeling, nuwe skryfplek kan byvoeg soos wat dit nodig is. Kaarte van 127 x 203 mm grootte is algemeen beskikbaar. 'n Derde keuse is 'n ABC-duimindeks A5- of A4-boek.

Onderwerpe moet alfabeties gerangskik word wat met 'n vaste-band boek nie moontlik is nie. Naslaan van besluite is vinniger wanneer onderwerpe streng alfabeties ingedeel word.

Bepaal die hoofsaak of onderwerp waaroor 'n besluit handel en teken dit aan. Indien twee of meer sake in 'n besluit voorkom, word dié besluit by elke plek of onderwerp aangeteken.

Indien nodig, mag elke onderwerp onderafdelings hê. 'n Verwysing na 'n onderafdeling of verwante besluite is nuttig.

5.4.1 Onderwerpvoorbeelde

Onderwerpsindeling word aan die hand van enkele voorbeelde verduidelik:

<u>Kerkraadslede:</u>	Kleredrag by vergaderings Rusperiode tussen dienststermyne
<u>Kerkraadsvergaderings:</u>	Duur van vergaderings Hoe dikwels
<u>Kerkraad/diakonie:</u>	Voorsitter/Ondervoorsitter Wyksbesoektye
<u>Erediens:</u>	Tye Liturgie

Deur middel van 'n tabel word die kolomme onder die volgende kolomopskrifte aangedui:

Onderwerp — vir die saak of onderwerp;
Datum — vir die datum waarop die besluit geneem is;
Liggaam — vir die liggaam wat besluit het;
Notule-bladsy — vir die bladsy van die notule waar dit voorkom;
Itemnommer — vir die itemnommer op die bepaalde bladsy; en
Volgende besluit — vir 'n verwysing na 'n volgende besluit oor dieselfde saak.

By die eerste besluit verwys jy na die tweede besluit; by die tweede besluit verwys jy na die derde en so skep jy 'n verwysingsketting. Die verwysingsketting kan ook benut word vir verwante besluite.

Voorbeeld

Onderwerp	Liggaam	Datum	Notule-bl.	Itemno.	Vlg. besluit

Daar kan ook 'n afsonderlike register van besluite vir elk van die vergaderings gemaak word, naamlik een vir die kerkraad, een vir die ouderlingeraad, diakonie en kommissies van die kerkraad, ensovoorts. Dieselfde skema kan vir die sustersaksie en jeugwerk gebruik word en aangepas word waar nodig.

'n Geïntegreerde register is die gerieflikste omdat 'n mens dan nie nodig het om elkeen van die ander registers na te slaan om te sien of daar dalk verwante of eenderse besluite is nie.

Om die besluite woordeliks as uittreksels te rangskik, gaan te lomp word en foute kan insluip met die oordra na so 'n register. Met 'n rekenaar is dit meer uitvoerbaar.

'n Besluiteregister is onontbeerlik en moet gereeld op datum gehou word. Gapings (om een of meer vergaderings uit te laat) kan verleentheid en ondoeltreffendheid veroorsaak.

5.5 Lidmaat- en dooplidmaatregisters

Bepaling 4A, KERKORDE 2008 verwys.

Elke kerkraad moet 'n doop-, dooplidmaat- en lidmaatregister hou waarin die name van alle doop- en belydende lidmate aangeteken word.

Lidmaat- en doopregisters is baie nodig vir orde binne die kerk van die Here, asook vir genealogiese en familienavorsing.

5.6 Algemeen

Registervorms is verkrygbaar by die AP Kerk Boekwinkel by die Sentrale Kerkkantoor.

Tydens die Sinode van 2001 is die voorskrifte en vereistes vir rekenaarkwerk in die gemeente soos vervat in Bylae KKA1 goedgekeur (kyk HANDELINGE 2001, bl. 552).

Tikskrif en handskrif moet duidelik en verstaanbaar wees. Veral wat handskrif betref, mag daar geen twyfel wees oor letters en syfers nie.

Met betrekking tot die rekenaar moet die vorm en opset ten opsigte van kolomme en betrokke gegewens dieselfde wees as die registervorms wat in gebruik is.

Die inhoud van die registers moet op datum gehou word soos in die bestaande gedrukte en geskrewe registers.

'n Opgedateerde rekenaardrukstuk van die doop- en lidmaatregister op hoë gehalte papier soos *Camelot Cartridge* 105g moet bygehou word. (Dit is verkrygbaar by ons eie boekwinkel.) Hierdie drukstukke kan in die bestaande omslag vir die registers gehou word.

Die afskrif van die drukstuk moet jaarliks vir die Kerkargief gemaak en aangestuur word volgens die geldende reëls daarvoor, onder meer dat slegs die nuwe inskrywings jaarliks gestuur word.

Die handgeskrewe of getikte stelsel mag slegs wanneer dit volledig en volgens bogenoemde voorskrif gerekenariseer is, gestaak word.

Om inskrywingsprobleme te voorkom, moet die skriba die gegewens eers kontroleer voordat dit geskryf word. 'n Register is 'n gesaghebbende dokument. Dit moet netjies en korrek wees. Dit mag nooit lyk of daarmee gepeuter is nie. Indien 'n skryffout begaan is, word dit netjies deurgehaal met die korrekte aan die bokant aangebring en in die opmerkingskolom geparafeer – alles met rooi ink. Die gebruik van korrigeerink is verbode. Rekenaarfoute word op die rekenaar herstel.

Word dit ontdek dat 'n inskrywing herhaal is, word die een wat nie nodig is nie, met 'n sterretjie aan die begin gemerk en die oop blokkies van die ander kolomme (bv. in die lidmaatregister) word met 'n skuinsstreep van hoek tot hoek gekanselleer. In die opmerkingskolom word geskryf: Herhaling.

Gemeentename word voluit geskryf en persone se name en vanne word ook voluit geskryf en nie slegs een of meer voorletter nie. Geen noemnaam of ander gewilde naam in die volksmond mag vir persone of plekke gebruik word nie. Vir die korrekte persoonsnaam kan die identiteitsdokument en vir gemeentename die KERKJAARBOEK geraadpleeg word.

Geen herhalingstekens, byvoorbeeld *ditto* of *d.* mag gebruik word nie.

Datums word volgens die agtstelsel geskryf, bv. 3 Februarie 2009 is 03.02.2009 en 11 Oktober 2008 is 11.10.2008. Waar 'n rekenaar gebruik word, moet u die rekenaar instel om 'n datumveld te lees.

Name word in alfabetiese volgorde geskryf. In die oorspronklike register wat in die gemeente bly, word afsonderlike blaaie vir elke alfabetgroep gebruik. Binne elke alfabetgroep volg die inskrywings in tydsorde, bv. *Bekker*, ingeskryf op 04.05.2008 staan voor *Barnard* wat eers op 16.11.2008 ingeskryf word. Skei die alfabetgroepe met 'n gemerkte blad wat van ander kleur of tekstuur mag wees.

Vanne soos *Van der Merwe* en *Van Jaarsveld* kom by V met die "Van" voluit geskryf, maar *Jansen van Vuuren* kom by J wanneer *Jansen* deel van die VAN is en dit so in die persoon se identiteitsdokument aangegee word.

'n Vrou se naam moet deurgaans saam met haar nooiensvan in die lidmaatregister geskryf word. In die geval van 'n huwelik word die nuwe van tussen hakies bygevoeg: (nou ...) by hertrou word dit: (voorheen nou ...), kyk Omsendbrief 15/2006, pt. 5.1.

Wanneer 'n persoon se volle naam te lank is vir een reël, word twee reëls gebruik. Om sommige voorname met slegs 'n voorletter weer te gee is ontoelaatbaar.

Waar die ou registervorm wat uit twee helftes bestaan, nog gebruik word vir die doopregister, moet die ouers se name elkeen op 'n afsonderlike reël geskryf word en dus moet 'n reël onderkant die dopeling se naam op die linkerhelfte van die blad, oopgelaat word.

Dit is tot hulp vir die naslaan van 'n inskrywing wanneer binne 'n alfabetgroep 'n reël oopgelaat is telkens wanneer 'n nuwe kalenderjaar se inskrywings begin word.

5.6.1 Gebruik van die opmerkingkolom

Die algemene reël wat geld, is dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of 'n stigma dra nie, bv. *buite-egtelik* of *vader onbekend* of *enkelouer* nie.

By ongewone inskrywings soos waar 'n naam of datum ontbreek, word die nodige verklaring gegee deur die betrokke Kerkorde-Artikel se syfer daar te skryf of bv. die datum van die kerkraadsvergadering: 10-11-1989 of ouderlingeraadsvergadering: 20-9-1992.

Wanneer inligting hier aangeteken word, moet dit verklarend wees met betrekking tot die ongewone omstandighede van die betrokke/-s en wat die kerkregtelike posisie van die betrokke/-s raak bv. in die doopregister sal aangedui word: Vader/moeder lê alleen die belofte af.

Datum van oorlye: In die doopregister (ou en nuwe vorm) word die sterfdatum en plek waar dit gebeur het in die opmerkingskolom aangeteken. In die ou vorm van die lidmaatregister kan die kolom vir vertrek goedsdiens gebruik word deur die datum van oorlye in die datumgedeelte te skryf en in die ander deel van die kolom word aangedui dat die lidmaat oorlede is. In die opmerkingskolom is ruimte vir die plek van oorlye. Op die nuwe lidmaatskapvorm is duidelik voorsiening gemaak vir hierdie aantekening – gebruik die opmerkingskolom daarmee saam.

By die opsegging van lidmaatskap kan die verband waarheen die persoon oorgegaan het, hier aangeteken word, indien dit bekend is.

5.7 Versuimde Inskrywing

Die enigste afwyking wat in die doop- en lidmaatregisters mag voorkom, is die versuimde inskrywing van 'n doopbediening of 'n nuwe lidmaat. In tydsorde is so 'n inskrywing natuurlik uit sy plek.

Die skriba of registerhouer van die kerkraad mag so 'n versuimde inskrywing doen ná goedkeuring van die kerkraad verkry is. Vir sodanige goedkeuring doen die belanghebbende/-s by

die kerkraad aansoek met die nodige bewyse en verduideliking hoedat die versuim ontstaan het.

Bewyse ten opsigte van 'n doop is 'n aandenkingskaart, boek of Bybel wat geskenk is. Ten opsigte van lidmaatskap is die stawende bewys 'n attestaat of bewys van lidmaatskap wat uitgereik was, of 'n aandenkingskaart of iets anders soos in die geval van 'n doopbediening. Soms kan 'n foto in bogenoemde gevalle ondersteunende bewys lewer. In albei gevalle is die getuïenis van twee volwasse persone wat die plegtigheid bygewoon het, genoegsaam stawend. Die getuïenis van die predikant wat die doop bedien het, of belydenis van geloof afgeneem het, is eweneens 'n sterk bewys.

Alle normale inligting moet verstrek word vir sulke versuimde inskrywings, soos volle name en datums wat benodig word by die voltooiing van die betrokke register.

5.7.1 Hantering ná goedkeuring deur die kerkraad

Die skriba skryf dit in die betrokke register soos enige nuwe inskrywing ná die laaste inskrywing. Daarna word op die plek waar dit moes gestaan het, 'n verwysing na die plek van die inskrywing gemaak. Hierdie verwysing moet fyn en netjies gedoen word, bv. die van en voorletters tussen twee bestaande inskrywings en in die opmerkingskolom word geskryf: Kyk 10.11.1990 (datumvolgorde waar dit nou staan).

Is die versuimde inskrywing se regte plek vroeër in die betrokke lopende jaar, word die inskrywing op sy regte plek geplaas wanneer die registerafskrif vir die Sentrale Kerkargief gemaak word. Maar indien die versuim in 'n vorige kerkjaar plaasgevind het, stuur die skriba/registerhouer die goedkeuring van die kerkraad en 'n afskrif van die bewysstukke aan die argivaris van die Sentrale Kerkargief. Laasgenoemde bring die inskrywing op die regte plek op die afskrif in die argief aan.

5.8 Regstelling

'n Regstelling word gedoen wanneer 'n wysiging aangebring word t.o.v. 'n bestaande inskrywing, bv. wanneer die spelling van 'n naam verander van *Bekker* na *Becker* of 'n datum wat 10.9.1989 aangedui is, 11.09.1989 moes wees. Die regstelling word met rooi ink gedoen.

Die werkwyse of prosedure wat gevolg moet word, is dieselfde soos in die geval van 'n versuimde inskrywing. Hier is 'n identiteitsdokument 'n aanvaarbare bewys.

5.9 Naamsverandering

Naamsverandering vind plaas wanneer 'n naam verwissel soos *Hendrik* wat verander na *Gerhardus* of *Maria* wat *Magdalena* word. Die werkwyse is dieselfde as in die voorgenoemde gevalle. Die identiteitsdokument of naamsverandering registrasie-bewys is gewoonlik hier die enigste bewysstukke.

Die argivaris by die Sentrale Kerkargief moet van al hierdie veranderinge, met verstrekking van alle besonderhede, in kennis gestel word sodat hy dit op die afskrifte in die Sentrale Kerkargief kan aanbring.

5.10 Lidmaatregister (Register van belydende lidmate)

Al die gegewens wat op die registervorm vereis word, is belangrik en moet ingeskryf word. Voordat 'n persoon as lidmaat toegelaat word, moet al hierdie inligting reeds by die gemeente se kerkkantoor ontvang wees – hetsy die persoon toegelaat is tot belydenis van geloof of toegelaat is uit 'n ander kerkverband. Wanneer 'n attestaat of verklaring van lidmaatskap uitgereik word by die vertrek van 'n lidmaat, moet al die inligting oorgedra en die ander toepaslike kolomme van die register voltooi word.

'n Vrou word altyd deur onder haar nooiensvan ingeskryf. Wanneer sy in die huwelik tree, word agter haar van 'n hakies geskryf: (nou). Tree sy weer in die huwelik, kom daar (voorheen ; nou). Word die attestaat van 'n egpaar ontvang met net die vrou se getroude van daarop, word haar nooiensvan verkry en ingeskryf soos hierbo gestel. Ten opsigte van 'n getroude vrou, word by die eggenoot se naam in die opmerkingskolom geskryf: Mev. gebore (haar nooiensvan), sodat die skriba dit maklik vind by die uitreik van 'n attestaat.

Indien 'n vrou mansname het, word ná die voorname (vrou) geskryf; is dit 'n man met vrouename, word ná die voorname (man) geskryf.

Die datum waarop 'n persoon lidmaatskap verkry en wat in die lidmaatregister ingeskryf word, is die datum van belydenis van geloof of die datum waarop dit in die gemeente aangekondig is dat die persoon as lidmaat aanvaar is.

'n Predikant se akte van demissie (ontslag) uit sy vorige gemeente, is ook sy attestaat. In die geval van proponent en leraars wat uit ander kerkverbande toegelaat word, is dit die toelatingsakte. Kyk ook Kerkorde Art. 19. Die datum van bevestiging is die datum van sy verkryging van lidmaatskap in die nuwe gemeente.

'n Sterfte word aangeteken soos beskryf by "datum van oorlye".

Wanneer 'n lidmaat/-mate vertrek, word op die attestaat of verklaring van lidmaatskap en in die lidmaatregister aange-teken waarheen die persoon/-sone is. Die korrekte gemeentenaam moet vasgestel word bv. as 'n persoon in Petronella gaan woon, is dit AP Kerk Trans-Magpies en laasgenoemde naam word gebruik; op Nylstroom is dit AP Kerk Waterberg. 'n Mens is slegs van 'n bepaalde plaaslike kerk (gemeente) lidmaat, daarom word 'n attestaat of bewys van lidmaatskap aan 'n sekere gemeente as bekendstelling gerig en nie as oordrag van lidmaatskap nie.

Ten opsigte van 'n lidmaat wat uit 'n gemeente vertrek sonder kennisgewing, word opgetree volgens Kerkorde Art. 5.1.

In die ouderlingeraad se notule word aangeteken dat die lidmaat op 'n betrokke datum uit die gemeente weg is, daarna word dieselfde datum en opmerking in die aanmerkingskolom van die lidmateregister agter die betrokke lidmaat se naam aangeteken.

Die skriba van die kerkraad rapporteer ná drie maande aan die ouderlingeraad. Indien die attestaat nie aangevra is nie, verklaar die ouderlingeraad die lidmaatskap verval en kondig dit in die gemeente aan volgens Kerkorde Art. 5.1.

Indien een of meer dooplidmate betrokke is, word die vertrek en vertrekdatum in die dooplidmaatregister/lys aangeteken.

Op gesag van die ouderlingeraad verkry 'n persoon lidmaatskap en op daardie gesag maak die skriba die inskrywing in die lidmateregister. Net so mag die skriba slegs op gesag van die ouderlingeraad uitreikings doen (van attestaat en verklaring/bewys van lidmaatskap) en aantekeninge in die register maak (Kerkorde Art. 5.1).

Wanneer 'n persoon wie se lidmaatskap om watter rede ook al eenmaal beëindig is, weer toegelaat word as lidmaat, soos wanneer 'n persoon verhuis het en weer terugkom, is dit 'n gewone nuwe inskrywing. Indien die vorige lidmaatskap bekend is, kan in die opmerkingskolom bv. geskryf word: Vorige lidmaatskap (datum).

Die argivaris by die Sentrale Kerkargief moet kennis kry van die beëindiging van lidmaatskap ongeag om welke rede. Hierdie name word dan ook alfabeties weergegee (die volle

oorspronklike inskrywing) op registerpapier aan die einde van elke jaar se afskrif van nuwe inskrywings.

5.11 Doopregister

Onderskei die doopregister van die dooplidmaatregister. Die doopregister en die dooplidmaatregister verskil grootliks van mekaar t.o.v. status.

Die doopregister is ook 'n gesagdraende dokument. Die amps-handelinge van 'n leraar met bediening van die sakrament van die doop aan 'n kind of 'n volwassene, word volledig hierin aangeteken. Hierdie ampshandeling staan onder die gesag en toesig van die betrokke kerkraad. Die register het kerkregtelike waarde.

Die doopregister het ook genealogiese (familiegeskiedkundige) waarde. Daarvoor is die geboortedatum/identiteitsnommer van belang, sowel as die moeder se nooiensvan. Dit het ook historiese waarde.

Die dooplidmaatregister het praktiese bedieningswaarde vir die kerkraad. Dit is 'n lys van al die kinders in die gemeente op 'n gegewe oomblik. Die volle name en geboortedatum is nuttig vir die bediening aan die jeug, bv. vir verbondsonderig, indeling in ouderdomsgroepe en dies meer. Wanneer 'n ouerpaar verhuis, is dit vir die skriba nodig om die name van die kinders/dooplidmate op die attestaat in te skryf. Vir hierdie doel is dit nie nodig om te weet wanneer die doop aan 'n betrokke kind bedien is nie, wie die doop bedien het, of waar die doop bedien is nie. Wanneer 'n kind belydenis van geloof moet aflê en bewys van doop nodig is, word nie op hierdie register teruggeval nie (want dit dra nie gesag nie), maar word dokumentêre bewys verkry vanuit die doopregister waar die betrokke gedoopte is.

Om bogenoemde rede word die dooplidmaatregister die gerieflikste gehou op rekenaar of op rekordhouerkaarte van 127 x 203 mm grootte. Vertrek 'n gesin, word die kaart uitgehaal en elders gelys. So bly die register op datum.

Op hierdie kaart kom die volle name en geboortedatums van die kinders van elke gesin, terwyl voorletters, van en adres van die ouers daarby aangeteken is. Die datums van aankoms in die gemeente en vertrek uit die gemeente en adres waarheen, kan goedsdiks ook op hierdie kaart geskryf word.

Die dopeling se naam word ingeskryf onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn. Volle name moet verstrek word.

In die doopregister word die ouers se name onder mekaar geskryf sodat daar telkens onder elke gedoopte se naam 'n reël gedeeltelik oop is. Hierdie reëling vergemaklik naslaanwerk. Dan is dit ook nie nodig om die ouers se name in te druk in die beperkte ruimte van een reël nie. Die nuwe registervorm dui dit so aan. Let wel: die van eerste.

Let daarop dat die register die moeder se nooiensvan vra. In die geval waar haar nooiensvan dieselfde as haar getroude van is, word *gebore* vooraan geskryf.

Die doop van 'n buite-egtelike kind word op die gewone manier ingeskryf. Die biologiese vader se naam word wegelaat. Die moeder se nooiensvan en volle voorname word vermeld. Indien sy 'n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van tussen hakies ná die nooiensvan geskryf: (nou).

Wanneer een van die ouers vóór die doopbediening oorlede of geskei is, is die inskrywing normaalweg en in die opmerkingskolom word agter die oorlede of geskeide ouers se naam geskryf: oorlede/geskei (datum). Vader/moeder lê alleen belofte af.

Indien albei ouers oorlede is en familie of vriende wat lidmate is en toestemming van die kerkraad gekry het, bring die kind ten doop sonder dat die kind amptelik aangeneem is, word die biologiese ouers se name nog ingeskryf en op die volgende een of twee reëls word die doopouer/-s se naam/name aangeteken. Agter hierdie naam/name word in die opmerkingskolom vermeld: Tree op as doopouer/-s en lê doopbelofte af. Ná die biologiese ouers se name word aangeteken: Oorlede(datum).

In die geval waar 'n dopeling vóór die doopbediening geregteelik aangeneem is, en bewys gelewer word, word die dopeling onder die aannemende ouer/-s se van ingeskryf en die aannemende ouer/-s se voorname voluit vermeld. In die opmerkingskolom word die woord *aanneming* ingevul. Indien 'n aannemingsertifikaat beskikbaar is, kan dit ook aangeteken word.

Word 'n kind ná die doopbediening aangeneem, en hy/sy kry 'n nuwe van, word die weg van naamsverandering gevolg. Dus: 'n verwysing in die opmerkingskolom na die nuwe plek van die naam.

By die nuwe plek word na die oorspronklike inskrywing verwys. Hierdie verwysings word liefers met rooi ink gedoen om opvallend te wees. Die oorspronklike inskrywing word onveranderd behou. By die uitreiking van 'n doopseel word die volle name van die aannemende ouers ingevul.

As 'n weduwee of geskeide vrou weer in die huwelik tree en daarna 'n kind uit 'n vorige huwelik ten doop bring sonder dat haar huidige eggenoot die kind wettig aanneem, word die kind soos in 'n normale geval ingeskryf onder die biologiese vader se van en met die moeder se nooiensvan. Agter eggenote naam kom die opmerking: Oorlede op of Geskei

Die doop van 'n volwassene word as 'n normale inskrywing hanteer.

Is dit 'n getroude vrou wat gedoopte is, word sy onder haar nooiensvan ingeskryf met haar getroude van tussen hakies: (nou.....).

Indien die volwassene se ouers se volle naam nie bekend is nie, word in die kolom vir die ouers se name geskryf: Name nie beskikbaar.

Wanneer 'n egpaar met toestemming van elders af die doopbediening vir hul kind ontvang, skryf die skriba dit in die doopregister van die gemeente waar die doop bedien is. Liasseer die toestemmingsbrief in die lêer vir korrespondensie vir doop, register; kladboek en doopseel (kyk Bylae 2 van DIE ARGIEFHANDLEIDING VIR DIE SKRIBA). Wanneer daartoe versoek, word 'n doopseel aan die belanghebbendes uitgereik.

5.12 Huweliksregisters

Die samewerking van die leraars is hiervoor baie belangrik. Dit kan in die toekoms dalk die enigste rekord wees van huwelike van blanke Afrikaners. Die kerklike bevestiging van 'n huwelik is vir 'n Christenvolk 'n noodsaaklikheid. Hierdie is 'n kerklike huweliksregister en is te onderskei van die staat se register. Kerklike huweliksregisters het geen wetlike gesag nie.

Vorms vir die aantekening van 'n huweliksbevestiging is beskikbaar in die boekwinkel by die Sentrale Kerkkantoor.

Die skriba van die kerkraad se ondersteuning kan die leraar grootliks tot hulp wees. Die skriba kan bv. vooraf twee vorms voltooi met die korrekte gegewens wat hy van die leraar kry. Ná die huweliksbevestiging stuur hy een van die voltooides en ondertekende vorms aan die Sentrale Kerkargief.

5.12.1 Registerafskrifte

Daar moet verkieslik 'n afskrif van die huweliksregister in die gemeente gehou word. Dit kan gedoen word deur 'n duplikaat te maak op die vorms wat by die Sentrale Kerkkantoor se boekwinkel te kry is. Die drukwerk van die vorms is met goeie ink op duursame papier gedoen.

Dit is noodsaaklik dat 'n afskrif van elke gemeente se lidmaat- en doopregister aan die Sentrale Kerkargief voorsien moet word, omdat die geskiedenis geleer het dat 'n plaaslike kerk se registers as gevolg van 'n natuurramp soos storms en aardskuddings, vernietig kan word. In 'n nuwe kerk soos die AP Kerk waar min gemeentes reeds oor 'n brandkluis beskik, is die gevaar van beskadiging van registers (en ander dokumente soos korrespondensie en notules) nog groter. Afskrifte van al die gemeentes se registers op een punt soos in die Sentrale Kerkargief, is ook in belang van navorsing.

'n Fotokopie is nie 'n afskrif nie en is dus onaanvaarbaar – Sinodebesluit, HANDELINGE 1995, bl. 234, pt. 7.1. 'n Rekenaarafdruk is ook nie aanvaarbaar nie [bl.234, pt. 9.1.1.2(d)].

Voordat 'n afskrif van die doop- en lidmaatregister gemaak word, moet die argiefkommissie van die kerkraad die doopkladboek en t.o.v. die lidmateregister ook die bundel attestate wat ontvang is en die teenblaai van die attestaatboek, vergelyk met die register om seker te maak dat alles volledig en korrek oorgedra is.

Beplan jou afskrif voordat jy begin. Tel die getal nuwe inskrywings vir die betrokke jaar. Bereken hoeveel reëls nodig gaan wees vir spasies tussen die alfabetgroepe – een reël oop tussen twee groepe en ook een tot drie reëls vir sertifisering aan die einde. Nuwe inskrywings plus laasgenoemde wys hoeveel bladsye nodig is.

'n Registerafskrif moet 'n presiese weergawe van die oorspronklike wees. Daarom moet dit met dieselfde sorg as die oorspronklike gemaak word. 'n Presiese weergawe sien op die feitlike inhoud – dit wil sê foute wat gemaak is met die inskrywing en in die oorspronklike reggestel is, moet nie met verbeterings en al so oorgedra word nie – dra slegs die korrekte oor. Haas en spoed lei tot foute. Naamsverandering en wysiging wat gedoen is gedurende die jaar waarvoor die afskrif gaan, word net so in die afskrif oorgedra, want dit is feite wat deel is van die geskiedenis.

Hoewel daar in die oorspronklike register van die gemeente skoon blaaie tussen die alfabetgroepe is vir toekomstige inskrywing van nuwe lidmate en nuwe doopbedieninge, is dit anders met die afskrif: name volg alfabeties direk na mekaar met slegs een of twee oop reëls tussen die alfabetgroepe. Om elke alfabetletter in die afskrif op 'n nuwe blad te begin, neem onnodige ruimte in die argief op.

5.13 Beweging van lidmate

Die name van lidmate wat binne die afskrifte se kalenderjaar gekom en gegaan het, moenie uit die afskrif weggelaat word nie.

Voorbeeld

KERKRAADSREGISTER VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK						
Van	Naam	Voorstellingsdatum	Uittrede-datum	Hertoetrededatum	Uittrede-datum	Rede vir uittrede

Die skriba lê hierdie vorm aan die kerkraad voor sodat hulle volgens Artikel 24 kan sorg dat daar gereelde uittrede is. Hiervan moet ook jaarliks 'n afskrif aan die argivaris by die Sentrale Kerkargief gestuur word. Bostaande moet nie met die konsistorieboek verwar word nie.

Daar is gedurig lidmate wat in 'n vorige jaar gekom en nou vertrek het, of wie se lidmaatskap nou vervalde verklaar word, of lidmate wat oorlede is. Om dié feite in 'n registerafskrif in die argief te laat weerspieël, moet dit nie tussen die name van nuwe lidmate ingevoeg word nie. 'n Alfabetiese lysie daarvan moet aan die einde van die afskrif, duidelik onderkeie van die nuwe inskrywings gemaak word, of andersins moet dit op 'n afsonderlike blad gemaak word.

Slegs aan die einde van 'n gemeente se eerste bestaansjaar word 'n afskrif van die hele register gemaak. Daarna jaarliks van slegs nuwe inskrywings.

Indien 'n skryf- of tikfout met die afskrif begaan word, word dit netjies deurgehaal met die korrekte daar bokant aangebring en in die opmerkingskolom geparafeer – alles met rooi ink. Korrigeer-ink is verbode en rekenaarfoute word op die rekenaar herstel.

Indien daar onder 'n sekere alfabetletter geen inskrywing of nuwe inskrywing is nie, word in die afskrif by bepaalde letter geskryf: geen nuwe inskrywing nie. As daar by 'n paar agtereenvolgende alfabetletters geen inskrywing nie, moet byvoorbeeld aangeteken word: D tot G geen nuwe inskrywings nie.

Albei kante van die registerblaaie sowel in die oorspronklike register as in die afskrif, anders neem u dubbel berguimte op.

Die gemeente se naam moet in die betrokke ruimte op elke bladsy van die oorspronklike register sowel as die afskrif geskryf word. Op die afskrif moet die jaartal ook duidelik êrens bo-aan gemeld word.

5.13.1 Sertifisering

Ná die laaste inskrywing op die afskrif word gesertifiseer dat dit 'n korrekte afskrif is. Dit word deur twee lede van die kerkraad se argiefkommissie gedoen nadat hulle die afskrif met die oorspronklike vergelyk het. Die sertifisering mag nie op 'n afsonderlike aangehegte vel gedoen word nie.

5.13.2 Versending

Die lang registerblaaie moet net liggies dubbel gevou word en met 'n kartonblad in die middel, in 'n A4-koevert geplaas word. Indien dit nie per hand afgelewer word nie, moet dit per geregistreerde pos aan die Sentrale Kerkargief gestuur word. Die ringskriba moet skriftelik in kennis gestel word dat die afskrif aan die Sentrale Kerkargief gelewer is.

Die registerafskrifte moet so gou moontlik in Januarie van elke jaar gemaak en aangestuur word omdat die kerkjaar van 1 Januarie tot 31 Desember strek.

5.14 Kerkraadsregister

Die kerkraadsregister bepaal onder meer meelewing t.o.v. dienswerk in die gemeente van Jesus Christus. Die nodige dienstermyn-statistiek word daarop aangebring. Hiervolgens vind gereelde kerkraadswisseling plaas, soos kerkordelik vereis word.

5.15 Posregister

'n Posregister word gehou om aan te dui watter skrywes ontvang, aan wie dit gerig is en wat die inhoud daarvan is. Dieselfde geld vir briewe wat van die gemeente uitgaan. Vir naslaandoeleindes is dit nodig dat die datum van ontvangs of uitstuur aangedui word. Alle pos (uitgaande of inkomend) moet onder afsonderlike hoofde geplaas word ten einde naslaan te vergemaklik.

5.15.1 Voorbeeld 1

Datum	Ontvang van	Gerig aan	Inhoud	Antwoord datum	Ontvang deur
7.10.2008	GKK	Skriba	Skrywe insake Psalm en Gesangeboekies	Ontvangs erken 20.10.2008	
4.11.2008	Pk.	Kolporteur	Skrywe insake afgemerkte publikasies	Bestelling geplaas 12.11.2008	

Bostaande inskrywing kan bv. onder publikasies ingevul word.

Voorbeeld 2

Datum	Ontvang van	Gerig aan	Inhoud	Antwoord-datum	Ontvang deur
6.1.2008	Akademie	Skriba	Insake klasgelde van teologiese studente	Ontvangs erken 20.1.2008	
4.2.2008	Direkteur van Kerk-administrasie	Skriba/kassier	Insake agterstallige 15%-bydrae (kyk F10-vorm)	17.2.2008 Met bewys hul berekening is verkeerd	
10.3.2008	GKK	Skriba	Hersiening van traktementskaal vir predikante (Omsendbrief 1/2008)	Ontvangs erken 24.3.2008	

Groepering voorbeeld 2 kan bv. onder Finansies ingevul word. Beide inkomende en uitgaande pos word so ingeskryf en gegroepeer. Die skriba moet toesien dat die ontvanger altyd vir pos teken, dit verwyder alle misverstande.

Voorbeeld 3

Datum	Geskrywe deur	Gerig aan	Inhoud	Registrasie-no	Liassering
7.1.2008	Voorsitter/kerkraad in opdrag van die kerkraad	Skriba van die Ring van	Insake aanbieding van die ringsitting en jaarlikse ringsgelde	A220046	Ringsake
3.2.2008	Skriba van die kerkraad in opdrag van die kerkraad	Skriba van die Ring van	Voorstelle met motivering vir die ringsvergadering t.o.v. die Sinode van 2010	Per hand	Ringsake
4.3.2008	Tesourier in opdrag van die kerkraad	Direkteur van Kerk-administrasie	Insake beweerde 15% wat nie oor-betaal is nie. Verwys F10-vorm en ouditeursverslae	B301200	Finansies

HANDELINGE 1995, bl. 235, pt. 9.3.1.1 verwys – toe te sien dat die gemeenteskriba aan alle amptelike kerklike omsendbriewe die verlangde aandag gee. Dit is ook nodig dat 'n ondertekende afskrif van alle uitgaande korrespondensie gehou word. Nie alle korrespondensie is waardevol genoeg om bewaar te word nie. So byvoorbeeld is 'n brief waarmee iemand laat weet dat hy die verkiesing tot ouderling of diaken aanvaar, eintlik slegs van waarde totdat hy in die amp bevestig is. Dat dit daarna weer nodig gaan wees is, hoogs onwaarskynlik. Inkomende korrespondensie word saam met die antwoord daarop geliasseer in die toepaslike lêer.

5.16 Verlofregister

Verlofregisters is 'n noodsaaklikheid en die skriba is verantwoordelik dat dit stiptelik bygehou word t.o.v. alle betaalde amptenare.

5.16.1 Voorbeeld 1

Verlofregister AP KERK

Amp	Verlof waarop geregtig	Verlof geneem vanaf tot	Goedgekeur deur die kerkraad op	Handtekening
Leraar	Vakansieverlof van 42 dae per jaar wat nie meer as ses Sondag insluit en wat net oploopbaar is met instemming van die kerkraad			
	Siekteverlof vir hoogstens 90 dae in 'n siklus van drie jaar; indien siekteverlof van meer as drie dae aaneen geneem word, kan die kerkraad 'n mediese sertifikaat vereis. Oor siekteverlof vir langer as 90 dae beslis die kerkraad			
	Langverlof van tien dae per jaar word verkieslik eers na drie jaar in die gemeente geneem. Langverlof kan slegs met toestemming van die kerkraad tot meer as dertig dae oploep			
	Spesiale en/of studie verlof is uitsluitlik soos met die kerkraad ooreengekom			

'n Predikant behoort sy vakansie- en langverlof te neem voordat hy demissie ontvang. 'n Kerkraad kan besluit om óf ongebruikte vakansie- of langverlof toe te staan, óf die verlof uit te betaal. Mediese sertifikate word by die verlofregister aangeheg en die leraar teken elke keer vir sy verlof.

Voorbeeld 2

Amp	Verlof waarop geregtig	Verlof geneem vanaf tot	Kerkraad goedkeuring verleen op	Handtekening
Skriba	20 werksdae per jaar 20 dae siekteverlof per jaar. Verdere verlof of siekteverlof met toestemming van die kerkraad. (Reël ook vir 'n waarnemende skriba tydens afwesigheid).			
Orrelis	20 werksdae per jaar en 10 werksdae siekteverlof. Enige verdere verlof met toestemming van die kerkraad. (Reël ook self vir 'n waarnemende orrelis ten tye van afwesigheid).			
Koster	20 werksdae per jaar en 10 dae siekteverlof. Enige verdere verlof met toestemming van die kerkraad.			

Alle verlofregisters word volgens pligtestate, soos met die kerkraad ooreengekom, opgestel.

5.17 Gemeenteregister

Die gemeenteregister word in alfabetiese volgorde opgestel, bv. Adendorff, Bester, Cloete, De Villiers, ensovoorts. Daarna word dit soos volg geskryf of getik.:

- Van en voorletters
- Noemnaam
- Woon- en posadres
- Telefoonnommer

Beide belydende en dooplidmate word aangeteken sodat 'n geheelbeeld van 'n gemeente verkry word.

5.17.1 Voorbeeld

Van en Voorletters	Noemnaam	Geboortedatum	Woon en posadres	Telefoon
Bester NJJF	Nick	08-03-1938	Umgenistraat 368, Erasmuskloof	012-347 7631
Bester GEC	Gerrie	08-11-1940	Posbus 11307, Erasmuskloof 0048	073 176 6734
Cronje RJP	Roelie	03-02-1949	Hoewe 217, Bashewa	012-811 0704
Cronje E	Estelle	25-06-1949	Posbus 12, Tiegerpoort	
De Jager JLCE	Japie	09-01-1940	Meerlusstraat 850, Equestria	082 450 3488

5.17.2 Wyksregister

'n Wyksregister se lidmate word alfabeties per wyk opgestel met die dooplidmate wat afsonderlik aangedui word. Beide die ouderling en diaken word onder aan die register vermeld ter inligting van die wyk se lidmate.

Die wyksregister het ook ten doel dat sommige wyke nie oorlaai word met besoekpunte nie. Die skriba moet enige oorwig so probeer verdeel dat dit balanseer voordat hy dit aan die kerkraad voorlê. Herindeling of byvoeging van wyke kan slegs met die kerkraad se goedkeuring plaasvind.

5.18 Pligtestate t.o.v. administratiewe amptenare
(Sinodale besluite, pt. 25, KERKORDE 2008)

Pligtestate skep orde, sit pligte duidelik uiteen en ruim enige onduidelikhede uit die weg. Poste sonder vergoeding word nie uitgesluit t.o.v. pligtestate nie, al is dit vir die posbeker 'n liefdestaak. Waar vergoeding wel ter sprake is, vorm die pligtestaat 'n deel van die ooreenkoms (kontrak) wat gesluit word met die voornemende posbeker. In beide gevalle moet die aangewese posbeker 'n onderneming met die kerkraad teken t.o.v. die pligte soos in die pligtestaat uiteengesit is.

Nadat die skriba 'n pligtestaat en/of 'n ooreenkoms saamgestel het, word dit aan die kerkraad voorgelê vir goedkeuring, waarna dit met regstellings aan die voornemende posbeker voorgelê word.

Die mees algemene pligtestate is vir die volgende ampte:

- Saakgelastigde
- Skriba
- Kassier
- Koster
- Kolporteur en
- Orrelis/-te

5.19 Attestaat/Bewys van lidmaatskap
(Artikel 4, Bepaling 4B)

'n Attestaat is 'n getuigskrif wat ná goedkeuring deur die ouderlingeraad, uitgereik word aan 'n belydende of dooplidmaat vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods aan die nuwe kerkraad gestuur word. Ná drie maande na vertrek uit 'n gemeente word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap.

Bepaling 4I van Artikel 4 verduidelik hantering van 'n "Reis-attestaat". Attestate is in boekvorm te kry in die boekwinkel by die Sentrale Kerkkantoor. 'n Soortgelyke vorm kan ook op rekenaar gehou word vir gemeentes wat rekenaar-aktief is. In die gewone boekvorm vul die skriba op die teenblad in aan wie die attestaat uitgemaak is. In die geval van 'n rekenaar word 'n afskrif gemaak vir bewaring.

5.20 Aansoek om lidmaatskap

Daar is bestaande lidmaatskap-aansoekvorms beskikbaar by die boekwinkel by die Sentrale Kerkkantoor. Daar is egter ook gemeentes wat oor 'n soortgelyke eie aansoekvorm beskik. Hierdie vorm word deur voornemende lidmate ingevul en geteken, waarna die skriba, waar nodig, attestate of verklaring van lidmaatskap vanaf die vorige gemeente aanvra.

Hierdie vorm moet deur alle voornemende lidmate ingevul word ongeag of hulle met hulle attestate opdaag of nie. Ná verkryging van die attestate word dit saam met die aansoekvorms aan die ouderlingeraad voorgelê vir goedkeuring.

5.21 Doopkladboek en doopseel

Beide die doopkladboek en doopseelboek is verkrygbaar by die Sentrale Kerkkantoor se boekwinkel. Die doopkladboek word deur die skriba ingevul en die teëblad met die kindjie wat ten

doop gebring word se naam daarop, word aan die leraar oorhandig sodat hy dit tydens die doopplegtigheid kan gebruik.

Van die doopkladboek word die doopregister ingevul. Die doopseel word ook deur die skriba ingevul en aan die leraar oorhandig. Ná die doop word die doopseel aan die ouers oorhandig en die teëblad bly in die boek vir latere naslaandoeleindes.

5.22 Afkondigings

Die skriba stel die weeklikse afkondigings saam wat op twee maniere kan geskied, naamlik 'n afkondigingsblaadje of 'n afkondigingsboek. Beide bevat sake wat onder die gemeente se aandag gebring moet word. Terwyl die afkondigingsboek se sake altyd aan die gemeente voorgehou word, word die blaadje óf net uitgedeel, óf uitgedeel en voorgehou.

5.23 Almanak/Jaarprogram

Die taak van die skriba m.b.t. die gemeente se almanak is om dit saam te stel met behulp van die susters en onderskeie kommissies. Nadat die kommissies en susters hulle jaarprogramme saamgestel het, is dit gewoonlik nodig om 'n vergadering te belê sodat oorfleueling uitgeskakel kan word. Eers ná eensgesindheid kan die almanak met die betrokke jaarprogram gedruk word. Die kerkraad het die finale besluitneming.

5.24 Koevertjies

Waar 'n koevertjie-stelsel in gebruik is, is die skriba verantwoordelik vir die druk en voorsiening daarvan. Die uitdeel daarvan word deur die kerkraad gedoen.

5.25 Statistiek

Alle statistiekhouding is uiters belangrik en die skriba, in samewerking met die argiefkommissie moet toesien dat dit bygehou en bewaar word.

5.26 Korrespondensie

Tensy anders deur 'n kerkraad besluit, hanteer die skriba alle korrespondensie.

'n Brief wat op 'n kerklike vergadering van 'n kerklike liggaam gedien het, word 'n bylae by die betrokke notule van die vergadering waarop dit behandel is en behoort 'n nommer of kodeletter te kry, bv. Bylae 1 of Bylae A om so daarna verwys te word in die notule waar dit ter sprake is. Word so 'n brief om een of ander rede nie as bylae van die notule saam met die notule geliasseer nie, moet 'n verwysing aangeteken word om die plek aan te wys waar die stuk gebêre is.

Rekenaars is deesdae algemeen (of met weinig uitsondering) in gebruik. Al het u alle uitgaande briewe op die rekenaar, moet u nogtans 'n uitdruk bewaar om vier redes. Die rekenaar is kwesbaarder as die getikte stuk op papier; die rekenaar kan onklaar raak wanneer 'n stuk dringend benodig word; of die elektrisiteitstoever kan onderbreek wees; die rekenaar en programme raak in die geweldige tempo van elektroniese ontwikkeling gou verouderd en ná 'n dekade of twee kan so 'n brief op rekenaar onopspoorbaar wees.

5.27 Vorms

Die volgende vorms word deur die skriba voorberei soos per voorbeelde in die KERKORDE, bl. 95-102, Bylae 6.2 tot 6.5, nl:

- Bylae 6.2 Akte van demissie by aanvaarding van 'n beroep.
- Bylae 6.3 Brief uitgereik ná losmaking kragtens KO Art. 19
- Bylae 6.4 Akte van demissie by emeritering.
- Bylae 6.5 Reisattestaat/Travel attestation.

Hierdie vorms is nie geredelik beskikbaar nie en moet daarom self voorberei word.

5.28 Beroepsbriewe

Daar is vier voorbeelde in die KERKORDE 2008 wat die skriba kan gebruik wanneer 'n beroepsbrief opgestel moet word:

- Beroepsbrief A (een gemeente beroep alleen) Bylae 6.7, bl. 105.
- Beroepsbrief B (meer as een gemeente beroep gesamentlik) Bylae 6.8, bl. 110.
- Beroepsbrief C (een gemeente beroep, maar daar bestaan 'n bedieningsooreenkoms met een of meer gemeentes) Bylae 6.10, bl. 127.
- Beroepsbrief D (ten opsigte van beroeping van 'n emeritus-leraar) Bylae 6.12, bl. 135.

Uiteraard word enige beroepsbrief aan die kerkraad voorgehou vir goedkeuring.

5.29 Kombinasie-akte

Voorbeeld van 'n kombinasie-akte word ook in Bylae 8.9 op bl. 118 van die KERKORDE 2008 voorgehou en skribas kan hul eie hiervolgens opstel. Weereens moet die kerkraad dit goedkeur.

5.30 Bedieningsooreenkoms

KERKORDE 2008, Bylae 6.11, bl. 131 gee 'n voorbeeld wat gebruik kan word met die opstel van 'n bedieningsooreenkoms. Dit moet ook ná voltooiing aan die kerkraad voorgelê word vir goedkeuring.

5.31 Geloofsbriewe

Daar is twee geleenthede waarvoor geloofsbriewe altoos voorberei moet word, naamlik aan die ring en aan die sinode. 'n Voorbeeld van 'n geloofsbrief word gevind in KERKORDE 2008, Bylae 6.13, bl. 139.

5.32 Finansiële state en 15%-oorbetaling (F10-vorm)

Die finale geouditeerde finansiële state met 'n verklaring van die ouditeur/-s insake die 15%-oorbetaling (F10-vorm) word deur die ouditeur na die Sentrale Kerkkantoor gestuur, verkieslik per geregistreerde pos of per hand. Die skriba moet toesien dat die ouditeur die verklaring rakende die 15% aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur het. Die maandelikse F1-vorm, d.i. alle fondse wat gebank word, word direk aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur. Van beide moet afskrifte gehou, aan die ring en ook aan die Sentrale Kerkargief gestuur word.

5.33 Argief

Argiefmateriaal bestaan uit materiaal wat weergee wat in en met die kerk, ook binne ons kerkverband, gebeur. Wat op skrif, in beeld en in klank, of op enige manier bewaar en weergee is, is argiefmateriaal wat in die argief van die kerk tuis behoort. Daar is vele belangrike gegewens wat in die argief tuis behoort en waarvoor die skriba saam met die argiefkommissie verantwoordelik is.

Om die argief reg te behartig is 'n ARGIEFHANDLEIDING VIR DIE SKRIBA beskikbaar by die boekwinkel.

5.34 Benodighede

Om sy werk behoortlik te doen, het die skriba sekere toerusting nodig, onder meer:

- Goeie groot genoeg kluis vir bewaring
- Vierlaai-kabinette soos benodig vir hanglêers en plat lêers
- Staalkabinet vir ring- en booglêers
- Rekenaar
- Kopieermasjien
- Papiersnyer
- Goeie tikster indien nie self rekenaarvaardig nie
- Genoeg kantoorruimte

5.35 Demissie, legitimasie en bevestiging

Riglyne vir skribas van kerkrade tydens ontvangs van aktes van demissie, legitimasie en bevestiging word vervat in die KERKORDE 2008, bl. 191 (HANDELINGE 2007, bl. 310 pt. 3.2, Sinodebesluit 29.)

6. Die ringskriba

Die ringskriba word uit eie geledere verkies m.a.w. verkies uit afgevaardigdes na die ringsvergadering Art. 37.7, KERKORDE 2008.

6.1 Pligte van die ringskriba

Die ringskriba voer alle besluite en opdragte van die ring uit, behartig korrespondensie, versend alle ringsverslae en die ondertekende oorspronklike notule van die ringsvergadering asook die ondertekende oorspronklike notule van die ringskommissie, binne 14 dae ná die vergadering na die Sentrale Kerkkantoor vir argiefdoeleindes, voer die toepaslike bepaling van die Kerkorde uit en hanteer alle sake van die ringskommissie (Bepaling 37E, KERKORDE 2008, bl. 38).

In die nakoming van sy pligte vervul die ringskriba 'n skakelrol veral tussen kerkrade en die Sentrale Kerkargief.

6.2 Demissie, legitimasie en bevestiging

Die skriba van die ring dra sorg dat hy al die nodige dokumentasie by die betrokke kerkraad verkry sodra hy kennis van bevestiging van die beroepende kerkraad ontvang. Die dokumentasie sluit in: die akte van demissie en skriftelike aanvaarding van die beroep in die geval van 'n predikant en die akte van legitimasie, skriftelike aanvaarding van die beroep, attestaat en ondertekeningformulier in die geval van 'n proponent.

In die geval van 'n proponent dra die skriba van die ring sorg dat die ringskommissie 'n akte van bevestiging uitreik.

Van die akte van demissie moet afskrifte gegee word aan:

- Die leraar wat die beroep opgevolg het en wat die oorspronklike akte ingedien het.
 - Die ring vir bewaring in die ringsargief.
 - Die kerkargief in Pretoria.
- (HANDELINGE 2007, bl. 310 pt. 3.2, Sinodebesluit 29)

6.3 Korrespondensie

Die skriba van die ring hanteer alle korrespondensie en dra sorg dat daar 'n afskrif vir sowel die ringsargief as die Sentrale Kerkargief gemaak word. Dieselfde reëls wat vir 'n skriba van 'n kerkraad geld, geld vir die skriba van die ring.

6.4 Vergaderings

Die skriba van die ring gee vroegtydig kennis van enige vergadering in ringsverband. Hy vermeld ook hierin 'n kontaknummer en padaanwysings wat veral nodig is in landelike en sommige van die bewoonde stedelike gebiede. Dit is ook nodig dat 'n sakelys die kennisgewing sal vergesel. Soms is dit nodig om meer omskrywend te wees t.o.v. 'n sakelys soos bv. 'n tugsak. Ten tye van bywoning van vergaderings is die skriba verantwoordelik vir die opname van alle geloofsbriewe.

6.5 Sentrale Kerkargief

Die skriba van die ring in nakoming van sy pligte vervul 'n skakelrol, veral tussen kerkrade en die sentrale Kerkargief. Hy rig sy ringsargief in volgens 'n paslike stelsel vir die ring. Pligte t.o.v. die Sentrale Kerkargief word vervat in die ARGIEFHANDLEIDING VIR DIE SKRIBA wat verkrygbaar is in die boekwinkel.

6.6 Notule

Omdat afgevaardigdes na 'n ringsvergadering elke jaar wissel, is dit verpligtend dat die notule tydens dieselfde vergadering

afgehandel word veral as 'n tuggeval of appèl hanteer is. By 'n volgende vergadering is daar gewoonlik nie genoeg van die vorige vergadering se verteenwoordigers om so notule goed te keur nie.

Dieselfde riglyne t.o.v. die skryf van 'n notule wat vir die skriba van die kerkraad geld, is ook hier van toepassing.

6.7 Besluiteregister

'n Ringsbesluiteregister met verwysings is 'n noodsaaklikheid en moet soos 'n kerkraadsbesluiteregister gereeld op datum gehou word. Die besluiteregister moet so hanteerbaar wees dat dit van skriba na skriba oorhandig kan word, juis omdat die ringskriba gereeld vervang word.

6.8 Statistiek

Alle statistiek t.o.v. elke gemeente in 'n ring moet deur die ringskriba versamel, verwerk en bewaar word.

6.9 Toerusting

Toerusting wat benodig word deur die ringskriba is net so noodsaaklik as vir die skriba van 'n kerkraad en bestaan ook uit die volgende: 'n groot genoeg brandkluis, vierlaai- kabinet met die nodige hanglêers, 'n staalkabinet vir ring- en booglêers, 'n rekenaar, 'n kopieermasjien, 'n papiersnyer en 'n goeie tikster indien nie self rekenaarvaardig nie. Genoen kantooruimte.

7. Skriba van die sinode

Die sinode kies 'n skriba en hulpskriba uit net die afgevaardigdes per groslys met volstrekte meerderheid van stemme volgens die stemprosedure by die beroeping van 'n predikant of verkiesing van kerkraadslede vir die duur van die vergadering. (Artikel 40, KERKORDE 2008, bl. 41.)

Elke vergadering moet 'n skriba hê wat die handelinge van die vergadering opteken, opdragte uitvoer en opdragte deurgee (KERKORDE 2008, Artikel 28 bl. 28).

Die hulpskriba dien vir die duur van die betrokke vergadering van die sinode en is medeverantwoordelik vir die voltooiing van die handelinge van die sinode.

Onder die leiding van die skriba van die sinode word die notule deur 'n notulekommissie gereed gemaak vir voorlegging aan die vergadering om te kontroleer en goed te keur.

7.1 Notule t.o.v. die laaste sittingsdag van 'n sinode

Die skriba en hulpskriba voltooi die laaste sittingsdag se notule, waarna die SKK in oorleg met die KKS dit noukeurig nagaan, waar nodig, korregeer en goedkeur (Sinodebesluit 3, KERKORDE 2008, bl. 171. Kyk ook HANDELINGE 2007, bl. 305 pt. 3.20.1)

Dit is die skriba van die sinode se verantwoordelikheid om so gou moontlik ná elke vergadering van die sinode die gepubliseerde en ondertekende SAKELYS en verslae saam met die HANDELINGE (insluitend verslae van tydelike/ad hoc-kommissies) aan die Sentrale Kerkargief te besorg vir bewaring en navorsing.

LITERATUURLYS

1. KERKORDE
2. ARGIEFHANDLEIDING VIR DIE SKRIBA – Ds. WM Grove
3. Omsendbrief 20/2002 – Ds. AS van Jaarsveld
4. Omsendbrief 6/2004 – Ds. WM Grové
5. Omsendbrief 15/2006 – Ds. WM Grové
6. Persoonlike gesprekke met ons eie skriba en kassier.

Riglyne vir kerkrade vir die hantering van lidmate wat versuim om die eredienste getrou by te woon

Die Sinode besluit om die volgende voorlegging van die Ring van Derby: 2007 as riglyn vir alle kerkrade en ringe te aanvaar.

Die volgende word as riglyne aanvaar vir die bearbeiding van en tug oor lidmate wat versuim om die eredienste getrou by te woon.

6. Basiese kerkregtelike uitgangspunte

Daar word van die volgende basiese kerkregtelike uitgangspunte vertrek:

- 1.1 Christus is die Hoof van die plaaslike kerk (Art. 7).
 - 1.2 Hy het (onder meer) die amp van die ouderling verorden (Art. 7).
 - 1.3 Die ouderlinge oefen saam met die predikant(e) as Ouderlingeraad die regering, opsig en tug oor die gemeente uit (Art. 21).
 - 1.4 Elke ouderling doen gereelde en behoorlike huisbesoek in sy wyk (Art. 21).
 - 1.5 Die ouderlinge is verantwoordelik vir gereelde eredienste en sakramentsbediening (Art. 21).
 - 1.6 Die vermaning in die gemeente word besonderlik behartig deur die predikant en die ouderling (Art. 51); hulle mag nie bang wees om te vermaan nie. As hulle hul lidmate liefhet (soos dit behoort te wees), sal hulle besorgdheid oor die sonde van die lidmate hulle vrees te bowe gaan. Onthou altyd dat die ouderling nie lidmate met homself dreig of met die ouderlingeraad nie. Nee, hulle moet met die Here gekonfronteer word. Hoe doen 'n mens dit? Deur 'n toepaslike teks te gebruik en reg toe te pas. Hierdie riglyne wil daar-toe help (kyk Bylae 1).
 - 1.7 Alle lidmate val onder die tug van die ouderlingeraad rakende afdwaling in leer en lewe (Art. 54).
 - 1.8 Die opsig handel onder meer oor die hele lewenswandel van die doop- en belydende lidmate (Art. 52.1).
 - 1.9 Die ouderlingeraad moet as vaderlike opsieners en nie as regters nie, met diepe ootmoed voor God in tere liefde en regverdigheid oortreders probeer terugbring van hul sondige dwaalweë (Art. 52.2).
 - 1.10 Iemand wat versuim om kerk toe te kom, moet by die ouderlingeraad aangekla word, of die ouderlingeraad kla hom self aan, en moet 'n afskrif van die klagskrif (of die oorspronklike klagskrif indien die ouderlingeraad aankla) aan die aangeklaagde besorg (Bep. 53A).
 - 1.11 Alvorens 'n tugmaatreël toegepas word, moet die aangeklaagde volle geleentheid vir verweer kry (Art. 53, Bep. 53C).
 - 1.12 Wanneer die ouderlingeraad die aangeklaagde geleentheid vir verweer gegee het, verlaat hy die vergadering; die ouderlingeraad formuleer dan sy bevinding skriftelik en dra dit aan die aangeklaagde oor. Verder besluit die ouderlingeraad oor tugstappe (Bep. 53C).
 - 1.13 Die aangeklaagde (en ook die ouderlingeraad) mag getuienis in sy belang voorlê en getuies roep.
 - 1.14 Die ouderlingeraad kan by skuldigbevinding van 'n lidmaat een van die volgende besluite neem:
 - a) om die lidmaat in of buite die ouderlingeraadsvergadering te bestraf (Art. 57.1.1);
 - b) om die lidmaat onder sensuur te plaas (Art. 57.1.2);
 - c) om die ring te raadpleeg en daarna af te sny (Art. 57.1.3) — hierdie besluit geld in die geval waar die lidmaat reeds onder sensuur geplaas was, maar in die sonde volhard.
 - 1.15 As die lidmaat 'n dooplidmaat is, word opgetree ingevolge Art. 57.2.1.
- ### 2. Voorgestelde optrede in ringsgebied
- Ouderlingeraad hanteer swak kerkbesoek in die gemeente soos volg:
- 2.1 Op elke ouderlingeraadsvergadering rapporteer elke ouderling oor die volgende:
 - 2.1.1 Het enige lidmaat uit die gemeentegrense verhuis (Bep. 4B)?
 - 2.1.2 Indien wel, op watter datum?
 - 2.1.2.1 Indien die lidmaat nie binne drie maande van gemelde datum 'n attestaat aanvra nie, vervel sy lidmaatskap, is hy van geen kerk 'n lidmaat nie, en kan geen attestaat meer aan hom uitgereik word nie (Art. 5.1).
 - 2.1.2.2 Dit word dan in die gemeente afgekondig.
 - 2.1.2.3 Die ouderlingeraad kan wel op sy versoek aan hom 'n bewys van lidmaatskap uitreik. Laasgenoemde is 'n verklaring waarin net gestel word tot op watter datum die persoon 'n belydende/dooplidmaat van die gemeente was.
 - 2.1.3 Was daar lidmate wat in die afgelope kwartaal glad nie, of baie min kerk toe gekom het? (Let wel: Hulle name mag genoem word, maar nie genotuleer word nie. 'n Naam word eers genotuleer wanneer daar besluit word dat die ouderlingeraad die lidmaat formeel oor swak kerkbesoek aankla.)
 - 2.1.4 Is daar gevalle waar die lidmaat wat min of glad nie kerk toe kom nie, wettige verskonings het? (Wettige verskonings sal wees: langdurige siekbed; die lidmaat het nie vervoer nie; liggaamlike verswakking; verpligte – nie vrywillige! – oortydwerk.)
 - 2.1.5 Indien daar wettige verskonings is, watter hulp kan aan hulle verleen word? Is daar dalk iets waarmee die diakens kan help? (Byvoorbeeld hulp met vervoer te reël; help om werk te vind waar Sondae nie gewerk hoef te word nie.)
 - 2.1.6 Is daar lidmate wat versuim om kerk toe te kom weens ongelukkigheid met die kerk of met iemand?
 - 2.1.6.1 Indien wel, moet die ouderling die saak aanspreek.
 - 2.1.6.2 As die ouderling nie die saak kon oplos nie, moet die ouderlingeraad 'n kommissie aanwys om die ongelukkigheid uit die weg te ruim.

2.1.6.3 Op die volgende vergadering word verslag gelewer.

2.1.7 Op watter datums het die ouderling met die lidmate wat so swak kerk toe kom, en nie wettige verskonings het nie, daarvoor gepraat? (Kyk riglyne in Bylae KKS 4.1.)

2.1.7.1 Die ouderling moet elke datum aanteken. Vorentoe mag dit nodig wees.

2.1.8 Het die ouderling die lidmate wat swak kerk toe kom, daarvoor vermaan? (Kyk Bylae 4.1 vir riglyne.)

2.1.8.1 Daar kan nie tot 'n aanklag oor swak kerk-besoek oorgegaan word as die lidmaat nie daarvoor vermaan is nie.

2.1.8.2 Voordat 'n lidmaat aangekla word, moes hy minstens drie keer daarvoor deur die ouderling vermaan gewees het (Bylae 4.1) en minstens een keer deur 'n kommissie van die ouderlingeraad.

2.2 Werkswyse van die ouderlingeraad

Die ouderlingeraad gaan so te werk:

2.2.1 Sodra die wyksouderling by drie vergaderings kon meld dat hy dieselfde lidmaat (lidmate) in daardie afgelope kwartaal oor sy/hulle swak erediensbywoning met die Woord aangespreek het (met ander woorde oor 'n tydperk van nege maande minstens drie keer), benoem die ouderlingeraad 'n kommissie bestaande uit die wyksouderling en nog 'n ouderling (saam met of sonder die predikant) om die betrokke lidmate te gaan bearbei (kyk Bylae KKS 4.2). Die besluit om dit te doen, word genotuleer.

2.2.2 Op die volgende vergadering moet die kommissie rapporteer oor hulle besoek aan die lidmaat. Die rapport word genotuleer sonder vermelding van die name.

2.2.3 Die wyksouderling rapporteer ook daarvoor of die betrokkenes se erediensbywoning intussen verbeter het. Dit word ook genotuleer (sonder vermelding van hul name).

2.2.4 Sou dit blyk dat die erediensbywoning glad nie verbeter het nie, kan die ouderlingeraad besluit om die lidmaat aan te kla. Dan word dit genotuleer (nou met vermelding van die lidmate se name) en die klagskrif word ter vergadering opgestel (kyk Bylae 4.3).

2.2.5 As die lidmaat intussen wel begin het om die eredienste by te woon, moet die ouderlingeraad hom nie aankla nie. Dan moet die wyksouderling spesiale besoeke daar aflê om die lidmate te bemoedig. Die diaken kan aangespoor word om wykslidmate by daardie lidmaat betrokke te kry (sonder dat die besonderhede aan die diaken openbaar word). Op elke volgende vergadering moet die wyksouderling rapporteer of daar toename in getrouheid was, of teruggesak is.

2.3 Die lidmaat volhard in sy sonde

Indien die lidmaat volhard in sy sonde nadat die kommissie van die ouderlingeraad hom besoek het, word daar soos volg te werk gegaan:

2.3.1 Op die eerste vergadering ná die besoek van die kommissie rapporteer die kommissie aan die ouderlingeraad.

2.3.2 Die ouderlingeraad besluit om die lidmaat(e) kans te gee tot op die volgende vergadering om vas te stel of daar bekering gekom het.

2.3.3 As daar werklik bekering was en dit deur volgehoue erediensbywoning en meelewing in die gemeente bewys word, is die saak afgehandel en die wyksouderling lê gereeld daar sy gewone besoeke af en hou so sy vinger op die pols.

2.3.4 As daar steeds in die sonde volhard word, het die ouderlingeraad een van twee keuses: Hy mag besluit om die lidmaat in of buite die vergadering te bestraf (KERKORDE Art. 57.1.1). Daarmee is die tughandeling dan afgehandel. As die lidmaat egter ná die vermaning volhard in sy sonde, moet weer begin word by pt. 2.1.3 en kan hy eers weer deur die ouderlingeraad aangekla word as hy by drie geleenthede (soos in pt. 2.2.1 uitgespel) deur die wyksouderlinge vermaan is en 'n kommissie (vergelyk weer pt. 2.2.1) hom besoek het.

2.3.5 Die ander keuse is dat die ouderlingeraad besluit om sensuur op die lidmaat toe te pas (Art. 57.1.2).

2.4 Die toepassing van sensuur

2.4.1 Die ouderlingeraad besluit om sensuur toe te pas (Art. 57.1.2). Dit word met vermelding van die naam van die betrokke lidmaat genotuleer.

2.4.2 Hierdie tugmaatreël behels dit wat in Bylae 4.4 gestel word.

2.4.3 Die wyksouderling lewer saam met 'n mede-ouderling die brief af in die hande van die betrokke lidmaat. As die lidmaat weier om die brief in ontvangs te neem, word dit per aangetekende pos aan hom gestuur en die hele verloop van die saak word op die volgende ouderlingeraadsvergadering genotuleer. Sou hy weier om die aangetekende brief in ontvangs te neem, ag die ouderlingeraad dit asof hy die brief wel ontvang het.

2.4.4 Eers nadat die lidmaat die brief ontvang het, word 'n afkondiging soos in Bylae 4.5 vervat, van die kansel af gedoen.

2.4.5 Indien daar onder aktiewe bearbeiding bekering by die lidmaat kom, en hy die egtheid van sy bekering oor 'n tydperk van drie maande of 'n langer tyd (soos die ouderlingeraad mag besluit) bewys het, word die tug opgehef. Sou hy dan weer terugval in versuim om die eredienste by te woon, moet die hele proses van punt 2.2.1 herhaal word. Die tug moet dus nie somer opgehef word die oomblik as die lidmaat sê dat hy nou getrou eredienste toe sal kom nie.

2.4.6 Indien die lidmaat nie tot bekering kom nie, gaan die wyksouderling voort met bearbeiding.

2.4.7 Op die volgende ouderlingeraadsvergadering (dit wil sê ongeveer drie maande ná die afkondiging van die toepassing van sensuur) kan die ouderlingeraad besluit om tot afsnyding van die lidmaat oor te gaan.

2.5 Afsnyding van die lidmaat

2.5.1 Alvorens hierdie tugmaatreël toegepas mag word, moet die ouderlingeraad eers die eerskomende ring raadpleeg. Hy doen dit skriftelik.

2.5.2 Die taak van die ring is om vas te stel of daar genoegsame en behoorlike bearbeiding van die betrokke lidmaat deur die wyksouderling en ouderlingeraad geskied het en of die korrekte prosedure gevolg is (vgl. 2.5.8).

2.5.3 Daarom moet die ouderlingeraad sy notule gereed hê vir die ring om al die datums wat genotuleer is, na te gaan.

- 5.4 Indien die ouderlingeraad opgetree het in ooreenstemming met die riglyne wat reeds gestel is, sal die ring bevind dat die ouderlingeraad die saak reg hanteer het en met die afsnyding kan voortgaan.
- 2.5.5 Hierdie stap behels dit wat in Bylae 4.6 gestel word.
- 2.5.6 Die wyksouderling lewer saam met 'n mede-ouderling die brief af in die hande van die betrokke lidmaat. As die lidmaat weier om die brief in ontvangs te neem, word dit per aangetekende pos aan hom gestuur en die hele verloop van die saak word op die vroegste moontlike buitengewone ouderlingeraadsvergadering (of gewone ouderlingeraadsvergadering indien dit voor die deur is) genotuleer. Sou hy weier om die aange-tekende brief in ontvangs te neem, ag die ouderlingeraad dit asof hy die brief wel ontvang het.
- 2.5.7 Eers nadat die lidmaat die brief ontvang het (kyk egter weer punt 2.5.6), word 'n afkondiging soos in Bylae 4.7 vervat, van die kansel af gedoen.
- 2.5.8 Sou die ring bevind dat die ouderlingeraad nie die regte prosedure gevolg het nie, of nie genoegsame arbeid aan die broeder bestee het nie, sal die ouderlingeraad eers die saak moet gaan regstel voordat tot afsnyding oorgegaan mag word.
- 2.6 Die afsnyding**
- 2.6.1 Op die Sondag waarop die ouderlingeraad besluit het, en wat in die afkondiging van Bylae 4.7 vervat is, word

saam met die afkondigings van daardie Sondag die *Formulier vir die Ban of Afsnyding van die Gemeente* voorgelees.

- 2.6.2 Van daardie oomblik af is die persoon nie meer 'n lidmaat van die gemeente nie.

3. Opmerkings

- 3.1 Dit mag gebeur dat 'n lidmaat êrens langs die pad van bearbeiding weier om die ouderling te ontvang, of weier om die kommissie van die ouderlingeraad te ontvang. Dit word dan aan die ouderlingeraad gerapporteer, en die ouderlingeraad gaan die pad dan verder sonder dat die besoeke by die lidmaat afgelê word. Hy word per aangetekende pos op hoogte gehou van die besluite van die ouderlingeraad en daarin word ook by hom aangedring om die ouderlingeraad te ontmoet. Hierdie pad word enduit geloop tot by afsnyding.
- 3.2 Dit gebeur ook dat voordat die bearbeiding ver gevorder het, die lidmaat skriftelik gemeenskap met die kerk opsê (sogenaamd "bedank"). Dan word sy opsegging van lidmaatskap deur die ouderlingeraad aanvaar en dit word afgekondig. (Daar kan besluit word om eers vir oulaas te probeer om weer met hom te praat.) Hy is dan nie meer 'n lidmaat nie.

BYLAE KKS 4.1

DIE WYKSOUERLING SE VERMANING OOR VERSUIM OM DIE EREDIENSTE GETROU BY TE WOON

1. Eerste vermaning

By die eerste vermaning kan die ouderling die volgende gesprek voer:

1.1 Begin deur 1 Joh. 5:1-5 voor te lees. Doen 'n gebed waarin die Here gesmeek word om sy hand nooit van sy kinders weg te trek nie, maar hulle te lei deur sy Gees.

1.2 Dit val my op dat u selde/nooit die eredienste by-woon. Is daar iets wat u verhoed?

1.3 As daar 'n verhoeding is, help om dit op te los.

1.4 As daar nie 'n wettige rede is nie, sê: Onthou u toe u belydenis van geloof afgelê het, het u "Ja" geantwoord toe vir u gevra is

1.4.1 of u oortuig is dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is?

Dit beteken dat die Here daarin met ons praat en dat sy wil daardeur tot ons kom?

1.4.2 of u oortuig is dat ons kerk die leer van die Bybel verkondig?

1.4.3 of u ons belydenisskrifte onderskryf omdat hulle met die Bybel ooreenstem?

In die Heidelbergse Kategismus word die vierde ge-bod so verklaar dat dit leer dat ons op die rusdag ywe-rig saam met die gemeente moet opkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik en God die Here openlik aan te roep (kyk Heidelbergse Kategismus Sondag 38). Maar u doen dit nie?

1.4.4 of u u lewe lank sal volhard in die leer van die kerk?

1.4.5 of u beloof om die Drie-enige God lief te hê en Hom van harte te dien?

Dit sluit tog in dat u Hom sal gehoorsaam. So leer Hy ons in 1 Joh. 5:3 dat om God lief te hê, beteken om sy geboorte te bewaar.

1.5 U het al hierdie dinge aan die Here belowe, maar deur u versuim om getrou kerk toe te kom, hou u nie u belofte nie. Daarom bemoedig ek u nou om ernstig te besin oor wat u met u belofte aan die Here maak. Ek dring by u aan om hierdie saak in u lewe reg te stel.

1.6 'n Mens verarm jouself op geestelike vlak as jy wegbly van die eredienste. Dit is juis daar wat die Here ons op 'n besondere wyse as gemeente ontmoet en ons bemoedig, versterk, vertroos en vermaan. Ja, Hy ontmoet ons ook in ons huise, by die viswaters, oral – maar nêrens ontmoet Hy sy gemeente tesame op hierdie besondere wyse as by die erediens nie.

1.7 Broeder, Suster, maak hierdie saak met die Here reg en kom kerk toe!

1.8 Doen 'n gebed waarin u hulle nie beskuldig nie, maar vra dat die Here hulle deur sy Gees sal lei en regeer.

2. Tweede vermaning

By die tweede vermaning kan die volgende aan die orde kom:

2.1 Lees Ex. 20:1-11. Doen 'n gebed waarin die Here se hulp en genade gevra word.

2.2 Ek het op _____ (noem die vorige datum), dit wil sê ongeveer drie maande gelede, met u oor u kerk-besoek gepraat. Sover ek weet, was u sedertdien nog nie in

die ereidiens nie / nog net een keer / nog net twee keer in die ereidiens, ensovoorts. Oor die feit dat u wel gekom het, is ek as u ouderling werklik bly.

2.3 Ware liefde tot God eis van u en van my dat ons die Here heelhartig sal dien, dat ons bereid sal wees om selfs op te offer ten einde die Here te behaag.

2.4 Kom ons vra ons af waarom die Here 52 Sondae in 'n jaar aan ons gegee het. Hy kon net 12 gegee het as Hy wou. Maar waarom 52? Dis omdat die Here ons so goed ken. Om ons liggame in stand te hou, moet ons elke dag eet. So is ons gemaak. Om geestelik gesond te wees en te bly lewe, moet ons een maal per week versterking van die Here ontvang. Die Here weet dat as ons te lank sonder die insette van die Woord van God klaarkom, ons flou in sy diens sal word en Hom naderhand sal vergeet.

2.5 Dit is so 'n voorreg om elke Sondag die Here daar in die ereidiens te ontmoet. Dan sien ons kans vir alles wat in die week oor ons pad mag kom.

2.6 Waarom moet ons Sondag kerk toe gaan? Dit is nie omdat die ouderlingeraad, of ek, of die dominee so sê nie. Dit gaan nie om ons nie. Dit is omdat die Here so sê.

2.7 Hy sê dit in die vierde gebod. Ek wil dit vir u so stel: Die eerste gebod sê dat daar net een God is en dat ons Hom moet liefhê. As ons dan nóg 'n god dien, sondig ons en verdien die ewige dood. In die derde gebod sê die Here dat ons sy Naam nie ydelik mag gebruik nie. As ons dit wel doen, sondig ons en verdien dit om verlore te gaan. Die sesde gebod leer dat ons nie mag doodslaan nie. As ons dan wel moord pleeg, doen ons sonde en verdien die ewige dood. In nie een van hierdie gebooie staan daar dat ons die sonde maar mag doen as ons so voel nie. Nee, ons moet doen wat die Here beveel. Nou: Die vierde gebod beveel dat ons op die rusdag ywerig saam met die gemeente van God moet opkom om die Woord van die Here te hoor, die sakramente te gebruik, en God die Here openlik aan te roep. So verklaar die Kategismus dit. Toe ons belydenis van geloof afgelê het, het ons saamgestem daarmee dat ons belydenisskrifte met die Bybel ooreenstem. In die vierde gebod staan nie dat ons nie kerk toe hoef te gaan as ons nie lus is nie. Die Here beveel ons dit. As ons nie lus is nie, lê die fout nie by die Here of by sy gebod nie, maar by myself, by my nie-lus, by my liefdeloosheid teenoor die Here.

2.8 Kom ons dink 'n bietjie verder oor wat ons liefde vir God inhou. Stel jou 'n moeder voor wat 'n baba het. Maar omdat die moeder die aand laat gaan slaap het, is sy die volgende dag baie moeg. Sal sy, as sy haar baba liefhet, besluit: Vandag gaan ek jou nie kos gee nie, ek gaan nie jou doeke omruil nie, ek gaan my nie aan jou gehuil steur nie, want ek is moeg; ek gaan net slaap. Nee, 'n ma wat liefhet, doen uit liefde vir haar kind dit wat reg is, al verg dit groot opoffering. Net so: My liefde vir die Here laat my doen wat reg is, al kos dit wat. Dit is juis waarom die Here in Rom. 13:10 sê dat die liefde die vervulling van die wet is. Dit beteken dat as ek die Here liefhet, doen ek eintlik spontaan wat Hy van my verwag.

2.9 Liewe Broeder en Suster, dit is nou die tweede keer dat ek by u pleit dat u die Here moet gehoorsaam en die eredienste moet bywoon.

2.10 Gaan u nou kom? Ek dring in die Naam van die Here daarop by u aan.

2.11 As hulle belowe, spieël jou blydschap en sê hulle sal die vreugde van die Here se genade ervaar as hulle op die regte pad volhard.

2.12 As hulle nie belowe nie, sê dat u nog baie vir hulle gaan bid, want u gee te veel om vir hulle om hulle uit te los.

2.13 Sluit af met gebed, maar moet hulle nie in die gebed aanval nie! Bid vir hulle. Bid dat die Here die gesprek wat pas gevoer is, sal seën.

3. Derde vermaning

By die derde vermaning kan die volgende trant gevolg word:

a. Lees Hebr. 10:23-31. Doen 'n gebed waarin die Here gedank word vir sy teenwoordigheid en gevra word om oor hierdie gesprek te beskik en wysheid aan almal te gee.

b. Sê: Broeder en Suster, dit is nou die derde keer dat ek ernstig met u kom praat oor u gebrek aan meeleving in ons gemeente en oor u ereidiensbywoning. In die tyd wat verby is, het ek so baie vir u gebid, maar u het nog nie die pad waarop die Here u wil lei, regtig met erns begin loop nie.

c. Ek is as 'n medebroeder bekommerd oor u. Miskien is ek 'n groter sondaar as wat u kan dink om te wees. Dan moet u ook met my doen wat ek nou met u moet doen. Ek moet uitvoering gee aan die Here se opdrag in Hebr. 10:24. Ons het dit gelees: *Ons moet op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor.*

d. As ons na die verband van die vers kyk, sien ons dat dit gaan oor ons onderlinge byeenkoms. Dit is die ereidiens, ensovoorts. Ons moet mekaar aanspoor om dit by te woon en met hart en siel daaraan deel te neem. Dit is waarmee ek nou al 'n lang tyd met u besig is.

Die Here sê hier dat sommige die gewoonte het om die samekomste te versuim. Kyk hoe ernstig is die saak: Hy sê dat ons die saak dringend moet regstel, veral omdat ons sien dat die dag naderkom. Dit is die oordeelsdag. Die dag moet ons nie oorval terwyl ons steeds versuim om die eredienste by te woon nie. Vir ons beteken dit konkreet dat ons op ons sterfdag gereed vir die oordeelsdag moet wees. U en ek kan vandag nog sterf. Daarom moet ons die saak *vandag*, nie môre nie, regmaak.

e. Ek bewe eintlik om vir u vers 26 te onderstreep. Daar staan dat as ons die samekoms van die gemeente opsetlik versuim, ons verlore kan gaan. Die Here is baie ernstig oor hierdie saak. Hy sê 'n vuurgloed sal 'n opsetlike sondaar verkeer (vers 27).

f. Ek trek my u ewige toekoms regtig aan: Asseblief, luister na die Here! Kom getrou kerk toe. Waarom wil u nie na die Here luister nie? U het Hom nodig!

g. Kom, besluit nou dat u getrou sal wees om die Here te gehoorsaam.

h. As die lidmate belowe, betuig jou verwondering oor die werking van die Here in hulle harte.

i. As hulle nie belowe nie, sê dat hulle hulle nie teen die wil van die Here moet verset nie.

j. Sluit af met gebed (in die geval van 3.8) waarin die Here gevra word om die voorneme wat Hy nou in hulle ontlok het, te bevestig en 'n duursaamheid daaraan te gee. In die geval van 3.9 bid dat die Here 'n wonder in hul harte sal verrig en hulle lewens sal verander.

BYLAE KKS 4.2**DIE KOMMISSIE VAN DIE OUDERLINGERAAD SE VERMANING
OOR VERSUIM OM DIE EREDIENSTE GETROU BY TE WOON**

1. Open met die lees van Hebr. 13:15-18. Doen 'n gebed. Vra die Here se leiding vir die gesprek en vra dat Hy ons almal voor Hom sal laat buig.
2. Liewe Broeder en Suster, die wyksouderling het nou reeds verskeie ernstige gesprekke met u gevoer oor die feit dat u nie die eredienste bywoon nie.
3. Die Ouderlingeraad het op _____ (meld datum) besluit om ons as 'n kommissie na u te stuur om u op te roep om u aan die wil van die Here te onderwerp.
4. Ons is nie hier as 'n span heiliges wat sondaars wil kom regsien nie. Ons weet dat ons self ook swak is. Daar ontbreek so veel aan ons.
5. Maar dit neem nie weg nie dat die Here ouderlinge verorden het om toesig in die gemeente te hou en lidmate wat nie handel volgens die Bybel nie, in liefde op die regte pad te kom wys en aan te dring dat hulle hulle tot die Here bekeer. In Hand. 20:28 lees ons dat die ouderlinge ag moet gee op die hele kudde. En dan staan daar dat die Heilige Gees die ouderlinge as opsieners aangestel het. Daarom is ons hier. As ons nie met u kom praat nie, sal ons nie ons opdrag uitvoer nie. Die Here Jesus het die gemeente deur sy bloed verkry, en Hy verwag van ons om die gemeente te

versorg. U het tans ons versorging nodig, wat konkreet inhoud dat ons u moet vermaan oor u versuim om die Here te gehoorsaam deur nie die onderlinge samekomste, die eredienste, by te woon nie.

6. Ons het in Hebreërs gelees dat die gemeente opgewek word om gehoorsaam en onderdanig aan hulle voorgangers te wees. Waarom moet julle na ons luister? Omdat die Here ons die hoë taak gegee het om te waak vir julle siele (Hebr. 13:17). Ons as ouderlinge sal eendag aan die Here moet rekenskap gee oor wat ons gedoen het toe ons gesien het dat julle nie die suiwer pad van die Here volg nie.

7. Nou dring ons as kommissie by u aan: Doen wat die Here beveel in verband met hierdie saak. U plek is in die eredienste leeg. Die Here het met u 'n afspraak, maar u kom dit nie na nie. Soos geestelike vaders vra ons u: Luister na die Here en betaal die geloftes wat u in u lewe aan die Here gemaak het.

8. As die lidmate positief reageer, moedig hulle verder aan en doen 'n dankgebed.

9. As hulle negatief reageer, doen nog weer 'n beroep op hulle gehoorsaamheid aan God, doen 'n gebed waarin die Here gevra word om die uitkoms van hierdie besoek te bepaal.

BYLAE KKS 4.3**VOORBEELD VAN 'N KLAGSKRIF**

Mnr. en mev. AA (Naam) BB (van)
Adres

Datum

Geagte Broeder en Suster

KLAGSKRIF

Die ouderlingeraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk _____ (vul naam in) moes oor die afgelope drie kwartaallike vergaderings telkens tot ons droefheid verneem dat ten spyte daarvan dat die wyksouderling u as belydende lidmaat liefdevol uit die Skrif vermaan het omdat u die eredienste swak/glad nie bywoon nie, u nie na sy vermaninge geluister het nie. Hy het u op die volgende datums besoek en ernstig met u oor hierdie saak gepraat: _____ (noem die datums).

Die Here verwag van ons as ouderlinge en as ouderlingeraad om die lidmate wat Hom nie met oorgawe dien nie, aan te spoor en te probeer trek sodat hulle die vreugde van 'n intieme lewe met Hom voluit kan ervaar. Dit het ons probeer doen toe die wyksouderling u vermaan het en toe die kommissie van die ouderlingeraad u op _____ (noem datum) besoek het.

Ongeag al ons arbeid aan u en ons voorbidding vir u, volhard u om nie getrou te wees nie aan u belofte aan die Here, toe u belydenis van geloof afgelê het en u aan die Here belowe het dat u die eredienste getrou sal besoek.

Die ouderlingeraad moet u daarom tot sy droefheid meedeel dat hy op _____ (noem datum) besluit het om u aan te kla van oortreding van die vierde gebod: God gebied u om op die sabbat (dit is op die rusdag) ywerig saam met die gemeente op te kom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, en God die Here openlik aan te roep (kyk Heidelbergse Kategismus Sondag 38). Verder kla ons u aan dat u die vyfde gebod van die Here nie gehoorsaam nie: U onderwerp u nie aan die gesag wat die Here oor u gestel het nie, aangesien u die vermaninge van die ouderling en ouderlingeraad nie ter harte neem nie (Sondag 39).

Die ouderlingeraad sal DV op _____ (datum) om _____ (tyd) 'n buitengewone vergadering hou om u geleentheid te gee om u teen hierdie aanklagte te kom verweer. Nadat u van die vergadering verskoon is, sal die ouderlingeraad 'n besluit neem en u skriftelik daarvan in kennis stel. Indien die datum u nie pas nie, kan u met die skriba of voorsitter 'n ander datum reël. Sou u verkies om nie vir so 'n vergadering op te daag nie, sal die ouderlingeraad die saak in u afwesigheid hanteer en sy besluit neem.

Ons bede is dat die Here in hierdie dae ryklik in u hart sal werk.

U broeder in die Here

SKRIBA VAN OUDERLINGERAAD:

VOORSITTER VAN OUDERLINGERAAD:

BYLAES VAN DIE AP AKADEMIE**BYLAE APA 1****DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE
STAND VAN FONDSE VIR DIE TYDPERK 01/01/2007 TOT 31/12/2009****1. DIE APA STUDENTEFONDS (01/01/2007 – 31/12/2009)**

Balans op 1/01/2007	71,574
<u>Tel by:</u>	
Anonieme skenkings	98,000
H Pienaar Fonds	191,339
Beleggingsinkomste	36,602
Toedeling vanaf APK Teologiese Beursfonds	187,010
	584,525
<u>Trek af:</u>	
Beurse toegestaan	-76,100
Balans op 31/12/2009	508,425

2. DIE APA NAVORSINGSFONDS (01/01/2007 – 31/12/2009)

Balans op 1/1/2007	0
<u>Tel by:</u>	
Bydrae vanaf SKK Leraarfonds	200,000
Skenking deur prof. FAH van Staden	43,000
Beleggingsinkomste	19,374
	262,374
<u>Trek af:</u>	
Navorsingsuitgawes	-5,621
Balans op 31/12/2009	256,753

3. DIE APA ONDERSTEUNINGSFONDS (01/01/2007 – 31/12/2009)

Balans op 1/01/2007	1,595,898
<u>Tel by:</u>	
Skenkings deur AP Gemeentes	21,139
Skenkings deur individue	41,723
<u>Skenkings deur:</u>	
APK Molopo	100,000
JJA Botha	32,000
GJ Goosen	74,086
Heiberg Estates	23,500
Beleggingsinkomste	548,432
Begrote inkomste	625,541
	3,062,319
<u>Trek af:</u>	
Vergoeding aan deeltydse dosente	-551,560
Ander uitgawes	-141,524
Oordrag na APA Ontwikkelingstrust	-195,586
Oordrag na die Onderwysfonds	-77,339
Balans op 31/12/2009	2,096,310

VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)

Tydperk 1 Oktober 2007 tot 22 April 2010

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)

Die volgende lede het gedurende die verslagtyd op die kommissie gedien:

Primarii: di. IP du Preez (voorsitter)
AP Boshoff (ondervoorsitter)
AS van Staden
dr. TM Snyman
di. JB Trollip
WA Burger

Sekundi: ds. GJ Hugo
dr. JH Ellis

Dr. HJ Smith (Redakteur van *Die Boodskapper* en Hoof van die Afdeling Publikasies) is op die eerste vergadering gekoöpteer en as skriba aangewys en vanaf April 2009 ds. CA Swanepoel. Prof. IA Brink (Direkteur van Kerkadministrasie) is later gekoöpteer.

Die Dagbestuur het bestaan uit:

di. IP du Preez (voorsitter)
AP Boshoff (ondervoorsitter)
prof. IA Brink (gekoöpteer)
dr. HJ Smith (skriba)

Vanaf April 2009 het ds. CA Swanepoel die plek van dr. Smith op die Pk. ingeneem.

Dit was gedurende die verslagtyd nie nodig om die sekundi na 'n vergadering op te roep nie.

2. PERSONEEL IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR

Die volgende persone het diens gedoen:

Redakteur *Die Boodskapper* en Hoof: Afdeling Publikasies
(tot einde Maart 2009)
Dr. HJ Smith

Redakteur *Die Boodskapper* en Hoof: Afdeling Publikasies
(vanaf April 2009)
Ds. CA Swanepoel

Senior Publikasiebeampte en Sekretaresse *Die Boodskapper*
Mev. JP van Lille

Hoofklerk Boekwinkel en Bemarker (tot Julie 2009)
Mnr. JEA Bester

Rekenaaroperatrise / Klerk (tot September 2009)
Mev. L Dippenaar

Hoofklerk Boekwinkel (vanaf Oktober 2009)
Mev. L Dippenaar

Junior Publikasiebeampte (tot 30 Junie 2007)
Mej. C Roos

Junior Publikasiebeampte (vanaf 1 November 2007)
Mev. A Geel

Boekwinkelklerk (tot September 2009)
Mnr. WC von Wielligh

Rekenaaroperateur/Klerk (vanaf Desember 2009)
Mnr. A Bierman

Boekwinkelklerk (1 Februarie 2010)
Mnr. J Coetzee

AANBEVELINGS

2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor dr. HJ Smith wat vir meer as 'n dekade lank as afdelingshoof en redakteur van *DIE BOODSKAPPER* sy taak met onderskeiding behartig het.

2.2 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasieafdeling gelewer word.

3. VERGADERINGS

Die volle Pk. het in 2008 twee keer en die Dagbestuur vier keer vergader. Gedurende 2009 het die Pk. drie keer vergader en die Dagbestuur een keer. In 2010 het die Pk. een keer vergader.

4. OPDRAGTE VAN SINODES

1.1 KONKORDANSIE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK
(HANDELINGE 2007, bl. 338, pt. 6.1)

Vanweë 'n dooie punt in die samesprekinge met Lux Verbi BM kon hierdie saak nog nie afgehandel word nie. Vir meer inligting hieroor, kan die SKK-verslag geraadpleeg word.

4.2 SLAPBAND-UITGAWE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK
(Slegs met woorde, sonder note)

Op 31 Maart 2010 was daar nog 4556 eksemplare van die Psalm- en Gesangeboeke in die voorraad. In die lig van hierdie voorraadvlak het die Pk. tot op hede nog nie sy weg oopgesien om verdere uitgawes aan te gaan nie.

4.3 “KINDERBYBEL” – OPDRAG STEEDS ONDERSOEK
(HANDELINGE 2004, bl. 398, pt. 4.2.1)

Aangesien ouers duidelik 'n behoefte aan so 'n soort publikasie het, is besluit om prof. JAE Adendorff te versoek om ondersoek in te stel na bestaande publikasies by ander uitgewers, aanbevelings te maak, en waar so 'n publikasie wel vir ons gebruik aanbeveel word, dit van 'n “hanteringsgids” vir ouers te voorsien.

Prof. JAE Adendorff het die volgende publikasies aanbeveel:

- **Die Bybel vir Elkeen**

Hierdie nuwe Bybel is in 2008 deur die Bybelgenootskap uitgegee en is op dowe mense gemik, maar word verbasend goed ontvang oor 'n wye spektrum heen. Dit is ook baie geskik om aan kinders in eenvoudige taal die boodskap van die Skrif oor te dra.

- **Die Bybel oorvertel vir oud en jonk**

Hierdie kindervertelboek deur Gesina Ingwersen wat in Nederland reeds 30 keer herdruk is, is in Suid-Afrika in maklike en duidelike Afrikaans vertaal. Dit is beskikbaar by Boekenhout, tel. nr: 012 332 3227/8.

AANBEVELING

4.3.1 Die Sinode moedig lidmate aan om vir die Bybel-opvoeding van jong kinders van die volgende twee aanbevole publikasies gebruik te maak: **DIE BYBEL VIR ELKEEN** en **DIE BYBEL OORVERTEL VIR OUD EN JONK**.

4.4 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIG-BOEKE
(HANDELINGE 2004, bl. 400, pt. 4.2.6, HANDELINGE 2007, bl. 339)

In die lig van die opdrag van die Sinode van 2007 aan die *ad hoc*-kommissie om die herskryf van die verbondsonderrig-

handboeke en handleidings te beplan en te koördineer (vgl. HANDELINGE 2007, bl. 334 pt. 6.1.3), het die Pk. besluit om die verdere uitbreiding van alle huidige verbondsonderrig-handboeke te staak. Aangesien die opdrag van die Sinode omvattend is, word die volle spektrum van die Verbondsonderrig-materiaal geraak. Dit sluit die handboeke sowel as die handleidings in. Teen die tyd dat nuwe handleidings sou verskyn, sal die gebruik daarvan van korte duur wees. Intussen sal daar steeds voortgegaan word met die voorsiening van huidige publikasies totdat die nuwe reeks wat deur die Sinode goedgekeur sal word, gereed is vir publikasie.

4.5 HANDEIDINGS WAT VANWEEË INHOUDELIKE PROBLEME IN DIE LEERBOEKE NIE GEPUBLISEER KON WORD NIE (HANDELINGE 2007, bl. 340)

Dieselfde verduideliking as by 4.4 geld hier.

4.6 ENGELSE WEERGAWE VAN SKRIFLIG OP KERK EN VOLK (HANDELINGE 2007, bl. 340)

Die vertaalwerk vir hierdie uitgawe is reeds gedoen, maar die finale redigering kon nog nie plaasvind nie, aangesien al die keurders se kommentaar nog nie terugontvang is nie.

4.7 SUBTIELE DWAALLERINGE EN DWAALLERAARS (HANDELINGE 2007, bl. 348)

4.7.1 Dwaalstandpunte van verskeie populêre skrywers

Die beskrywingspunt van die Ring van Newcastle het spesifiek na Rick Warren verwys en hieroor het daar wel meer as een artikel in DIE BOODSKAPPER verskyn, onder meer in September 2008 waar die publikasie van Roger Oakland, genaamd FAITH UNDONE bekend gestel is. DIE BOODSKAPPER maak dit ook voortdurend werk daarvan om mense oor nuwe dwaalrigtings in te lig.

So het daar byvoorbeeld in Oktober 2009 'n resensie van prof. Pienaar verskyn oor 'n belangrike werk van David F Wells wat die drie hoofstrome in die evangeliese wêreld vandag identifiseer as die bemarkers (*marketing church*), die opkomendes of ontluikendes (*emergents*) en die waarheidsoekers. Verder het dr. HJ Smith so onlangs as Mei 2010 die publikasie van dr. Nelus Niemandt geresenseer wat groot invloed in NG kringe uitoefen en wat baie groot simpatie met die *emerging*-fenomeen het.

Dit is egter ook belangrik om daarvan kennis te neem dat daar vele *discernment ministries* op die webwerwe te kry is wat as wagters op kerke se mure op dwaalleer wys. Sekere lidmate is vanweë hul temperament baie sensitief vir hierdie wekroepes en ons ontvang op redelik gereelde grondslag verwysings na sommige van hierdie webwerwe. Daar is ook wel sommige hiervan wat baie belangrik is, maar dit moet ook uitgewys word dat ander webwerwe en bewegings met 'n versmalde visie werk en miskien wel teen die bedoeling in, uiteindelik op verdagmaking floreer.

Oor die algemeen gebruik ons die maatstaf om enige gelowige wat in breë trekke Calvinisties is en alle eer — ook die eer van ons verlossing — aan God alleen wil gee, met blydschap as medestryder te aanvaar. Hierin vra ons u voorbedding vir wysheid om te onderskei tussen vlieë vang en dit wat werklik wesenlik gevaarlik is.

4.7.2 Metodisme en die rol van Skotse predikante soos Andrew Murray

Die volgende artikels het hieroor in DIE BOODSKAPPER verskyn:

- Andrew Murray, *Metodisme of nuwe lewe?* Deel 1 – dr. HJ Smith (Maart 2008).
- Andrew Murray, *Metodisme of nuwe lewe?* Deel 2 – dr. HJ Smith (April 2008).

- Andrew Murray, *Metodisme of nuwe lewe?* Deel 3 – dr. HJ Smith (Mei 2008).
- *Die Piëtisme* Deel 1 – Marié Bosman (November 2008).
- *Die Piëtisme* Deel 2 – Marié Bosman (Januarie/Februarie 2009).

4.8 OPDRAG VANAF TKOO (HANDELINGE 2007, bl. 350, 384)

4.8.1 Verspreiding van NINE MARKS OF A HEALTHY CHURCH

Aangesien die publikasie in Engels is, het die kommissie geoordeel dat dit nie werklik bevatlik vir ons lidmate is nie. Die kern daarvan is egter wel tydens die Predikantekonferensie met leraars bespreek.

4.8.2 Opdrag in samewerking met die Kuratorium

Die temas wat by die Predikantekonferensie behandel is, het eers in DIE BOODSKAPPER verskyn en daarna is kopieë weer vir alle leraars by die Predikantekonferensie uitgedruk en behandel deur die persone wat daarvoor geskryf het.

4.8.3 Publiserings van dr. SD Nel se artikels

Die Pk. het ondersoek ingestel na die moontlike publiserings van hierdie artikels, maar het besluit om dit nie te publiseer nie. Die Pk. is wel met ander projekte besig wat beoog om die oogmerke van die opdrag te ondervang.

4.8.4 VCHO-pamflette

Die genoemde pamflette is wel by ons publikasies opgeneem en is beskikbaar vir verspreiding. Dit is ook in DIE BOODSKAPPER geadverteer, onder meer in ons onderwysuitgawe wat in Junie 2009 verskyn het.

4.8 PRAKTIESE RIGLYNE VIR EVANGELISASIE EN SENDING (HANDELINGE 2004, bl. 399, pt. 4.2.4.)

Die opdrag van die Sinode het naas die publikasie JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK wat in 2005 verskyn het, verdere gestalte gevind in die komplementerende handboek, EK KAN NIE OOR MY HERE SWYG NIE, wat in 2008 verskyn het.

AANBEVELINGS

4.9.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verskyning van die komplementerende handleiding, EK KAN NIE OOR MY HERE SWYG NIE.

4.9.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om die handleidings met praktiese riglyne vir evangelisasie en sending op 'n deurlopende basis so effektief as moontlik aan te wend.

4.10 DIE BOODSKAPPER IN ELEKTRONIESE FORMAAT (HANDELINGE 2004, bl. 405, pt. 9.5)

Aan die besluit is uitvoering gegee en sedert April 2006 kan daar per e-pos op DIE BOODSKAPPER ingeteken word. Daar word tans ook daaraan gewerk om ter wille van maksimale blootstelling, 'n eie webwerf vir DIE BOODSKAPPER te vestig. Die bedoeling is om 'n maand nadat DIE BOODSKAPPER verskyn het, dit op die webwerf te plaas. Hiermee word gehoop om die boodskap van ons kerkverband baie wyer bekend te stel.

AANBEVELINGS

4.10.1 Die Sinode neem met dank kennis dat DIE BOODSKAPPER in elektroniese formaat beskikbaar is en moedig mense aan om hiervan gebruik te maak, veral in die buiteland wanneer posgeld te duur word.

4.10.2 Die Sinode neem met dank kennis van 'n eie web-werf vir DIE BOODSKAPPER wat beoog word en moedig almal aan om die beskikbaarheid hiervan rugbaar te maak, ook in die buiteland.

5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

5.1 SINODAAL-GOEDGEKEURDE PUBLIKASIES WAT SEDERT 2007 VERSKYN HET

5.1.1 DIE KERKORDE 2008

Hierdie publikasie het op 1 Desember 2008 verskyn. Daar is 1,120 eksemplare gedruk waarvan op 30 Maart 2010 nog 337 eksemplare oor was. Die verkope van die KERKORDE neem gewoonlik toe namate die Sinode nader kom.

5.1.2 KERKJAARBOEK 2008, 2009 EN 2010

Van die KERKJAARBOEK 2008 (oplaag: 3,300) is vyf eksemplare oor. Daar is geen eksemplare van die KERKJAARBOEK 2009 (oplaag: 3,000) oor nie en van die KERKJAARBOEK 2010 (oplaag: 3,500) was daar op 31 Maart 2010 176 eksemplare oor.

Die KERKJAARBOEK kaats in 'n baie hoë mate die beeld van die AP Kerk, bevat uiters nuttige naslaangegewens, en die dagstukkies kan baie vrugbaar deur enkelinge en huisgesinne vir geestelike verryking gebruik word. Daarom poog die kommissie elke jaar steeds om, in samewerking met die Sentrale Kerkkantoor, 'n aantreklike en bruikbare publikasie met die nuutste inligting uit gemeentes en ringe daar te stel.

Die traagheid waarmee baie gemeentes reageer om die nuutste gemeentegegewens betyds by die Kerkkantoor te besorg, strem egter grootliks hierdie strewende. Dit is voorts tydrowend en bring aansienlike finansiële uitgawes teweeg as gemeentes ná die sperdatum telefonies gekontak moet word (soms tot drie of vier keer) om hul nuutste gegewens te bekom.

AANBEVELINGS

5.1.2.1 Die Sinode bevestig dat hy die KERKJAARBOEK as 'n uiters belangrike publikasie beskou.

5.1.2.2 Die Sinode moedig almal wat by die produksie van die KERKJAARBOEK betrokke is (soos skrywers van dagstukkies, keurders, verskaffers en insamelaars van gegewens en die publikasiebeampte) tot hul uiterste bes aan om steeds van dié publikasie 'n besondere produk tot eer van die Here te maak.

5.1.2.3 Die Sinode versoek kerkrade en kolporteurs tot samewerking om die KERKJAARBOEK optimaal te versprei – binne én buite ons kerkverband.

5.1.2.4 Die Sinode betuig sy dankbaarheid dat die KERKJAARBOEK goed verkoop en moedig ook die toekomstige aankoop, gebruik en lees daarvan by elke lidmaat aan.

5.1.2.5 Die Sinode doen 'n dringende beroep op skribas van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Sentrale Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se KERKJAARBOEK.

5.2 VERBONDSONDERRIG-PUBLIKASIES (LEERBOEKE EN LESGIDSE/HANDLEIDINGS) WAT SEDERT DIE 2007-SINODE VERSKYN HET

Dieselfde verduideliking as by 4.4 geld hier.

AANBEVELING

5.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verbondsonderrig-publikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) se versorging wat steeds sal plaasvind totdat die nuwe reeks wat goedgekeur word deur die Sinode, gereed sal wees om te verskyn.

5.3 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2007 VERSKYN HET

Die volgende nuwe publikasies het verskyn:

- 5.3.1 **KERKORDE 2008 (KKS)**
- 5.3.2 **GEBED (Dr. JH Smith)**
- 5.3.3 **GOD, EK EN MY LEWE (A Ellis en T van Lille)**
- 5.3.4 **RUT, PION OF PIONIER (Ds. MC Adendorff)**
- 5.3.5 **DIE HONKIEDÔRIE HUS EN ANDER VERHALE (C Krahtz)**
- 5.3.6 **MY TROETELWALVIS ROOSMARYN (C Krahtz)**
- 5.3.7 **VRAAG EN ANTWOORD (Ds. LD Pienaar)**
- 5.3.8 **DIE RABBI OP DIE BERG (Dr. EM Viljoen)**
- 5.3.9 **KORRELS UIT KORINTHIËRS (Dr. SD Nel)**
- 5.3.10 **MAATJIES VAN MERAAL (AM Havelaar)**
- 5.3.11 **BLYE VERSEKERING (Prof. HCG Robbertze)**
- 5.3.12 **VAN ANGS TOT EKSTASE (Dr. EM Viljoen)**
- 5.3.13 **KOMMENTAAR OP DIE BRIEF VAN JUDAS (Ds. S Botes)**
- 5.3.14 **DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID (SKK)**
- 5.3.15 **RANDOM JERUSALEM IS BERGE (Ds. AJ van Niekerk)**
- 5.3.16 **DIE LEWE OP DIE TREKPAD (GC Fourie)**
- 5.3.17 **EWIGE WAARHEDE (Ds. AS van Staden)**
- 5.3.18 **DIE EVANGELIE – VIR WIE? (Dr. WA Burger sr.)**
- 5.3.19 **ONTMOETINGSGESPREK (KKCE)**
- 5.3.20 **DIE GOUE DRAAD (Ds. GJ Hugo)**
- 5.3.21 **RIGTERS ROEP NA REDDING (Ds. GJ Hugo)**

Daar het ook verskeie hersiene uitgawes die lig gesien:

- 5.3.22 **JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK – Band 2 (Prof. R Maré)**
- 5.3.23 **GOD WERK MET MY (Ds. WJA van Schalkwyk)**
- 5.3.24 **BYBELSTUDIE UIT MALEAGI (Ds. AS van Staden)**
- 5.3.25 **NA MY OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF (Ds. AP Viljoen)**

Oor die algemeen lyk dit of daar hoogstens 300 eksemplare van die meeste van ons publikasies verkoop. Dit dui daarop dat ons publikasies nie werklik wyd gelees word nie en laat die vraag ontstaan na waar die fout lê. Het dit te make met ons gebrek aan 'n lees kultuur? Lê dit dalk by die feit dat ons moet erken dat ons nie werklik begaafde skrywers in ons kerkverband het nie? Lê die oorsaak by swak bemerking? Dit is vrae waaraan die Pk. tans indringend aandag skenk.

Die Pk. se huidige werkswyse is om manuskripte wat aan hulle voorgelê word, strenger te keur en meer as ooit na gehalte te kyk. Die bedoeling is om te poog om publikasies uit te gee wat só goed is, dat dit selfs buite ons kerkverband die aandag trek. Vir dié doel het die Pk. reeds begin om verskillende kategorieë te identifiseer waarin daar gepoog sal word om vlagskip-publikasies in elke kategorie daar te stel.

Indien dit blyk dat ons nie 'n toonaangewende werk uit eie geledere kan lewer nie, word daar selfs ondersoek ingestel na vertalings-moontlikhede. Die bedoeling hiermee is om ons bewus te maak van hoe toonaangewende gehalte binne Calvinistiese kringe lyk, ten einde aansporing te bied tot uitnemendheid.

Die Pk. wil hom voortaan dan ook beywer om ons skrywers in die verskillende kategorieë aan te moedig om eers skematiese uiteensettings oor die beoogde publikasie aan die kommissie voor te hou, alvorens daar verder gegaan word.

Verder is die Pk. ook besig om ondersoek in te stel na nuwe publikasie-moontlikhede met behulp van die elektroniese media.

AANBEVELINGS

- 5.3.26** Die Sinode neem met dank kennis van die publikasies wat verskyn het.
- 5.3.27** Die Sinode spreek sy besorgdheid uit oor die klein aantal eksemplare van elke publikasie wat verkoop en dra dit aan die Pk. op om indringend hieraan aandag te skenk.
- 5.3.28** Die Sinode moedig skrywers aan om hul vaardighede te slyp en publikasies daar te stel waarop die kerkverband trots kan wees.
- 5.3.29** Die Sinode dra dit aan die Pk. op om alternatiewe media te ondersoek waarmee die boodskap van die kerkverband gedien kan word.

5.4 ANDER PUBLIKASIES WAT BEOOG/BEPLAN WORD

- 5.4.1** **STERKTE EN EER** (Marié Bosman)
- 5.4.2** **DIE BEDEKKING WEGGENEEM** (Ds. JH Theron)
- 5.4.3** **DWERGIEMAN** (AM le Grange)
- 5.4.4** **OM CHRISTUS TE KEN** (Dagboek)
- 5.4.5** **BOODSKAPPE UIT DANIEL** (Prof. HCG Robbertze)
- 5.4.6** **KERKJAARBOEK 2011**
- 5.4.7** **DIE BORDEEL IN JÓU HUIS?** (Mini-Boodskapper)
- 5.4.8** **WANT IN SES DAE** (Dr. EM Viljoen)
- 5.4.9** **WOORD IN DIE HART — Deel II**

5.5 DIVERSE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2007 VERSKYN HET

- 5.5.1** Huweliksregisteromslae
- 5.5.2** Kwitansieboeke
- 5.5.3** Verjaarsdagkaartjies

5.6 PUBLIKASIES VAN BUITE (ANDER UITGEWERS)

Die kommissie gaan steeds voort om ander uitgewers se publikasies wat onder die Pk. se aandag kom en wat vir ons kerkverband van nut geag word, streng te keur en indien goedgekeur, te bemark. Sulke publikasies word ook op die DIE BOODSKAPPER se bestelvorm vir publikasies gelys. Dit gebeur ook soms dat die Pk. besluit om sulke publikasies nie self te bemark nie, dan word dit net in DIE BOODSKAPPER bekendgestel, met vermelding van die adres waar dit bestel kan word.

5.7 PAMFLETTE

Pamflette word intern gefotostateer en versprei:

- 5.7.1** **ALMAL DOEN DIT** (Ds. Wimpie Burger)
- 5.7.2** **APARTHEID: BEGRIPSVERDUISTERING** (Ds. MC Adendorff)
- 5.7.3** **ABORSIE** (Dr. LJ Blom)
- 5.7.4** **WAAROM DIE AP Kerk GESTIG IS — 'N TERUGBLIK** (Prof. IA Brink)
- 5.7.5** **CALVINISME — WAT BEDOEL ONS EINTLIK DAARMEE?** (Dr. HJ Smith)
- 5.7.6** **DEMOKRASIE?** (Dr. HJ Smith)
- 5.7.7** **DIE BELYDENIS VAN BELHAR: 'N UITTREKSEL UIT BELHAR — BELY OF BESTRY?** (Ds. AS van Staden)
- 5.7.8** **DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK EN DIE BELYDENISSKRIFTE** (Ds. AS van Staden)
- 5.7.9** **DIE HEILIGE GEES IN JOU HUWELIK** (Dr. CI van Heerden)
- 5.7.10** **DIE HEILIGE GEES IN MY ('N VRAAG OF 'N UITROEP?)** (Ds. WJA van Schalkwyk)
- 5.7.11** **DIE SKRIFBESKOUING VAN DIE ROOMSE KERK** (Prof. JC Lombard)
- 5.7.12** **HOEKOM SAL DIE HERE MY (OOK) RED?** (Prof. R Maré)
- 5.7.13** **HUMANISME — DIE GEES VAN ONS TYD** (Dr. HJ Smith)
- 5.7.14** **JOU ROEPING** (Ds. CA Swanepoel)
- 5.7.15** **KAN ELKE GEMEENTE MAAK SOOS HY WIL?** (Prof. R Maré)
- 5.7.16** **WAT DOEN EK AS EK NIE SAAMSTEM NIE OF SEERGE-MAAK IS?** (Prof. R Maré)

- 5.7.17** **KINDERS BY DIE NAGMAAL?** (Ds. WJA van Schalkwyk)
- 5.7.18** **SAL DAAR IETS SOOS WEGRAPING PLAASVIND?** (Pk.)
- 5.7.19** **UBUNTU EN DIE CHRISTELIKE ALTERNATIEF** (Ds. Erik van der Merwe)
- 5.7.20** **ONS IS BY 'N KRUISPAD** (Dr. HJ Smith)
- 5.7.21** **VRYETYDSBESTEDING** (Dr. JH Ellis)
- 5.7.22** **DIE GEBRUIK VAN "KINDERBYBELS"** (Dr. JAE Adendorff)
- 5.7.23** **DIE WESE VAN PROTESTANTISME** (Ds. CA Swanepoel)
- 5.7.24** **DIE WONDER VAN VRIENDSKAP** (Ds. G Botes)
- 5.7.25** **'N GELOWIGE GESIN IS 'N GELUKKIGE GESIN** (Dr. SD Nel)
- 5.7.26** **BIED DIE ISRAELVISIE DIE ANTWOORD?** (Dr. HJ Smith)
- 5.7.27** **KRY GEESTELIKE LUIHEID DIE OORHAND?** (Ds. A Swart)
- 5.7.28** **SAAMSLAAP EN SAAMWOON** (Prof. R Maré)

Die pamflette is uiters geskik om deur kerkrade of individue in groot maat aangekoop te word met die oog op verspreiding binne en buite ons kerkverband. Die Kommissie wil graag die benutting van die pamflette ook as evangelisasie-materiaal beklemtoon.

AANBEVELING

- 5.7.29** Die Sinode vestig opnuut die aandag van kerkrade op die pamflette wat by die boekwinkel beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.

6. BEMARKING**6.1 Die bemarkingsfunksie in die Sentrale Kerkkantoor**

Daar bestaan steeds nie 'n selfstandige pos vir 'n bemarker in die Sentrale Kerkkantoor nie. Die pos is gekombineer met dié van die Hoofklerk: Boekwinkel, wat 'n bestuursfunksie vervul. Dié kombinasie bring steeds mee dat die bemarker selde haar hande los het om uit te gaan en boeke buite te gaan bemark.

Wanneer ons eie webwerf goed op dreef is, sal ons boeke direk vanaf die internet bestel en betaal kan word.

AANBEVELING

- 6.1.1** Die Sinode versoek die GKK om oorweging te skenk aan die befondsing van 'n elektroniese besteldiens wat ons publikasies effektief ook na buite kan bemark.

6.2 Die Kolporteurstelsel

Die kolporteurstelsel funksioneer steeds goed en daar is baie om oor tevrede en dankbaar te wees.

AANBEVELINGS

- 6.2.1** Die Sinode doen opnuut op die hele kerkverband 'n beroep om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.
- 6.2.2** Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.
- 6.2.3** Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor al die kolporteurs vir die besondere wyse waarop hulle die kerk en koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Sentrale Kerkkantoor en boekwinkel wat hulle aan die dag lê.

7. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

Die Pk. verander die reëls waar nodig, aan die hand van bepaalde beginsels. Die jongste verandering aan die reëls het beoog om dit vir die beoordelaars makliker te maak om

wyer strekking as die enger-godsdienslike tans ook gepubliseer word, het die Pk. besluit om 'n derde kategorie met die oog op die toekenning van die prys in te stel. Ter wille van duidelikheid, word die drie kategorieë soos dit tans daar uitsien, hieronder uiteengesit:

Kategorie 1

Toekenning vir die **beste publikasie** van *Lig in Duisternis Uitgewers* van die betrokke jaar. Hierdie toekenning kan uit enige van die volgende ses sub-kategorieë gemaak word:

- Wetenskaplike werke (bv. Intreeredes of bydraes in Teologiese Blad).
- Stigtelik-filosofiese werke (bv. Bybelse lig op aktuele sake nl. politiek, etiek, ensovoorts).
- Pastorale werke (bv. bemoediging in siekte, huweliks- en gesinstemas).
- Sosiaal-maatskaplike werke (bv. werke vir susters, bejaardes, jeug, kleuters, ensovoorts).
- Bybelstudiehandleidings (bv. kommentare, Bybelstudiegidse en preekbundels).
- Die KERKJAARBOEK MET BYBELSE DAGSTUKKIES in sy geheel.

Kategorie 2

Toekenning vir **bydraes** in DIE BOODSKAPPER (ook DIE JEUG-BOODSKAPPER) en **dagstukkies** van 'n bepaalde skrywer in die KERKJAARBOEK van die vorige jaar. Hier geld ook vyf sub-kategorieë, nl.:

- Polemies (bv. artikels wat 'n debat in DIE BOODSKAPPER uitlok).
- Informatief (bv. artikels oor sinodebesuite).
- Godsdienslike-filosofies (bv. artikels of dagstukkies oor Bybelse temas of oordenkings).
- Reekse (bv. 'n reeks artikels oor die onderwys of 'n Pinksterreeks).
- Jeug (bv. artikels of bydraes in DIE JEUGBOODSKAPPER).

Kategorie 3

Toekenning vir die **beste publikasie** in die kategorie publikasies wat nie enger-godsdienslike van aard is nie, bv. oor die geskiedenis, verhale vir die jeug, ensovoorts.

Die weners in elke kategorie word gereeld in DIE BOODSKAPPER gepubliseer en daar word ook by wyse van foto's en berigte prominensie aan die oorhandiging van die pryse verleë. Die kommissie hoop om langs die weg van beloning en beriggewing stelselmatig die peil van ons publikasies steeds verder te verhoog.

Hierdie jaar het die kommissie besluit om nie die prys toe te ken nie, maar wel die volgende vermeldings te maak:

Kategorie 1: Die volgende twee boeke van ds. GJ Hugo:
RIGTERS ROEP NA REDDING
DIE GOUE DRAAD

Kategorie 2: DIE BOODSKAPPER (Calvyn-uitgawe van Julie/Augustus 2009)

Kategorie 3: Geen

AANBEVELING

7.1 Die Sinode gee geleentheid vir die oorhandiging van sertifikate aan diegene wat vermeld is.

8. BEGROTING

Die Pk. slaag met die genade van die Here daarin om steeds binne sy begroting te bly. Die nuutste begroting is betyds aan die GKK voorgelê en word by die GKK se verslag hanteer.

BESKRYWINGSPUNT

Die Ring van Brandfort: Preekbundels vir die gebruik deur ouderlinge

Die Sinode besluit dat die Publikasiekommissie versoek word om

1.1 dwarsdeur die kerkverband geslaagde, maklik verstaanbare preke te versamel en dit dan as preekbundel vir gebruik deur die ouderlinge tydens leesdienste in 'n bundel saam te vat en waarin die kerklike jaar gedek word;

Preekrubrieke soos die volgende moet aandag geniet:

a) Nuwe Jaar b) Vir enige Sondag c) Lydenstyd d) Voorbereiding vir Nagmaal e) Dankdiens/Nabetragting na Nagmaal f) Adventstyd g) Oujaarsdiens h) Begrafnis; en

1.2 eenvoudige metodiek-riglyne vir ouderlinge op te stel vir gebruik by leiding en/of aanbieding van 'n erediens.

Motivering

1. Daar is plattelandse gemeentes wat te klein is om 'n eie predikant te kan bekostig, derhalwe moet die ouderlinge soms leesdienste waarneem.

2. Die huidige preekbundels is ongelukkig nie geskik vir gebruik deur ouderlinge nie. Aangesien ouderlinge nie teologiese opleiding gehad het nie, kan hulle nie die preke uit die bestaande preekbundels oordra aan gewone lidmate en kinders nie, want die gemeente stuit teen die akademiese skryfstyl, met die gevolg dat hulle wegbly van die eredienste as daar 'n leesdiens is

3. Daar is wel ouderlinge wat 'n preekbundel sou kan herskryf sonder om die teologiese skryfstyl daarvan te verander, maar dan ontstaan die vraag: "Is dit dan nog steeds 'n AP predikant se preek?"

AANBEVELING

9.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering

1. Daar bestaan reeds so 'n sinodebesluit wat die basiese oogmerk van die beskrywingspunt ondervang.

2. Die Pk. probeer reeds om die verstaansvlak in ag te neem met die beskikbaar-stelling van preke.

10. DANKBETUIGING

Die kommissie is dankbaar teenoor die Here dat Hy die krag gegee het sodat hierdie werk gedoen kon word.

AANBEVELINGS

10.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor

10.1.1 die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word;

10.1.2 Alle personeel wat betrokke is by ons publikasies vir die bekwame wyse waarop hulle hul onderskeie take behartig.

10.1.3 Alle skrywers, voorlopige beoordelaars en keurders wat daartoe meewerk dat die standaard van ons publikasies hoog bly.

DI. IP DU PREEZ (VOORSITTER)
AP BOSHOF (ONDERVOORSITTER)
CA SWANEPOEL (SKRIBA)

BYLAES VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE**BYLAE Pk. 1****VERSLAG AAN DIE SINODE VAN 2010 OOR DIE BOODSKAPPER
EN DIE JEUGBLAAIE****8 November 2007 – 22 April 2010****1. REDAKSIE VAN DIE BOODSKAPPER (DB)**

Die Pk. het die redaksie van DIE BOODSKAPPER soos volg aangewys:

- di. AS van Staden
- IP du Preez
- RMJ Britz (intussen oorlede)
- JB Trollip
- PL Storm.

Die kernredaksie was die voorsitter (dr. HJ Smith tot einde Maart 2009 en ds. CA Swanepoel vanaf April 2009), di. RMJ Britz (oorlede) en PL Storm.

Mev. JP van Lille dien as redaksiesekretaresse en lewer 'n buitengewone bydrae tot die versorging van DIE BOODSKAPPER en die twee jeugblaaie.

Die Pk. het bepaalde portefeuljes aan die redaksielede toegewys.

2. DIE JEUGBOODSKAPPERS

Ds. JB Trollip tree op as mederedakteur vir albei jeugblaaie. Mev. JP van Lille speel 'n groot rol in die tegniese én inhoudelike versorging van die twee jeugblaaie.

3. PERSONEEL

Afgesien van die baie bekwame bystand van mev. JP van Lille, is die redakteur ook ondersteun deur mev. A Geel (veral voorbladuitleg) en die boekwinkelpersoneel met die verpakking en versending van DIE BOODSKAPPER en die jeugblaaie.

4. VERGADERINGS

Die redaksie vergader vier keer per jaar. Waar redaksievergaderings op 'n gereelde grondslag plaasvind, word die kernredaksie net met hoë uitsondering bymekaar geroep.

5. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met vorige sinodebesluite, verskyn DIE BOODSKAPPER steeds tien keer per jaar: elke afsonderlike maand, behalwe Januarie en Februarie asook Julie en Augustus wat telkens in een uitgawe saamgevat word.

6. VERSPREIDING VAN DIE BOODSKAPPER EN DIE JEUGBLAAIE: MEI 2007 – MEI 2010

	DIE BOODSKAPPER	DIE JEUGBOODSKAPPERS
Mei 2007	12744	8633
Mei 2008	12626	8546
Mei 2009	12145	8044
Mei 2010	11700	7900

Wanneer in ag geneem word dat daar 2,571 belydende en dooplidmate die kerkverband gedurende die tydperk van 2007 tot 2009 verlaat het, en verder ook die ekonomiese knyp tang in ag neem, wil dit lyk asof dit die vernaamste oorsake vir die afname in die hoeveelheid eksemplare wat versprei word.

Komplimentêre eksemplare is steeds gelewer aan gemeentes wat daarom vra, CVO-skole, amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande, personeel (Sentrale Kerkkantoor en AP Akademie), argief, boekwinkel, portaal (Sentrale Kerkkantoor), eindredakteur, subredakteur (DJB), adverteerders (by eerste verskyning van advertensie), Bybelgenootskap, redakteurs van ander Afrikaanse gereformeerde kerkblaaie en uitgesoekte nuusblaaie soos die Pk. by geleentheid besluit. Pligleweringseksemplare is ook aan pligleweringbiblioteke gelewer.

Kerkrade word weer eens daaraan herinner dat hulle vyf addisionele eksemplare gratis kan bestel. Hierdie eksemplare kan versprei word onder belangstellendes wat nie lidmate is nie. Daar is gemeentes wat hierdie metode uiters vrugbaar aanwend om die AP Kerk effektief bekend te stel.

Vorige sinodes het herhaaldelik besluit om kerkrade te versoek om toe te sien dat DIE BOODSKAPPER elke besoekpunt in elke gemeente bereik en die betrokke jeugblaaie binne die bereik van elke verbondskind gebring word. Namate die geestelike ontwrigting van ons tyd vererger, raak hierdie versoek net al noodsaakliker.

Gemeentes versoek soms dat die kerkraad nie self op DIE BOODSKAPPER inteken nie, maar dat individuele lidmate dit afsonderlik doen. Ons het begrip vir die unieke omstandighede waaronder die versoeke kom, maar kerkrade moet ook beseft dat hulle onder sulke omstandighede nie die sinodebesluite nakom nie.

DIE BOODSKAPPER is die amptelike blad van die kerkverband waardeur belangrike kommunikasie onderhou en tydigte inligting deurgegee word. Die gereelde sirkulasie van die blad smee boonop 'n band tussen gemeentes en gemeentelêde en versterk die etos van die kerkverband. Vanweë die gevaar om kontak met die gebeure binne die kerkverband te verloor en weg te dryf van die samebindende etos daarvan, kan geen gemeente en geen individuele lidmaat dus afsydig teenoor die blad staan nie.

AANBEVELINGS

- 6.1** Die Sinode bevestig opnuut dat hy DIE BOODSKAPPER en die jeugblaaie as uiters belangrike kommunikasiemiddele gesien word waardeur kernnuus en ook ander inligting versprei word om lidmate te versterk en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Die Sinode ag DIE BOODSKAPPER en die twee jeugblaaie verder as belangrike middele vir die opbou van 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband.
- 6.3** Die Sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat DIE BOODSKAPPER by elke besoekpunt tuis kom – verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat eksemplare van die toepaslike jeugblaaie gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.
- 6.4** Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat vyf gratis eksemplare per uitgawe van DIE BOODSKAPPER beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

7. VESTIGING VAN 'N LEESKULTUUR

Dit is ontstellend dat die basiese vaardighede van 'n beskaafde gemeenskap, die vermoë om met begrip te kan lees en om jouself korrek te kan uitdruk deur te skryf, blykbaar sienderoë aan die afneem is. Ons herhaal wat tydens die vorige Sinode hieroor opgemerk is omdat dit onses insiens werklik die toekomstige beskawingspeil van ons volk raak: *Die verskynsel word meesal aan die nuwer onderrigmetodes op skool toegeskryf, maar sal waarskynlik ook in verband staan met die invloed van televisie. By verlies van kritiese, verbale vermoë en die vermoë om 'n mens uit te druk, kan veral die jonger geslag gemaklik slawe van heersende ideologieë en opvattinge, soos deur die openbare media uitgedra, gemaak word. Die leeservaring, wat 'n aktiewe inset en verwerkingsproses van die ontvanger veronderstel, is 'n noodsaaklike element in die opbou van 'n verbeeldingryke, goedingelike en kritiese lewensinstelling. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat 'n leeskultuur reeds in die kinder stadium by ons verbondsjeug gevestig raak. Ouers baat nie alleen self by 'n gesonde leesgewoonte nie, maar stel daardeer ook 'n onuitwisbare voorbeeld vir hulle kinders.*

Bowendien is dit ook so dat diegene met belesenheid en skryfgawes, steeds ook binne 'n audio-visuele kultuur diegene is wat ten beste met die inhoud van die nuwe mediums kan werk en dus as meningsvormers kan optree.

AANBEVELINGS

- 7.1** Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskultuur by ons verbondsouers en -kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook aangemoedig te word om gereeld gepaste gedeeltes uit die jeugblaie vir hul kleuters voor te lees en skoolgaaande kinders te stimuleer om gereeld die kerklike leesstof te lees. es.
- 7.2** Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by eredienste voorhou, om elke nuwe uitgawe van DIE BOODSKAPPER spesifiek onder die lidmate se aandag te bring. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts in DIE BOODSKAPPER, die leeslus prikkel.

7. KOSTE

Die volgende staat is deur die Rekenmeester voorsien.

Verslag oor die direkte koste en inkomste van die amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk vir die Sinodale tydperk 1/04/2007 tot 31/03/2010

	Sinode 2010	Sinode 2007		Sinode 2010	Sinode 2007
Aantal verskynings	30	30	Aantal verskynings	30	30
	R	R		R	R
DIREKTE KOSTE			DIREKTE INKOMSTE		
Drukkoste	1,298,298	1,045,750	DIE BOODSKAPPER	1,592,187	1,229,084
Posgeld	129,244	99,765	Advertensie inkomste	191,522	149,943
Medewerkers	45,756	27,401			
Hulp – versending	26,527	36,091			
Totale Koste	1,499,825	1,209,007	Totale Inkomste	1,783,709	1,379,027

Waarneming:

- Vir die verslagtydperk oorskry die direkte inkomste die direkte uitgawe met R283,884 (Vorige tydperk R170,020).
- Totale uitgawes styg met 24% en die totale inkomste styg met 29% teenoor die vorige tydperk.
- Hierdie staat toon slegs direkte kostes. Koste soos salarisse, telefoon, kantoorryimte, ensovoorts word nie hier weerspieël nie, maar word deur die 15%-bydrae gesubsidieer.
- Die amptelike blad dui op: DIE BOODSKAPPER, DIE TIENER BOODSKAPPER en DIE TJOKKER BOODSKAPPER.

Gemeentes betaal tans R6.50 per eksemplaar vir die gepubliseerde uitgawe (DIE BOODSKAPPER en jeugblaie, d.w.s. R65.00 per jaar vir 10 uitgawes) en individuele intekenaars R120.00 per jaar vir 10 uitgawes. Die Pk. doen alles in sy vermoë om die intekengeld op ons kerkblaie so laag as moontlik te hou ten einde te verseker dat dit binne bereik van die meeste lidmate is. Gemeentes kan eenmalig die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare wat hulle bestel, of hulle kan dit maandeliks afbetaal of slegs 'n donasie volgens die kerkraad se vermoë maak.

Oor die algemeen het gemeentes eintlik gunstig gereageer met betrekking tot die betaling van hulle BOODSKAPPER-rekeninge – waaroor ons uiteraard baie dankbaar is.

AANBEVELING

- 8.1** Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle BOODSKAPPER-rekeninge so getrou betaal het. Die Sinode versoek kerkrade weereens om hulle intekengeld getrou te vereffen.

9. DANKWOORD

AANBEVELINGS

- 9.1** Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat meehelp om van DIE BOODSKAPPER 'n lesenswaardige publikasie te maak.
- 9.3** Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasie-afdeling vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van DIE BOODSKAPPER en die jeugblaie.
- 9.4** Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaie: lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuis binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here DIE BOODSKAPPER en die jeugblaie ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO)**Tydperk: 7 September 2007 – 29 Augustus 2010**

U kommissie wens die volgende aan die Sinode in sitting (29 Augustus tot 2 September 2010) aangaande hulle werksaamhede sedert Sinode 2007 te rapporteer.

1. PERSONEEL

Die volgende personeel is aangewys:

Di. JB Trollip (voorsitter)
PG Stans (ondervoorsitter)
prof. J Bosman (skriba)
di. G Venter
DE Pretorius
K Myburgh

2. VERGADERINGS

Die kommissie het drie keer vergader.

3. SINODALE OPDRAGTE 2007**3.1 OPDRAG (HANDELINGE, bl. 337)**

2007 – AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.4.3 *Die Sinode dra dit aan die KOO op om 'n uitgebreide verslag oor onderwys en opvoeding, wat ook omvattende inligting oor kerkskole sal insluit, aan die volgende Sinode voor te lê.*

3.4.4 *Die Sinode moedig lidmate wat inligting oor Christelike volkseie onderwys het aan om dit tot beskikking van die KOO te stel met die oog op opname in die databasis.*

3.4.5 *Die Sinode wil kerkrade daarop wys dat hulle 'n verantwoordelikheid het om Christelik-volkseie onderwys te bevorder. Hierdie verantwoordelikheid lê veral op drie terreine:*

- *Toerusting van ouers oor wat Christelik-volkseie onderwys behels.*
- *Inligting aan ouers oor die huidige stand van sake in die onderwys.*
- *Motivering van ouers om die primêre verantwoordelikheid vir die Christelik-volkseie onderwys van hulle kinders te dra.*

3.2 UITVOERING

Die KOO het met verskillende rolspelers kontak gemaak. Gesprekke is gevoer met ARSO (Pieter Bischoff), BCVO (Lucia van Wyk) en Peztaozzi (Leendert van Oostrum) asook enkele onafhanklike skole om hom te vergewis van die huidige stand van sake.

Die KOO het 'n vraelys aan kerkrade asook lidmate gestuur om uit te vind wat die redes is waarom hul kinders nie in CVO-skole is nie.

Die volgende het vir die kommissie duidelik geword uit die gesprekke:

3.2.1 ALGEMENE TOESTAND VAN ONDERWYS

Akademies is daar besig om 'n verskraling plaas te vind in die huidige onderwys in Suid-Afrika, bv. in die tale word grammatika nie meer werklik aangebied nie. Infasering vind

plaas van 'n multi-religieuse karakter (wegdoen met Christelike geloof). Skoolmateriaal in staatskole is besig om die Christelike geloof en die Afrikaner se geskiedenis eksplisiet verdag te maak. Regeringsdokumente toon dat onderwys deur die ANC ten doel het om kinders van hulle onderskeie volksagtergronde en geloofsagtergronde te vervreem.

Die pertinente Christelike karakter van onderwys vereis deeglike oorweging. Dit is veral aspekte soos mensbeeld, doel, skoolkarakter, onderwyser-beeld, kurrikulum, metode van onderrig, orde en dissipline, evaluering, plek in die gemeenskap, skoolbestuur, uitstraling en vakfilosofieë wat indringende aandag verdien.

Die huidige tyd eis dat veral op die "produkte" van onderwys gefokus word. 'n Skolier wat afstudeer, behoort 'n duidelik Christelik-intellektuele profiel uit te leef, anders het die gegewe onderwys en opvoeding nie geslaag nie.

3.2.2 ARSO (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys)

ARSO is 'n diensburo en nie 'n beleidsinstansie nie. Die aksie bevorder uit beginsel ouerskole. 'n Aantal tuisskole maak ook gebruik van hulle skoolmateriaal. Die oorkoepelende struktuur van ouerskole is nie hiërargies nie. Elke skool is outonoom, maar die onderskeie skole werk wel saam. Die samebindende faktor is Skrif en gereformeerde belydenis. Tog kan elke skool besluit watter leermateriaal aangebied word. Die vereiste word wel gestel om 'n werklik reformatoriese groeiërigting te hê.

Volksverbondenheid vloei natuurlik voort vanuit die prinsipiële grondslag. Akademies is 'n hoë standaard vir ARSO deurslaggewend, in terme van 'n karakter wat pertinent Bybels-gefundeerd leef.

ARSO het tans 14 skole. Hiervan is tien laerskole en vier wat 'n laer- en hoërskoolbaan het. Dirk Postma Skool in Pretoria het leerlinge tot matriek. Die skole in Rustenburg en Potchefstroom (graad 9) asook Pietersburg (graad 10) sal binnekort tot matriek onderrig gee.

ARSO het ook 'n been vir onderwysersopleiding, genaamd AROS (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies).

3.2.3 BCVO

BCVO is by AP Kerk lidmate die mees bekende Christelike onderwysinstansie. BCVO (by monde van Lucia van Wyk) versoek dat die AP Kerk help om die wanvoorstelling dat dit by BCVO om rassisme gaan, reg te stel.

'n Saak wat ook baie gewig dra, is ouers se opvatting en onderwysbenadering. Ouers het 'n baie breë opvatting van wat as "Christelik" beskou word. Dikwels evalueer ouers nie die inhoudelike van wat Christelik in elke vakinhoud behoort te wees nie.

BCVO is in gesprek met rolspelers soos ARSO en IMPAK om nouer samewerking te kry. Lucia van Wyk het ook beklemtoon dat dit ook waardeer sal word indien die AP Kerk d.m.v. sy kommissie-strukture deelneem aan die onderlinge gesprek met IMPAK en ARSO.

3.2.4 ONAFHANKLIKE SKOLE

Kleinfontein Akademie en CVO-Magalies spreek 'n sterk behoefte uit vir:

- 'n uitklaring van wat Christelik-gereformeerde onderwys is,
- 'n koördinerende liggaam, en
- wat 'n mens doen in geval waar plaaslike kerke nie bewustelik hulle roepingsbesef ervaar nie.

Dit is volgens hierdie twee skole ook nodig dat 'n artikel in DIE BOODSKAPPER gepubliseer moet word waarin duidelikheid gegee word oor die plek en taak van Umaluzi (Sertifiseringsraad vir matriekvrystelling). Verder moet daar d.m.v. DIE BOODSKAPPER ook verduidelik word wat die UGO (uitkomsgebaseerde onderwys) presies behels en waar die haakplekke lê. Dit terwyl instansies soos die BCVO dit moet uitvoer?

3.2.5 PESTALOZZI TRUST (Tuisonderwys)

Die pedagogie van tuisonderwys vorm nie meer die hoofsaak in besprekings nie. Dit word ook vandag aanvaar dat die Opvoedkunde in tuisskole op dieselfde vlak as dié van staatskole is, maar dat daar dikwels selfs beter resultate met tuisonderwys verkry word. Tans word die debat insake onderwys oor die filosofie en politiek van die saak gevoer. Tuisonderwys vorm immers 'n keerwal **teen die** owerhede se pogings om sterker beheer oor die landsburger, veral die kind, uit te oefen.

3.3 VRAELYTE

Vraelyste is aan kerkrade en gemeentelêde gestuur.

Daar is ongeveer 186 vraelyste wat aan ouers gestuur is, uit 26 gemeentes terugontvang. In die betrokke gemeentes is daar 676 verbondskinders van wie 197 in CVO-skole is, 36 tuisonderrig ontvang en 8 in ander privaatskole is.

Die vyf hoofredes wat aangevoer word waarom kinders staatskoolonderrig ontvang, is: finansies, sport, persepsie van beter onderrigstandaarde, wyer vakkeuses en gerieflike ligging van skole. Dikwels veroorsaak persoonlike vetes tussen lidmate ook dat kinders nie in CVO-skole geplaas word nie.

3.3.1 GEVOLGTREKKING

Die AP Kerk het wat onderwys betref by 'n kruispad gekom. CVO-skole is weens sekere redes nie die geskikte onderwys-

boot van die meeste AP kerk-lidmate nie. Van die gemeentes wat geantwoord het, is dit slegs in Heilbron, Lichtenburg, Ventersdorp en Greylingstad waar meer as 50% van die verbondskinders in CVO-skole is.

Die AP Kerk het reeds lankal besluit dat die staatskole met Kurrikulum 2005 as onderrigmodel nie aanvaarbaar is vir die kerk nie. Die kommissie is ook deeglik bewus van die gevaar van die staatsonderwys.

AANBEVELINGS

3.3.2 Die Sinode keur goed dat 'n DVS gemaak word om lidmate oor die toestand van onderwys en die inhoud van die leerplan in openbare skole in te lig. Mnr. Leedert van Oosterum kan in hierdie verband baie van hulp wees.

3.3.3 Die Sinode gee opdrag aan die TGKK om in sy begroting voorsiening te maak vir 'n bedrag van R35 000 wat aangewend kan word vir die maak van 'n DVS oor die onderwyssituasie.

3.3.4 Aangesien die BCVO-skole klaarblyklik vir die meerderheid van ons lidmate nie aanvaarbaar is nie, besluit die Sinode dat kerkrade opgeroep word om – in ooreenstemming met die vorige sinodebesluite – dringend aandag te gee aan die daarstel van kerkskole ten einde die invloed van staatsonderwys op ons kinders teen te werk en onderwys 'n voortsetting van ons verbondsbloftes te maak.

3 SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy werksaamhede bevredigend uitgevoer het en bid die Sinode die seën van die Here toe.

DS. JB TROLLIP (VOORSITTER)
PROF. J BOSMAN (SKRIBA)

VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKa)**Tydperk: 1 Maart 2007 tot 15 Maart 2010****1. PERSONEEL**

Die Twaalfde Sinode het die Kommissie vir die Kerkargief (KKa) soos volg saamgestel:

Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter)
WJ van der Westhuizen (ondervoorsitter) en
AS van Staden (skriba).

Sekundi: Ds. JCG Janse van Vuuren
oudl. GC Gouws
ds. JA Jacobs en
dr. HM Grobler.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader. Die vergaderings het op 24 Oktober 2008 en 21 April 2010 plaasgevind. Alle ander sake is telefonies en per e-pos gehanteer.

3. WERKSAAMHEDE**3.1 AANWINSTE**

Ondergenoemde aanwinste is slegs dié stukke wat gedurende die verslagtydperk gesorteer, geliasseer en geïnventariseer is.

3.1.1 HUWELIKSREGISTER ONTVANG

Van die volgende predikante is een of meer huweliksregister-blaaie ontvang sedert die vorige sinode:

Ds. C Bester (2009),	ds. AP Boshoff (1991-2009)
ds. A Boshoff jr. (2003, 2007)	ds. GF Botha (2007-2008)
prof. IA Brink (2008-2009)	ds. MR Burger (2008-2010)
ds. JSP de Villiers (2009)	ds. JAC Erasmus (2009)
ds. JC Gericke (2007-2009)	ds. LD Greyling (2008)
ds. WM Grové (2007)	ds. GC le Roux (2007)
ds. L Lubbe (2008)	ds. DJ Malan (2007-2009)
ds. MG Müller (2009-2010)	ds. DE Pretorius (2005-2008)
ds. RJ Pretorius (2007-2010)	ds. P Stans (1988-2008)
ds. P Storm (1988-2006)	ds. CA Swanepoel (2009)
ds. A Swart (2003-2009)	ds. NJ Swart (2007-2009)
ds. JH Theron (2006-2009)	
ds. FJ van der Merwe ná sy afsterwe (1994-2006)	
ds. C van Rooyen (2007-2009)	
ds. AS van Staden sr. (2007)	
ds. AS van Staden jr. (2007-2008)	
ds. HC Venter (1996-1997, 2001-2002)	

Verskeie huweliksregisters arriveer by die Sentrale Kerkargief via gemeenteskribas.

3.1.2 HUWELIKSREGISTER UITSTAANDE

Die meerderheid van ons leraars stuur nog nie ons eie huweliks-registers in nie.

AANBEVELINGS

3.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die leraars van wie huweliksregister-blaaie ontvang is deur die Argief.

3.1.4 Die Sinode wys leraars daarop dat dit in die eerste plek hül ereplig is — en nie dié van gemeenteskribas nie — om toe te sien dat hulle die inligting oor elke huwelik wat deur hulle voltrek is, op die voorgeskrewe huweliksregister-blaaie verstrek en dan aan die Argief besorg om in die huweliksregister van ons kerkverband opgeneem te word.

3.1.5 Die Sinode versoek leraars dringend om benewens die staat se huweliksregister ook ons kerkverband se huweliksregister getrou te voltooi en na die Argief te stuur, veral gesien in die lig van die toenemende probleme wat met die departementele register ondervind word.

3.2 GEMEENTELIKE ARGIVALIA

Van die volgende gemeentes is gemeentelike argivalia ontvang. Dit sluit onder meer in:

- sakelyste
- notules en bylaes van kerkraads-, ouderlingeraads-
diakonie- en kommissievergaderings
- afkondigingsboeke/blaadjies
- bouplanne
- foto's
- gemeenteblaaie
- jaarprogramme
- fees- en ontvangsprogramme

Die datum tussen hakies dui die datum van die argivalia wat ontvang is aan.

Alberton (1989-2001)	Amot/Hendrina (2001, 2005-2008)
Bethal (2000)	Bethulie (1991)
Biesiesvlei (1987-2000)	Bloemhof (2001)
Brits (1987-2007)	Buhrmannsdrif (1989)
Caaquazu (1993-1996)	Coligny (2008)
Cullinan-Rayton (2005-2008)	Dealesville (2001)
Delareyville (2001)	Dendron (1988, 2006)
George (1993-1999, 2001, 2003-2008)	Greylingstad (2008-2009)
Groter Durban (1988)	Hartbeesfontein (1989-2008)
Hartbeespoort (2006-2007)	Hennenman (1988-2007)
Kareedouw (1987-2007)	Klerksdorp (1989-2008)
Knysna (2007)	Koster (2001)
Laersdrif (2001)	Lindley (2007-2008)
Louis Trichardt (1994, 2006-2007)	Marble Hall (2001)
Marken (2001)	Molopo (1987-2006)
Moot-Sentraal (2006)	Morgenzon (1987-1989)
Naboomspruit (1988)	Namakwaland (2000-2009)
Nelspruit (2001)	Newcastle (2001)
Oudtshoorn (2007)	Phalaborwa (1987-2007)
Piketberg (2001)	Potchefstroom (2001)
Pretoria-Oos (1995-2002)	Pretoria Suiderlig (2003-2008)
Sanddrift (1988, 2001)	Schweizer-Reneke (2001)
Senekal (1987-2007)	Smithfield (2001, 2007)
Somerset-Oos (1987-2006)	Suidkus (1990)
Trans-Magabies (2001)	Tzaneen (2001)
Vaalharts (1988)	Venterstad (1988-2009)
Verwoerdburg (1994-2008)	Warden (2001)
Waterberg (2007-2008)	Welbekend (1996-2008)
Wesmoet (2008-2009)	

AANBEVELINGS

3.2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor gemeenteskribas en kerkrade wat waardevolle dokumente aan die Sentrale Kerkargief besorg het vir veilige bewaring.

3.2.2 Die Sinode herinner gemeentes daaraan dat alle dokumente en ander items met geskiedkundige waarde aan die Sentrale Kerkargief kan en behoort gestuur te word.

3.3 REGISTERAFSKRIFTE

Van die volgende gemeentes is doop- en lidmaatregisters en/of -afskrifte ontvang:

Albertinia (2006)
 Amot/Hendrina (2007)
 Barkly-Wes (2006)
 Clanwilliam (2004-2006, 2007-2008)
 Delmas (2007-2009)
 Ellisras (1990-2009)
 George (2007-2008)
 Hartbeesfontein (2007-2008)
 Hluhluwe (2007-2008)
 Kareedouw (2007-2008)
 Klerksdorp (2005-2008)
 Krugersdorp (2006)
 Lichtenburg (2007)
 Meyerton (2007-2008)
 Moot-Sentraal (2007-2008)
 Nelspruit (2007-2009)
 Potchefstroom (2007-2008)
 Pretoria Suiderlig (2006-2009)
 Sanddrift (2005-2008)
 Schweizer-Reneke (2006-2009)
 Smithfield (2007-2009)
 Thabazimbi (1989-2008)
 Verwoerdburg (2007-2009)
 Welbekend (2007-2008)
 Witbank (1987-2007 slegs doopregister)

Alfa (2004)
 Barberton (1992)
 Brakrivier (2007-2009)
 Cullinan-Rayton (2006-2008)
 Devon (2007)
 Fraserburg (1992)
 Gordonias (2006-2009)
 Hennenman (2008-2009),
 Hoopstad (1999-2006)
 Kempton Park (2007-2008),
 Knysna (2007-2008)
 Laersdrif (2006-2009)
 Lindley (2006-2008)
 Molopo (1988-2005)
 Mosselbaai (2006)
 Oudtshoorn (2006-2007)
 Potgietersrus (2005)
 Riversdal (2007-2009)
 Sannieshof (2004, 2006-07, 2009)
 Senekal (2008)
 Strydenburg (2007-2009)
 Tweeling (2007)
 Waterberg (2007-2009)
 Welwitschia (2006-2007)
 Wonderboom (1992).

AANBEVELINGS

3.3.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat dikwels met groot ywer gemeenteregisters in stand hou en afskrifte aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.

3.3.2 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die jaarlikse instuur van registers en -afskrifte 'n sinodebesluit is (vgl. HANDELINGE 2004, bl. 353, pt. 6.2). Slegs 50 gemeentes het gedurende die verslagperiode registers en/of -afskrifte gestuur.

3.3.3 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir lidmaat- en doopregisters te volg.

3.3.4 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir die afskrifte van lidmaat- en doopregisters wat na die Sentrale Kerkargief gestuur word, te volg.

3.3.5 Die Sinode versoek dat kerkrade sal toesien dat gemeenteskribas in besit is van die ARGIEF-HANDLEIDING VIR DIE SKRIBA wat by die boekwinkel beskikbaar is en waarin volledige voorskrifte vir die hou van registers voorkom.

3.3.6 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om gemeentegrense vas te stel en om sover as moontlik daarby te hou aangesien die hou van lidmaatskapbewyse bemoeilik word wanneer lidmate oor gemeentegrense beweeg. (Kyk sinodebesluit 3.9.2, bl. 397, 1989 en KERKORDE 2008, bl. 187, sinodebesluit 20.)

3.3.7 Die Sinode versoek kerkrade om beskrywings van gemeentegrense aan die Argief te stuur.

3.4 FINANSIËLE VERSLAE

Geouditeerde finansiële state van die jare tussen hakies aangedui, is van die volgende gemeentes deur die Argief ontvang nadat dit deur die Afdeling Finansies gehanteer is:

Albertinia (01, 04, 06, 08)
 Alfa (99-03, 07)
 Amajuba (02-03)
 Amot-Hendrina (04-06, 08)
 Balfour (89, 00-02, 04-05, 07)

Alberton (03)
 Algoa (01-02, 04-08)
 Amersfoort (01, 03)
 Bainsvlei (00-02, 05-08)
 Barberton (01)

Barkly-Oos (07-08)
 Beaufort-Wes (01-08)
 Benoni (01-03, 05)
 Bethlehem (97-00, 02, 04-06)
 Biesiesvlei (07-08)
 Bloemfontein-Noord (00-02, 05-08)
 Boshof (01-02, 05, 07-08)
 Brakpan (95, 98-01)
 Brandfort (01, 03-05, 08)
 Britstown (00-08)
 Calvinia (05-08)
 Camarvon (01-06, 08)
 Christiana (02, 07-08)
 Clocolan (96-08)
 Cornelia (02)
 Dealesville (01, 03-04, 06, 08)
 Delmas (00-02, 04-06, 08)
 Devon (00-08)
 Douglas (95-03)
 Edenburg (99, 01, 06)
 Fochville (02, 05)
 Frankfort (01)
 Gelofte-Pietermaritzburg (03)
 Germiston (96, 02, 04-09)
 Graaff-Reinet (01-02, 04, 06-07)
 Greylingstad (02-03)
 Groblersdal (06)
 Grootfontein (05)
 Hardeveld (99, 01-08)
 Hartbeespoort (01, 04-07)
 Heilbron (00-02)
 Hennenman (00-03, 05, 07-08)
 Hluhluwe (01)
 Hoëveld-Ermelo (03)
 Hoopstad (05)
 Hugonote-vallei (03-06)
 Jagersfontein (99, 06)
 Jeffreysbaai (01-04, 06-08)
 Johannesburg-Suid (02-03)
 Kathu (98-01, 04, 06)
 Kempton Park (01, 03, 04-07)
 Kimberley-Die Kruis (07-08)
 Klerksdorp (01, 07)
 Knysna (05-06)
 Koffiefontein (99-00, 07)
 Kriel (02-08)
 Krugersdorp (2001)
 Laersdrif (99)
 Leeudoringstad (04-08)
 Lichtenburg (02, 06)
 Louis Trichardt (93, 98, 01-03, 06-08)
 Marble Hall (00-02)
 Messina (06-07)
 Middelburg (02)
 Molopo (96, 00)
 Moot-Sentraal (02, 05, 07-08)
 Murraysburg (01-08)
 Naboomspruit (95-97, 99-00, 02-03, 05, 07-08)
 Namakwaland (95, 98, 01-08)
 Nigel (05-06, 08)
 Olifantsrivier (01-08)
 Ottosdal (03-05, 08)
 Outjo (89, 05)
 Paul Roux (96-98, 01, 06)
 Philippolis (06-07)
 Piet Retief (01-03)
 Pofadder (00-07)
 Potchefstroom (03, 05-07)
 Pretoria-Oos (00-01, 03-06)
 Prieska (02, 05-08)
 Randfontein (2001, 2005, 2006)
 Reivilo (20-01, 03, 05-08)
 Riversdal (04-06, 08)
 Roedtan (01, 05-09)
 Rustenburg (02, 04-07)
 Sannieshof (01-04, 06, 08)
 Schweizer-Reneke (03, 05-06)
 Smithfield (99, 01-09)
 Standerton (02)
 Stellenbosch-Somerset-Strand (02, 04, 06, 08)
 Steynsburg (02, 04-08)

Barkly-Wes (20-01, 04-08)
 Belfast (95-96, 99, 02)
 Bethal (02-03)
 Bethulie (01, 04, 06-08)
 Bloemfontein (05-08)
 Bloemhof (00, 02, 04)
 Bothaville (99-00)
 Brakrivier (06)
 Brits (99-01, 06-07)
 Buhrmannsdrif (02, 04-07)
 Carletonville (08)
 Carolina (01, 03, 05-08)
 Clanwilliam (99-04, 06-08)
 Coligny (01)
 Cullinan-Rayton (02)
 Delareyville (01)
 Dendron (05, 07-08)
 Dewetsdorp (02)
 Dundee-Glencoe (97-00, 02-03)
 Ellisras (01-02, 07-08)
 Fontaine (00-01, 04-05, 08)
 Fraserburg (01-02, 04, 06-08)
 George (02, 04, 06)
 Gordonias (01)
 Graniet (06-07)
 Griekwastad (02, 05, 08)
 Groblershoop (01, 04)
 Hanover (95, 00, 02, 04, 06)
 Hartbeesfontein (95, 00-01, 04, 07)
 Heidelberg (89, 92, 00-03)
 Hendrina (06)
 Hertzogville (02, 04-05)
 Hoedspruit (01)
 Hoëveldrif (08)
 Hopetown (99, 01, 05, 07-08)
 Jacobsdal (03-04)
 Jamestown (01, 02, 05, 07)
 Johannesburg (93-95, 97-01, 03-06)
 Kareedouw (00-02, 05-08)
 Keetmanshoop (89, 00, 02, 04-05)
 Kimberley (00-03, 07, 08)
 Kleinfontein (05-07)
 Klerksdorp Sentraal (05-06)
 Koedoesrand (99-00, 02-04, 08)
 Koster (05-06)
 Kroonstad (04, 07-08)
 Kuruman (91, 00-02, 04, 06)
 Lebombo (00-08)
 Leonardville (02, 04-06)
 Lindley (96, 99-08)
 Lydenburg (04, 06-08)
 Marquard (96, 99, 01-03, 05-08)
 Meyerton (00-02, 05-08)
 Migdol (01)
 Mooi-nooi (01, 05-07)
 Mosselbaai (99, 00-02, 05-06, 08)

Newcastle (02-04, 06-08)
 Olifantshoek (01, 04-08)
 Orania (00, 07)
 Oudtshoorn (00, 05-07)
 Parys (02, 06)
 Petrusburg (96, 00-01, 03-04, 07-08)
 Pietersburg (01)
 Piketberg (02-03, 05-08)
 Postmasburg (00-03, 05-06)
 Potgietersrus (01)
 Pretoria Suiderlig (04-06, 08)
 Primrose (95, 01-03, 07-08)
 Reitz (96, 98, 00-03, 06)
 Richardsbaai (04)
 Robertson (01-02, 07)
 Roodepoort (99-04, 06-08)
 Sanddrift (04-07)
 Sasolburg (93)
 Senekal (96-99, 01-08)
 Somerset-Oos (01-02, 04-08)
 Stella (96, 03, 05-06)
 Steynsburg (02)

Strydenburg (00-08)
 Sutherland (01-08)
 Thabazimbi (04-07)
 Trans-Magabies (03, 06-08)
 Tygerberg (04-05, 07)
 Uitenhage (03, 05-07)
 Vaalwater (95-00, 02-04)
 Vanwyksvlei (99-02, 08)
 Venterstad (02, 04-05, 07-08)
 Verwoerdburg (03-07)
 Villiers (01)
 Vrede (01)
 Warden (02)
 Waterberg (01-02, 04-05, 07)
 Welbekend (01, 05-08)
 Welwitschia (99, 01, 04-05)
 Wesselsbron (00-08)
 Windhoek (89)
 Worcester (01-02, 04, 06-08)
 Zeerust (03, 05-07)

Suidkus (03, 07-08)
 Tarkastad (00-01, 06-07)
 Theunissen (00-02, 04-05)
 Tweeling (02, 07)
 Tzaneen (00-03)
 Vaalharts-Suid (88)
 Vanderbijlpark (93)
 Ventersdorp (05-07)
 Vereeniging (89, 93)
 Viljoenskroon (04-08)
 Vorentoe (08)
 Vryheid (01, 07-08)
 Warmbad (02-03, 05-06)
 Weipe (04)
 Welkom (01, 05-06)
 Wesmoot (08)
 Winburg (00-03, 05, 08)
 Wonderboom (00-02, 05, 07)
 Zaaron (95, 03)
 Zoar (93-94, 98, 01, 04).

AANBEVELINGS

3.4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat getrou afskrifte van geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.

3.4.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om toe te sien dat afskrifte van elke jaar se geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg word.

3.5 GEMEENTELIKE STATISTIEK

Van die volgende gemeentes is tot en met die verslagdatum gemeente-statistiek ontvang en/of geliasseer (die betrokke jare word tussen hakies aangedui):

Aberdeen (01, 03, 08)
 Alberton (03, 07-08)
 Algoa (04, 06-09)
 Amersfoort (06-09)
 Bainsvlei (02-03)
 Barberton (05-08)
 Barkly-Wes (06-08)
 Belfast (04)
 Bethlehem (99-01, 06-07, 09)
 Biesiesvlei (06-08)
 Bloemfontein-Noord (03)
 Boshof (05, 09)
 Brakpan (01)
 Brandfont (01, 04)
 Britstown (01, 03, 06, 09)
 Buhrmannsdorff (06-07, 09)
 Caaguazu (04)
 Carletonville (90, 04, 06)
 Carolina (01, 06)
 Clanwilliam (01, 04, 06-08)
 Coligny (03, 07)
 Cullinan-Rayton (05-08)
 Dealesville (01, 04, 06)
 Delmas (01, 05, 07-09)
 Derby (01, 06)
 Douglas (05, 07, 08)
 Edenburg (01, 04, 07)
 Ermelo (03, 06)
 Fochville (93, 05)
 Frankfort (01, 03, 05-07)
 Gansbaai (09)
 George (01, 05-08)
 Gobabis (04)
 Graaff-Reinet (01, 04-07)
 Griekwastad (01, 06-08)
 Groblersdal (06)
 Grootfontein (04, 08)
 Hanover (04)
 Harrismit (90)
 Hartbeespoort (90, 05-07)

Albertinia (05-06, 08)
 Alfa (02, 07, 09)
 Amajuba (01, 03, 06)
 Arnot/Hendrina (01)
 Balfour (03, 05)
 Barkly-Oos (09)
 Beaufort-Wes (03, 06, 08)
 Benoni (01, 03)
 Bethulie (01, 07)
 Bloemfontein (03)
 Bloemhof (01, 03, 05, 08)
 Bothaville (05)
 Brakrivier (01, 05-09)
 Brits (04, 06-07)
 Bronkhorstspuit (00, 04, 06)
 Bultfontein (02)
 Calvinia (01, 04, 06-08)
 Camarvon (05, 08-09)
 Christiana (03, 07-08)
 Clocolan (97-01, 03-06)
 Cornelia (03, 05-07)
 De Aar (01, 03)
 Delareyville (01, 03, 05)
 Dendron (01, 05-07)
 Dewetsdorp (01, 03)
 Dundee-Glencoe (03)
 Ellisras (05)
 Excelsior (96-01, 03, 06)
 Fontaine (01)
 Fraserburg (01, 04, 09)
 Gelofte-Pietermaritzburg (04)
 Germiston (03, 07-08)
 Gordonia (08)
 Graniet (01, 05, 07-08)
 Greylingstad (03, 05, 08)
 Groblersdorp (01, 06, 08)
 Groter Durban (90, 05)
 Hardeveld (01, 05-08)
 Hartbeesfontein (06-09)
 Heidelberg (90, 03, 05)

Heilbron (03, 05-07)
 Hertzogville (05)
 Hoëveld-Ermelo (01, 03)
 Hoopstad (05, 08)
 Hugenote-Vallei (90, 05-07)
 Jagersfontein (01)
 Jeffreysbaai (04, 06-09)
 Johannesburg-Suid (03, 07-08)
 Kareedouw (05-09)
 Keetmanshoop (89, 02, 05)
 Kimberley (90, 01, 05-06)
 Klerksdorp (05-06, 08)
 Knysna (05-09)
 Koffiefontein (05)
 Koster (01, 05-08)
 Kroonstad (90, 05-08)
 Kuruman (90, 03, 06)
 Leandra (02)
 Leeudoringstad (90, 05-09)
 Lichtenburg (90, 02, 07, 09)
 Louis Trichardt (04, 06)
 Lydenburg (01)
 Marble Hall (01-02)
 Marquard (90, 04, 07)
 Meyerton (90, 03, 05, 08)
 Migdol (90, 01, 04-05)
 Mooinooi (90, 04, 06, 07)
 Morgenzon (01)
 Murraysburg (01, 03)
 Namakwaland (05-08)
 Newcastle (90, 01, 06-07, 09)
 Odendaalsrus (90, 05)
 Olifantsrivier (05-08)
 Orkney (05, 07, 09)
 Oudtshoorn (90, 04, 06-08)
 Parys (90, 06)
 Petrusburg (01, 07-08)
 Philippolis (01, 02, 06-08)
 Piketberg (01, 05, 08)
 Postmasburg (90, 01, 04, 06-07)
 Potgietersrus (01)
 Pretoria Suiderlig (06-09)
 Primrose (90, 03, 07-09)
 Reddersburg (05, 07)
 Reivilo (01, 05-08)
 Riversdal (01, 05-09)
 Roedtan (09)
 Rustenburg (04, 06-07)
 Sannieshof (05, 07-09)
 Schweizer-Reneke (01, 03, 05)
 Smithfield (01, 03, 06, 08-09)
 Standerton (88, 90, 01, 09)
 Stellenbosch-Somerset-Strand (03, 05)
 Steynsburg (01, 05)
 Suidkus (90)
 Swartruggens (06)
 Thabazimbi (01, 04, 06-07)
 Trans-Magabies (01, 05, 09)
 Tygerberg (04)
 Uitenhage (01, 04, 06-09)
 Vaalharts (01, 03, 07-08)
 Vanderbijlpark (93, 03)
 Ventersdorp (01, 05-06, 08)
 Vereeniging (93, 05-09)
 Verwoerdburg (01, 06, 08-09)
 Villiers (03, 05-07)
 Vryheid (03, 07-08)
 Warmbad (01, 05, 09)
 Weipe (04)
 Welkom (04, 06)
 Weskus (01, 05)
 Wesselsbron (01, 05-09)
 Windhoek (89, 04)
 Zaaron (03)
 Zoar (93, 03, 05-06)

Hennenman (90, 01, 05-07)
 Hluhluwe (90, 01, 05-07)
 Hoëveld (90)
 Hopetown (01, 05, 07-08)
 Jacobsdal (01, 04)
 Jamestown (90, 01, 09)
 Johannesburg (90, 01)
 Kakamas (01, 05, 08)
 Kathu (90, 03, 06)
 Kempton Park (03)
 Kimberley-Die Kruis (07-08)
 Klerksdorp-Sentraal (06-07)
 Koedoesrand (05)
 Koppies (90)
 Kriel (01, 06)
 Krugersdorp (03, 07)
 Laersdrif (01-03, 05-09)
 Lebombo (01)
 Leonardville (03)
 Lindley (90, 97-01, 03-06, 08)
 Louwna (90)
 Magaliesburg (90, 05-06)
 Marken (01)
 Memel (90, 01, 05, 08)
 Middelburg (05)
 Molopo (01-02, 05)
 Moot-Sentraal (02-03, 07)
 Mosselbaai (90, 01, 04, 06, 08)
 Naboomspruit (05, 09)
 Nelspruit (01, 05-09)
 Nigel (05)
 Olifantshoek (90, 03, 06-07)
 Orania (03, 07-08)
 Ottosdal (90, 05, 07-08)
 Outjo (89, 01, 04)
 Paul Roux (90, 09)
 Petrus Steyn (01-05, 07)
 Piet Retief (03, 06)
 Pofadder (02, 05-06, 08)
 Potchefstroom (90, 01, 04, 08)
 Pretoria-Oos (05-06)
 Prieska (90, 01, 03, 08-09)
 Randfontein (90, 05)
 Reitz (97-00, 02, 04, 06-07)
 Richardsbaai (01, 05)
 Robertson (01, 03)
 Roodepoort (90, 03, 06-07, 09)
 Sanddrift (01, 02, 04, 06-08)
 Sasolburg (93)
 Senekal (96, 98-01, 04-08)
 Somerset-Oos (04, 06-09)
 Stella (05-06)
 Steynsburg (08-09)
 Strydenburg (01, 05-09)
 Sutherland (01, 05-08)
 Tarkastad (09)
 Theunissen (05, 07-08)
 Tweeling (03, 05-07)
 Tzaneen (02)
 Utrecht (03, 08)
 Vaalwater (01, 05, 09)
 Vanwyksvlei (03, 06, 08)
 Venterstad (01, 07)
 Verkeerdevelei (01)
 Viljoenskroon (01, 05-07, 09)
 Vryburg (03-05)
 Warden (01)
 Waterberg (05, 07-09)
 Welbekend (01, 05, 08)
 Welwitschia (01, 05-07)
 Wesmoot (08)
 Winburg (01, 05-06)
 Witbank (04, 08)
 Zeerust (02, 06)
 Zululand (90)

AANBEVELINGS

3.5.1 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas wat jaarliks statistiek van (rings-) gemeentes aan die Sentrale Kerkargief besorg.

3.5.2 Die Sinode pleit by rings- en gemeenteskribas om hierdie inligting met baie meer stiptelikheid aan die Sentrale Kerkargief te besorg, aangesien dit van onskatbare waarde is vir navorsing en die bepaling van tendense in ons kerkverband.

3.5.3 Die Sinode wys ringskribas op Bep. 37E en doen 'n ernstige beroep op ringe om toe te sien dat hierdie Bepaling nagekom word.

3.5.4 Die Sinode beveel aan dat ringe nie persone as ringskribas herkies indien 'n kalenderjaar verbygegaan het sonder dat Bep. 37E uitgevoer is nie en om alle uitstaande argiefmateriaal van so 'n persoon op te eis vir deursending na die Sentrale Kerkkantoor en Argief.

3.6 VISITASIEVERSLAE

Visitatieverslae, oftewel gemeentelike verslagvorme, meesal soos gelewer aan die ringe, is van die volgende gemeentes ontvang en/of geliasseer:

Aberdeen (01, 08)	Albertinia (05-08)
Alberton (03)	Alfa (07)
Algoa (06-09)	Amajuba (01, 03, 06)
Amersfoort (06, 08)	Arnot-Hendrina (01)
Bainsvlei (03)	Balfour (05-06)
Barkly-Wes (07)	Beaufort-Wes (08)
Benoni (01, 03)	Bethlehem (97-01, 08)
Bethulie (01)	Bloemfontein (03)
Bloemfontein-Noord (03)	Bloemhof (01)
Boshof (09)	Bothaville (05)
Brakpan (01)	Brakrivier (01, 06-07)
Brandfort (01, 04)	Brits (06-07)
Britstown (01)	Bronkhorstspuit (00-01)
Calvinia (01, 04, 08)	Carnarvon (08)
Carolina (01)	Clanwilliam (01, 04, 06)
Clocolan (97-01, 03-06, 08)	Coligny (03, 07)
De Aar (01)	Dealesville (01)
Delareyville (01, 05)	Delmas (01)
Dendron (01, 07)	Devon (01)
Dewetsdorp (01, 03)	Dundee-Glencoe (02)
Ellisras (09)	Ermelo (03, 06)
Excelsior (96-01, 03, 05-06)	Fontaine (01)
Frankfort (01)	Fraserburg (01)
Gansbaai (06-07)	George (01, 06-08)
Germiston (07)	Graaff-Reinet 0 (20, 06-07)
Graniet (01, 05)	Greylingstad (03, 05, 08)
Griekwastad (01, 06-07)	Groblersdal (06)
Groblershoop (01)	Groter Durban (90)
Hardeveld (01)	Hartbeespoort (06-07)
Heidelberg (03, 05)	Hennenman (01, 05-07)
Hertzogville (05)	Hluhluwe (90, 01, 05)
Hoëveld-Ermelo (01, 03)	Hopetown (01, 07)
Huguenote-vallei (07)	Jacobsdal (01)
Jagersfontein (01)	Jamestown (01)
Jeffreysbaai (06-09)	Johannesburg-Suid (03)
Kakamas (01)	Kareedouw (06-09)
Kathu (03, 06)	Keetmanshoop (89)
Kempton Park (03)	Kimberley (01, 05-07)
Klerksdorp (05-08)	Klerksdorp-Sentraal (06-07)
Knysna (06-09)	Koedoesrand (09)
Koppies (90)	Koster (01)
Kriel (01, 06-07)	Kroonstad (05, 08)
Kuruman (06)	Laersdrif (01-03)
Lebombo (01)	Leeudoringstad (90)
Leonardville (03)	Lichtenburg (07)
Lindley (90, 97-99, 01, 03-06, 08)	Louis Trichardt (06)
Louwna (90)	Lydenburg (01)
Marble Hall (01-02)	Marken (01)
Marquard (90, 97-04, 08)	Memel (01)
Meyerton (03, 05, 07-08)	Migdol (90, 01, 05)
Molopo (01, 05)	Mooiwool (06-07)
Moot-Sentraal (02-03, 07)	Morgenzon (01)
Mosselbaai (90, 01, 06, 08)	Murraysburg (01)
Naboomspruit (09)	Namakwaland (05, 07)
Nelspruit (01, 05-09)	Newcastle (01)
Nigel (03, 05)	Odendaalsrus (90, 05)

Olifantshoek (06)	Olifantsrivier (05, 08)
Ottosdal (07)	Oudtshoorn (90, 06-08)
Outjo (89, 01)	Parys (90, 06)
Paul Roux (90, 96-99, 01-05, 08)	Petrusburg (01, 08)
Petrus Steyn (01-04, 07-08)	Philippolis (01, 06)
Pietersburg (01)	Piet Retief (03, 06)
Piketberg (01, 05, 07-08)	Pofadder (05-06, 08)
Postmasburg (01, 06)	Potchefstroom (01)
Potgietersrus (01)	Pretoria-Oos (05-07)
Prieska (01)	Primrose (03, 07-08)
Reitz (97-00, 02, 04, 06, 08)	Reivilo (01)
Richardsbaai (01)	Riversdal (01, 05-08)
Robertson (01, 03, 07)	Rustenburg (06-07)
Sanddrift (01, 03, 06-08)	Sannieshof (07)
Schweizer-Reneke (01, 05)	Senekal (96-05, 08)
Smithfield (01, 03, 06-09)	Somerset-Oos (06-09)
Standerton (90, 01)	Stella (05-06)
Stellenbosch-Somerset-Strand (03, 07)	Steynsrus (01, 05)
Strydenburg (01, 07-08)	Suidkus (90)
Sutherland (01)	Swaruggens (06)
Thabazimbi (01, 06-07)	Trans-Magalië (01)
Tygerberg (07)	Tzaneen (01)
Uitenhage (01, 06-09)	Utrecht (08)
Vaalharts (01, 08)	Vaalwater (01)
Vanwyksvlei (08)	Ventersdorp (01, 05)
Verkeerdevele (01)	Verwoerdburg (01, 08-09)
Viljoenskroon (01, 07)	Vryburg (04-05)
Vryheid (08)	Warden (01)
Warmbad (01, 05, 09)	Waterberg (09)
Weipe (04)	Welbekend (01, 06-08)
Welkom (04)	Weskus (01, 07)
Wesmoot (08-09)	Wesselsbron (01)
Welwitschia (01)	Winburg (01)
Windhoek (89)	Worcester (07)
Zastron (03)	Zululand (90)

AANBEVELINGS

3.6.1 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas vir die aanstuur van visitatieverslae aan die Sentrale Kerkargief.

3.6.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op gemeente- en ringskribas om jaarliks die visitatieverslae (gemeentelike verslagvorm aan die ring of soortgelyke verslag deur die ring goedgekeur) van alle gemeentes aan die Sentrale Kerkargief te besorg aangesien hierdie verslae die beste aanduiding is van die geestelike welstand in ons gemeentes.

4. ARGIVARIS

Ds. AS van Staden sr. is vanaf Januarie 2009 aangestel as voltydse Argivaris. Dit het meegebring dat 'n groot hoeveelheid dokumente en ander argivalia wat met die jare opgehoop het weens 'n gebrek aan man-ure deur die Argivaris, gesorteer, geïndekseer en geliasseer kon word. Groot hoeveelhede argivalia en dokumente van gemeentes wat onlangs by die Argief ingehandig is, moet egter nog onder hande geneem word.

5. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN STUDENTE

Die KKa is baie dank aan die AP Akademie verskuldig vir die vergunning dat die finalejaar-studente elke jaar vir een oggend 'n inligtingsessie deur die Argivaris oor die Sentrale Kerkargief ter plaatse mag bywoon. Dit bring noodwendig mee dat ons kerkverband se leraars op hoogte kom van die werkwyse en behoeftes van ons Kerkargief en derhalwe hopelik meer geneë sal wees om argivalia aan die Argief te besorg en te laat besorg.

Hierdie praktyk het reeds in 2004 'n aanvang geneem en sal hopelik ook in die toekoms elke jaar plaasvind. Tydens hierdie besoeke aan die Argief ontvang elke student 'n eksemplaar van die ARGIEFHANDLEIDING VIR DIE SKRIBA en 'n pakkie van die huweliksregisterblaaie met die komplimente van die boekwinkel.

AANBEVELING

5.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die dosent in Praktiese Teologie vir die skep van 'n geleentheid in die finale studiejaar van ons teologiestudente om 'n inligtingssessie by die Sentrale Kerkargief by te woon en ingelig te word oor die werksaamhede in die Argief.

6. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN LIDMATE

Aangesien opmerkings wat in die verloop van die tyd gemaak is daarop dui dat daar grootliks onkunde bestaan by o.m. lidmate van ons kerkverband oor die aard en werksaamhede van die Sentrale Kerkargief en omdat die KKa van mening is dat hierdie onkunde bydra tot die laksheid om argivalia aan die Argief te besorg, het die KKa besluit om 'n uitnodiging te rig aan alle belangstellende lidmate om besoek af te lê by die Argief.

Tydens sulke besoeke kan besoekers dan gewys word hoe die Argief daar uitsien en kortliks verduidelik word waarom die bewaring van argivalia belangrik is vir die toekoms. Die KKa het dit as ideaal gestel om van ons kerkargief 'n verbruikers-vriendelike navraag, naslaan- en navorsingsentrum te maak deur hierdie uitnodiging.

Ten spyte van die besluit wat deur die Twaalfde Sinode geneem is (HANDELINGE, bl. 332, pt. 4), het slegs een ring die Argivaris uitgenooi om die afgevaardigdes in te lig oor die werksaamhede en waarde van die Sentrale Kerkargief.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode nooi alle belangstellende lidmate uit om ter geleëner tyd besoek by die Sentrale Kerkargief af te lê. Besoekers sal welkom geheet word en op die noodsaak van die bewaring van geskiedkundige dokumente en artikels gewys word.

6.2.1 Die Sinode besluit by herhaling om gemeentes en ringe of groter groeperinge van gemeentes te versoek om die Argivaris uit te nooi om voorligting te gee i.v.m. die pligte van die plaaslike kerk t.o.v. administrasie en die instuur van argivalia.

6.2.2 Die Sinode bring dit onder die aandag van ringe en ander groepe dat hulle verantwoordelik is vir die reiskoste van die Argivaris wanneer hy genooi word om op te tree.

7 IN MEMORIAM (Kyk Bylae KKa 1)**AANBEVELING**

7.1.1 Die voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van hierdie broeders.

DI. LD GREYLING
WJ VAN DER WESTHUIZEN
AS VAN STADEN sr.

BYLAES VAN DIE KKa**BYLAE KKa 1****IN MEMORIAM**

PROF. HENDRIK CARL GERHARDUS ROBBERTZE
1/10/1945 – 4/11/2007

Hendrik Carel Gerhardus Robbertze is op 1 Oktober 1945 in Babanango gebore. Hy het sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Vryheid voltooi. Daarna is hy na die Universiteit van Stellenbosch om hom as predikant te bekwaam. Hy en sy wedershelf, Dirkie, het vier kinders: Dina, Theo, Johannes en Catharien.

Pikkie (so het ons hom geken) het van sy studentedae af in die akademie belanggestel en eers verder studeer voordat hy hom beroepbaar gestel het. Sy eerste gemeente was Historia in Vanderbijlpark. Daarna het hy in verskeie gemeentes in die Ned. Geref. Kerk gedien.

Dit was my voorreg om saam met hom as medeleraar in die gemeente Doornkloof te dien. Hy was 'n begaafde predikant. Dit het vir hom werklik gegaan oor die toerusting en geestelike opbou van die gemeente. Hy is vandaar na die Universiteit van Zoeloeland waar hy 'n akademiese pos aanvaar het.

Met die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987 was hy een van die eerste predikante wat besluit het om sy bediening in die AP Kerk voort te sit. Hy het die beroep aanvaar na Lichtenburg/Biesiesvlei, maar is 'n jaar later as dosent (later professor) van die AP Akademie beroep.

Dit was in hierdie tyd dat hy erns kon maak met sy studies en in 1991 behaal hy sy doktorsgraad in die vak Ou Testament aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Hy het diep spore in ons Kerk getrap. Hy was 'n geëerde mededosent. Die studente was lief vir hom. Hy het 'n vormende invloed uitgeoefen. Hy het ook die Kerk in breër verband in verskillende kommissies gedien en was ook by twee geleenthede ondervorsitter van die sinode. Daarby het verskeie publikasies uit sy pen die lig gesien.

Sy liefde vir die kansel en gemeentelike bediening het hom gedring om selfs met sy hoë las as hoogleraar, ook nog in verskeie gemeentes met beperkte opdrag te dien. Talle lidmate getuig daarvan dat sy prediking, veral uit die Ou Testament, 'n diepe indruk op hulle gelaat het. Hy het die vermoë gehad om die evangelie suiwer te laat spreek uit gedeeltes van die OT wat op die oog af slegs 'n weergawe van die geskiedenis was.

Hy was ook 'n ware pastor. Niemand is deur hom geïgnoreer of geminag nie. Hy het altyd vir almal tyd gemaak. Hy het oor die vermoë beskik om vriende te maak en selfs die moeilikste mense in die gemeente kon hy met sy herdershart laat inskakel. Daarom het die Here hom begenadig om nooit ooit 'n verskeurde gemeente agter te laat nie.

Ons groet 'n ware gelowige. Dit was goed om so 'n vriend te kon hê.

Andrew Gerber

Ds. PAULUS KRUGER ROODT
10/10/1926 – 11/05/2008

Ds. Paul Kruger Roodt (so genoem omdat hy op Paul Kruger se verjaardag gebore is in 1926) is in Mei 2008 oorlede na 'n skielike beroerte en hartaanval. Baie sal hom mis en sommige sal hom moeilik vergeet. As mens was hy 'n voorbeeld van hoe om uit te styg bokant sy omstandighede. Omdat hy in 'n arm gesin grootgeword het, het 'n familielid vir hom geld voorgeskiet om te gaan studeer op Potchefstroom en op Stellenbosch.

Sy eerste gemeente was op Hartswater by die NG Gemeente Mogogong. Die nood van die arm mense op die Hartswaterskema het hom diep geraak en het sy bewussyn ten opsigte van die belang van water by hom finaal vasgelê. Water het in sy lewe 'n sentrale tema geword, want hy het naby die natuur grootgeword en het as kind sy pa gehelp met boorwerk om die gesin se inkomste te verbeter. So het hy bewus geword dat hy die gawe ontvang het om water te kan wys. Werklike boorgatwater maar ook die water van die ewige lewe. Hy het hierdie twee temas met groot gemak in mekaar gevleg asof dit een en dieselfde ding is.

Menige boer wat dringend na water op soek was, het sommer sy boorgat en sy bekering tegelykertyd gevind. So het hy water gewys by sendingstasies, by boere wat die Here verwyt het oor droogte en soms om die werk van die Here te bevorder by jeugkampe. In die gemeente Springfontein en later op Naboomspruit het hy groot naam gemaak met sy akurate waterwys. 'n Hele paar dankbare boorgat-eienaars se huwelike is gered gedurende die boorproses en nog vele ander se heenkome en ondernemings het as gevolg daarvan gedy.

Hy was ook baie lief vir die versamel van mooi en unieke klippe, hy het 'n omvattende kennis van geologie gehad en het baie meer in 'n klip gesien as die normale mens. Sy versameling klippe kom vanaf al die plase en gemeentes wat hy besoek het. Hy het homself beskryf as iemand met 'n ronde ysterklip geaardheid omdat hy nie maklik van spoor gebring is deur ander nie en omdat hy aangetrek is deur die lyding van ander. Duisende mense sal hom onthou as die dominee wat Saterdagoggende by die boeremark lemoene en nartjies verkoop het. As sy familie het ons geweet dat hy geen sent wins daaruit maak nie, maar daar is omdat hy 'n informele gemeente van soekende siele daar bearbei het. Hy het dit afgewissel met sy bystand aan die AP Kerk Boksburg. Met die water uit sy eie boorgate het hy die lemoene en nartjies gekweek om die stedelinge te bedien met die gawes van die Here. Soos 'n magneet het die ou ysterklip hierdie siele na hom aangetrek.

Soos wat hy die water in breuke onder die grond kon sien, het hy die gebreekte harte en siele raakgesien van diegene wat by hom vrugte kom koop het. Dinge wat hom ontstel het, was ook baie simbolies. Hy kon 'n boorman wat 'n gat bederf, nie verdra nie, net soos wat hy 'n valse profeet en twissoeker nie kon veel nie. Soos wat hy ontstel is deur 'n boord wat verdroog sonder water, het hy ontstel geword oor 'n gemeente wat geestelik verstar. Diegene wat met sy pompe en boorgate lol, kon dieselfde behandeling verwag as diegene wat 'n kind van die Here wil verlei. Dit was vir hom hartverskeurend as iemand 'n boorgat te vlak boor of ophou voor-

dat hul die regte diepte bereik het, net soos wat hy ontsteld was oor kinders wat nie gekoester word nie en wie se geleentheid bederf word deur volwassenes wat nie omgee nie.

Daar was natuurlik dinge wat hy geweldig waardeer het in die lewe. Die belangrikste was seker sy dogter wat hy as baba aangeneem het en as geskenk van die Here aanvaar het. Om uitgenooi te word deur vriende was vir hom baie belangrik, want hy het nie maklik ongenooi by jou opgedaag nie. Hy kon ewe lirie raak oor 'n goeie boorman as 'n leraar wat sy plig doen. Hy het altyd met groot waardering en respek van die stigterslede van die AP Kerk gepraat en hulle waardeer. Hy het van opregte mense gehou net soos wat hy van sy beste lemoen- en nartjebome in sy boord gehou het. Hy het ure lank water gelei na hierdie bome net soos wat hy bereid was om ure te spandeer om die regte verse en uitlegte daarvan by hierdie mense uit te kry.

Tussen sy dokumente is daar drie preke gevind wat hy uitgewerk gehad het en wat hy seker wou preek as die geleentheid hom sou voordoen. Die een handel oor die tema dat ons moet ophou om voortdurend die skuld op ander te pak, 'n ander se tema is dat ons nie moet talm by wat ons verloor het nie, maar moet fokus op wat ons oor het. Hierin het hy 'n groot les vir individue oor die land gevind. In die laaste een groet hy almal met SHALOOM!

Hy word oorleef deur sy vrou Hannepat, twee seuns, Fanus en Ferdi, en sy dogter Vicky. In die laaste jare was hy besonder diep getref deur die dood van sy dogter Anneke en jongste seun Paul.

Ferdi Roodt

Ds. RUDOLF MARTINUS JOHANNES BRITZ
23/12/1942 – 18/11/2008

Rudolf Martinus Johannes Britz is op 23 Desember 1942 in Johannesburg gebore as die jongste van vier kinders, drie dogters en 'n seun. Hy het altyd gespog dat hy sy ma se soetste seun is! Hulle was 'n baie hegte gesin wat graag saam gesing en mekaar poetse gebak het. Alhoewel sy susters vyf jaar en meer ouer as hy was, het hulle gereeld onder hul boetiese kwajongstreke deurgeloop.

Die gesin het na Bloemfontein verhuis toe Rudolf drie jaar oud was en hulle op 'n plot op Shannon gevestig. Hy het op Shannon sy skoolloopbaan voltooi. In daardie dae het kinders wat op 'n plot grootgeword het, talle takies gehad, soos om die koei te melk of die tuin nat te lei. Maar ook het Rudolf en sy maats ure se pret gehad om te probeer om van die een boom na die ander rondom die grens van die plot te klim sonder om aan die grond te raak — natuurlik nie sonder die gevolge van gebreke arms nie! Toe hulle in matriek kom, het die skoolhoof hulle versoek om darem tog te begin skoene dra skool toe - hulle moet mos die voorbeeld vir die ander seuns stel.

Ná skool het Rudolf in die Reserwebank in Bloemfontein gaan werk en saans by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat klasgeloop en sy B.A.-graad voltooi. Daarna is hy na die Universiteit van Stellenbosch vir die voltooiing van sy teologiese studies. Hy is tydens sy studiejare in Stellenbosch met Annette Steyn getroud en vier kinders is uit die huwelik gebore: Rudolf, Petri, Erna en Marli.

Ds. Rudolf is in 1970 as jong predikant in die NG Kerk Jamestown bevestig en drie jaar later het hy die beroep na Lady Grey aangeneem waar hy tot ongeveer September 1976 was. In hierdie jare het hy ook die kleurling-gemeente

kontraktueel bedien. Daarna was hy tot Junie 1980 predikant van die NG Gemeente Ficksburg-Noord.

Ds. Rudolf het as kapelaan van die Ficksburg Kommando 'n paar keer vir 'n tydperk van ses weke grensdiens verrig. In Junie 1980 het die gesin na Rundu verhuis waar Rudolf die Gebiedskapelaan van Sektor 20 geword het. Hierdie jare op die grens was vir hom baie spesiale jare, want hy was 'n persoon met 'n groot liefde vir sy land en kultuur. Hy was ook tydens verskeie oorgrens-operasies in sy hoedanigheid as kapelaan betrokke.

In 1983 is hy in die NG Gemeente Voortrekkerhoogte-Wes bevestig waar hy tot 1989 was toe hy die NG Kerk bedank het. Rudolf was ook in hierdie tyd as kapelaan verbonde aan Militêre Inligting en die Onderhoudseenheid. Op 17 Julie 1990 het hy by die AP Kerk aangesluit en hy is op 5 Augustus 1990 in AP Kerk Wonderboom bevestig waar hy tot met sy dood predikant was.

Ds. Rudolf het deur die jare die AP kerkverband ook op baie ander terreine gedien, bv. op die GKK, SKK, KFL en die Redaksie van DIE BOODSKAPPER.

Op 3 Maart 1991 het hy en Alta de la Rey in die huwelik getree en hulle in Ninapark gevestig. As oupa van sy vyf kleinkinders het Rudolf gebloem. Dit het hom groot vreugde besorg om saam met hulle legkaart te bou of speletjies te speel en tussen die kuiers deur was 'n geselsie met een van hulle oor die telefoon vir hom 'n belewenis. Een van die hoogtepunte was sekerlik die keer toe sy oudste kleindogter so op vierjarige ouderdom een Sondag tydens die opneem van die kollekte ewe kordaat al die pad van agter in die kerk vorentoe stap en op die kansel op Oupa se skoot gaan sit het.

Rudolf was 'n mens-mens en die kontak met sy lidmate was vir hom baie belangrik. Hy het altyd geweet waar elke lidmaat woon en wat hulle omstandighede was. As hy voor 'n erediens sy oë so oor die gemeente laat gaan, kon hy na die tyd presies vertel wie in die kerk was en wie nie. Een van sy groot vreugdes in die lewe was om sy medemens te help, maak nie saak waarmee dit was nie: of dit nou 'n geestelike probleem was, motorprobleme, om te help met enige reëlins of om saam met iemand te gaan wat 'n sake-afspraak gehad het en nie kans gesien het om alleen te gaan nie — geen hulpverlening was vir hom 'n te groot opoffering nie.

Hy het altyd die vreugde in die klein dingetjies in die lewe gesoek en selfs tydens die hartseerdings in die lewe waarmee 'n predikant dikwels in sy bediening te doen kry, het hy altyd die mooi probeer raaksien en uitgewys en was sy vriendelike glimlag daar.

Ons sal hom mis, maar dank die Here vir wat Hy ons in Rudolf Britz gegee het. Ons bid sy naasbestaendes ryke vertroosting toe en die vrede wat alle verstand te bowe gaan (Filip. 4:7).

Dr. HJ Smith

Ds. JAN DANIEL MALONEY
24/09/1941 – 28/11/2008

Dit was die wil van die Here om ons leraar, ds. Jan Maloney, ná 'n kort siekbed, vir hoër diens op te roep. Ons treur oor hom, maar is dankbaar teenoor die Here vir sy bediening die afgelope meer as vier jaar.

Ná matriek in 1959 het ds. Maloney ingeskryf vir teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. Nadat hy in April

1964 met Geertjie Pelser getroud is, het hy sy studies gestaak en in die krediet afdeling van die Landboukoöperasie Nylstroom begin werk. Na aanleiding van die wonderbaarlike herstel van hul eerstelingseun na vergiftiging, het ds. Maloney egter opnuut die roeping gevoel om hom as evangeliedienaar te bekwaam. Gevolglik is hulle terug Pretoria toe vir die voltooiing van sy studies — sonder sekerheid oor blyplek of inkomste. Met die hulp van hul ouers en deur eie inisiatief het hulle tog reggekom, sodat ds. Maloney aan die einde van 1974 sy opleiding suksesvol kon voltooi.

Ds. Maloney het tydens sy bediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk in drie gemeentes gewerk, nl. Oberholzer (1975 tot 1977), Randburg (1977 tot 1979) en Potchefstroom-Suid (1979 tot 1991). Hulle het by al drie gemeentes as span met groot ywer en onderskeiding gewerk. Afgesien van sy pastorale werk, was ds. Maloney ook altyd bereid om gemeenskapsdiens te lewer.

In 1991 het die Maloney's besluit om by die AP Kerk aan te sluit wat 'n nuwe era in hul bediening ingelei het. Ds. Maloney het 'n beroep na Vryburg aanvaar, maar moes ook die ander Kalahari-gemeentes Bosrand, Louwna en Bray bedien, asook die afgeleë wyke Stella en Piet du Plessis. Die wyk Stella het met insluiting van Piet du Plessis in 1996 'n eie gemeente gestig, maar ds. Maloney moes steeds voortgaan met die bediening. Die groot getal gemeentes en wyke het meegebring dat hy gewoonlik vier eredienste per Sondag moes hou en sowat 4.000 km per maand moes aflê. Dit was baie harde werk, maar die meelewing en samewerking van die gemeentelede was 'n groot hulp en inspirasie vir die pastoriepaar.

Deur die bemiddeling van ds. Maloney is die Volkskool op Vryburg in 1995 van stapel gestuur. Die Maloney's het selfs hul pastorie ontruim, sodat dit kon dien as skoolkoshuis.

Na 'n baie vrugbare bediening in die Kalahari het ds. Maloney in 2001 die beroep na die gemeentes Winburg, Theunissen en Marquard aanvaar. Die nuwe werkkring het nuwe uitdagings meegebring, maar die sterk geestelike ingesteldheid van die lidmate het seën op die werk van die pastoriepaar verseker.

Toe ds. Maloney en Geertjie in September 2004 na ons oorgekom het, was ons reeds vir 'n geruime tyd herderloos, en was ons gemeente in meer as een opsig op 'n laagtepunt. Soos by vorige gemeentes het hulle egter met groot ywer ingespring om die gemeente weer op te bou. Hierin het hulle uitstekend geslaag, sodat knelpunte, insluitende finansiële probleme, spoedig opgelos is en die gemeente normaal kon voortgaan met sy taak.

Ons het ds. Maloney leer ken as 'n kalm en rustige persoon wat altyd vriendelik en opreg teenoor almal opgetree het. Sy persoonlikheid het ook weerklank gevind in sy prediking, en hy het bewys dat 'n vurige aanbidding nie essensieel is om die evangelie suksesvol te bring nie. Al sy boodskappe was kort en op die man af, sodat die hoorders se gedagtes feitlik nie kon dwaal nie. Sy diepgaande kennis van die antieke geskiedenis, veral van Bybelse tye, het hom in staat gestel om baie voorheen onverstaanbare dinge in die Bybel vir ons te verklaar. As iemand intens geïnteresseerd in die kontemporêre wêreldgebeure, was hy baie bekommerd oor die verval op morele en geestelike gebied, ook onder ons mense. Hy het dan ook dikwels ons opgeroep om vas te hou aan die hoop op Christus in die huidige sondige en verwarde wêreld.

Een van die belangrikste bydraes wat ds. Maloney tydens sy bediening by ons gemaak het, was sy gereelde besoeke aan gemeentelede, veral die siekes en oues van dae. Inagnemend die uitgestrektheid van Oudtshoorn se gemeente en die addisionele verpligtinge teenoor George gemeente, moes hy baie ure op die pad deurbring. Sy pligsgetrouheid was

werklik bewonderenswaardig. Tot naby sy einde het hy steeds meer as sy plig gedoen. Sy laaste boodskap was op 9 November 2008 toe hy reeds baie swak was. Aan die hand van die gelykenis van die vyf verstandige en die vyf onverstandige maagde (Mt. 25) het hy as laaste vermaning ons gemeente opgeroep om ons saak met die Here reg te maak sodat ons gereed sal wees om Hom te ontmoet.

Ons harte gaan uit na mev. Maloney en hul drie kinders, asook die kleinkinders en bid hulle die Here se vertroosting toe. Soos hulle, sal ons ds. Maloney baie mis, en ons eer sy nagedagtenis.

Die begrafnis is gehou deur ds. Jan de Beer, 'n lewenslange vriend van ds. Maloney. Ds. Dewald Cronjé van Albertinia het die teraardebestelling waargeneem.

Kerkraad, AP Kerk Oudtshoorn

DS. SAREL JOHANNES VAN DER WESTHUIZEN **19/11/1942 - 30/5/2009**

Sarel Johannes van der Westhuizen is gebore op 19 November 1942 in Potchefstroom. 'n Gewone mens met foute en tekortkominge maar tog 'n gelowige kerkmens en dienaar van Jesus Christus. Iemand het eenkeer gesê as God jou Vader is, is die kerk jou moeder en dit was waar van Sarel.

Sarel was in Bloemfontein en Kroonstad in die laerskool en het sy hoërskoolloopbaan aan Potchefstroom Gimnasium voltooi waar hy ook op die leerlingraad gedien het. In 1960 was hy die landswe wenner van die wiskunde olimpiade waar hy 'n beurs gewen het om aan die Yale Universiteit in die USA ingenieurswese te gaan studeer. Sy roeping as predikant was vir hom so sterk dat hy die prys van die hand gewys het. Sarel het Teologie aan die Universiteit van Pretoria studeer, waar hy sy BA- en BD-grade verwerf het. Hy was ook Tukkies se rasieler en op die konsertoere van die Teologiese Vereniging seremoniemeester.

Op 7 Desember 1968 tree hy in die huwelik met Gerda van Niekerk en uit die huwelik is drie kinders gebore. Sarel was in die Hervormde Kerk predikant in Vanderbijlpark, Bloemfontein, Klerksdorp en Lichtenburg.

Sarel het diens gedoen as Kapelaan in die weermag en ontvang verskeie toekennings waaronder aanprysing-sertifikaat vir besondere pligsgetrouheid, goeie gedrag en diens van hoogstaande gehalte gelewer en die Hoof van die Leër se aanprysing ter erkenning van prysenswaardige diens, ensovoorts. Hy het ook die Pro Patria Medanje ontvang vir operasionele dienste gelewer.

Sedert November 2005 is hy predikant in die AP Kerk en bedien hy gemeentes Vanderbijlpark, Zoar en Sasolburg. So word die sirkel van sy bediening ook voltooi, want hy het sy werk as bedienaar van die Woord in Vanderbijlpark begin en weer daar afgesluit.

Sarel van der Westhuizen was 'n gewaardeerde en geliefde predikant. In die gemeente en gemeenskap was groot waardering vir sy geestelike leiding en ondersteuning. Sy absolute onkreukbare eerlikheid oor sy gevoel en liefde vir sy volk het respek afgedwing by vriend en vyand.

Sarel was iemand wat niks te veel geag het om die Woord te verkondig nie. Dit spreek onder meer uit sy prediking op Oranjeville en Sasolburg waar hy, ten spyte van sy siekte nog bereid was om elke Sondag ongeveer 200 km af te lê om die Woord te gaan verkondig. Sarel het op 'n besonderse manier altyd suiwer Bybels-reformatories gepreek en dit was vir hom belangrik om die Woord op 'n treffende manier en

sonder enige notas suiwer en duidelik oor te dra. Selfs op sy siekbed het hy die belange van die gemeente op die hart gedra.

So sal ek my pa onthou, nie eers sy eie lyding het hom daarvan weerhou om die werk van die Here enduit te verrig nie. Hy het in die wedloop volhard, hy het die oorwinning behaal! Ons moenie huil nie, en moenie bevrees wees nie, sy werk is nog nie klaar nie, dit begin nou eers, God het hom meer nodig as ons op aarde.

Ons dank ons Hemelse Vader vir die tyd wat hy vir ons gegun was. Ons salueer 'n voorbeeld, 'n vriend, 'n vader!

Isabel Verryne

DS. LEON DU TOIT
3/2/1947 – 3/6/2009

Dit is met groot leedwese dat die gemeente van die AP Kerk Louis Trichardt afskeid geneem het van hul leraar, ds. Leon du Toit.

Ds. Leon du Toit is gebore op 3 Februarie 1947 en behaal die volgende kwalifikasie: BA BTh, Lis.Teol. Ds. Du Toit het vanaf die NG Kerk op 2 Februarie 1993 oorgekom na die AP Kerk. Hy lewer sy intrepreek te AP Kerk Louis Trichardt op 20 Maart 1993.

Op 17 Mei 2009 kry hy 'n asma aanval, gevolg deur 'n beroerte en 'n hartaanval. Hy is na die waakeenheid in Pietersburg gehaas en ná 'n kort siekbed is hy op 3 Junie 2009 oorlede. Hy word oorleef deur sy moeder, tannie Sarie, eggenote Erna, twee seuns, Abri en Johan, en een skoondogter Mu'Cheries.

Ds. Du Toit het vanaf sy intrepreek in 1993 hier in AP Kerk Louis Trichardt tot en met sy siekbed, getrou sy herderskap uitgeleef. Baie lief en leed is gedeel en die gemeente sal hom baie mis. Mag die Here die naasbestaendes en gemeente naby wees en gou berusting bring.

Leeg is die preekstoel

Leeg is die preekstoel,
leed en weemoed is die algemene gevoel ...
die gemeente bid en pleit, 'n wonderwerk te gebeur,
God se Raadsplan het bepaal: ons sou dit moes verbeur ...
Hartseer is ons almal nou,
trane van die soete onthou:
"Hy het ons kindertjies gedoopt,
jongmense het hy die pad leer loop ...
Huwelike het hy bevestig
God se Koninkryk het hy help vestig."

Ons hartseer het hy gedeel,
saambind wanneer hardekwaste verdeel,
boodskappe deur hom gebring, altyd kort en kragtig,
so het hy getrou getuig van God so magtig ...

Dankie, Heer, vir al die dae van sy lewe,
harte het hy vir U laat bewe.
Laat die saad deur hom gesaai.
Ewig vrug dra vir U om te maai...

Heer ons harte is so seer,
wil U ons aanraak met 'n Vaderhand so teer,
droog U ons trane af.
Maak ons hart vir U saf,
U Raadsplan nou so te aanvaar,
U het hom kom haal, verder pyn gespaar...

Kerkraad – AP Kerk Louis Trichardt

DS. JACOBUS ABRAHAM BOTES (KOSIE)
3/9/1937 – 8/7/2009

Kosie Botes is in 1937 gebore op Vryburg en het daar in die distrik grootgeword. Tydens sy jaar in die lugmag gimnasium het hy tot bekering gekom en sy roeping om predikant te word, ontvang. Hy het 'n paar jaar gewerk voor hy sy BA-graad aan UP behaal het. Daarna is hy na Stellenbosch vir sy kweekskoolopleiding en word 1967 tot die bediening toegelaat.

Na sy huwelik met Corrie begin hy sy bediening as sendeling in Malawi en wel as die eerste predikant van die gemeente Mdzobwe van die Kerk van Midde Afrika, Presbiteriaans. Daarna bedien hy twee NG moedergemeentes te wete Prieska en Ladismith, Kaap. In 1984 keer hy terug na die werk onder die Malawiërs, die keer na Bindura in Zimbabwe. Gedurende die sewe jaar wat hy 'n werkpermit van die Zimbabwiese regering kon kry, het hy die ontwikkeling van kerksake in die RSA noukeurig gevolg. Toe 'n verdere verlenging van die werkpermit nie moontlik was nie, was daar net een begeerte by hom en dit was om verder in die AP Kerk te werk.

In die AP Kerk was hy eers werksaam in die twee gemeentes – Hennenman en Virginia – en daarna in Prieska en Groblershoop. Ná sy aftrede op Kleinmond het hy sedert 2002 dienste waargeneem in etlike gemeentes in die Wes-Kaap wat nie hulle eie leraars gehad het nie.

Teen die einde van 2007 is hy gediagnoseer met mesoteliom (asbes-kanker) en het hy die geleidelike aftakeling deur die siekte en inperking van vermoëns met groot vrede en blymoedigheid gedra totdat hy eindelik op 8 Julie 2009 aan huis oorlede is. Hy laat sy vrou, vier kinders en twee kleinkinders agter wat hom sal onthou as 'n liefdevolle, sorgsame vader wie se liefde vir praktiese handewerk sigbaar is in baie dinge wat hy nagelaat het.

Die gemeentes waar hy gewerk het, sal hom onthou as 'n ywerige werker, altyd goed voorbereid, 'n goeie administrateur en iemand wat geglo het in die waarde van huisbesoek. Die suiwer evangelie boodskap, sterk familiebande en 'n liefde vir sy volk en volksake het swaar by hom gewee.

Hy sal bly voortleef in ons gedagtes, sy lekker lag en goeie sin vir humor sal vir altyd onthou word.

Wouter Hugo (Susterskind)

DS. JAN COENRAAD ADLAM
21/3/1943 – 14/6/2009

Ds. Conrad Adlam behaal die grade BA (1983 UNISA), BD (1986 UP) en Nagraadse Diploma in Teologie (1987 UP). Hy bedien die NG gemeente Elandspoort vanaf 1988 tot 1999 waarna hy by die AP kerkverband aansluit. Hy aanvaar die beroep na die AP Kerk Petrus Steyn in 1999 waar hy werksaam was tot hy weens swak gesondheid moes aftree. Hy tree in 1977 in die huwelik met Elsabe Baird en uit die huwelik is drie kinders gebore. Ongelukkig verswak sy gesondheid sodanig dat hy in 2001 op vervroegde pensioen moet gaan.

In 'n getuigskrif oor ds. Adlam skryf ds. H Hefer soos volg:

Sy lewe word gekenmerk deur die strewe om die Here te gehoorsaam, en hom te verheerlik in alles wat hy doen. Conrad se bediening in die gemeente is gekenmerk deur sy liefde vir die Woord van die Here, sy liefde vir en loyaliteit teenoor die Gereformeerde Belydenis, sy toewyding en offervaardigheid, sy besorgdheid oor die geestelike welstand van die gemeente en sy begeerte dat die gemeente groei en beter toegerus word sodat hulle die Here met toegewytheid kan dien.

AS van Staden

VERSLAG: ARIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE (APA)

(Kyk Afdeling B van Kuratoriumverslag, bl. 195)

VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)

Tydperk: 6 September 2007 tot 12 April 2010

1. PERSONEEL

Primarii: Dr. JH Ellis (voorsitter)
 di. JC Gericke (ondervoorsitter)
 HSW Strauss (skriba)
 CR Vermaak
 A van Zyl en
 A Swart.

Sekundi: Prof. GDS Smit
 di. W van Zyl
 PB Müller en
 GCD Stoltz.

2. VERGADERINGS

Sewe vergaderings is gehou.

3. SINODALE OPDRAGTE 2007**3.1 LESSE OOR ALGEMENE EN VADERLANDSE KERK-
GESKIEDENIS, DIE EREDIENS EN DIE KINDER-
NAGMAAL**
(SAKELYS 2004, bl. 191; HANDELINGE, bl. 334)

2007 – AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode kontinueer hierdie opdrag aan die KJV insake die lesse oor Algemene en Vaderlandse Kerkgeskiedenis.

AANBEVELING

**3.1.1 Die Sinode neem kennis dat hierdie opdrag onder-
vang is deur die opdrag aan die ad hoc-kommissie
vir die hersiening van die Verbondsonderrigboeke.**

3.2 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGBOEKE
(HANDELINGE 2004, bl. 400, pt. 4.2; HANDELINGE, bl. 339)

2007 – AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.3.1 Die Sinode wag die pogings van die KJV en die Pk. af om doeltreffende losstaande materiaal vir die doeleindes van verbondsonderrig te voorsien.

AANBEVELING

**3.2.1 Die Sinode neem kennis dat hierdie opdrag onder-
vang is deur die opdrag aan die ad hoc-kommissie
vir die hersiening van die Verbondsonderrig-boeke.**

**3.3 HERSKRYWE VAN DIE VERBONDSONDERRIG-
BOEKE** (HANDELINGE, bl. 334)

2007 – AANBEVELING GOEDGEKEUR MET WYSIGING:

6.1.3 Die Sinode benoem 'n ad hoc-kommissie van ses lede om die herskryf van die verbondsonderrig-handboeke en -handleidings te beplan en te koördineer.

2007 – AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1.5 Die Sinode keur R40 000 per jaar goed vir die ad hoc-kommissie vir die herskryf van die boeke.

6.1.7 Die Sinode dra dit aan die ad hoc-kommissie op om DIE WOORD IN DIE HART Deel 2-4 so spoedig moontlik af te handel.

AMENDEMENTE GOEDGEKEUR:

6.1.9 Die Sinode besluit dat die ad hoc-kommissie sal bestaan uit die voorsitter van die KJV, drs. CA Swanepoel, ds. A Hough, proff. JAE Adendorff, J Bosman en dr. JH Ellis met die reg om verder kundiges, soos opvoedkundiges, te koöpteer. Die sameroeper van die kommissie is die voorsitter van die KJV.

6.1.10 Die ad hoc-kommissie moet besin oor die kurrikulum, die metodiek van aanbidding en die werkswyse van die kommissie en die volgende sinode met aanbevelings dien.

6.1.11 Die Sinode dra dit aan die ad hoc-kommissie op om die boek KATKISASIEBOEK deur dr. GBA Gerdener, te ondersoek vir moontlike gebruik in die belydenisklas, asook die gebruik van die belydenisskrifte vanaf laerskoolvlak.

6.1.12 Persone wat wil insette lewer, word versoek om dit aan die ad hoc-kommissie deur te gee.

Kyk verslag van Ad hoc-kommissie vir die herskryf van VBO boeke (bl. 223)

4. WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE**4.1 PROGRAMSKETSE VIR DIE JEUG**

Die kommissie is nog besig om die programsketse op laserskyf te plaas, sodat dit aan gemeentes beskikbaar gestel kan word.

AANBEVELING

4.1.1 Die Sinode keur die werkwyse van die KJV goed en neem kennis daarvan dat die programsketse op laserskyf geplaas gaan word sodat dit op aanvraag deur gemeentes bestel kan word.

4.2 VERBONDSONDERRIGKURSUSSE

Verbondsonderrig-kursusse word deurlopend aangebied op aanvraag van gemeentes en/of ringe. Die Verbondsonderrig-kursusse word aangebied om verbondsonderrigpersoneel te skool vir hulle taak as voorgangers.

AANBEVELING

- 4.2.1** Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV, ander leraars en professore wat die kursusse aanbied en moedig kerkrade aan om van die geleentheid gebruik te maak om hulle verbondsonderrig-personeel te skool.

4.3 JEUGKAMPE

Met die goedkeuring van die Sinode word daar jaarliks, onder leiding van die KJV, verskeie jeugkampe deur verskillende gemeentes in die AP kerkverband aangebied waar onder:

- Skoolverwisselingskampe vir graad 7 kinders.
- Paassaamtrenke vir naskoolse jeug.
- Skoolverlaterskampe vir matriculante.
- Junior Verbondsjeugkamp (laerskool) en
- Senior Verbondsjeugkamp (hoërskool).

Daar word ook jaarliks 'n hoërskool-avontuurkamp deur AP Kerk Middelburg aangebied wat wye belangstelling geniet.

Die belangstelling in die kampe het getallegewys drasties afgeneem — in so 'n mate dat van die kampe in 2009 en 2010 gekanselleer moes word. Die belangstelling vir die Toptiener- (hoërskool), Tjokker- (laerskool) en Avontuurkampe is steeds lewendig.

Die KJV is bewus van verskeie gemeentes en ringe wat ook verskillende jeugkampe met groot vrug aanbied.

AANBEVELINGS

- 4.3.1** Die Sinode spreek sy kommer uit oor die kwy-nende belangstelling in die bywoon van kampe deur die jeug van die AP kerkverband.
- 4.3.2** Die Sinode beveel aan dat die KJV herbesin oor die aanbied van jeugkampe vir verskillende ouderdomsgroepe binne die AP kerkverband met die oog daarop om die belangstelling weer aan te wakker.
- 4.3.3** Die Sinode versoek kerkrade en ouers om die jeug/ kinders aan te moedig om die kampe in die kerkverband by te woon en dat kerkrade oorweging sal skenk om die kampgelde te finansier of te subsidieer.
- 4.3.3** Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en gemeentes wat gemelde kampe reël en aanbied.
- 4.3.4** Die Sinode versoek leraars om hulleself beskikbaar te stel vir die aanbieding van jeugkampe en versoek kerkrade om hulle leraars beskikbaar te stel en aan te moedig om sodanige kampe aan te bied.
- 4.3.5** Die Sinode dra dit aan die KJV op om ondersoek in te stel na watter soort jeugkampe in aanvraag is en aangebied kan word. Die insette van leraars, kerkrade en ringe moet hiervoor verkry word.

4.4 BYBELKENNISEKSAMEN

Die Bybelkenniseksamen wat jaarliks geskryf word, is baie suksesvol. Die belangstelling neem jaarliks toe en die stadium is al bykans bereik dat 2000 kinders die Bybelkennis eksamen jaarliks skryf.

Aantal deelnemers:

	Kinders	Gemeentes
2007	1635	134
2008	1841	141
2009	1860	142

Die getal kinders wat óf 100% behaal, óf 'n persentasie van bo 90% behaal, neem ook jaarliks toe. Daar is ook 'n groot afname in die getal kinders wat minder as 50% behaal en slegs 'n deelname sertifikaat ontvang.

AANBEVELINGS

- 4.4.1** Die Sinode betuig sy dank teenoor die KJV wat jaarliks die Bybelkenniseksamen opstel vir gebruik deur kerkrade.
- 4.4.2** Die Sinode neem met dank kennis van die groeiende aantal kinders wat jaarliks die Bybelkenniseksamen aflê.
- 4.4.3** Die Sinode versoek kerkrade en ouers om voort te gaan om kinders in die Verbondsonderrig te motiveer om die Bybelkenniseksamen jaarliks af te lê.

4.5 JEUGWEBWERF

Die KJV neem 'n leemte waar ten opsigte van die deurgee van inligting rakende jeugbediening in die AP kerkverband. Inligting bereik gemeentes in baie gevalle te laat sodat hulle nie sinvol kan deelneem aan aktiwiteite wat deur die KJV of gemeentes geloods word nie. Die KJV het besin oor die wenslikheid van die daarstel van 'n webwerf waardeur inligting meer doeltreffend beskikbaar gestel kan word aan gemeentes.

AANBEVELINGS

- 4.5.1** Die Sinode dra dit aan die KJV op om sodanige webwerf daar te stel.
- 4.5.2** Die Sinode beveel aan dat hierdie webwerf aan die amptelike webwerf van die AP kerkverband gekoppel sal wees.
- 4.5.3** Die Sinode versoek kerkrade en ringe om inligting rakende jeugbediening aan die KJV deur te gee, sodat dit in die webblad opgeneem kan word.

5. BESKRYWINGSPUNTE:**5.1 Ring van Ermelo: Bybelkenniseksamen vir volwassenes**

Die Sinode gee opdrag dat die KJV tesame met die Bybelkenniseksamens vir die Verbondsonderrig, ook 'n jaarlikse vraestel sal opstel vir volwassenes. Die bestek van hierdie vraestel moet ook in drie dele verdeel wees, t.w. Ou Testament, Nuwe Testament en besondere belydenisskrifte.

Motivering

Die vlak van Bybelkennis binne die AP kerke is kommerwekkend — nie net onder die jeug nie, maar ook onder volwassenes. Die Ring van Ermelo is van mening dat volwassenes se gebrekkige kennis van die Bybel grootliks verantwoordelik is vir die gebrekkige Bybelkennis onder die verbondsjeug. Deur volwassenes die geleentheid te bied om deel te neem aan die jaarlikse Bybelkenniseksamen, kry hulle geleentheid om hul Bybelkennis op te skerp. Hul deelname en erns met die saak sal ook dien as motivering vir die

verbondsjeug om erns te maak met hul kennis van die Bybel. Hierdie vraestelle kan vrywillig deur volwassenes geskryf word.

AANBEVELING

5.1.1 Die Sinode gee opdrag aan die KJV om jaarliks ook 'n vraestel vir volwassenes op te stel. Die bestek van hierdie vraestel se drie dele moet bestaan uit 'n gedeelte uit die Ou Testament, 'n gedeelte uit die Nuwe Testament en 'n gedeelte uit die besondere belydenisskrifte.

5.2 Ring van Beaufort-Wes: Verbondsonderrig

Die Sinode besluit om 'n handleiding vir voorgangers van graad 4, 5 en 11 op te stel.

Motivering

'n Soortgelyke beskrywingspunt is op 3 Maart 2007 na die ringsitting wat op Murraysburg gehou was, gestuur. Ons het geen terugvoering gekry nie. Die groot behoefte is 'n handleiding met antwoorde vir die voorganger van graad elf, sowel as vier en vyf. Op die oomblik is die boeke van die voornemende lidmaat en die voorganger dieselfde. As 'n leraar die klas kan hanteer, het hy die regte agtergrond om die regte antwoorde te gee. Die gewone lidmaat wat nou die klas hanteer, het so 'n handleiding nodig.

AANBEVELING

5.2.1 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering

Met die besluit van die Sinode van 2007 om 'n *ad hoc*-kommissie daar te stel vir die herskryf van die verbondsonderrigmateriaal van die kerkverband, is dit nie wenslik om verdere handleidings daar te stel van die huidige handboeke nie, aangesien die hoeveelheid handleidings wat gedruk sal word, klein in getal en 'n groot finansiële uitgawe sal wees.

5.2.1 Beskrywingspunt Ring van Beaufort-Wes: Jong belydende lidmate

Die Sinode besluit dat meer aandag aan jong belydende lidmate wat die skool verlaat en na ander gemeentes vertrek, gegee moet word.

Motivering

Hierdie versoek is baie dringend omdat dit 'n invloed sal hê op die toekoms van ons kerk. 'n Paar praktiese voorbeelde kan moontlik help om u onrustig te maak. Sowat twee tot drie jaar gelede is twee van ons jong lidmate by 'n dameskoshuis in Bloemfontein ingeskryf. Op 11 Januarie 2010 is 'n jong lidmaat by 'n seunskoshuis ingeskryf.

In al hierdie gevalle is die plaaslike gemeente van hulle teenwoordigheid verwittig. Tot dusvêr was daar nog nie iemand van die betrokke gemeente om net te kom kennis maak nie.

Die betrokke NG gemeente hou saans saamtrekke ver van die koshuis. Dan moet die kinders 11 uur saans terug loop na die koshuise. Die nuutste is nou dat die NG Kerk gereelde saamtrekke om 18:00 in die koshuis reël. Alle rasse is dan teenwoordig en as Sotho-liedjies gesing word, kan ons lidmate nie deelneem nie. Intussen het die ouers van die betrokke kinders gesê dat hul maar NG Kerk eredienste moet bywoon, omdat daar geen belangstelling vanaf die AP Kerk is nie.

AANBEVELING

5.2.2 Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering

a. Die Sinode het hom reeds in die verlede oor hierdie saak uitgespreek en daarom moes as beswaarskrif ingedien gewees het.

b. Die KJV oordeel dat hierdie saak 'n plaaslike aanleentheid is wat deur die betrokke gemeentes se kerkrade onderling hanteer behoort te word.

5.3 Ring van Suidkus: Bybelversies vir Verbondskinders

Die Sinode besluit om weer vir die Verbondskinders Bybelversies te laat leer.

Motivering

Die kinders ken nie meer die Bybel nie. Soms kan jongmense wat belydenis van geloof aflê, nie eens die heel basiese versies noem of opsê nie.

AANBEVELING

5.3.1 Die Sinode dra dit aan die *ad hoc*-kommissie vir die herskryf van die Verbondsonderrigboeke op om ook by die lesse teksverse in te sluit wat deur die kinders gememoriseer moet word.

6. BEGROTING

Die begroting van die KJV is deel van die verslag van die GKK en word daar goedgekeur.

7. SLOT

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vertrou dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die Sinode en kerkverband in die geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die AP kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

DR. JH ELLIS (VOORSITTER)
DS. HSW STRAUSS (SKRIBA)

VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR DIE HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGBOEKE EN -HANDLEIDINGS

Tydperk: 6 September 2007 tot 30 April 2010

1. INLEIDING

Die Sinode van 2007 het die volgende besluite geneem wat hierdie kommissie raak: (HANDELING, bl. 334 en 339)

2007 – AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1.3 Die Sinode benoem 'n ad hoc-kommissie van ses lede om die herskryf van die verbondsonderrig-handboeke en -handleidings te beplan en te koördineer.

6.1.5 Die Sinode keur R40 000 per jaar goed vir die ad hoc-kommissie vir die herskryf van die boeke.

6.1.7 Die Sinode dra dit aan die ad hoc-kommissie op om DIE WOORD IN DIE HART Deel 2-4 so spoedig moontlik af te handel.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

6.1.9 Die Sinode besluit dat die ad hoc-kommissie sal bestaan uit die voorsitter van die KJV, ds. A Swanepoel, prof. J Bosman, ds. A Hough, prof. JAE Adendorff en dr. JH Ellis met die reg om verder kundiges, soos opvoedkundiges, te koöpteer. Die sameroeper van die kommissie is die voorsitter van die KJV.

6.1.10 Die ad hoc-kommissie moet besin oor die kurrikulum, die metodiek van aanbidding en die werkswyse van die kommissie en die volgende sinode met aanbevelings dien.

6.1.11 Die Sinode dra dit aan die ad hoc-kommissie op om die boek KATKISASIEBOEK deur dr. GBA Gerdener, te ondersoek vir moontlike gebruik in die belydenisklas, asook die gebruik van die belydenisskrifte vanaf laerskoolvlak.

6.1.12 Persone wat wil insette lewer, word versoek om dit aan die ad hoc-kommissie deur te gee.

2. OPTREDE VAN DIE KOMMISSIE

2.1 PERSONEEL

Die lede wat benoem is, was almal betrokke, naamlik proff. JAE Adendorff, J Bosman, dr. JH Ellis, di. A Hough en CA Swanepoel. Dr. JH Ellis het as voorsitter opgetree en di. A Hough en CA Swanepoel as skribas.

2.2 VERGADERINGS

Die kommissie het sedert sy benoeming nege keer vergader, te wete 23/11/07, 26/02/08, 16/05/08, 24/07/08, 23/10/08, 13/02/09, 15/05/09, 19/06/09 en 14/04/10.

Die vergadering het met die begroting wat aan hom gegee is, reiskoste van die lede betaal, boeke van oorsee bestel, insette van belangstellendes verkry en raad gaan inwin by kenners.

3. WERKSWYSE

Die kommissie moes die bestaande stelsel van verbondsonderrig evalueer ten einde tot 'n beter insig van die voor- en nadele van die bestaande stelsel te kom. Dit sou die kommissie ook help rig in wat die basiese doelstellings van 'n nuwe stelsel moes wees. Hiermee saam moes die kommissie

ook besin oor basiese oorwegings wat moes geld in die opvoedkundige model wat gekies sou word.

Hierna is voortgegaan om aan 'n nuwe stelsel te begin skaaf wat met behoud van die goeie uit die verlede, reformatories daarop voortbou in ons eie tyd. Ná baie gesprekke en debatte en met inagneming van vele modelle, bied die kommissie hierdie verslag as vrug van die samesprekings en samewerkings aan.

Hierdie verslag sal ter wille van duidelikheid oor die pad wat die kommissie gestap het, die bespreking onder die volgende punte inlei:

- Identifisering van basiese doelstellinge.
- Evaluering van die ou stelsel.
- Konsepontwerp van 'n stelsel wat trou is aan die Woord en ook rekening hou met die unieke eise van die tyd:
 - Stelsel
 - Kurrikuluminhoud
 - Metodiek — verbondskinders
 - verbondsvorgangers
 - Hulpmiddels.
- Voorbeelde aan die Sinode van hoe die stelsel lyk.
- Opsomming.
- Beplanning en begroting vir die implementering van die stelsel.

3.1. IDENTIFISERING VAN BASIESE DOELSTELLINGE

a. Die oorhoofse doelstelling is natuurlik om die verbondskind tot eer van God sodanig in Skrif en belydenis te onderrig dat die kind nie net tot 'n persoonlike geloofs-belydenis en op grond daarvan tot deelname aan die nagmaal kom nie, maar ook tot 'n diensbaarheid aan God se koninkryk in en deur sy/haar lewe.

b. Om hieraan effektief en met diepgang diensbaar te wees, is die volgende basiese begrondings belangrik.

- Heilshistoriese begronding
- Konfessionele begronding
- Kerkhistoriese begronding

c. Bogenoemde begrondings sal dan ook stelselmatig in dieselfde volgorde vasgelê word. Aan die hand van die *Classical Christian School* se model¹ met inagneming van die bekende pedagogiese model van Bloom², wil die kommissie die aanpak so inrig, dat dit stelselmatig met die beklemtonings vorder vanaf:

kennis
↓
insig
↓
wysheid

Hieroor moet daar 'n paar verduidelikende opmerkings gemaak word.

Kennis

Insig in die Woord van God kan nie plaasvind sonder deeglike kennis van die Godsopenbaring nie. Hiervoor is dit noodsaaklik dat die kind 'n deeglike kennis van God se Woord

¹ Vgl. RECOVERING THE LOST TOOLS OF LEARNING: AN APPROACH TO DISTINCTIVELY CHRISTIAN EDUCATION, D Wilson 1991.

² Vgl. A TAXONOMY FOR LEARNING, TEACHING, AND ASSESSING: A REVISION OF BLOOM'S TAXONOMY OF EDUCATIONAL OBJECTIVES, LW Anderson & DR Krathwohl (reds.) 2000.

sal verwerf. Reeds van die begin van hierdie proses van kennisverwerwing is dit egter noodsaaklik om die verskillende episodes in die Bybelgeskiedenis binne die verband van die groot (ware) verhaal van God se verlossingsplan te plaas. Indien dit nie gebeur nie, ken die kind bloot 'n klomp losstaande geskiedenisverhale, maar kan dit nie in verband bring met die ontwikkeling van die geskiedenis wat sou uitloop op die verlossing in Jesus Christus nie. Dit sou die moralistiese verstaan van Bybelverhale stimuleer.

Dit is daarom baie belangrik dat die heilsgeskiedenis se hoofmomente herhaaldelik ingeprent (ons moet eerder sê "ingefilm") word, sodat die *Groot Ware Verhaal* sy impak op die kind kan uitoefen. Hierdie geheelperspektief is baie belangrik. Dit word vandag algemeen erken dat enige wêreldbeskouing eers grondig aangespreek word wanneer die onderliggende verhaal hanteer word. Binne die Westerse sekulêre verhaal waarbinne ons leef, is dit noodsaaklik om die ware verhaal van die Bybel in sy geheel stewig by ons kinders vas te lê as ons wil hê dat hulle nie met losstaande Bybelverhale eintlik maar in die sekulêre verhaal moet rondswem nie.

Insig

Bogenoemde kennisverwerwing verskaf die nodige onderbou sodat daar 'n insig in die samehang van die verskillende dele van God se Woord mag ontstaan. Hierdie insig vind dan plaas aan die hand van die belydenisskrifte wat terselfdertyd ook behulpsaam is om die insig soos die kerk dit oor die eeue uit God se Woord ontwikkel het, aan die kind oor te dra. Iets van die geskiedenis van God se handelinge met sy kerk, help verder om hierdie insig te verdiep.

Wysheid

Uiteindelik gaan dit egter nie bloot om kognitiewe kennis of verstandelike insig in God se Woord nie. Dit gaan eerstens om 'n *lewende kennis* van God soos Hy Hom aan ons in die Woord openbaar het waardeur die verbondskind tot 'n persoonlike geloofsbelydenis kom. Maar dit gaan ook oor *insig* in die geheelboodskap van God se Woord waardeur *wysheid* by die kind aangewakker word wat hom/haar in staat stel om op alle terreine tot eer van God te leef. Omdat hierdie uitlewing van die verbond met God in die lewe van vandag so belangrik is, moet die kind begelei word om praktiese toepassings met *wysheid* in sy leefwêreld te maak. Dit moet egter so geskied dat die toepassings vanuit 'n teosentriese lewens- en wêreldbeskouing geskied.

Die bedoeling is dus dat *kennis*, *insig* en *wysheid* in God se Woord uiteindelik op 'n geseënde wyse in die verbondskind se hart ingegrafeer sal wees.

d. 'n Verdere oorweging waaraan die kommissie aandag geskenk het, was die moontlikheid van groter ooreenstemming van die leerstof waarmee die verskillende ouderdomsgroepe in hul klasse besig is. Die rede is dat dit die saak van huisgodsdiens baie sou vergemaklik indien verskillende ouderdomsgroepe met dieselfde werk kon besig wees. Weliswaar sou dit wel gedoen moes word met inagneming van verskillende vlakke van diepgang, maar die motief om groter groepe almal saam te laat praat oor dieselfde saak uit God se Woord, het vir die kommissie gelyk na iets wat die moeite werd is om te ondersoek. Dit sou voorts ook kon help om in klein gemeentes, verskillende klein klasse sinvol saam te groepeer.

e. Ook die hele kwessie van hulpmiddels met inagneming van die moderne tegnologie, het geblyk 'n belangrike oorweging te wees. Hoe kan moderne tegnologie sinvol gebruik word sodat die kind met alle hulp tot ons beskikking, aan die Woord van God gebind word? Hierin moet die postmoderne klimaat waarin kinders vandag grootword en die gepaardgaande audio-visuele stimulering nie uit die oog verloor word nie. Wat is die moontlikhede van invulspeletjies op die internet, DVS's met insetsels oor agtergrond, verduidelik-

kings en beeldmateriaal oor die les? Hiermee saam moes die vraag of die tegnologie wel behulpsaam is om die kind aan die Woord van God te bind, ook onder bespreking kom.

3.2 EVALUERINGS VAN DIE OU STELSEL

Die kommissie het die bestaande leerplan bestudeer en bepaalde leemtes geïdentifiseer.

a. LEER EN VERTROU 1-3 (Graad 1 tot 3)

Hierdie handboeke stel die Skrif aan die orde. Die volgende leemtes kom na vore:

- Daar is 'n duidelike gebrek aan balans wat die Ou-Testamentiese inhoud aanbetref. Byvoorbeeld: Agt uit die 38 lesse (21%) handel oor Josef.
- Net twee lesse handel oor die Here Jesus se lyding (in die derde jaar), terwyl daar drie oor sy geboorte, drie oor sy wonderwerke en drie oor die roeping van dissipels is.
- Die kronologiese gang van die Here Jesus se lewe ontbreek.
- Die gang van die Ou-Testamentiese fase van die heilsgeskiedenis word telkens onderbreek om met die Nuwe-Testamentiese fase aan te gaan.

b. LEER EN GLO 1-3 (Graad 4 tot 6)

Ook hierdie handboeke stel die Skrif aan die orde.

- Daar is bitter min oor die profete (net vier skrifprofete).
- Nie een les handel oor die ballingskap nie.
- Die Bybelgeskiedenis word nie in 'n openbarings- en heilshistoriese perspektief aangebied nie.

c. LEER EN LEWE 1-4 (Graad 7 tot 10) asook LEER EN BELY (die finalejaar handboek)

Tradisioneel word daar in die verbondsonderrig-leerstof aan drie komponente aandag gegee: Skrif, belydenisskrifte en kerkgeskiedenis. LEER EN VERTROU en LEER EN GLO gee aan die Skrif aandag. LEER EN LEWE en LEER EN BELY het groterdeels die belydenisskrifte tot inhoud. Ontleding van bg. handboeke openbaar die volgende leemtes:

- Hoewel die Heidelbergse Kategismus goed aan die orde gestel word, word die ander belydenisskrifte afgeskeep.
- Daar is net twee hoofstukke wat oor kerkgeskiedenis handel.

3.3 KONSEPVOORSTEL

Met inagneming van bogenoemde oorwegings het die volgende konsep in ons redenerings as voorstel uitgekristalliseer:

3.3.1 Leerplan vir Graad 1-3

- **Graad 1:** 25 Lesse oor die hoofbakens van die heilsgeskiedenis in die Ou Testament.
- **Graad 2:** Volgende 25 lesse oor die hoofbakens van die heilsgeskiedenis in die Nuwe Testament.
- **Graad 3:** Hersiening van 50 lesse in een jaar, met ander woorde, 'n herhaling van die heilsgeskiedenis in een jaar.

Verduidelikende opmerkings

Die kommissie het van die volgende uitgangspunte vertrek:

- Die gereformeerde Skrifbeskouing huldig die standpunt dat die Bybel alleen én volledig die Woord van God is. Daarom moet die volledige Bybel in die leerplan aan die orde gestel word.

- In die Bybel het ons met God se openbaring aangaande Homself te doen. Hierdie openbaring is 'n ontvouende openbaring, m.a.w. wat God aan die begin (Génesis) reeds in beginsel aangaande Homself geopenbaar het, word deur die loop van die heilsgeskiedenis al duideliker bekend gemaak. Dit beteken dat Abraham bv. meer kennis aangaande God en sy werke gehad het as Adam, en Moses het op sy beurt meer van God en sy heilshandeling gewet as Abraham, en Dawid meer as Moses, en Esra meer as Dawid. Die hoogtepunt van die openbaring is Jesus Christus (vgl. o.a. Hebr. 1:1). Die leerplan moet aan hierdie ontvouing of progressie van die heilsgeskiedenis reg laat geskied.

- Die leerplan moet met die bevatlikheid van die verbondskind in sy ontwikkeling rekening hou. Met die oog daarop word kernmomente van die heilsgeskiedenis twee keer op eenvoudige wyse in Graad 1-3 deurgedaan, waarna dit in twee siklusse (vgl. die volgende afdelings) van drie jaar in groeiende diepgang deurgewerk word.

- Die leerplan moet die kind help om die Skrif te ken én daaruit en daarvolgens te leef. In die uitwerk van elke les moet daar dus genoeg aandag aan die toepassing van die Skrif gegee word. Veral die gelowige aanvaarding van God se verbondsbefoeltes en op grond daarvan die gehoorsaamheid aan sy verbondseise, moet die nodige aandag kry.

3.3.2 Leerplan vir Graad 4-6 (siklusbenadering)

- (i) 75 van die bakens in die heilsgeskiedenis in drie jaar, m.a.w. 25 per jaar.
- (ii) *Kortbegrip* rooi boekie
- (iii) Ken 'n Psalm/Gesang en teksvers

Verduidelikende opmerkings

- (i) **75 van die bakens in die heilsgeskiedenis in drie jaar, m.a.w. 25 per jaar**

Die klasse behandel almal dieselfde werk en die verskillende ouderdomme kom op enige gegewe punt in die siklus in met dien verstande dat al 75 bakens uiteindelik hanteer word. Aangesien die heilsgeskiedenis reeds in die eerste drie grade aan die orde gestel is, kan die posisie in die heilsgeskiedenis maklik binne konteks geplaas word. Dit is dan ook die werk van die lesse om hierdie konteks binne die heilsgeskiedenis duidelik aan te toon. Kyk egter ook na die alternatief op hierdie aanpak wat later aan die orde kom by 3.4.4.

Watter opsie ook al verkies word, daar sal wel gepoog word om behalwe die werkboek wat gegee word, ook 'n DVS met insetsels saam te gee wat kan help om die verbeelding van die kind oor daardie betrokke les aan te gryp. Daar sal ook 'n handleiding aan die onderwyser beskikbaar gestel word wat die voorganger stap vir stap begelei hoe om die betrokke klas met gepaste hulpmiddels aan te bied. Vir dié doel sal daar ook gewerk word om die hulpmiddels wat voorgestel word vir elke les, beskikbaar te stel.

In hierdie verband moet die werk genoem word van AROS, die gereformeerde opvoedingsinstansie in Pretoria wat in hierdie opsig reeds waardevolle baanbrekerswerk gelewer het. Hulle het hulself ook bereid verklaar tot samewerking wat betref die werk oor die heilsgeskiedenis, tesame met die DVS-insetsels. Hul is wel gewillig dat ons hul materiaal vir ons eie doeleindes kan ombou en selfs ons eie voorblaaie en uitleg kan kies, met dien verstande dat daar net erkenning verleen word aan hul insette.

- (ii) ***Kortbegrip* rooi boekie**

Hier word die eenvoudige Kortbegrip van die HK wat in die rooi boekie (uitgegee deur die Gereformeerde Kerke in Suid-

Afrika) gevind word, in die siklus hanteer as deel van elke Sondag se drilwerk. Die vrae en antwoorde word so ingedeel dat die boekie in drie jaar deurgewerk word.

- (iii) **Ken 'n Psalm/Gesang en teksvers**

Elke Sondag word daar alternatiewelik van of 'n Psalm/Gesang of teksvers rekenskap gegee. Dit vorm saam met die HK kortbegrip-vrae deel van die drilwerk elke Sondag. Die bedoeling hiermee is dat die kinders sal leer om ons kerkliedere lief te kry. Vele van ons kan vandag nog liedere onthou wat ons as kinders aangeleer het en daar is vele kinders in die GKSA (klein Doppertjies) wat ons daaraan herinner dat die kind se bevatlikheidsvermoë vir enige lied, ook Psalms, besonder groot is in hul jong jare.

Ons ag dit verder ook belangrik as ons onself daaraan herinner dat Luther blykbaar by geleentheid gesê het dat hy nie omgee wie die teologie van die kerk skrywe nie, solank hy maar net die liedere kon skrywe. Die teologie van die kerk word reeds in die liedere vasgelê en daarom mag ons hierdie aspek nie verwaarloos nie. Hierdie liedere sal verteenwoordigend uit ons boek PSALM- EN GESANGE VIR DIE AP KERK gekies word, met inagneming van die belangrikste liedere wat ons aan hulle in ons liedereskat wil leer. Aangesien hierdie liedere deur herhaling aangeleer word, sal die drilwerk in kombinasie met die aanleer van belangrike teksverse geskied (ook met behulp van die DVS), sodat daar met behoud van herhaling en kontinuïteit, alternatiewelik elke week iets nuuts bygewerk kan word.

3.3.3 Leerplan vir Graad 7-9

Dieselfde werk as Graad 4-6 word op dieselfde tyd in hierdie siklus herhaal, maar met groter diepgang.

- (i) **75 van die bakens in die heilsgeskiedenis in drie jaar, m.a.w. 25 per jaar**

Dieselfde uitgangspunte geld as in die eerste siklus.

- (ii) ***Kortbegrip* blou boekie**

Dieselfde uitgangspunte geld as in die eerste siklus, nou met die blou boekie (óók uitgegee deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) se kort begrip, wat meer uitgebreid is, as toepassing.

- (iii) **Ken 'n Psalm/Gesang en teksvers**

Dieselfde uitgangspunte geld as in die eerste siklus.

3.3.4 Graad 10-11

In plaas van een afrondingsjaar in die verlede, word dit nou oor twee jaar heen versprei. Op hierdie stadium is die bedoeling dat die heilsgeskiedenis al ten minste vier keer deurgewerk is, en die Heidelbergse Kategismus, ten minste twee maal. Wat nou in hierdie fase beoog word, is om die katkisanter in nog groter insig in te lei in die belydenis van die kerk met bywerking van die ander belydenisskrifte, maar ook in die besonder in groter wysheid.

Om hierdie doel te bereik, word daar van 'n metode gebruik gemaak (kyk kurrikulum) wat poog om die katkisanter op 'n praktiese wyse daarin te begelei om teenoor die grootste strominge, duidelik getuie af te kan lê van waarom die belydenis van Christene soos verwoord in die AP kerkverband, gekies word as die staanplek vanwaar daar in die koninkryk van God gearbei wil word.

Ook hier sal gepoog word om met behulp van elektroniese media die aanbiedings te verryk. Die skema waarmee daar

in hierdie twee jaar gewerk word, kan opsommenderwys soos volg beskryf word:

Aan die hand van 'n tregtreffek word daar geleidelik kontrasterend staanplek ingeneem vanaf

- Ons Trinitariese belydenis, na
- Christen-wees teenoor al die vernaamste godsdienste, na
- Protestant-wees, na
- Gereformeerde-wees, na
- AP Kerk-wees

Deur middel van 50 lesse in twee jaar word die kernsake van ons geloof op praktiese wyse hanteer en word die belydenisskrifte toepaslik ter sprake gebring. Uit die aard van die saak ontvang kernsake soos geloof, gebod, gebed, die soewereiniteit van God, verbond, en sakramente voortdurend en herhalend en integrerend aandag. Verder is die benadering van iemand soos prof. Gerdener se boek ook ondersoek, soos in die opdrag gestel. Dit het egter vir ons beter gelyk om met inagneming van die positiewe wat ons daar gevind het, eerder 'n eietydse model daar te stel wat rekening hou met die goeie van ons tradisie. Vir meer duidelikheid, raadpleeg die kurrikulum-inhoud hieronder.

3.4 Kurrikulum-inhoud

3.4.1 Kurrikulum vir graad 1-3

Jaar 1 (Graad 1)	Jaar 2 (Graad 2)	Jaar 3 (Graad 3)
1. Die Woord van God	1. Johannes die Doper	1. Skepping
2. Skepping	2. Die Here Jesus geboorte voorspel	2. Sondeval
3. Sondeval	3. Geboorte van die Here Jesus	3. Sondvloed
4. Sondvloed	4. Die Here Jesus doop en versoeking	4. Toring van Babel
5. Toring van Babel	5. Wonders van die Here Jesus (1)	5. Abraham
6. Abraham	6. Wonders van die Here Jesus (2)	6. Aartsvadergeskiedenis
7. Aartsvadergeskiedenis	7. Wonders van die Here Jesus (3)	7. Verblyf in Egipte
8. Verblyf in Egipte	8. Woorde van die Here Jesus (1)	8. Uittog
9. Uittog	9. Woorde van die Here Jesus (2)	9. Sinaiverbond, wetgewing
10. Sinaiverbond	10. Woorde van die Here Jesus (3)	10. Woestyntog
11. Woestyntog	11. Belydenis aangaande die Here Jesus	11. Intog, verowering, verdeling
12. Intog	12. Verwerping van die Here Jesus	12. Rigtertyd, Samuel, Saul
13. Rigtertyd	13. Lyding van die Here Jesus (1)	13. Dawid
14. Samuel	14. Lyding van die Here Jesus (2)	14. Salomo, tempelbou, rus
15. Dawid	15. Lyding van die Here Jesus (3)	15. Skeuring van die Ryk
16. Salomo en tempelbou	16. Opstanding van die Here Jesus	16. Toenemende verval, profete
17. Skeuring van die ryk	17. Hemelvaart van die Here Jesus	17. Israel en Juda in ballingskap
18. Konings van Israel	18. Uitstorting van Heilige Gees	18. Terugkeer
19. Profete van Israel	19. Evangelie in Judea	19. Geboorte van die Here Jesus
20. Ballingskap van Israel	20. Paulus se roeping	20. Doop en versoeking
21. Konings van Juda	21. Paulus se sendingreise	21. Werke van die Here Jesus
22. Profete van Juda	22. Paulus se sendingreise	22. Lyding, sterwe en opstanding
23. Ballingskap van Juda	23. Paulus se briewe	23. Hemelvaart en koms van Gees
24. Terugkeer uit ballingskap	24. Wederkoms van die Here Jesus	24. Uitbreiding van die kerk
25. Heropbou	25. Ewige lewe	25. Wederkoms

3.4.2 Kurrikulum vir Graad 4-6 (Voorstel 1 – vgl. 3.4.4 vir Voorstel 2)

Siklus 1

- Les 01-08 Génesis: Skepping, sondeval en sondvloed
 Les 09-14 Génesis: Abraham en Isak
 Les 15-20 Matthéüs: Die Here Jesus se geboorte, verkondiging, dood, opstanding
 Les 21-25 Handeling en Nuwe Testamentiese briewe: Eerste Christene

Siklus 2

- Les 01-07 Génesis: Jakob, Josef, Na Egipte
 Les 08-13 Eksodus tot Deuteronomium: Moses, Uittog
 Les 14-19 Rigters en 1 Samuel: Verskillende Rigters, Samuel
 Les 20-25 Lukas: Die Here Jesus se geboorte, optrede, dood, opstanding

Siklus 3

- Les 01-07 1&2 Samuel en Psalms: Saul, Dawid, Die Psalms
 Les 08-13 1&2 Konings en Kronieke, Profete: Tot voor ballingskap
 Les 14-19 Ester, Nehemía, Ester, Profete: Tydens en na ballingskap
 Les 20-25 Johannes: Die Here Jesus se geboorte, gesprekke, dood, opstanding

3.4.3 Kurrikulum vir Graad 7-9 (Voorstel 1 – vgl. 3.4.4 vir Voorstel 2)

Siklus 1

- Les 01-07 Génesis: Skepping, sondeval en sondvloed
 Les 09-13 Génesis: Abraham en Isak
 Les 14-19 Matthéüs: Die Here Jesus se geboorte, verkondiging, dood, opstanding
 Les 20-25 Handeling en Nuwe Testamentiese briewe: Eerste Christene

Siklus 2

Les 01-07	Génesis: Jakob, Josef, Na Egipte
Les 08-13	Eksodus tot Deuteronomium: Moses, Uittog
Les 14-19	Rigters en 1 Samuel: Verskillende Rigters, Samuel
Les 20-25	Lukas: Die Here Jesus se geboorte, optrede, dood, opstanding

Siklus 3

Les 01-07	1&2 Samuel en Psalms: Saul, Dawid, Die Psalms
Les 08-13	1&2 Konings en Kronieke, Profete: Tot voor ballingskap
Les 14-19	Ester, Nehemía, Ester, Profete: Tydens en na ballingskap
Les 20-25	Johannes: Die Herer Jesus se geboorte, gesprekke, dood, opstanding

OF**3.4.4 Kurrikulum vir Graad 4-9 (Voorstel 2)**

Elke jaar word die hele heilsgeskiedenis in sy hoofmomente deurloop. Elke jaar van die siklus kom dieselfde eras van die heilsgeskiedenis aan die orde, maar met ander beklemtonings in dieselfde era. Indien hierdie opsie gekies word, sou dit selfs ook oorweeg kon word om die werk van graad 1-3 hierby aan te pas. Dit sou dan die oogmerk kon dien dat almal met dieselfde werk besig is met verskillende grade van diepgang. Die hele gemeente sou dan ook hierby betrek kon word.

1. Die koninkryk gevestig		
<u>Jaar 1</u> Skepping van die heelal	<u>Jaar 2</u> Skepping van die mens	<u>Jaar 3</u> Die proefgebod
2. Rebelle in die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Die sondeval	<u>Jaar 2</u> Die straf op die sonde	<u>Jaar 3</u> Die gevolge van die sonde
3. Die beloofde koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Abraham	<u>Jaar 2</u> Isak en Jakob	<u>Jaar 3</u> Josef
4. Die gedeeltelike koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Slawerny en Moses	<u>Jaar 2</u> Plae en pasga	<u>Jaar 3</u> Deurtog deur Rooi See
5. Sinai		
<u>Jaar 1</u> Die verbond gesluit (Gee van die Wet)	<u>Jaar 2</u> Die verbond gebreek (Die goue kalf)	<u>Jaar 3</u> Die verbond herstel (God trek saam!)
6. Die Tabernakel		
<u>Jaar 1</u> Die inrigting van die tabernakel	<u>Jaar 2</u> Die priesters	<u>Jaar 3</u> Die verskillende offers
7. Die verowering van en vestiging in die land		
<u>Jaar 1</u> Josua	<u>Jaar 2</u> Rigters (Gideon)	<u>Jaar 3</u> Rigters (Simson)
8. Die konings van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Samuel (Ark en Saul)	<u>Jaar 2</u> Dawid	<u>Jaar 3</u> Salomo
9. Die lieder van die koninkryk (Psalms)		
<u>Jaar 1</u> Aanbid die Here (lof)	<u>Jaar 2</u> Vertrou die Here (Klag en vertroue)	<u>Jaar 3</u> Leef met die Here (Verbond en Wet)
10. Hersieningsles		
11. Wysheid in die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Spreuke	<u>Jaar 2</u> Job en Prediker	<u>Jaar 3</u> Hooglied
12. Die profete voor die ballingskap		
<u>Jaar 1</u> Elía en Elísa	<u>Jaar 2</u> Jesaja (God se Woord aan sy volk)	<u>Jaar 3</u> Jona (God se Woord aan ander volke)

13. Die ballingskap en sy profete		
<u>Jaar 1</u> Jeremia	<u>Jaar 2</u> Daniël en sy geskiedenis	<u>Jaar 3</u> Daniël en sy profesieë
14. Israel ná die ballingskap		
<u>Jaar 1</u> Esra en Nehemia	<u>Jaar 2</u> Ester	<u>Jaar 3</u> Haggai – Maleági
15. Koms van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Geboorte van die Here Jesus	<u>Jaar 2</u> Geboorte van die Here Jesus	<u>Jaar 3</u> Geboorte van die Here Jesus
16. Werke van die Here Jesus		
<u>Jaar 1</u> Wonders	<u>Jaar 2</u> Wonders	<u>Jaar 3</u> Wonders
17. Woorde van die Here Jesus		
<u>Jaar 1</u> Gelykenisse	<u>Jaar 2</u> Gelykenisse	<u>Jaar 3</u> Gelykenisse
18. Die Here Jesus se kruisiging en dood		
<u>Jaar 1</u> Gevangeneming en kruisiging	<u>Jaar 2</u> Kruisiging en dood	<u>Jaar 3</u> Dood en begrafnis
19. Triomf van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Opstanding	<u>Jaar 2</u> Verskynings	<u>Jaar 3</u> Hemelvaart
20. Hersieningsles		
21. Die Here Jesus, Koning van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Hoogste Profeet	<u>Jaar 2</u> Enigste Hoëpriester	<u>Jaar 3</u> Ewige Koning
22. Belofte en krag van die koninkryk (Heilige Gees)		
<u>Jaar 1</u> Uitgestort soos belof	<u>Jaar 2</u> Geboorte van die kerk (’n volk uit alle nasies)	<u>Jaar 3</u> Die laaste dae breek aan (die nuwe era)
23. Opmars van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Die groot opdrag	<u>Jaar 2</u> Die uitbreiding (van Jerusalem en verder)	<u>Jaar 3</u> Plaaslike kerke ontstaan as groeipunte
24. Die leefstyl van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Geloof	<u>Jaar 2</u> Hoop	<u>Jaar 3</u> Liefde
25. Gemeenskappe van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Aanbidding	<u>Jaar 2</u> Omgee	<u>Jaar 3</u> Uitreik
26. Martelare van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Polikarpus	<u>Jaar 2</u> Guido de Bres	<u>Jaar 3</u> Richard Wurmbrand
27. Reformasie in die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Luther	<u>Jaar 2</u> Calvyn	<u>Jaar 3</u> Dordrecht
28. Die koninkryk in Suid-Afrika		
<u>Jaar 1</u> Die begin (Volksplanting)	<u>Jaar 2</u> Verspreiding van die kerk in Suid-Afrika	<u>Jaar 3</u> Die AP Kerk
29. Die voleinding van die koninkryk		
<u>Jaar 1</u> Wederkoms en ewige lewe	<u>Jaar 2</u> Wederkoms en ewige lewe	<u>Jaar 3</u> Wederkoms en ewige lewe
30. Hersieningsles		

3.4.5 Kurrikulum vir Graad 10-11

GRAAD 10	GRAAD 11
AFDELING 1: HOEKOM CHRISTEN? - Ek glo in God as Drie-enig - Ek glo in die Vader - Ek glo in Jesus Christus - Ek glo in die Heilige Gees - God se wil vir my lewe (1) - God se wil vir my lewe (2) - God en gebed - HERHALINGSLES - Waarom word jy Christen genoem? (So. 12) - Wanneer die Here Jesus ontken word (Islam, Jehovas, Jode) - Meer as een god? (Hindoe, New Age, Mormone) - Wanneer God ontken word – Oosterse (Bhoedda) en Westerse ongeloof - Die wêreld van die okkulte - Wat is 'n Christelike kyk op die wêreld? (So. 1) - Aanvalle op 'n Christelike kyk op die wêreld? - Geloofwaardige Christenskap (media, arbeid, owerheid, opstand) - HERHALINGSLES AFDELING 2: HOEKOM PROTESTANTS? - Hoekom nie Roomse aanbidding nie? - Wat van die Apostelkerke? - Die lewe gaan daarvoor om God alleen te eer - Slegs deur die geloof kan 'n mens gered word - My geloof staan slegs op die Heilige Skrif - Slegs Christus kan my verlos van die sonde - Die ewige lewe is een en al 'n genadesaak - HERHALINGSLES	AFDELING 2: HOEKOM GEREFORMEERD? (Vervolg) - Die Uitverkiesing is onweerlegbaar - Die Genadeverbond is uiters belangrik - Hoekom nie Charismatiese aanbidding nie? - Hoekom nie Baptistiese aanbidding nie? - Hoekom nie Metodistiese aanbidding nie? - Hoekom nie Adventistiese aanbidding nie? - Hoekom nie Israelvisie-aanbidding nie? - HERHALINGSLES AFDELING 3: Hoekom AP Kerk? - Alles begin by jou manier van Skrifuitleg! - Kerkregering is geweldig belangrik! - Tug oefening verg getrouheid aan Christus - Huwelik en gesin is God se boustene - Volksidentiteit is Skriftuurlik - Man en vrou het elkeen 'n eie rol 'n Christelike huwelik of verhouding gebeur tussen man en vrou - HERHALINGSLES - Musiek en sang in die erediens kombineer God se nabyheid met sy hoogheid - Die erediens is bedoel vir die hele gemeente - Nagmaal is 'n belydenisaangeleentheid - Prediking moet die Skrif verklaar AFDELING 4: KAN JY JOUSELF VERBIND? - Is jy persoonlik werklik oortuig van die Christelike geloof? - Kan jy jou verantwoord oor die belydenisgeskrifte? - Wat weet jy van die Kerkorde? - Kan jy die belydenisvrae opreg antwoord? - AFRONDING – Die lidmaatsgesprek deur die ouderlinge

3.5 METODIEK

Wat die metodiek betref, moet daar onderskei word tussen dit wat op die verbondskind en dit wat op die klasvoorganger van toepassing is.

3.5.1 Verbondskind

Wat die kind betref, sal daar weer 'n werkboekie aan die kind verskaf word. Hierin sal daar egter nie dagstukkies met toepaslike invulvrae vir elke dag verskyn nie. Daar is van hierdie metode afgesien aangesien dit so min gebruik word en aangesien daar eerder gepoog gaan word om die huis-gesin saam oor dieselfde werk te betrek, met verskillende vlakke van diepgang. Vir hierdie doel sal die dele uit die gesins-reëls WOORD IN DIE HART tesame met die werkboekies en DVS ingespan word. Die bedoeling is dat die program by die huis soos volg daar sal uitsien:

Maandag	WOORD IN DIE HART en "Drilwerk"
Dinsdag	Les vir Sondag (Werkboek) en "Drilwerk"
Woensdag	WOORD IN DIE HART en "Drilwerk"
Donderdag	"Drilwerk" vir Sondag (Kategorisme, Tekste en Liedere)
Vrydag	WOORD IN DIE HART en "Drilwerk"
Saterdag	Hersiening
Sondag	Nabetraging

- Wat die ouers saam met die kinders op **Maandag**, **Woensdag** en **Vrydag** doen, is om gedeeltes uit die gesins-reëls WOORD IN DIE HART saam deur te werk by huis-godsdiens, ensovoorts. Sodoende word die basiese kennis van die Bybel gevestig. Daar word ook reeds begin kyk na die "drilwerk" (Kategorisme, tekste en lieder) van die komende Sondag en daarmee word 'n begin gemaak. Die hulp van die

- DVS kan ingeroep word, indien nodig. Die kommissie kon nog nie die werk aan die opdrag oor WOORD IN DIE HART afhandel nie, maar daar kan wel terugvoering gegee word dat Deel II eersdaags behoort te verskyn en dat daar reeds 'n begin met boek III gemaak is. Tans is die oogmerk om met Deel III die heilsgeskiedenis in die Nuwe Testament af te sluit en Deel IV die handboek te maak wat in graad 10 en 11 gebruik gaan word.

- Dinsdag** word die Skrifgedeeltes van die werkboek saam gelees en word daar gesels oor die invulvrae en antwoorde wat vir die komende les op Sondag klaar moet wees. Hiermee saam word die betrokke DVS-insetsels wat saam gegee word vir stimulasie en agtergrond, ook saam deurge-werk, asook die lieder wat met behulp van die DVS geleer word. Daar word dus weereens gekyk na die "drilwerk" van die komende Sondag.

- Donderdag** word die voorbereiding vir Sondag se les afgerond en feitlik al die aandag word gegee aan die "Drilwerk". Daar word seker gemaak of die *Kortbegrip* en lieder en teks-verse geken word waaroor daar op die komende Sondag rekenskap gegee moet word. Die hulp van die DVS kan ingeroep word indien nodig.

- Saterdag** word daar finaal hersiening gedoen en **Sondag** ná die diens word daar voorraadopname gedoen of nabetraging gehou van hoe dit in die klas gegaan het.

3.5.2 Klasvoorganger

Wat die klasvoorganger betref, word die basiese metodiek in lesaanbieding gebruik wat LO Richards & GJ Bredfeldt voorstel in hulle boek, *Creative Bible Teaching*. Hulle gebruik

in Engels die volgende woorde om elke onderafdeling van die aanbieding te beskryf: “**Hook, Book, Look, Took**”.

- In die “Hook-fase” word daar gepoog om die kind se aandag te kry by die les.
- In die “Book-fase” word daar dan met die vrae wat ontstaan na die Boek (Bybel) gegaan om antwoorde te kry.
- In die “Look-fase” word daar gekyk na waar die saak oral toepaslikheid in vandag se lewe het. Dit gaan met ander woorde oor toepassings.
- In die “Took-fase” gaan dit daaroor dat dit wat geleer is, toegeëien moet word, gevat moet word.

In Afrikaans sal voorlopig die volgende woorde gekies word om die verskillende afdelings aan te dui:

- Tref
- Tekst
- Toepassing
- Toe-eiening

In hierdie klashandleiding word daar dan uitvoerig aan die voorgangers aan die hand van die vier fases riglyne gegee hoe om die klas sinvol en met hulpmiddels waar nodig, aan te bied. Dit bring ons reeds by die belangrike vraag oor hulpmiddels.

3.6 HULPMIDDELS

Daar is in hierdie voorstel reeds daarna verwys dat daar gepoog sal word om alle middels wat vandag tot beskikking is, te gebruik, ten einde die leerstof so bevatlik en effektief moontlik aan te bied.

Die volgende hulpmiddels is geïdentifiseer en daar sal in die **Handleidings** wat geskryf word, sowel as in die **boekies en DVS** wat uitgegee word, rekening gehou word met die volgende moontlikhede:

- Kaarte
- Tydlyne
- Flennieborde
- DVS dekodeerders
- Projektors
- TV
- Internet

Die lesaanbiedings en handleidings vir voorgangers sal ook aandag daaraan gee om die hulpmiddels wat in die lesse aan die orde kom, wel vrylik beskikbaar te stel vir verbondskinders en voorgangers.

3.7 VOORBEELDE

Voorbeelde van die lesse, handleidings en DVS-insetsels is aan alle gemeentes in ’n boekie uitgegee ter voorbereiding van die bespreking by die Sinode en is oop vir bespreking tydens die vergadering wanneer die voorsitter dit reël.

3.8 OPSOMMING

Ter wille van die geheelbeeld sal die hooflyne van die voorgestelde konsep hier net weer kortliks opgesom word:

Daar word basies gewerk aan ’n aanvanklike fase in graad 1 tot 3 waar die hooflyne van die heilsgeskiedenis in sy eenvoud en met behulp van prente, kaarte en tydlyne aan die kinders voorgehou word. Reeds hier word primêr daarop gemik om die kinders daarin te begelei hoedat al God se groot handelinge uitloop op Jesus Christus.

Vanaf graad 4 beweeg die kinders in siklusse van drie jaar. In die eerste drie jaar word 75 van die bergpieke in die heilsgeskiedenis met hulle deurloop. Alternatiewelik word oorweeg om die hoofmomente van die heilsgeskiedenis jaarliks te deurloop met die klem wat elke jaar in die verskillende epogge van die heilsgeskiedenis varieer. Hier sal ook gebruik gemaak word

van DVS wat die kinders tesame met hul werk-boekie tuis kan gebruik. Behalwe die hoofmomente van die heilsgeskiedenis, sal daar ook stilgestaan word by die Kortbegrip van die Heidelbergse Kategismus asook geliefde Psalms en Gesange wat aangeleer word. Die hoop is dat die DVS hierin waardevolle hulp kan lewer.

Vanaf graad 7 tot 9 beweeg die kinders weer saam deur ’n tweede siklus van drie jaar waar dit wat in die vorige siklus plaasgevind het, nou met groter diepgang herhaal word. Die voordeel hiervan, is dat al die kinders vanaf graad 4 tot 9 met dieselfde werk besig is en indien die tweede voorgestelde alternatief verkies word, dalk al die grade vanaf graad 1-9. Die graad van diepgang verskil weliswaar om by die ouderdomme aan te pas, maar die voordeel is dat aangesien die kinders almal met dieselfde werk besig is, die gemeente en spesifiek die huisgodsdienste baie makliker by almal kan aansluit.

Die veronderstelling met hierdie werkswyse is dat die kerkisante dus wanneer hulle by graad 10 kom, ten minste vier maal en afhangende van die opsie wat verkies word, tot soveel as nege maal deur die heilsgeskiedenis gewerk het en deeglik daarin gevestig is. Die Kategismus is ook twee maal herhaal, bepaalde teksverse is gememoriseer en die beminde liederes van ons kerkverband is vasgelê. Die laaste twee jaar van hul verbondsonderrig word dan as afronding gebruik. In hierdie twee jaar word hulle dan ingelei in die diepere kennis van sake soos die Drie-eenheid, verbond, uitverkiesing, sakramente, geloof, gebod en gebed. Hierin word gepoog om die kerkisante stelselmatig te begrond in die spesifieke identiteit wat hulle as Christene mag inneem in hierdie wêreld. Vanaf die basiese betekenis van Christenwees teenoor ander godsdienste en dwalinge binne die kerk, word daar voortbeweeg na die spesifieke protestantse erfenis wat vir ons so kosbaar is. Hierna word weer binne die protestantse kring gefokus op ons gereformeerde erfenis en dan ook uiteindelik die unieke staanplek van die Afrikaanse Protestantse kerkverband hierbinne. Uiteindelik word afgesluit met die basiese vrae waaroor die kerkisante belydenis van geloof gaan aflê.

3.9 BEPLANNING EN BEGROTING VIR IMPLEMENTERING

Vir die voortgang en afhandeling van die werk word die volgende beplanning aan die sinode voorgelê vir goedkeuring.

AANBEVELINGS

- 3.9.1 Die Sinode keur die verslag van die *ad hoc*-kommissie goed as beleid vir die hersiening van die verbondsonderrigleerplan.
- 3.9.2 Die Sinode gee die *ad hoc*-kommissie opdrag om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings en dit so gou moontlik, ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, Pk. en KJV, te implementeer.
- 3.9.3 Die Sinode keur goed dat die *ad hoc*-kommissie lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting van 2007 nie oorskry word nie.

4. Ten slotte

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy lasgewing met getrouheid afgehandel het. Ons dank die Here vir die voorreg om hiermee gemoeid te kon wees en spreek die bede uit dat heerlike vrugte sal voortkom uit die stelsel wat uiteindelik geïmplementeer sal word.

NAMENS DIE KOMMISSIE OPGESTEL DEUR:
PROF. JAE ADENDORFF EN DS. CA SWANEPOEL